3.4 Persone hoofsaaklik verantwoordelik vir versorging tydens die beangste en nie-beangste groep se kinder= jare ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .... 209

3.5 Beroepsbeoefening deur moeders van die beangste en nie-beangste groep tydens proefpersone se kinderjare. 210

3.6 Beroep van vader van die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 211

3.7 Kerkverband van die beangste en nie-beangste groep .. 212

3.8 Lewende ouers van die beangste en nie-beangste groep. 213

3.9 Kleuterskoolopleiding ten opsigte van die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... ... ... ... 213

3.10 Tydperk van kleuterskoolopleiding ten opsigte van die beangste en nie-beangste groep uitgedruk in maande .. 214

3.11 Ouderdom van beangste en nie-beangste groep tydens skooltoetrede ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 215

3.12 Matrikulasiejaar van die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 216

3.13 Aantal herhalings van 'n skoolstanderd deur die be= angste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... 216

3.14 Deelname aan sport deur die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 217

3.15 Verblyfsituasie van die beangste en nie-beangste groep tydens hul skoolloopbaan .... ... ... ... ... ... ... 218

3.16 Bekleding van amp van hoofprefek deur die beangste en nie-beangste groep ... ... .. ... ... ... ... ... ... 218

3.17 Bekleding van amp as skool-, koshuis- of klasprefek deur lede van die beangste en nie-beangste groep ... 219

3.18 Verteenwoordiging op besture van verenigings deur die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... .. ... 219

3.19 Waarneming as dirigente of sangleidster deur die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... .... 220
3.20 Waarneming as kapteine van 'n sportspan deur lede van die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... .... 220
3.21 Ouderdom van die beangste en nie-beangste groep tydens toetsing ... ... ... ... ... ... ... . ... ... ... .... 221
3.22 Huidige verblyfsituasie van die beangste en nie-be= angste groep ... ... ... ... ... ... ..... ... ... .... 221
3.23 Sekerheid met betrekking tot die gekose studierigting soos weerspieël deur die beangste en nie-beangste groep 222
3.24 Hoogste doelwit met betrekking tot studie soos weer= spieël deur die beangste en nie-beangste groep ... .... 223
3.25 Behoefte aan bespreking van persoonlike probleme soos deur die beangste en nie-beangste groep weerspieël..... 224
3.26 Stanegetellings soos behaal deur die beangste groep op die PHSF-verhoudingevraelys ... ... ... ... ... .... 225
3.27 Stanegetellings soos behaal deur die nie-beangste groep op die PHSF-verhoudingevraelys ... ... ... ... ... .... 226
3.28 Tellings ten opsigte van Selfvertroue soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal .. ... ... ... .... 227
3.29 Tellings ten opsigte van Eiewaarde soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal .. ... ... ... .... 228
3.30 Tellings ten opsigte van Selfbeheer soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal .. ... ... ... .... 228
3.31 Tellings ten opsigte van Senuweeagtigheid soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... .... 229
3.32 Tellings ten opsigte van Gesondheid soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal .. ... ... ... .... 229
3.33 Tellings ten opsigte van Gesinsinvloede soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... .... 230
3.34 Tellings ten opsigte van Persoonlike Vryheid soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... .... 230
3.35 Tellings ten opsigte van Sosialiteit (algemeen) soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... .... 231
3.36 Tellings ten opsigte van Sosialiteit (teenoorgestelde

geslag) soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 231

3.37 Tellings ten opsigte van Morele Inslag soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... 232

3.38 Tellings ten opsigte van Formele Verhoudinge soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... 232

3.39 Tellings ten opsigte van die Gewenstheidskaal soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 233

3.40 Stientellings en gemiddeldes ten opsigte van die IPAT-angsskaal en die Reaksies op Alledaagse Situasies (RAS) soos behaal deur die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 234

3.41 Routellings ten opsigte van die Boomtoets soos behaal deur die beangste en nie-beangste groep . ... ... ... 235

3.42 Tellings ten opsigte van afwesigheid van 'n basislyn en wortelsisteem soos behaal deur die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... .. ... ... ... 236

3.43 Tellings ten opsigte van sterk tendens of inklinasie na links, soos deur die twee groepe behaal .. ... ... 236

3.44 Tellings ten opsigte van skaduering en bas op die stam, soos deur die twee groepe behaal .. ... ... ... 237

3.45 Tellings ten opsigte van gebroke en naasliggende ly=ne soos deur die twee groepe behaal ... . ... ... ... 237

3.46 Tellings ten opsigte van merke, gate en gebroke tak=ke soos deur die twee groepe behaal ... . ... ... ... 238

3.47 Genormaliseerde tellings ten opsigte van die STAI-angsskaal (Gesteldheidsangs) soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... .. . ... ... ... 239

3.48 Tellings ten opsigte van Gesteldheidsangs soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... 240

3.49 Genormaliseerde tellings ten opsigte van die STAI-angsskaal (Trekangs) soos behaal deur die beangste en nie-beangste groep ... ... ... ... ... ... ... ... 241

3.50 Tellings ten opsigte van Trekangs soos deur die be=angste en nie-beangste groep behaal . ... ... ... ... 242

3.51 Routellings ten opsigte van die verkorte Beck-depres= sieskaal soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 243

3.52 Tellings ten opsigte van depressiwiteit soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... 244

3.53 Routellings ten opsigte van sinvolheidsbelewing soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 245

3.54 Tellings ten opsigte van sinvolheidsbelewing soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... 246

3.55 Routellings ten opsigte van soeke-na-geestelike-doel= witte soos deur die beangste en nie-beangste groep be= haal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 247

3.56 Tellings ten opsigte van die soeke-na-geestelike-doel= witte soos deur die beangste en nie-beangste groep be= haal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 248

3.57 Standaardtellings ten opsigte van die subtoetse van die S.A. Wechsler-intelligensieskaal vir volwassenes, soos behaal deur die beangste groep .... ... .... ... 249

3.58 Standaardtellings ten opsigte van die subtoetse van die S.A. Wechsler-intelligensieskaal vir volwassenes, soos behaal deur die nie-beangste groep ... .... ... 250

3.59 Tellings ten opsigte van Inligting soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal ... ... .... ... 253

3.60 Tellings ten opsigte van Algemene Begrip soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal .. .... ... 254

3.61 Tellings ten opsigte van Rekenkundige Redeneervermoë soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal.. 254

362 Tellings ten opsigte van Syferherhaling soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... 255

3.63 Tellings ten opsigte van Ooreenkomste soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... 255

3.64 Tellings ten opsigte van verbale intelligensie soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal .. ... 256

3.65 Tellings ten opsigte van Prentvoltooiing soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... 256

3.66 Tellings ten opsigte van Voorwerpsaamvoeging soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 257

3.67 Tellings ten opsigte van Blokpatrone soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... 257

3.68 Tellings ten opsigte van Syfersimboolvervanging soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 258

3.69 Tellings ten opsigte van Prentrangskikking soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ..... ... 258

3.70 Tellings ten opsigte van nie-verbale intelligensie soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 259

3.71 Tellings ten opsigte van totale intelligensie soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 259

3.72 Routellings ten opsigte van die subskale van die Per= soonlike Oriëntasievraelys soos deur die beangste groep behaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 260

3.73 Routellings ten opsigte van die subskale van die Per= soonlike Oriëntasievraelys soos deur die nie-beangste groep behaal . ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 261

3.74 Tellings ten opsigte van Tydsbevoegdheid soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal .... ... ... ... 262

3.75 Tellings ten opsigte van Innerlike Ondersteuning soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 263

3.76 Tellings ten opsigte van Selfaktualiserende Waarde soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal .. 263

3.77 Tellings ten opsigte van Eksistensialiteit soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... .... 264

3.78 Tellings ten opsigte van Gevoelsreaksie soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... .... 264

3.79 Tellings ten opsigte van Spontaneïteit soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... .... 265

3.80 Tellings ten opsigte van Selfagting soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal . ... ... ... .... 265

3.81 Tellings ten opsigte van Selfaanvaarding soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... .... 266

3.82 Tellings ten opsigte van Mensbeskouing soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... .... 266

3.83 Tellings ten opsigte van Sinergie soos deur die be= angste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... ... 267

3.84 Tellings ten opsigte van Aanvaarding van Aggressie soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... 267

3.85 Tellings ten opsigte van Kapasiteit tot Intieme Kontak soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... 268

3.86 Tellings ten opsigte van die som van Tydsbevoegdheid en Innerlike Ondersteuning soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ... ... ... ... ... ... ..... 268

3.87 Gemiddelde Juniepunte soos behaal deur die beangste en nie-beangste groep ... .. ... ... ... ... ... ... ... ..... 269

3.88 Tellings ten opsigte van akademiese prestasie soos deur die beangste en nie-beangste groep behaal ... ... ..... 270

HOOFSTUK 5

5.1 Gemiddelde stientellings van die beangste eksperimen= tele en beangste kontrolegroep op die IPAT-angsskaal .. 364

5.2 Gemiddelde tellings soos deur die beangste eksperimen= tele en die beangste kontrolegroep op die STAI-angs= skaal behaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. ... 367

5.3 Tellings soos deur die beangste eksperimentele en die beangste kontrolegroep op die Sinvolheidstoets behaal.. 369

5.4 Tellings soos deur die beangste eksperimentele en die beangste kontrolegroep op die S.A. Wechsler-intelli= gensieskaal behaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... .... 371

5.5 Gemiddelde halfjaar- en eindeksamenpunte soos deur die beangste eksperimentele en beangste kontrolegroep be= haal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 373

5.6 Tellings soos deur die beangste eksperimentele groep op die Persoonlike Oriëntasievraelys behaal ... ... .. 375

5.7 Tellings soos deur die nie-beangste eksperimentele groep op die STAI-angsskaal behaal ... ... ... ... ... .. 387

5.8 Gemiddelde tellings soos deur die nie-beangste eksperi= mentele groep op die S.A. Wechsler-intelligensieskaal behaal ... ... ... ... ... ... ... ... . ... ... ... .. 388

5.9 Tellings soos deur die nie-beangste eksperimentele groep

op die Persoonlike Oriëntasievraelys behaal ... ... ... 389

5.10 Stientellings soos deur die beangste eksperimentele en die beangste kontrolegroep op die IPAT-angsskaal behaal 401

5.11 Gemiddelde tellings soos deur die beangste eksperimen= tele en die beangste kontrolegroep op die Persoonlike Oriëntasievraelys behaal ... ... ... ... ... ... ... .. 404

5.12 Gemiddelde tellings soos deur die nie-beangste eksperi= mentele en die nie-beangste kontrolegroep op die Per= soonlike Oriëntasievraelys behaal ... ... ... ... ... . 408

Bylaag II

1 Tellings op die angsskale, die Sinvolheidstoets, Per= soonlike Oriëntasievraelys en die S.A. Wechsler-intel= ligensieskaal tydens die aanvanklike toetsing en her= toetsing soos deur proefpersone A en B van die beangs= te eksperimentele groep behaal ... ... ... ... ... ... 453

2 Tellings op die angsskale, die Sinvolheidstoets en die S.A. Wechsler-intelligensieskaal tydens die aan= vanklike toetsing en hertoetsing soos deur proefper= sone C en D van die beangste kontrolegroep behaal ... 454

3 Tellings op die angsskaal, die Sinvolheidstoets, die S.A. Wechsler-intelligensieskaal en die Persoonlike Oriëntasievraelys tydens die aanvanklike toetsing en hertoetsing soos deur proefpersone E en F van die nie-beangste eksperimentele groep behaal ... ... ... ... .. 455

# 1 PROBLEEMSTELLING

## 1.1 DIE AKTUALITEIT VAN DIE ANGSPROBLEMATIEK

Een van die wyses waarop die huidige eeu getipeer kan word, is in terme van konflik. Twee wêreldoorloë, 'n koue oorlog en groeiende onsekerheid oor die toekoms van die wêreld is aanduidings van die aard, intensiteit en impak daarvan op samelewing en individu. Onopgeloste konflik vorm die grondstof van angs. Waar dié aspekte inderdaad op soveel destruk=tiewe hantering van konflik dui, asook op 'n onwil tot 'n positiewe kon=frontasie van konflik, is dit begryplik dat die huidige eeu al as die eeu van angs getipeer is (Auden, 1947).

Die huidige eeu kan egter ook as die eeu van snelle verandering getipeer word. Hierdie verandering word onder andere weerspieël in die oorgang van die eeu van angs gedurende die vyftigerjare (May, 1977, p. 5), na die eeu van angs en depressie (Costello, 1976, p. 1), die era van aliën=asie, tot dit in 1977 as die era van letargie, middelmatigheid en onegt=heid getipeer is (Chrzanowski, 1977, p. 49). Die mees resente tipering van die wêreldsituasie is dié van Rogers. Volgens hom verkeer die wêreld tans in "an agony of turmoil, of travail" (Rogers, 1982, p. 1).

Die afleiding uit die voorgaande paragrawe dat angs hom as sodanig tans nie so prominent as tydens die vyftigerjare manifesteer nie, word deur skrywers soos Frankl (1968b, p. 113), Burton (1976a, p. 115) en Chrzanowski (ibid.) bevestig. Of 'n afname van angsmanifestasies inder=daad 'n afname in beangstheid weerspieël, is 'n hoogs bevraagtekenbare saak. Chrzanowski verbind die toestand byvoorbeeld regstreeks aan die "geweldige toename" in die verbruik van kalmeermiddels. Verder vermeld May gedurende 1977 dat meer as 6,000 studies oor angs en verwante aspekte sedert 1950 gepubliseer is (May, 1977, p. xiii). Indien die populariteit van angs as navorsingstema enigsins 'n aanduiding van die aktualiteit daarvan sou wees, word vervolgens afgelei dat die angsvraagstuk steeds prominent figureer, hoewel moontlik meer in die ondergrond van belewinge soos apatie, belewinge van sinloosheid en onegtheid.

Oor die omvang van narkotiese middels as angsonderdrukkers in ons huidige kultuursituasie skryf Bugental (1978, p. 128-129) soos volg: "Much, but by no means all, of TV, radio, motion pictures, commercial spectator sports, gambling, and many other 'entertainment' offerings in our culture may be seen as ways of affording the essentially passive viewer a narcotic to suppress the anxiety of living or to mask the emptiness of being an object."

Wat Suid-Afrika betref is dit duidelik dat die huidige situasie op polities-maatskaplike gebied 'n vrugbare teelaarde vir angs bied: polarisasie op volkeregebied, die noodsaaklikheid van veranderinge en die onsekerheid ten opsigte van volkereverhoudinge skep kragtige kon= flikpotensiaal en hou oor 'n wye terrein bedreiging in vir tradisionele sekuriteitgewende waardes en gebruike.

Teen die agtergrond van bogenoemde kritieke ontwikkelingsfase waarin Suid-Afrika tans verkeer, is dit geen wonder dat die begrip "angs" as sodanig in die massamedia verskyn nie. Slegs een verwysing word gegee.

In Rapport (4/1/81) verskyn daar byvoorbeeld 'n kommentaarartikel met bespiegelinge oor die politieke vooruitsigte vir die jaar (1981) en word daar onder andere verwys na die probleem van angs met betrekking tot die toekoms. Die betekenisvolle stelling wat hierna volg, lui soos volg: "Ons moet die angs aanvaar as 'n positiewe emosie wat 'n prikkel is om oop te wees vir oplossings."

Teen bogenoemde agtergrond blyk dit dus dat die angsproblematiek 'n be= sonder aktuele wêreldverskynsel is en moontlik in die RSA selfs 'n intensiteitstoename mag ondergaan, as gevolg van die talle veranderinge op volkeregebied en die implikasies wat dit vir die individu mag inhou.

### 1.1.1 ANGS EN DIE JEUG

Die jeugtydperk bied besondere geleenthede tot nuwe groei en ontwikke= ling omdat dit onder andere die vestiging van 'n eie identiteit as ont= wikkelingstaak stel. As nuwe ontwikkelingsfase impliseer dit egter potensiële konflik tussen bereidwilligheid tot die intrede van nuwe, onbekende ontwikkelingsprosesse en 'n regressiewe teruggryp na bekende,

vertroude denk- en leefpatrone van vorige ontwikkelingsfases. Verder impliseer die jeugtydperk betekenisvolle skeidingsituasies deurdat matrikulante die huis verlaat om universiteit of weermag toe te gaan. Derhalwe is hierdie fase ook ryk aan potensiaal tot intense angsbele= winge as aanduiding van die belewing van konflik eie aan die eise van die jeugtydperk.

## 1.2 DOEL VAN DIE HUIDIGE ONDERSOEK

In die lig van die voorgaande uiteensetting word aanvaar dat angs ook onder studente teenwoordig sal wees. Een moontlike aanduiding hiervan mag verband hou met die druipsyfer van 22% onder eerstejaarstudente aan die PU vir CHO gedurende 1978. Ofskoon hierdie druipsyfer bepaald 'n funksie van talle faktore mag wees, aanvaar ondersoeker dat die blok= kerende effek van angs ook in dié opsig 'n meeganger van druiping kon wees. In die afwesigheid van studies oor die angsverskynsel as sodanig onder studente, word die huidige ondersoek dus uitgevoer ten einde twee oogmerke te bereik:-

- Die insameling van inligting veral betreffende die beangste studente. Dit geskied deur middel van 'n psigometriese vergelyking van 'n groep beangste en 'n groep nie-beangste eerstejaardamestudente. Aspekte soos intelligensie, demografiese veranderlikes, persoonlikheidsfaktore, depressie, belewing van sinvolheid, selfaktualisering en akademiese prestasie sal daarin betrek word.

- Die uitvoer van 'n terapeutiese program ten einde die doeltreffendheid van 'n spesifieke angsverminderingsmetodiek te kan evalueer en aanbe= velinge ten opsigte van die hantering van beangste eerstejaardame= studente te kan maak, hopelik om druiping sover moontlik uit te skakel en ook om die potensiaal van hierdie geremde groep nader aan optimale ontluiking te kan bring.

(Die begrip "beangste" gee taalkundig en klinies 'n juister aanduiding van die krag en impak van 'n hoë angspeil en word derhalwe in stede van "angstige" ("anxious") met verwysing na die groep met hoë angs, gebruik).

## 1.3 ANGS AS FOKUSPUNT IN ENKELE VERBANDHOUDENDE DISSIPLINES

Verwysings na en besprekings van die angsvraagstuk word aangetref in die filosofie, die teologie, die letterkunde en natuurlik die psigologie. Aangesien die fokus in die studie op die bestudering van angs vanuit psigologiese perspektief val, word voorlopig volstaan met enkele op= merkings oor die rol van angs in elk van dié dissiplines.

### 1.3.1 ANGS IN DIE TEOLOGIE

Eerstens moet vermeld word dat die ervaring van angs op 'n aangrypend helder wyse in die Bybel uitgebeeld word. (Vergelyk bv. Van Vuuren, 1979, in dié verband.) Tweedens verwoord die Bybel die twee pole: angs en sekerheid (in terme van geloofsekerheid) waartussen die mens lewenslank in sy geloofslewe skommel. Die prominensie van die mens se angsbestaan sou dus waarskynlik ook neerslag moes vind in die werk van prominente teoloë. Aan die hand van May (1977) word slegs verwys na die werk van Niebuhr, omdat angs in sy denkraamwerk 'n sentrale plek inneem. Niebuhr skryf soos volg: "In short, man, being both bound and free, both limited and limitless, is anxious. Anxiety is the inevitable concomitant of the paradox of freedom and finiteness in which man is involved" (p. 16).

'n Nog belangriker aspek voortvloeiende uit die mens se angsbestaan is volgens Niebuhr die feit dat angs intiem vervleg is met sonde. Hy stel dit soos volg: "Anxiety is the internal description of the state of temptation" (in May, a.w., p. 16).

### 1.3.2 ANGS IN DIE WYSBEGEERTE

Aspekte van die huidige begrip vir die angsvraagstuk en selfs spesifieke benaderings tot angsterapie kan, al sou dit onregstreeks wees, herlei word na die impak van 'n paar prominente wysgere.

Hierdie bewering in verband met die prominensie van angs in die wysbe= geerte word soos volg gemotiveer:

- Die eerste publikasie oor angs, "The sickness unto death", (Kierkegaard, 1841(1974)) vanuit wysgerige oogpunt beskou, het meer as 50 jaar voordat Freud vanuit psigologiese perspektief oor angs begin publiseer het, die lig gesien.

  In hierdie, asook ander werke, openbaar Kierkegaard belangrike insig=te rakende die angsproblematiek: byvoorbeeld die verband tussen angs en vryheid - 'n aspek wat steeds in die terapeutiese praktyk relevant is.

- Tweedens het die filosoof Tillich in 1952 die boek "The courage to be", gepubliseer. Enkele gevolge van veral die werk van bogenoemde twee filosowe is onder andere:-

  - Die verwoording van die inherente angsbestaan van die mens sou uitloop op die filosofie van die eksistensialisme (vergelyk bv. May, 1958b, p. 19; Ford en Urban, 1967, p. 446).

  - Op sy beurt sou hierdie filosofie weer die wysgerige onderbou word van die hedendaagse eksistensieel-humanistiese psigologie, waarin angs, in teenstelling met die klassieke psigoanalise, veral as bron van persoonlikheidsontwikkeling beklemtoon sou word (vgl. bv. die beskouinge van Bugental, May en andere; vergelyk 1.7.3).

Die studie van angs het dus sy ontstaan aan die wysbegeerte te danke. Die impak van hierdie wysgerige inspuiting van meer as 'n eeu gelede was so kragtig dat die konsekwensies daarvan steeds in die terapeutiese praktyk van toepassing is.

### 1.3.3 ANGS IN DIE LETTERKUNDE

In soverre die angsproblematiek menslike worsteling impliseer, weer=spieël die letterkunde as geheel hierdie universele aspek van menswees.

Uitgaande van die hipotese dat die kunstenaar 'n profetiese funksie vervul, omdat hy die onbewuste belewinge wat eers later in die samelewing duide=lik waarneembaar word, sensitief aanvoel en konkreet in sy letterkundige

skeppinge verbeeld, (vgl. May, 1969, p. 21 en Leroux, 1980, p. 28) word vervolgens enkele voorbeelde verskaf wat die rol van angs in sy verskil= lende gestaltes in die letterkunde aandui:-

. Wat die poësie betref, is reeds na Auden se bundel "The age of anxiety" (1947) verwys.

. May (a.w. p. 25) verwys ook in dié verband na skrywers soos Kafka en Camus wat albei die angsproblematiek in hul werk betrek het.

. De Jonge (1975) vertolk die werk van die Russiese skrywer, Dostojewski, as uitbeeldinge van die verskillende fasette van intensiteitsbelewing, spruitende uit die verlies van universele, samebindende waardes in die negentiende-eeuse kultuur, as profetiese visie op die huidige twintigste-eeuse tydgees.

Angs figureer nie as sodanig in Dostojewski se werk nie; wel die mens se ontvlugting daarvan in terme van verslawing aan verskillende vorme van intensiteitstoestande, byvoorbeeld dobbelary, masochisme en seksuele vryhede.

. Wat die Afrikaanse literatuur betref, wil dit ook voorkom asof die literatuur sedert die sestigerbeweging die felheid van die mens se eksistensiële krisisse insluitende sy eksistensiële angs vollediger en ingrypender verbeeld. Enkele voorbeelde:

. Diederik, die hoofkarakter in Van Niekerk se verhaal "Die son struikel" ly byvoorbeeld aan wat Lindenberg (1976, p. 8) noem "skeidingsangs". Sy angs hang saam met sy "outsider-skap", ŉ aspek wat as beeld van die mens se anonimiteit binne ŉ anonieme samelewing beskou kan word.

Ondersoeker lei af dat angs dus die resultaat is van onvoltooide los= making van sekuriteitgewende waardes (onvoltooide skeiding). Die verhaal verteenwoordig dus die stryd tot losmaking en selfontdekking: aspekte wat in die konteks van die hedendaagse kultuuropset met sy gebrekkige sekuriteit, aliënasie en soeke na sin, onmiskenbaar op die mens se angsbestaan wys.

- Die werke van Leroux kan eweneens beskou word as uitbeeldinge van die moderne mens se bestaanskrisisse in sy wording deur siklusse van selfvervreemding, soeke na die self, insluitende die konfrontasie van angs (vergelyk bv. Colet se angsworstelinge, selftransformasie en uiteindelik selfontplooiing in "Die eerste lewe van Colet" (vgl. bv. Malan, 1978).

- Laastens word die moderne mens se onsekerheid, eensaamheid en wordingskrisisse ook skerp in die kortkuns van Aucamp geteken. Van sy bundel "Dooierus" skryf Brink (1980, p. 83) byvoorbeeld die volgende "... mense van toe en van nou wat by mekaar verbybeweeg, wat geslaan word met angs oor die 'leegte' wat uiteindelik alles relativeer; en wat net soms, baie vlugtig, 'n oomblik-van-die-wonder belewe ..." (eie onderstreping - W.F. Du P.)

### 1.3.4 ANGS IN DIE PSIGOLOGIE

Aangesien die huidige studie die angsvraagstuk juis vanuit psigologiese perspektief wil aanpak, word volstaan met enkele opmerkings oor die relevansie van angs in die veld van die psigologie:-

- As beweerde kern van patologiese toestande figureer die angsproblematiek prominent in al die hoofbenaderings tot psigopatologie: psigoanalise, gedragsterapie en die eksistensieel-humanistiese benadering.

- Voortvloeiend uit die voorgaande is al die hoofbenaderings tot psigoterapie en gedragsverandering ook intiem gemoeid met die hantering van angs: wisselende vanaf 'n klem op angsreduksie (bv. die gedragsterapie) tot konfrontasie van angs (bv. die korttermyn psigoanalitiesgeoriënteerde terapie van Mann) tot verheldering van die onderliggende konfliksituasie (bv. die eksistensieel-humanistiese benadering van May, Bugental, e.a.) na 'n veelvoud van ander tegnieke, byvoorbeeld hipnose en spanningsdrukinenting.

- As empiries-kwantifiseerbare konstruk is angs die studie-onderwerp van letterlik duisende navorsers wat veral sedert die vyftigerjare onvermoeid ywer aan die ontsluiting van al die fasette, betekenisse en implikasies van hierdie pynlike menslike ervaring.

. Laastens word angs in sy verband met spanningsdruk prominent beklem= toon op die terrein van voorkomende psigologie (vgl. Poser en King, 1976, p. 337).

Die kliniese en eksperimentele fokus op angs vorm dus 'n besondere veld binne die terrein van psigologie as wetenskap.

## 1.3.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die prominensie van die angsproblematiek in die voorgaande dissiplines onderstreep enkele aspekte:

. die aktualiteit van angs as fokuspunt van die psigoloog, teoloog, filosoof en kunstenaar;

. die multidimensionele aard van angs as subjek van genoemde vier dissiplines.

Gevolgtrekking: 'n ewewigtige psigologiese benadering tot angs is slegs moontlik indien die psigoloog ook rekening hou met die heersende lewens= beskoulike (wysgerige), religieuse (teologiese) - en literêre beklem= toninge (letterkunde) ten opsigte van angs. Vervolgens word die klem geplaas op die angsbegrip in sy psigologiese konteks.

## 1.4 DIE BEGRIP "ANGS" IN PSIGOLOGIESE KONTEKS

In hierdie afdeling word die fokus op definisies en omskrywinge asook die etimologie van die angsbegrip geplaas.

### 1.4.1 ENKELE DEFINISIES EN OMSKRYWINGE

. Webster, aangehaal deur Levitt (1967, p. 5) definieer angs soos volg: "A painful uneasiness of mind over an impending or anticipated ill ..."

- Die Amerikaanse Psigologiese Vereniging (die APV) se definisie lui soos volg: "A danger signal felt and perceived by the conscious portion of the personality. It is produced by a threat from within the personality ... with or without stimulation from ... external situations ..." (in Levitt, a.w., p. 5).

- 'n Meer resente definisie is dié van Hamilton (1975, p. 50) "... anxiety can be defined as internally generated cycles or connotative signals elicited by external stimuli, which a central interpreting or appraisal process codes as requiring avoidance, and is indicating physical danger, injury to self-esteem, rejection, and loss of affection in valued social settings, and any other consequences that a person has learnt to be potentially harmful".

- 'n Suid-Afrikaanse definisie is dié van Gouws, Louw, Meyer en Plug (1979, p. 19): "'n Toestand wat gekenmerk word deur akute spanning, benoudheid en fisiologiese reaksies soos versnelde hartklop en oormatige sweet. Dit verskil van vrees in die sin dat dit meer chronies van duur is en nie gekoppel kan word aan 'n definitiewe objek of situasie nie. Angs is 'n kenmerkende simptoom van vele psigopatologiese toestande en veral neuroses."

### 1.4.2 BESPREKING

Uit die seleksie van definisies en omskrywings blyk dus dat angs 'n pyn= like innerlike ervaring is (vgl. Webster en die APV se beskouinge), wat nou verband hou met 'n belewing van bedreiging (vgl. die beskouing van Hamilton) en dat dit met fisiologiese reaksies gepaard gaan (vgl. Gouws, e.a. 1979).

'n Besondere probleem by die omskrywing van angs is egter dat dit nie 'n eenheidsfenomeen is nie. In die verband skryf die navorser Izard soos volg: "One of the problems in studying anxiety results from its great complexity. It is a variable combination of elements; is has no singular phenomenology" (1972, p. 59).

Schnee (1977, p. 304) stel selfs die vraag of dit nie meer korrek is om van 'n groep "angste" te praat nie. Ter ondersteuning daarvan verwys hy na die differensiële effek van anti-angsmedikasie. Dit blyk naamlik dat verskillende angstoestande verskillend op medikasie reageer. Ofskoon skisofrene se angsvlak doeltreffend verlaag (onder beheer gebring word) met behulp van fenotiasiene, is dit nie so dat neurotiese persone met hoë angs doeltreffend met swakker dosisse van fenotiasiene ook doeltreffend behandel kan word nie, aldus Schnee.

Omgekeerd geld ook dat ofskoon mense met neurotiese angs doeltreffend met ligte kalmeermiddels behandel word, sterker dosisse van laasgenoemde nie doeltreffend vir skisofrene (die angs wat eie is aan skisofrenie) gebruik kan word nie.

Uit hierdie gegewens konkludeer Schnee: "We can draw the conclusion that schizophrenic anxiety very likely is different in quality from neurotic anxiety" (a.w., p. 305).

Op grond van die multidimensionele aard van die angsverskynsel, kan 'n universeel aanvaarbare definisie van angs dus nie op hierdie stadium aangebied word nie.

### 1.4.3 DIE ETIMOLOGIE VAN DIE BEGRIP "ANGS"

Aangesien die huidige studie uitloop op 'n empiriese ondersoek na angs as lewende, eksistensiële ervaring, kan die belewingsaspekte daarvan verhelder word deur te let op die etimologie van die begrip.

"Angs" is ontleen aan die Duitse woord "Angst". Laasgenoemde spruit uit die Latynse woord "angustus" (eng, nou), wat op sy beurt aan die woord "angere" (om seer te maak deur teen mekaar te druk, of te smoor) ontleen is (May, 1958a, p. 51).

Vir May is hierdie betekenisse openbarend van die hele dinamiek van angs:

- die innerlike konfliktoestand as gevolg van die druk wat deur botsende moontlikhede tot aktualisering meegebring word;
- die feit dat angs 'n meeganger van vryheid is: juis die nuwe moontlikheid/moontlikhede wat as't ware aandring om in die be=wussyn gebore en geïntegreer te word, ontlok bedreiging, omdat dit bestaande sekuriteite bedreig (May, a.w., p. 52);
- die potensieel positiewe aspekte van angsverskynsels: geleë in die nuwe moontlikhede tot wording, groei of ontwikkeling.

### 1.4.4 SAMEVATTING

Ofskoon daar nie oor angs as konstruk eenstemmigheid in die literatuur bestaan nie, dui die etimologie daarvan ondubbelsinnig die konflik-be=dreiging-potensiële vernuwingsaspekte van angs aan. As menslike emosie hang angsbelewinge saam met 'n verskeidenheid verwante aspekte, byvoorbeeld vrees. 'n Bespreking oor die belangrikste verwante aspekte is derhalwe ook gepas. Dit word in 1.5 en volgende gedoen.

## 1.5 ANGS EN VERWANTE VERSKYNSELS

Die volgende verwantskappe word ondersoek:

- angs en vrees
- angs en depressie
- angs en skuld
- angs, spanning en spanningsdruk
- angs en sinvolheid/sinloosheid
- angs en persoonlikheidsontwikkeling
- angs en geloof.

### 1.5.1 ANGS EN VREES

'n Literatuuroorsig toon aan dat drie standpunte in dié verband onderskei kan word, naamlik:

- dat angs en vrees verskillende konstrukte verteenwoordig;
- dat angs en vrees ooreenstemmende konstrukte is;
- dat angs en vrees mekaar gedeeltelik oorvleuel.

### 1.5.1.1 ANGS EN VREES AS ONDERSKEIBARE KONSTRUKTE

Tradisioneel is hierdie begrippe onderskei deur te verklaar dat angs nie objekgebonde is nie, terwyl vrees na iets konkreet verwys. Ter illustrasie word verwys na die beskouinge van Schachtel en May.

Volgens Schachtel (1977, p. 253) is angs en vrees albei verwant aan ver= wagting. Waar verwagting in die geval van vrees egter meer konkreet is, is dit in die geval van angs onbekend. "The unknown danger in anxiety is the new, unknown state of being when leaving a particular constella= tion of embeddedness."

As vertrekpunt vir sy onderskeid tussen vrees en angs stel May (1977, p. 233) dat die gelykstelling van genoemde begrippe uit hul ooreenstem= mende neurofisiologiese onderbou spruit. Hy beweer voorts dat die gelykstelling van vrees en angs tot verwarring in die begrip van beide aspekte lei. Hierdie verwarring kan slegs opgeklaar word as in gedagte gehou word dat angs- en vreesreaksies op verskillende psigologiese vlakke van die persoonlikheid plaasvind.

Die ontwikkelende individu (die klein kind) se ongedifferensieerde neurologiese en psigologiese funksionering veroorsaak dat aanvanklik met angs gereageer word op enige bedreiging van sy lewe en belangrike waardes. Ryping op psigologiese en neurologiese vlak lei geleidelik tot differensiasie van gevaar in terme van spesifieke bedreiginge. Die selfbeskermende reaksies op gevaar (bedreiging) sal dus ooreen= stemmend spesifiek wees. Hierdie gedifferensieerde reaksie op spesi= fieke gevare is volgens May vrees.

'n Verdere afleiding is dan dat angs die basiese, onderliggende reaksie is, terwyl vrees die uitdrukking is van dieselfde vermoë in sy spesifieke, geobjektiveerde vorm.

Hierdie verband tussen angs en vrees is van toepassing op sowel die normale as die neurotiese vorme daarvan.

Samevattend dui angs die bedreiging van kernwaardes van die individu aan. Vrees, daarenteen, is die reaksie op bedreiging wat as't ware op die periferie van die persoon se lewe waargeneem word. Daarom is laasgenoemde meer konkreet, meer spesifiek. Figuurlik gesproke, beweer May, is vrees dus die mens se poging tot pantsering teen angs.

1.5.1.2 ANGS EN VREES AS EKWIVALENTE KONSTRUKTE

As praktiserende psigoanalis skryf Bonime (1981, p. 69) soos volg oor die netelige angs-vrees-debat: "A conscientious scan of the literature of fear and anxiety discloses no clear differentiation - the discussions are usually diligent, often profound and provocative, but nevertheless inconclusive."

Teen hierdie agtergrond formuleer hy angs as die gevreesde verlies van funksionele doeltreffendheid. Anders gestel: Angs is vrees spruitende uit die gevaar van 'n ontwrigting van subjektiewe belewing wat 'n persoon ervaar terwyl hy goed funksioneer. Ander skrywers wat 'n nie-onderskeid tussen angs en vrees ondersteun is onder andere Martin, Wolpe en Levitt. Martin (1971, p. 21) onderskei wel tussen 'n stimulus-georiënteerde en 'n respons-georiënteerde definisie van angs. Verder definieer hy angs in terme van 'n eksterne situasie of innerlike gedagte wat as angsstimulus dien, byvoorbeeld kastrasie-angs. Die tradisionele onderskeid tussen vreesreaksies as realiteitsgeoriënteerd en angs as gebaseer op irrasionele oorweginge, dui naamlik vir Martin nie soseer op 'n verskil in reaksie nie. Ook Levitt (1967) aanvaar dat 'n persoon liggaamlik eners op vrees en angs reageer. Gevolglik aanvaar ook hy slegs 'n teoretiese onderskeid tussen angs en vrees.

Waar bogenoemde skrywers geen onderskeid tussen angs en vrees maak nie, is ander outeurs se oortuigings van die futiliteit van 'n onderskeiding tussen angs en vrees blykbaar so sterk, dat hulle voorstanders is van 'n afskaffing van die onderskeid. Gaylin (in Bonime, a.w., p. 70 - 71) stel dit so: "In therapy, words like anxiety support the patient's

intellectualizations. Since anxiety and fear as experienced phenomena are the same, I see no advantage in the use of a special term."

### 1.5.1.3 ANGS EN VREES AS GEDEELTELIK OORVLEUELENDE KONSTRUKTE

In May se uiteensetting (kyk 1.5.1.1) is reeds gewag gemaak van 'n onder= skeiding tussen angs en vrees. May sien angs egter nie as emosie wat vrees oorvleuel nie. Omvattende navorsing oor menslike emosies het Izard egter tot die gevolgtrekking laat kom dat angs vrees kan insluit, ofskoon hy dit nie as een belewing vertolk nie.

Hy skryf soos volg: "... I propose that anxiety includes fear and two or more of the fundamental emotions of distress, anger, shame (including shyness and guilt), and the positive emotion of interest-excitement" Izard, 1972, p. 47). Hierdie ses emosies is volgens Izard veranderlike komponente van 'n komplekse emosionele patroon. Die relatiewe belangrik= heid van elke komponent van die angsbelewing word bepaal deur die situasie asook die individu. Hoedanig die emosionele patrone in 'n angsbelewing sal varieer, hang af van oorerflikheids- en belewingsfaktore (a.w., p. 58).

Konkrete navorsingsbevindinge bevestig ook laasgenoemde standpunt, naam= lik dat angs en vrees oorvleuelende begrippe kan wees. So het Epstein (1976, p. 199) in 'n faktor-analitiese studie bevind dat vrees en angs mekaar wel oorvleuel. Daar is naamlik 'n beduidende interaksie tussen vrees en angsreaksies gevind. Die bevindinge sluit nie bepaalde ver= skille tussen angs en vrees uit nie.

Proefpersone se reaksies toon naamlik dat hulle angs as 'n meer omvat= tende begrip vertolk as vrees. In die lewensituasies waarin hulle vrees ervaar het, het hulle immers ook angsbelewinge aangedui, terwyl hulle in die situasies waarin hulle primêr angs beleef het, nie nood= wendig ook vrees ervaar het nie.

Samevattend blyk dat angs moeilik bevredigend gedefinieer kan word, omdat dit nie met eenstemmigheid van konstrukte soos vrees onderskei kan word nie. Die huidige ondersoeker stem egter met May saam dat die manifestasie van angs in die kliniese sfeer onderskei kan word van

die manifestasie van vrees.

1.5.2 ANGS EN DEPRESSIE

Die mees relevante aspekte ten opsigte van hierdie verwantskap is die volgende:

- angs en depressie as onderskeibare konstrukte
- angs en depressie as gepaardgaande verskynsels in normaliteit en patologie
- angs en depressie as ontwikkelingspotensiaal.

1.5.2.1 ANGS EN DEPRESSIE AS ONDERSKEIBARE KONSTRUKTE

Hierdie onderskeid geld primêr die kliniese manifestasies van angs en depressie. Klerman (1977, p. 63) bevind naamlik dat 'n matige oorvleue= ling tussen die konstrukte bestaan, dog konkludeer nietemin: "... the thrust of the findings support the view that anxiety and depression states represent separate neurotic conditions".

Dit is interessant dat angs en depressie ook via ander metings verskil= lend registreer. Outonome metings dui byvoorbeeld daarop dat persone met nie-geagiteerde vorme van depressie 'n verlaagde elektrodermale aktiwiteit vertoon, terwyl geagiteerde en/of beangste proefpersone 'n verhoogde elektrodermale aktiwiteit registreer (Lader en Wing, 1966, p. 56).

Ander relevante opmerkings rakende die onderskeid tussen angs en depressie is onder andere die bevindinge wat deur Costello (1976, p. 108) genoem word, naamlik:

- Angsprobleme toon 'n vroeër aanvang as depressie en tree meer geleidelik in.

- Beangste persone toon tekens van vroeë versteuringe van 'n sosiale aard, byvoorbeeld swak skoolaanpassing en probleme in hul verhouding tot hul ouers.

. Daar is ook aanduidings van versteurings in die gesinslede van beangste persone.

. Depressiewe versteuringe verbeter soms, al is dit slegs tydelik, terwyl angsbelewinge meer durend is.

1.5.2.2 ANGS EN DEPRESSIE AS GEPAARDGAANDE VERSKYNSELS IN NORMALITEIT EN PSIGOPATOLOGIE

Daar bestaan 'n wye eenstemmigheid oor die gesamentlike voorkoms van angs en depressie in die lewe van die "normale" persoon. Beide verteenwoor= dig aspekte van die ryk skakering van emosies wat in die loop van die lewe ervaar word. (Vgl. byvoorbeeld Klerman, 1977, p. 53).

Uit bogenoemde volg dat angs en depressie hulle ook gesamentlik behoort te manifesteer in patologiese toestande, byvoorbeeld neurotiese toe= stande.

Hierdie aspek is ryklik gedokumenteer. Vergelyk byvoorbeeld Epstein (1976, p. 199) asook die resultate van faktor-analitiese studies ge= rapporteer deur Klerman (a.w., p. 62), waaruit blyk dat angs- en depressie-belewinge in neurotiese toestande 'n matige oorvleueling toon (25% - 40%).

Verder skryf Meites, Lovallo en Pishkin (1980, p. 427) soos volg: "Depression and anxiety are two of the most prominent emotional states seen clinically and studied by researchers."

Die gesamentlike teenwoordigheid van angs en depressie in 'n neurotiese toestand impliseer nie dat albei ewe prominent sal wees nie. Uit die navorsing van Costello (1976) word die afleiding gemaak dat angs meer prominent sal wees indien 'n persoon vrees dat hy beheer oor sy eie ge= drag sal verloor onder invloed van 'n bedreiging uit die toekoms. Die depressiewe element sal eweneens meer prominent wees as dit met verlies van 'n belangrike objek of persoon uit die verlede verbind word. In laasgenoemde geval sal die persoon se toekomsbelewing natuurlik ook deur

depressie beïnvloed word, dit wil sê die persoon sal ook beangs wees.

### 1.5.2.3 ANGS EN DEPRESSIE AS POTENSIAAL TOT PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Uit die voorgaande gedeelte kan die afleiding foutiewelik gemaak word dat angs en depressie uitsluitlik 'n negatiewe, lewensontnemende of lewensvernouende uitwerking sou hê. Hierdie indruk word versterk deur die klassieke psigoanalitiese beskouing in verband met angs en depressie, naamlik dat angs 'n onbewuste toestand is wat tot verdedigingsgedrag aanleiding gee, spesifiek verdringing. (Depressie word ook uit psigo= analitiese oogpunt as 'n verdediging teen onbewuste angs vertolk.)

Costello onderstreep egter dat sowel angs as depressie, wat hy as adaptiewe emosies vertolk, die mens konstruktief kan dien, omdat dit as sinjale van of vir verandering dien en die mens dus tot voorberei= ding kan noop, ten einde aan die eise van die veranderende of veranderde situasies te kan voldoen. Hy voeg hieraan toe: "... they are as important as man's reason to the development of rich lives for both individuals and the societies in which they live" (1976, p. 1). (Vgl. 1.5.6 in verband met die konstruktiewe aspek van angs.)

### 1.5.3 ANGS EN SKULD

Ten opsigte van hierdie verwantskap kan die verskillende standpunte soos volg georden word:

- angs en skuld as sinonieme konstrukte
- angs as resultaat van ongekonfronteerde skuld
- angs en skuld as verwante, dog onderskeibare konstrukte.

### 1.5.3.1 ANGS EN SKULD AS SINONIEME KONSTRUKTE

Uit die geraadpleegde literatuur kom dit voor asof die meeste teoretici en navorsers dit onnodig ag om tussen die begrippe angs en skuld te onderskei. Lowe (1964, p. 554) konkludeer byvoorbeeld op grond van sy navorsing dat daar so 'n hoë korrelasie tussen genoemde konstrukte bestaan

dat hulle vir praktiese doeleindes as sinonieme beskou kan word, wat die konstruk ook al genoem behoort te word. Hy stel dit soos volg: "Guilt and anxiety, as measured by self-report scales, are thus seen to be equivalent and the commonly held distinction between the two terms is held to lie more in die mind of the beholder than in the mind of the beheld" (a.w, p. 554). Hierdie siening word ook onderskryf deur Levitt (1967, p. 161).

Vanuit 'n effens ander oogpunt omskryf Bonime (1981, p. 77) skuld as "een van die algemeenste vorme van angs." Verder tipeer hy skuld as "... a fear of the consequences of one's behaviour, and a fear of interference with that behavior, with that form of functioning."

Hierdie standpunte handhaaf dus Freud se oorspronklike siening dat skuld bloot 'n vorm van angs, naamlik morele angs, verteenwoordig (Freud, 1949 p. 104).

### 1.5.3.2 ANGS AS RESULTAAT VAN ONGEKONFRONTEERDE SKULD

Hierdie standpunt is dié van Mowrer. Sy angsbeskouing het oor die jare aansienlik verander tot op die stadium dat hy angs begin vertolk het as die produk "... not of too little self-indulgence and satisfaction ... but of irresponsibility, guilt, immaturity" (in May, 1977, p. 123). Mowrer se angsbeskouing is dus die teenoorgestelde as dié van Freud.

In 'n studie van hierdie twee skuldbeskouinge (Du Plessis, 1972) is aan=getoon dat albei skuldbeskouinge (insluitende die angs-skuld-verwantskap in die twee teorieë) bepaalde leemtes bevat op grond van beperkinge ten opsigte van die mensbeskoulike grondslae.

### 1.5.3.3 ANGS EN SKULD AS VERWANTE, DOG ONDERSKEIBARE KONSTRUKTE

Fenomenologies gesien voer skuld en angs 'n parallelle bestaan. In die verband skryf Oden (1969, p. 53) dat hulle as teoretiese konstrukte onder=skei kan word, dog as bestaanswerklikhede onskeibaar verweef is. Hy formuleer dit soos volg: "Anxiety follows upon guilt with dogged

inevitability. For the valuing individual fears being discovered as a value negator by others who share these same cherished values. Conse= quently, a major preoccupation of the guilt sufferer is his correspon= ding battle with anxiety" (p. 53).

As bevestiging van die verwantskap-aspek van angs en skuld kan verskeie navorsingsresultate aangehaal word. Onder andere bevind Mosher (aange= haal in Izard, 1972, p. 49) met sy sogenaamde skuldskaal dat skuldmetings ŉ korrelasie van 0,65 met angs op die Taylor-MAS, ŉ angsskaal, bereik. Hy lei dus af dat verskillende konstrukte deur die twee vraelyste gemeet word.

ŉ Ander studie is dié van Bradbury, wat angstellings ook met tellings op ŉ skuldskaal gekorreleeer het en ŉ hoë positiewe korrelasie gevind het (1967, p. 77). Derdens beskou ook Katz en Zigler (<u>in</u> Izard, 1972, p. 49) skuld as ŉ parallelle toestand ten opsigte van angs. Hulle skryf dat psigologiese ryping progressief tot die ontwikkeling van twee menslike vermoëns aanleiding gee, wat op sy beurt weer tot die ontstaan van skuld en angs aanleiding gee: ŉ groterwordende vermoë tot selfaftakeling en ŉ vermoë om ŉ wanverhouding tussen die werklike eie en ideale selfbeeld te ervaar.

Dit is interessant dat May, een van die pioniers van die eksistensiële psigologie in die VSA, die angs-skuld-verwantskap met kreatiwiteit in verband bring. Hy skryf soos volg: "The more creative the individual, the more possibilities he or she has and the more they are confronted with anxiety and its concomitant responsibility and guilt feeling" (1977, p. 393).

Samevattend blyk dus dat skuld en angs meegangers van die menslike be= staan is, dog dat albei in die mens se wordingsproses as potensieel waardevolle sinjale tot adaptasie gesien kan word.

### 1.5.4 ANGS, SPANNING EN SPANNINGSDRUK

Die literatuur oor hierdie verwantskap lewer ook botsende beskouinge, te wete:

- angs, spanning en spanningsdruk as sinonieme;
- angs en spanningsdruk as onderskeibare, dog oorvleuelende konstrukte.

### 1.5.4.1 ANGS, SPANNING EN SPANNINGSDRUK AS SINONIEME

Dit wil voorkom asof angs in die volksmond met spanning gelykgestel word. So skryf die literator Lindenberg (1976, p. 12) byvoorbeeld met verwysing na bogenoemde begrippe die volgende: "Spanning is 'n manifestasie van angs ..." In die algemene spreektaal word die begrip "senuspanning" ook dikwels gebruik om 'n toestand van beangstheid aan te dui.

Tweedens word gewys op die feit dat angs en spanningsdruk in die psigo= logiese literatuur dikwels oor en weer gebruik word - soveel so dat die afleiding gemaak kan word dat die begrippe as sinonieme beskou word. Levitt (1967, p. 11) wys egter daarop dat die begrip spanningsdruk só ingebed is dat dit nie geïgnoreer kan word in 'n sistematiese bespreking van angs nie.

Die omvang van die probleem spruitende uit die willekeurige gebruik van die terme angs en spanningsdruk vloei voort uit die feit dat spannings= druk vir verskillende navorsers verskillende betekenisse inhou.

Levitt rapporteer vier verskillende betekenisse, naamlik

- spanningsdruk as spesifieke stimulussituasie;
- spanningsdruk as 'n spesifieke reaksie of reaksiewyses van die individu;
- spanningsdruk as 'n spesifieke situasie en 'n spesifieke reaksie of groep reaksies; en
- spanningsdruk as 'n toestand van die individu wat 'n bepaalde stel reaksies tot gevolg het (1967, p. 11 - 12).

In hierdie stadium is daar dus nie eenstemmigheid oor die sentrale betekenis van die begrip "spanningsdruk" nie.

### 1.5.4.2 ANGS EN SPANNINGSDRUK AS ONDERSKEIBARE, DOG OORVLEUELENDE KONSTRUKTE

Dit is veral May (1977) wat teen die gelykstelling van angs en spannings= druk beswaar maak. Sy besware is die volgende:

Eerstens is spanningsdruk nie 'n toereikende substituut vir angs nie, omdat dit nie die betekenisrykheid van die angskonsep weerspieël nie (a.w., p. 110).

Spanningsdruk dui hoogstens aan wat met 'n persoon gebeur tydens 'n spanningsbelewing. Spanningsdruk dra dus 'n objektiewe maar nie 'n sub=jektiewe verwysingsraamwerk nie, aldus May.

Dit begrip angs wys egter veel sterker heen na die bewussyn en subjek=tiewe ervaringe van die beangste persoon wat tot 'n bepaalde interpretasie van die spanningsdrukfaktor kan lei. In die verband verwys May na Beck se bevindinge dat spannende lewensituasies as sodanig minder belangrik is in die totstandkoming van angs as die wyse waarop 'n persoon hierdie situasies waarneem. Hy voeg daaraan toe: "'Perceive,' and 'interpret' are subjective processes, rightly included in anxiety but not in stress" (1977, p. 111).

Tweedens kan die gelykstelling van angs en spanningsdruk die vertolking van sommige situasies bemoeilik. Omdat angs en spanningsdruk dikwels 'n teenoorgestelde uitwerking het, is Selye (aangehaal deur May, a.w., p. 112) se standpunt dat enige spanningsdruk psigologiese skade kan mee=bring, 'n wanopvatting, indien dit sonder meer in alle angssituasies van toepassing gemaak sou word.

May bewys sy stelling met die voorbeeld van 'n beduidende afname in neuro=tiese probleme in Engeland tydens die verhoogde angstoestande gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Hieraan voeg hy toe: "When there is great stress there may be freedom from anxiety" (a.w., p. 112).

Derdens sou sekere idiomatiese vorme hul betekenis verloor indien angs met spanningsdruk vervang sou word. Die uitdrukking: die intellek word vergesel deur angs as 'n soort skaduwee (in Jungiaanse sin), sou 'n totale betekenisverlies ondergaan as dit met "spanningsdruk" vervang sou word.

Met hierdie betoog konkludeer May die volgende: "Anxiety is how the individual relates to stress, accepts it, interprets it. Stress is a halfway station on the way to anxiety. Anxiety is how we handle stress" (a.w. p. 113).

Ten opsigte van angs en spanning (tension) is daar ook argumente ten op= sigte van 'n onderskeid. Levitt (1967) sien spanning byvoorbeeld as 'n toestand van die organisme (persoon) wat die gevolg is van spanningsdruk. Spanning verwys in dié sin na 'n toestand van die spiersisteem tydens angssituasies, of dit verwys na oorblyfsels van 'n angstoestand.

Meer algemeen verwys spanning na 'n vae gevoel van onrustigheid, ruste= loosheid - 'n diffuse begeerte om iets te doen op grond van 'n onbewuste angsbelewing. So gesien is spanning 'n tussenganger vir onbewuste angs en manifeste gedrag.

Samevattend: "spanning" kan dus beskou word as 'n populêre term vir "angs". "Angs" en "spanningsdruk" word alternatief gebruik, dog dit is minder verwarrend indien die begrippe duidelik onderskei word.

### 1.5.5 ANGS EN SINVOLHEID/SINLOOSHEID

Gegewens in die verband word rondom twee standpunte gerangskik, naamlik

. sinloosheidsbelewinge as meegangers van angs, en
. sinloosheidsbelewinge as vergestalting van die angs van die huidige tydsgewrig.

#### 1.5.5.1 SINLOOSHEIDSBELEWINGE AS MEEGANGERS VAN ANGS

Objektief gesien behoort daar 'n omgekeerde verwantskap tussen angs en sinvolheid te bestaan. Die wyse waarop hoë angs tot 'n afname van sinvol= heidsbelewing kan lei, word goed deur Oden uiteengesit. Hy stel dit soos volg: "Due to our anxiety over the future and our guilt over the past, we ignore and flee the present. Our lives are so bound up in living falsely toward the past and falsely toward the future that the momentous gift of the present is unreceived. We experience an inattentive, absentee existence, which disregards the promise of the now" (1969, p. 187).

So gesien, kan die belewing van verveling en nie-betrokkenheid by die aktualiteit, die realiteit van die oomblik, maklik 'n belewing van sin= loosheid word, indien, soos Oden dit stel, verveling by wyse van veraf=

goding geïntensifiseer word (a.w., p. 195).

Crumbaugh se Sinvolheidstoets blyk 'n akkurate voorspeller van onder andere neurotisisme, angs, selfkontrole en depressie te wees (Sharpe en Viney, 1973, p. 489). Dit kan geld as 'n eksperimentele verifikasie van die stelling dat sinloosheidsbelewinge met hoë angs gepaard gaan.

In die lig van die voorgaande bespreking word dus met twee opmerkings volstaan:-

. Daar is nie duidelikheid oor die werklike verband (oorsaaklik, asook in terme van interaksie) tussen angs en sinloosheid nie. Die rede waarom angs hom as sinloosheid kan manifesteer, is ook nie duidelik nie.
. In die lig van hierdie onduidelikhede sou dit sinvol wees om in 'n studie oor angs ook 'n meting van sinvolheid (by implikasie sinloos= heid) in te sluit.

### 1.5.5.2 SINLOOSHEIDSBELEWINGE AS VERGESTALTING VAN DIE ANGS VAN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG

Hierdie standpunt word in eksplisiete vorm deur minstens een outeur ge= huldig. Tillich stel dit soos volg: "The anxiety which determines our period is the anxiety of doubt and meaninglessness" (<u>in</u> Sharpe en Viney, 1973, p. 489). Wat ook al die aard van die verhouding tussen angs en sinloosheid is (die vraag of sinloosheid 'n uitvloeisel van angs is of andersom), dit is duidelik dat die probleem van sinloosheidsbelewinge vandag besonder prominent figureer.

In die verband hoef mens net aan die werk van Frankl te dink. Sy sentrale waarneming in verband met die omvangrykheid en impak van die sogenaamde noögene neurose oftewel sinloosheidsneurose (1969, 1978) geniet relatief wye erkenning onder klinici en navorsers. (Vgl. Burton, 1968, p. 55; Bugental, 1965, p. 304 en 309; Ledermann, 1972, p. 29; Boss, 1962, p. 174; Jung, 1974, p. 252; Van den Berg, 1970b, p. 37.) Hierdie aspek word verder onder 1.7.3 bespreek.

### 1.5.6 ANGS EN PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Die gegewens in verband met hierdie verwantskap sentreer om drie aspekte:

. angs as blokkering van persoonlikheidsontwikkeling
. angs as potensiële prikkel tot persoonlikheidsontwikkeling
. konfrontasie van angs as voorwaarde vir persoonlikheidsontwikkeling.

#### 1.5.6.1 ANGS AS BLOKKERING VAN PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Hierdie standpunt verteenwoordig veral die meer tradisionele benaderings in die psigologie, wat die begrip "normaliteit" met angsloosheid of vry=heid van beangstheid verbind het. Belangrike invloed in die opsig is veral uitgeoefen deur Freud se angsteorie, waarvolgens angs as gevaarteken tot verdedigende gedrag aanleiding gee, asook die opvatting dat angs die kern van feitlik alle psigopatologiese toestande uitmaak (vergelyk 1.7.1.2.1).

Ook Maslow laat hom oor dié aangeleentheid uit: "The classical approach to personality problems considers them to be problems in an undesirable sense. Struggle, conflict, guilt, bad conscience, anxiety, (eie onder=streping), depression, frustration, tension, shame, self-punishment, feeling of inferiority or unworthiness - they all cause psychic pain, they disturb efficiency of performance, and they are uncontrollable. They are therefore automatically regarded as sick and undesirable and they get 'cured' away as soon as possible" (1974, p. 235). Volgens Maslow kan siekte en gesondheid in psigologiese sin egter nie as dicho=tomieë beskou word nie. Al bogenoemde simptome word volgens hom ook in psigies gesonde persone aangetref en in diegene wat groei na psigiese gesondheid.

In 'n ander verband kom die potensiële rol van angs in persoonlikheidsgroei ook ter sprake. Maslow vra die vraag: "Is growth and self-fulfillment possible at all without pain and grief and sorrow and turmoil?" (a.w., p. 238). In dieselfde verband kan ook Jung aangehaal word. Hy maak naamlik die stelling: "There is no birth of consciousness without pain" (Jung, 1974, p. 124).

Navorsingsbevindinge in die verband bevestig ook gedeeltelik die orto= dokse psigoanalitiese oortuiging dat angs persoonlikheidsontwikkeling strem. So verwys De Grâce na die bevindinge van Rollins en Sedekel dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen angs en selfaktualisering (as aspek van persoonlikheidsontwikkeling) bestaan (1973, p. 566).

Vergelyk ook die bevinding van Wesch (1974, p. 569). Die resultate dui op 'n omgekeerde verband tussen selfaktualisasie en doodsangs. In teen= stelling met die voorgaande beweer May (1977, p. 384) dat die neurotiese persoon (dit wil sê by implikasie die persoon met 'n hoë angsvlak) angs ontduik deur sy persoonlikheid so te laat verarm dat geen kreatiewe im= pulse in hom verwerklik kan word nie. Hierdie bewering onderstreep die feit dat die eksistensiële benadering 'n onderskeid tussen simptoom en die hantering daarvan maak. Wat die uitwerking van angsbelewinge is, is dus nie net 'n funksie van die teenwoordigheid daarvan nie, maar ook van die persoon se verwerking daarvan (konstruktief of destruktief).

### 1.5.6.2 ANGS AS POTENSIËLE BRON VAN PERSOONLIKHEIDSVERRUIMING

Hierdie positiewe standpunt oor die potensieel waardevolle invloed van angs word veral deur die voorstaanders van die eksistensieel-humanistiese benadering gehuldig. Vir hierdie teoretici is daar potensiële groeikrag in enige menslike emosie (angs, depressie, wanhoop, ens.) - afhangende van die hantering daarvan.

Enkele voorbeelde van beskouinge en bevindinge ter ondersteuning van hierdie standpunt:

- Assagioli se bewering dat betekenisvolle persoonlikheidsgroei dikwels gepaard gaan met kritieke ontwikkelingsfases wat gekenmerk word deur 'n verskeidenheid emosionele kwellinge en selfs geestesversteuringe (aangehaal deur De Grace, a.w., p. 566).
- Dabrowski se siening dat neurose dikwels essensieel is vir verdiepte en versnelde persoonlikheidsontwikkeling. Elke neurotiese episode kan 'n persoon dus aanhelp na realisering van hoër vlakke van persoon= likheidsintegrasie (ibid.).
- Frankl se nadruklike beklemtoning van die waarde van spanning as

positiewe stukrag om na die sin van die eie bestaan te soek en daar=mee te worstel (1968a, p. 107).

. 'n Aantal bevindinge gedokumenteer deur May (1977), naamlik

- 'n Verwysing na Sullivan se siening dat die fasette van persoonlik=heid waarin mense soms die meeste angs ervaar, dikwels ook die fasette is waarin hulle die mees beduidende persoonlikheidsgroei ondergaan.
- Studies waarin 'n verband tussen angs, kreatiwiteit en intelligensie gevind is (die resultate toon dat veral begaafde studente wat baie goed vaar in hul studies, meer angsvatbaar is as minder begaafde studente).
- Die afleiding dat die mens se kreatiewe vermoëns en sy angsvatbaar=heid twee kante van dieselfde saak verteenwoordig, naamlik die ver=moë om bewus te word van 'n kloof tussen die werklikheid en verwag=tinge. Waar die neurotiese persoon hierdie gaping as 'n onverwerk=bare struikelblok beleef en die werklikheid moet verdraai om daarby aan te pas, onderskei die kreatiewe, gesonde individu hom in sy vermoë tot 'n kreatiewe transformasie van die werklikheid.

Hierdie kreatiewe vermoë tot harmonisering van verwagtinge met realiteit, is vir May die uniek menslike vermoë tot die verwerking van angs, waar=deur die mens progressief aan sy persoonlikheid uitdrukking gee - dit wil sê om toenemend tot hoër vlakke van selfaktualisering te kom (a.w., p. 388).

. 'n Ondersoek na angs onder 'n groep "geaktualiseerde" en "nie-geaktuali=seerde" studente (volgens die kriteria van die gestandaardiseerde selfaktualiseringskaal van Shostrom) lei De Grace (1973) tot die ge=volgtrekking dat angs wel met selfaktualisasie versoenbaar kan wees.

By implikasie kan angs as bron van selfaktualisasie optree, aangesien De Grace persoonlikheidsgroei sien as 'n dinamiese proses waarin 'n individu tussen die uiterstes van ekwilibrium en desekwilibrium kan alterneer (a.w., p. 568).

### 1.5.6.3 KONFRONTASIE VAN ANGS AS VOORWAARDE VIR PERSOONLIKHEIDS= ONTWIKKELING

Hierdie aspek belig die hele domein van terapeutiese psigologie, en spesifiek die psigoterapie van angsprobleme. In elke terapeutiese be= nadering geld die feit dat angs (of die hele probleem waarin angs ge= setel is) as 'n problematiese werklikheid aanvaar en bewustelik stap vir stap in oënskou geneem moet word. In die gedragsterapie moet 'n kliënt byvoorbeeld aktief meewerk tot die opstel van die angshierargieë aan die hand waarvan die terapie onderneem word (vgl. byvoorbeeld Wolpe, 1969); die Jungiaanse terapie word beskou as 'n dialoog met die inner= like lewe waarin die kliënt met behulp van droomontleding ook aktief betrek word in die eksplorasie van die angswekkende ongeïntegreerde irrasionaliteite in die onbewuste (vgl. byvoorbeeld Jung, 1971, p. 80), en korttermynterapie, byvoorbeeld Mann se model, waarin die proses só gestruktureer word dat skeidingsangs baie konkreet aan die kaak gestel word met die oog op deurwerking en oorkoming (kyk 1.7.1.3.3). Vanuit die eksistensieel-humanistiese benadering maak May 1975, p. 38) die volgende uitlating: "What is necessary for the constructive use of anxiety is, first of all, that we frankly admit and face our perilous state, individually and socially."

Die verskillende nuanses in die konfrontasie van angs word verder uitge= werk in 1.7, waar die belangrikste kontemporêre angsterapieë bespreek word.

Samevattend toon die resente literatuur dus 'n baie konstruktiewe klem= verskuiwing aan, en wel vanaf die onderstreping van die destruktiewe aspekte van angs na 'n beklemtoning van die potensieel waardevolle moontlikhede wat angs mag inhou as prikkel tot persoonlikheidsverruiming.

### 1.5.7 ANGS EN GELOOF

Die aktualiteit van hierdie verwantskap blyk uit verskeie oogpunte. Eerstens vorm angs en geloof 'n natuurlike ontmoetingspunt tussen psigo= logie en teologie; tweedens is daar 'n toename in publikasies oor dié verwantskap (vgl. byvoorbeeld Sturgeon en Hamley, 1979), en derdens bied

die religieuse dimensie besondere terapeutiese potensiaal tot angsver= mindering (al word daar ook ruiterlik erken dat dit 'n problematiese vennootskap is). (Vgl. Carbine, 1980, p. 47.)

Gegewens word om die volgende aspekte gerangskik:

- angs as neerslag van geestelike onbewustheid
- angs as negatiewe korrelaat van geloofsekerheid
- godsdienstige (religieuse)faktore as integrale deel van angsterapie.

### 1.5.7.1 ANGS AS NEERSLAG VAN GEESTELIKE (SPIRITUELE) ONBEWUSTHEID

In 1970 wys Van den Berg daarop dat dié sektor in die maatskaplike be= staan, bekend as spiritualiteit, in die afgelope aantal jare "verwaar= loos" geraak het, ten gunste van 'n groter bewuswording op die vlak van "vitaliteit" (1970b, p. 36). Die resultaat van hierdie "geestelike on= bewustheid" oftewel verswakking van die ryk van die gees, insluitende die sfeer van kontak met God, is dat die mens deur 'n oormatige mede= menslikheid probeer kompenseer. Die gevolglike groter "gelykheid" tussen mense bring slegs groter onsekerheid ten opsigte van menslike verhoudinge mee.

Teen hierdie agtergrond konkludeer Van den Berg soos volg: "Eenzaamheid is het eerste symptoom van de hedendaagse neurose. Het symptoom dat ermee gepaard gaat, omdat het er psychologisch onlosmakelijk mee samehangt, heet angst" (a.w., p. 44). Vanuit 'n ander invalshoek bespreek Moustakas (1961) die probleem van "loneliness anxiety" as meeganger van die twintigste-eeuse Westerse beskawing. Vergelyk ook in die verband Meerloo (1969, p. 610), en Frankl (1.7.3.1.3) in verband met die eksistensiële vakuum en fatalistiese, provisoriese bestaanswyse van talle moderne mense, wat regstreeks by Van den Berg se beskouing aansluiting vind.

### 1.5.7.2 ANGS AS NEGATIEWE KORRELAAT VAN GELOOFSEKERHEID

Teen die agtergrond van die voorgaande bespreking bied die studie van Van Vuuren (1979) bevestiging vir die verband tussen angs en geloofseker=

heid. Van Vuuren het naamlik bevind dat daar 'n negatiewe verband tussen angs en geloofsekerheid bestaan. Hy laat hom soos volg daaroor uit:

"Die afleiding kan gemaak word dat 'n persoon met 'n hoë mate van geloof=sekerheid se angsvlak laer sal wees as die persoon met min geloofseker=heid. Terwyl hoë angs belemmerend inwerk op die mens se emosionele lewe, bevorder 'n groot mate van geloofsekerheid angsverwerking en 'n rustiger gemoedsgesteldheid" (Van Vuuren, 1979, p. 203).

Bogenoemde studie is uitgevoer onder 'n homogene Afrikaanssprekende groep kerklidmate. Van Vuuren vermeld egter ook dat, ofskoon daar 'n negatiewe verband tussen geloofsekerheid en gesteldheidsangs gevind is, die ver=band kleiner is as die tussen geloofsekerheid en trekangs (angs as durende persoonlikheidstrek). Hy verklaar die bevindings in terme van die onvolkomenheid van die Christen se lewe op aarde. Worsteling met probleme, sonde, kleingelowigheid en twyfel kan dus nog in sekere situasies akute angs tot gevolg hê. Die afleiding geld dus ook dat ge=loofsekerheid nie angs kan uitskakel nie, maar "skynbaar die effek het om die intensiteit van angs te verminder" (p. 203 - 204).

Berthold (1963, p. 85) skryf in dieselfde trant die volgende: "... though we may be tempted to flee from it (angs), it has a way of returning to haunt us, to remind us that no compromise with our fundamental destiny can give us rest, that only in the realization of the Divine Image, which is the Divine Love, can we find true or lasting fulfillment, can we find that love which casts out fear".

### 1.5.7.3 VOORWAARDES VIR DIE IMPLEMENTERING VAN GODSDIENSTIGE WAARDES IN ANGSTERAPIE

Die logiese afleiding uit die feit dat angs en geloofsekerheid negatief korreleer, is dat angsterapie suksesvol sal wees na die mate waarin die kliënt se geloof "herstel" is. Dit impliseer dat angsterapie, indien die kliënt self 'n gelowige mens is, dit wil sê aan godsdienstige waardes betekenis heg, moontlik die beste gehelp kan word indien die motiverings=bronne van sy geloofslewe weer ontsluit kan word.

In die verband lewer die literatuur nie veel spesifiek godsdienstige toepassings op nie. Farnsworth se benadering (1975) is egter belangrik. In sy uiteensetting vorm gebed 'n belangrike brug tot die oopstel van kommunikasie tussen die kliënt en sy Skepper. Die benadering staan nie los van psigoterapie nie, dog figureer as belangrike kulminasiepunt van die terapeutiese proses.

SAMEVATTEND

- Die interaksie tussen angs en geloofsekerheid en die psigometriese be= vindinge in die verband is 'n belangrike vasstelling: dit bevestig dat angs letterlik alle relasies belemmer, insluitende die God-mens-verhouding.
- Farnsworth se implementering van gebed as onderdeel van die oorkoming van angs in terapie toon ook aan hoe betekenisvol die religieuse dimensie by die hantering van die angsproblematiek kan wees.

### 1.5.8 SAMEVATTING

Die voorgaande besprekings beklemtoon die volgende aspekte:

- Die komplekse verweefdheid van angs met 'n verskeidenheid ander aspekte waarvan dit onderskei dog nie geskei kan word nie. Hierdie vervlegtheid van angs het belangrike implikasies vir die huidige ondersoek na angs by studente: die moontlike implikasie wat hoë angs mag inhou vir aspekte soos geneigdheid tot depressiwiteit, die belewing van sinvolheid of die gebrek daaraan; asook die impak van angs op selfaktualisering. Dit onderstreep dat die psigometriese evaluering van die proefgroep onder= neem behoort te word in terme van meetinstrumente wat toegespits is op die peiling van hierdie angsverwante aspekte (kyk Hoofstuk II).
- Die verweefdheid van angs met neurologiese en fisiologiese prosesse wat verlangs ter sprake gekom het: die belang hiervan vereis verdere ontginning in 'n volgende afdeling (1.6).
- Die invloed van die teoretiese raamwerk van bepaalde ondersoekers op die aspekte van angs wat in heersende beskouinge beklemtoon word; byvoorbeeld Wolpe, as verteenwoordiger van die gedragsterapie, se

gelykstelling van angs en vrees, teenoor byvoorbeeld May, 'n voorstaan=der van die eksistensieel-humanistiese benadering, se onderskeid tussen angs en vrees. Hierdie aspek kan slegs opgeklaar word indien die hoofbenaderings tot angs dus sistematies bespreek word (kyk 1.7).

## 1.6 DIE NEUROFISIOLOGIE EN BIOCHEMIE VAN ANGS

### ORIËNTERING

Ofskoon dit ideaal sou wees om 'n sistematiese beskrywing van die neuro=fisiologiese en biochemiese werkinge ten aansien van angsprobleme aan te bied, ten einde 'n duidelike en eenvormige beeld van die invloed van angs te kan saamstel, is dit onmoontlik. Izard (1972) noem drie probleme in dié verband: daar bestaan ingrypende individuele verskille in die belewing en verwerking (selfs op individuele vlak) van angs; oorerflik=heidsfaktore speel 'n belangrike rol in die verwerkingsproses, en angs is nie 'n enkelvoudige fenomeen nie (1972, p. 55).

As vertrekpunt vir die huidige bespreking word die volgende aspekte dus uit die reeds aangehaalde werk van Izard, wat as leidende bron vir die bespreking gebruik word, gestel:-

- Angs word as saamgestelde emosie vertolk, omrede emosies baie selde in isolasie voorkom en ook omdat emosie die totale persoon betrek en nie slegs tot een liggaamsisteem beperk bly nie.
- Emosie as adaptiewe funksie bestaan uit drie komponente:

  - inherente bepaalde neurale substrate;
  - 'n kenmerkende neuromuskulêr-ekspressiewe patroon;
  - kenmerkende belewingseienskappe.

- 'n Verduideliking van die neurofisiologiese en biochemiese <u>grondslae</u> van angs, as basis vir die bespreking van die neurofisiologiese en biochemiese <u>reaksies</u> wat met angs gepaard gaan.

## 1.6.1 NEUROFISIOLOGIESE EN BIOCHEMIESE GRONDSLAE VAN ANGS

As primêre bron vir die uiteensetting word gebruik gemaak van die reeds genoemde publikasie van Izard (1972). Die volgende aspekte word kern=agtig bespreek:-

- die organisasie van die senusisteem in terme van sentrale en peri=fêre sisteem;
- die somatiese en outonome sisteem;
- die limbiese lob;
- die hipothalamus en sy interaksies met die neokorteks en limbiese lob;
- hipothalamus-hipofise-interaksies;
- ergotropiese en trofotropiese sisteme.

### DIE SENTRALE EN PERIFÊRE SENUSISTEEM

Die sentrale senusisteem huisves die brein en rugmurg. Die perifêre sisteem bestaan uit 12 pare kopsenuwees en 31 pare spinale senuwees vanuit die werwelkolom. Vir die doel van die bespreking word veral op sekere breinareas gekonsentreer, naamlik die limbiese lob, die hipothala=mus en die dele van die neokorteks wat die mees intieme verbintenis met hierdie strukture het, asook met die outonome senusisteem.

### DIE SOMATIESE EN OUTONOME SENUSISTEEM

Hierdie sisteme word onderskei op grond van motoriese senuwees. Die senuwees wat verband hou met postuur en beweging is almal somaties. Die outonome sisteem word van die simpatiese sisteem onderskei daarin dat dit meer outonoom funksioneer. Hierdie sisteem word weer onder=verdeel in die <u>simpatiese</u> en <u>parasimpatiese</u> sisteme. Laasgenoemde sisteme verskil anatomies en biochemies. Die meeste simpatiese ganglia is naby die werwelkolom geleë (Gellhorn en Loofbourrow, soos aangehaal deur Izard, 1972, p. 10) in die torakale en lumbale streke, terwyl die ganglia van die parasimpatiese sisteem naby of binne die effektor-organe self geleë is.

Angs en angsverwante emosies word primêr deur die simpatiése afdeling van die outonome sisteem beheer. In 'n angstoestand, dit wil sê wanneer


die simpatiese afdeling van energie voorsien word, vind die volgende reaksies plaas:-

Hartklop versnel, pupille verklein, bloeddruk verhoog en intestinale aktiwiteite word geïnhibeer. Verder word gladdespiere en hormoonres= ponse geaktiveer om die individu vir aktiwiteit gereed te maak.

'n Terloopse opmerking in die verband: omdat die simpatiese sisteem relatief sterker onder die invloed van die sentrale senusisteem staan, kan emosionele toestande soos angs wat primêr deur hierdie sisteem ge= monitor word, ook doeltreffender deur breinfunksies soos kognisie ver= minder word. Vandaar dat verhoudingstipe terapie meer doeltreffend vir angstoestande is as byvoorbeeld vir depressie (Izard, a.w., p. 10).

DIE LIMBIESE SISTEEM

Dit verteenwoordig een van die belangrikste breinareas ten opsigte van emosieprosesse. Dit is geleë in die voorbrein en staan soms bekend as die primitiewe brein (kyk Figuur 1).




Figuur 1.
Oorgeneem uit Brown, 1976, p. 65.

Opsommend wys Izard op die volgende aspekte in dié verband: die limbiese lob het veelvuldige interverbindinge met die breinstam-retikulêre forma= sie, waardeur dit 'n versterkende invloed op emosieprosesse uitoefen. Limbiese strukture is ook verwant aan die hipothalamiese emosiesentra en ook aan die outonome senusisteem wat die viscerale organe en kliere bedien. Op grond van hierdie wye verbindinge word die limbiese sisteem deur Papez en Maclean as die anatomiese basis van die emosies beskou (aangehaal deur Izard, a.w., p. 25). Arnold (ibid.) is egter versigti= ger en meen dat die limbiese sisteem 'n rol speel in voor- en afkeure, en ook 'n bepaalde rol speel in die bemiddeling ("mediating") van viscerale-klier-aktiwiteite, emosionele ervaringe, en aksie wat deur emosies op= gewek is.

DIE HIPOTHALAMUS EN SY INTERAKSIE MET DIE NEOKORTEKS EN LIMBIESE LOB

Volgens Izard is hierdie orgaan lank reeds bekend as die mees belang= rike subkortikale struktuur in die emosieproses. Dit is geleë aan die basis van die brein, agter die optiese chiasma en bokant die hipofise. Die hipothalamus tree op as hoofsentrum vir die kontrole van outonome reaksies. Die simpatiese sisteem word geaktiveer deur stimulasie van die posterieure en laterale areas van die hipothalamus. Parasimpatiese effekte word verkry deur stimulasie van die anterieure gedeeltes.

Opwaartse ontladings van die hipothalamus het 'n aktiverende invloed op die hele serebrale korteks. Die serebrale hemisfere kan egter ook 'n inhiberende invloed op die hipothalamus uitoefen. Hierdie inhiberende invloed gaan veral van die frontale korteks uit. Informasie wat ont= vang word deur die hipothalamus, word ook deur die limbiese strukture verwerk.

HIPOTHALAMUS-HIPOFISE-INTERAKSIES

Belangrike interverbindinge kom voor tussen dié organe. Die anterieure hipofise skei voorts 'n trofiese (voedings-) hormoon af vir elk van die endokrine kliere, ten einde normale klierfunksionering te beheer. Die belangrikste betekenis van die hipothalamus-hipofise-interaksies is veral dat dit die intensiteit en duur van emosieprosesse reguleer.

ERGOTROPIES-TROFOTROPIESE SISTEME

Die waarde van hierdie indeling van Gellhorn (aangehaal deur Izard, a.w., p. 20) is dat dit ŉ breë raamwerk vir die interpretasie van emosie voor= sien.

Die ergotropiese sisteem bemiddel ("mediate") die meer aktiewe organis= miese en mens-omgewing-interaksies, byvoorbeeld aktiewe uitinge van vreugde en woede.

Die sisteem word gekenmerk deur simpatiese dominansie, serebrale op= wekking, kortikale desinchronisasie en verskerpte aktiwiteit van die gestreepte spiere. Sodanige aktiwiteit kan verkry word deur stimulasie van die posterieure hipothalamus.

Die trofotropiese sisteem bemiddel dié funksies wat gemoeid is met ge= mak, instandhouding en opbouing van die liggaam. Dit word gekenmerk deur parasimpatiese dominansie, slaappotensiale, kortikale sinchronisasie en ŉ afname in die aktiwiteit van die gestreepte spiere.

Sodanige effekte kan verkry word deur stimulasie van die anterieure hipothalamus. Trofotropiese effekte kan ook verkry word deur direkte stimulasie van die basale voorbrein met behulp van die tiende kop= senuwee (vagus).

In die verdere uiteensetting sal weer na hierdie sisteme verwys word.

## 1.6.2 DIE NEUROFISIOLOGIE EN BIOCHEMIE VAN ANGS

### 1.6.2.1 DIE NEUROFISIOLOGIE VAN ANGS

As vertrekpunt word die aanname gestel dat normale gedrag gekenmerk word deur die gebalanseerde werking van die antagonistiese ergotropiese en trofotropiese sisteme. Dit beteken dat ŉ toename in die aktiwiteit van die ergotropiese sisteem met ŉ afname in die aktiwiteit van die trofo= tropiese sisteem gepaard gaan.

Normale gedrag word egter verander in patologie wanneer beide sisteme gelyktydig ontlaai. Die resultaat hiervan is botsende eise op die in= dividu. Die daaruitspruitende angspatrone is veral tweeledig:-

- Die eksiterende vorm word gekenmerk deur rusteloosheid, hiperaktiwi= teit, simpatiese reaksies en ergotropiese dominansie.
- Die inhiberende vorm word weer gekenmerk deur hipoaktiwiteit, para= simpatiese response, en trofotropiese dominansie. Eersgenoemde vorm word deur Gellhorn beskou as die mees algemene vorm van angsreaksie. Indien die ergotropiese sisteem oorlaai word omdat die individu deur spanningstimuli oorweldig word, kan dit lei tot 'n oorvloei na die tro= fotropiese sisteem. In die verband verwys hy na Richter se eksperi= mente waarin wilde rotte gedwing is om aan te hou swem, sonder dat daar kans op ontspanning of rus was. Binne 'n paar minute is hulle oorlede. Met nadoodse ondersoeke is bevind dat die hipothalamus-gebied 'n letsel vertoon het. Izard vertolk hierdie bevinding as bewys dat beide ergotropiese en trofotropiese aktiwiteit sterk toegeneem het.

Uit bogenoemde en uit ander navorsing, byvoorbeeld eksperimentele neu= roses, konkludeer Gellhorn dan dat die gelyktydige funksionering van beide sisteme (ergotropiese en trofotropiese) patologiese gedrag tot gevolg het, insluitende angs en neurose.

In die verband merk Izard op dat twee belangrike aspekte 'n rol speel:-

- Oorerwing wat invloed uitoefen op hipothalamiese balansering en ergotropies-trofotropiese balans.
- Tweedens vertoon die somatiese simptome van angs idiosinkratiese patrone: skynbaar is spierspanning in sommige gevalle dominant. In ander gevalle is kardiovaskulêre en gastro-intestinale reaksies oorheersend (Izard, a.w., p. 33).

Met verwysing na psigofisiologiese studies in verband met angs, noem Izard dat talle van die studies bevraagtekenbaar is, omdat navorsers slegs op die meting van fisiologiese response in angsverskynsels klem gelê het. Die uitwerking van ergotropies-simpatiese in onderskeiding van trofotropies-parasimpatiese invloede is derhalwe onderbeklemtoon.

So is daar byvoorbeeld 'n hele aantal studies waarin aangetoon word dat angs gekenmerk word deur simpatiese opwekking. As voorbeeld haal Izard in die verband Levitt se studies oor angs aan. Ook Martin (1971, p. 25) haal studies aan om te bewys dat pasiënte wat as beangs gediagnoseer is, hoë vlakke van simpatiese aktiwiteit vertoon. Hy verwys veral na die bevindinge van Malmo en Shagass (1952), naamlik dat beangste persone verhoogde sistoliese bloeddruk manifesteer; die bevindinge van Davis, Malmo en Shagass (1954) en Sainsbury (1964) dat beangste persone 'n ge= neigdheid tot verhoogde spierspanning ervaar, en die bevindinge van Lader en Wing (1964) ten opsigte van verhoogde opwekkingsvlakke ten opsigte van velgeleidingsvlakke by beangste persone.

Izard verwys ook na die studies soos aangehaal deur Martin, en onder= streep dat die resultate versigtig bejeën moet word, omdat nie een van die ondersoekers waarna verwys is, die invloed van trofotropiese akti= witeit en/of gelyktydige ergotropies-trofotropiese funksionering getoets het nie (p. 34).

Verskeie ander navorsingsresultate kan aangehaal word om aan te toon dat angservaringe met meetbare fisiologiese veranderinge gepaard gaan. Die essensie is dus dat beangstheid fisiologies meetbaar is, maar dat onsekerheid nog bestaan oor die presiese rol van die gelyktydige ergo= tropiese-trofotropiese aktiwiteit.

### 1.6.2.2 BIOCHEMIESE OORWEGINGE: RELEVANTE NAVORSINGSBEVINDINGE

Izard stel as uitgangspunt dat die neurofisiologiese meganismes wat met angsbelewinge verband hou, ook regstreeks verband hou met die bio= chemie van die bepaalde emosiepatroon, waarvan angs een komponent is (a.w. p. 37). Die afskeiding van hormone deur die endokriene stelsel hang immers regstreeks saam met die hipothalamus en die ergotropies- trofotropiese sisteem. Die endokriene klier wat die belangrikste rol by angsbelewinge speel, is die adrenale klier. Dit bestaan uit twee dele, die korteks wat kortikosteroïede hormoon afskei, en die medulla, wat adrenalien of epinefrien afskei. Die hormoonafskeidings van beide hierdie dele is relevant tot die studie van angs.

ŉ Derde hormoon wat onregstreeks betrokke is by beide angs- en depressiebelewinge, is noradrenalien of norepinefrien, waarskynlik ŉ afskeiding van die eindpunte van die simpaties-vaskulêre sisteem. Hierdie afskeiding staan in direkte verband tot na-buite-gerigte woede of vyandigheid - wat natuurlik deel kan wees van die angsbelewing.

Die verband tussen emosie en hormonale afskeiding blyk onder andere uit die navorsing soos opgesom deur Gellhorn (1965). Izard verwys na hier= die studies wat aangetoon het dat as vrees eksperimenteel opgewek is, dit tot verhoogde epinefrienafskeidings gelei het, sonder om die nor= epinefrienvlak te wysig. Meeste toestande waaronder epinefrien afge= skei word, lei verder, aldus Izard, tot verlaagde serebrale kortikale reaktiwiteit, en ergotropiese reaktiwiteit in die hipothalamiese sisteem. Vermindering van die opwekbaarheid van die simpatiese afdeling van die hipothalamus lei ook tot ŉ verlaging van die norepinefrien-epine= frien-ratio (p. 37). Dit kom dus neer op ŉ verskuiwing van die ergo= tropies-trofotropiese balans na die trofotropiese kant.

Ten opsigte van kortikosteroïede en angs verwys Izard na die volgende bevindinge: Gellhorn het vasgestel dat die steroïede vlak in die bloed tydens angsbelewinge verhoog. Die positiewe verband tussen hierdie hormone en die ergotropiese sisteem was vir hom ŉ verdere bewys dat kragtige ergotropiese ontladings met angsbelewinge gepaard gaan (a.w., p. 38). ŉ Laaste eksperiment is dié van Brady. ŉ Aap moes elke 20 sekondes ŉ staaf druk om ŉ skok te ontduik, maar nogtans was daar elke minuut ŉ onontwykbare skok. Die resultaat was beduidende hoër afskei= dings van epinefrien sowel as norepinefrien. Izard konkludeer dat hierdie eksperiment ŉ verdere bewys is van Gellhorn se standpunt dat angsbelewinge met beide ergotropiese en trofotropiese aktiwiteit ge= paard gaan (Izard, a.w., p. 49).

### 1.6.3 SAMEVATTING

- Die kompleksiteit van angs blyk verder uit die bogenoemde uiteen= setting: enkelvoudige patrone kom nie voor in die manifestasie en verwerking op fisiologies en biochemiese vlak nie;
- Saam met Izard word dus met die volgende opmerking volstaan:

angs word gekenmerk deur beide ergotropies-simpaties-adrenokortikale aktiwiteit, sowel as trofotropies-parasimpaties-adrenomedullêre aktiwiteit. Die gelyktydige ontlading van beide hierdie antagonis= tiese sisteme dui 'n afbraak in hul normale resiprokale verhoudinge aan. Dit is gevolglik begryplik waarom die individu minder doel= treffend en meer vatbaar vir wanaangepaste gedrag is.

## 1.7 RESENTE TERAPEUTIESE BENADERINGS TOT ANGS

### ORIËNTERING

Die drie hoofbenaderings in die psigologie, te wete psigoanalise, ge= dragsterapie en die eksistensieel-humanistiese benadering bevat elk 'n angsbeskouing en metodiek tot angsterapie en word derhalwe in die be= spreking ingesluit.

Die oudiopsigofonologiese benadering word ook betrek op grond van die volgende oorweginge:

- dit verteenwoordig 'n nuwe benadering tot onder andere angsterapie en vereis dus verkenning;
- dit is 'n benadering wat besondere moontlikhede veral met betrekking tot studenteterapie inhou;
- uit hierdie benadering is 'n angsverminderingsprogram saamgestel as deel van die huidige empiriese ondersoek.

Die aanbiedinge word afgestem op die volgende:

- teoretiese uitgangspunte, insluitende navorsingsbevindinge ten op= sigte van angs;
- metodieke ten opsigte van angsterapie;
- evaluering in terme van onderliggende mensbeskouing, daaruitsprui= tende angsteorie en angsterapie.

## 1.7.1 PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE BENADERINGS TOT ANGS

### 1.7.1.1 BEGRENSING VAN BESPREKING

ŉ Bespreking van "die psigoanalitiese benadering tot angs" kan nie sonder meer aangebied word nie. Onder die kompleksiteite waarmee rekening gehou moet word, is die volgende:-

- In teenstelling met die relatief-resente benaderings tot angs vanuit die drie ander perspektiewe wat in 1.7 genoem is, is die psigoanali= tiese benadering die oudste. Sedert Freud 87 jaar gelede (in 1895) die eerste formulering in verband met angs gepubliseer het, het in= grypende veranderings in die psigoanalitiese denke ingetree. Die onderskeid hoef slegs gemaak te word in terme van die sogenaamde neo-Freudiane, (Horney, Sullivan en Fromm) en die nuwere egopsigologie om hierdie aspek te illustreer.
- Vanselfsprekend sou veranderinge en vernuwinge binne die psigoanali= tiese denke ook weerspieëling vind in die ontwikkeling van die angs= beskouing (vergelyk bv. Oerlemans, 1949). Veranderinge in die angs= beskouing sou noodwendig weer uitloop op veranderinge in die terapie van angs.

Bogenoemde aspekte impliseer ŉ diversiteit van beskouinge in verband met angs en angsterapie wat nie in die bestek van die huidige studie omvattend en dus bevredigend weergegee kan word nie.

Seleksie van die mees toepaslike aspekte van die psigoanalities-georiën= teerde angsbeskouing ten opsigte van die huidige studie is dus essen= sieel. As kriteria vir seleksie geld veral die maatstaf van relevansie ten opsigte van die volgende aspekte:

- huidige tydsgees, veral in terme van terapeutiese Zeitgeist (vgl. bv. Rossi, 1967);
- studenteproblematiek en studenteterapie.

Met hierdie kriteria word die volgende aspekte uit die psigoanalitiese denke geselekteer: die essensies van Freud se angsbeskouing, die be=

langrikste bydraes van die volgende gedeeltelike navolgers: Rank, Horney, Sullivan, Fromm. As verteenwoordiger van mees resente bydraes word die werk van Mann bespreek. In elke bespreking sal die relevansie van die outeur vir hedendaagse psigologie aangetoon word.

### 1.7.1.2 TEORETIESE UITGANGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN ANGS

Die bespreking word om die volgende aspekte gebou:

. die klassieke psigoanalitiese angsbeskouing;
. meer resente, steeds relevante angsbeskouinge;
. 'n kontemporêre psigoanalities-georiënteerde angsbeskouing.

#### 1.7.1.2.1 DIE KLASSIEKE FREUDIAANSE ANGSBESKOUING

Freud se angsbeskouing het talle kleiner en groter ontwikkelinge inge= sluit. Twee uitstaande momente in die ontwikkeling van sy angsteorie is egter die volgende: eerstens die formulering van angs as resultaat van verdringing van libido (Freud, 1895), in 1973a, p. 92). Libido word hier in 'n ruimer sin as blote seksualiteit bedoel.

Die belangrikste wysiging tree in na die Eerste Wêreldoorlog. Op daar= die stadium (1926) word die angsbeskouing radikaal gewysig. Freud verklaar naamlik dat angs as stimulus tot verdringing optree en dat die verdringing vervolgens tot neurotiese simptome aanleiding kan gee (1973a, p. 109). In hierdie angsteorie skets Freud die ego se waar= neming van gevaar as grondslag van angs. Hierdie "gevaar", die resul= taat van gevoelens van onsekuriteit, kan afkomstig wees van die superego of die id.

Die belang van die tweede angsteorie is verder ingeskerp deur die hipotese dat angs oorspronklik herlei kan word na die skeiding met die moeder (1963, p. 396, 407).

Vanuit die heersende kultuursituasie en wetenskaplike denkraamwerk kan Freud se beskouinge nie meer sonder meer aanvaar en toegepas word nie

(vgl. 1.7.1.4). Die invloed van die bogenoemde beskouing sal egter blyk in die werk van elke outeur na wie in die hieropvolgende bespreking ver=wys sal word.

### 1.7.1.2.2 MEER RESENTE, STEEDS RELEVANTE PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE ANGSBESKOUINGE

#### OTTO RANK

Die kernbegrip in sy angsbeskouing is individuasie, 'n aspek wat egter nie sonder skeiding verwerklik kan word nie. Geboorte word beskou as die oerskeidingsituasie. Rank koppel sy angsbeskouing dus ook aan dié van Freud, maar beklemtoon dat die lewe 'n reeks skeidingsprosesse ver=teenwoordig op weg na hoër, meer volkome vlakke van individuasie.

Angs is vir hom die ervaring van vrees (vrees moet hier begryp word as bedreiging) in enige skeidingsituasie. Die angsverskynsel is egter vir Rank 'n tweeledige aspek: hy onderskei naamlik tussen lewensangs en doodsangs. Eersgenoemde is die "fear of having to live as an isolated individual" (in May, 1977, p. 151). Die reaksie wat ontstaan by die besef van kreatiewe potensiaal wat bestaande verhoudinge en lewens=patrone kan bedreig, omdat dit plek moet maak vir nuwere patrone en verhoudingsvorme.

Waar lewensangs 'n vrees vir voorwaartse beweging verteenwoordig, behels doodsangs 'n vrees vir agteruitgang, dit wil sê die verlies van individu=aliteit, byvoorbeeld as gevolg van stagnerende simbioties-afhanklike verhoudinge (May, a.w., p. 151). Genoemde twee angssituasies bestaan in 'n polêre verhouding. Omdat die neurotiese persoon nie 'n optimale balans tussen die twee kragte kan handhaaf nie, ervaar hy volgens Rank ook ernstige skuldgevoelens.

Rank se angsbeskouing is skynbaar nie baie sterk opgevolg nie. Dit duik egter op verrassende wyse op in die nuwere benadering van Mann (vgl. 1.7.1.2.3) sowel as in die oudiopsigofonologiese benadering tot angs= terapie.

KAREN HORNEY

Die essensies van Horney se angsbeskouing word soos volg saamgevat: sy onderskryf sekere aspekte van die Freudiaanse angsbeskouing, byvoorbeeld die ouer-kind-verhouding as die ontstaansgrond daarvan, maar voeg talle nuwe aspekte in, byvoorbeeld die beklemtoning van "basiese angs" as grondslag vir neurotiese probleme (1937, 1947, 1957). Voorts beklemtoon sy dat die kind se angs nie die produk is van sy impulslewe soos in Freud se eerste angsteorie gepostuleer is nie, maar wel van die verdringing van vyandigheid wat in die ouer-kind-verhouding opgewek is (1937, p. 87). Van nog groter belang is waarskynlik haar stelling dat die Westerse kultuur 'n hoë mate van angs stimuleer as gevolg van botsende waardes in die kultuur. Voorbeelde: die gelyktydige beklemtoning van mededinging en sukses enersyds en naasteliefde en nederigheid andersyds; die groot= skaalse stimulasie van behoeftes teenoor die frustrasie daarvan; die verkondiging van die vryheid van die enkeling teenoor die feitlike in= perking van die vryheid van die individu (1937, p. 288-289).

Ondersoeker is van mening dat hierdie akkurate peiling van botsende waardes in die Westerse kultuur, as deel van die etiologie van angs, steeds op die denke van kontemporêre terapeute invloed uitoefen. Dit wil naamlik voorkom asof Ellis se invloedryke rasioneel-emotiewe terapie wat grootliks op die aanname van "irrasionele opvattinge" berus, sterk met Horney se konsep van "botsende kulturele waardes" ver= band hou.

H.S. SULLIVAN

Hy beskou angs as verlies van euforie, verlies van selfrespek of die verlaging van 'n persoon se emosionele welsyn (1970, p. 96). Angs kan egter reeds in die heel klein kind ontstaan, omdat daar volgens Sullivan 'n empatiese band tussen moeder en kind bestaan wat as medium dien vir die oordrag van die moeder se liefde en sorg, dog ook gebruik

kan word om afkeur ten opsigte van die kind se gedrag te kan kommunikeer. Omdat die moeder wesenlik die belangrikste "belangrike ander" in die lewe van die kind is, is hy besonder gevoelig vir die waarneming van sodanige afkeur wat volgens Sullivan angs kan ontlok.

Ten einde die self teen angs te beskerm, word dus 'n self of selfsisteem ontwikkel, dit is 'n beeld van hoe die individu moet optree en wees ten einde een van sy belangrikste behoeftes, naamlik sekuriteit, te bevre= dig. Volgens Sullivan sal enigiets wat angs ontlok, gedissosieer word van bewuswording.

E. FROMM

Sy verkenning van die angsvraagstuk is nog breër/wyer as dié van die voorgaande teoretici. Fromm se sentrale stelling is dat kulturele ontwikkeling die moderne twintigste-eeuse mens vryheid bied, in terme van onafhanklikheid en rasionaliteit, dog andersyds in konflik dompel, omdat dit hom ook geïsoleer het, en daardeur beangs en magteloos laat voel. Omdat die situasie vir die mens ondraaglik word, het hy die keuse tot selfontvlugting deur middel van blinde konformiteit of ander ontsnap= pingsmeganismes; of selfontplooiing aan die hand van individuele uniekheid en potensialiteite. (1945, p. x).

In sy uiteensetting van dié stelling weerspieël Fromm aansluitingspunte ten opsigte van die Freudiaanse angsbeskouing maar veral ook verskil= punte: sy siening vertoon 'n meer humanistiese beskouing en lewer kritiek op Freud se biologistiese, naturalistiese opvattings in verband met lewensmotivering (a.w., p. 247). Die konflik onderliggend aan die ontstaan van angs is nie soseer drifbepaald nie dog kultureel bepaald. Dit gaan nie primêr oor die mens se verhouding tot sy intrapsigiese dimensie nie maar oor interpersoonlike en kulturele verhoudinge.

Met sy koppeling van angs en vryheid, sy beklemtoning van vryheidsont= vlugting in terme van blinde konformiteit en verlies van individualiteit, kan Fromm ook beskou word as 'n grondlegger van die eksistensieel-humanistiese benadering waarin groei, deur die konfrontasie van angs, beklemtoon word (vgl. 1.7.3).

### 1.7.1.2.3 ŉ KONTEMPORÊRE PSIGOANALITIESE ANGSBESKOUING: MANN SE SKEIDINGSANGSTEORIE

Hierdie beskouing is vir bespreking gekies, omdat dit relatief nuut is (gepubliseer in 1973), sterk psigoanalitiese grondslae vertoon, en nog=tans binne die raamwerk van moderne korttermyn psigoanalitiese terapie toegepas word.

UITGANGSPUNTE

Mann bied nie in hierdie stadium ŉ gesistematiseerde angsbeskouing nie. Hy verskaf egter sekere riglyne, veral rondom die volgende twee kern=aspekte: skeidingsangs en tyd.

. Skeidingsangs is van belang, omdat dit die kern van sy betoog vorm, naamlik dat onopgeloste skeidingsangs in die moeder-kind-verhouding in die latere lewe emosionele probleme kan meebring.

. Tyd is betekenisvol omdat oorkoming van skeidingsangs ten nouste met die aanvaarding van realistiese tyd, dit wil sê realiteitsaanvaar=ding, gepaard gaan. Mann (1976) verwys na die volgende studies in dié verband:-

- Schecter se bevinding dat drie- tot sesjarige kinders se vermoë om tyd op ŉ horlosie waar te neem, eksterne faktore toenemend belangrik laat word het in die vestiging van ŉ tydsbewustheid (a.w., p. 3-4). Uit hierdie bevinding postuleer Schecter die voldende: "... a sense of past, present, and future follows a hunger-feeding-satisfaction sequence that necessitates an adequate mother-child relationship as well as physical need satisfaction" (ibid.).
- Fisher en Fisher se bevinding dat die emosionele determinante van tydsbesef verband hou met die versorgende figure in die vroeë kinderjare. (ibid.)
- Die simboliese voorstelling van realistiese, dit is volwasse tyd, oftewel die realiteitsprinsipe, as "Vader tyd" met sy baard en swaard, teenoor die uitbeelding van ewigheid oftewel ontsterflik=heid, as ŉ vrou (wat terselfdertyd die mens se ambivalensie ten

opsigte van tyd konkretiseer).

In die losmakings- (skeidings-) proses begin die kind homself ook ten opsigte van tyd oriënteer. Terwyl hy aanvanklik nog in 'n simbiotiese verhouding tot die moeder staan, word tyd as tydloosheid en paradys=agtige ewigheid ervaar, en is die moeder vir die kind 'n wonderlike wese (moontlik omdat sy slegs as verlengstuk van die kind ervaar word).

Losmaking van die moeder wat noodwendig volg op 'n meer realistiese werklikheidsoriëntasie lei tot twee verdere ontwikkelinge: die begin van die belewing van realistiese tyd: (die besef van beperkte tyd, eindigheid) en die ervaring van ambivalente gevoelens jeens die moeder, omdat die aanvanklike geluksalige verhouding nou besig is om te ver=ander in 'n gesag-ondergeskiktheidsverhouding.

Waar die konfliksituasies nie bevredigend opgelos word nie, meen Mann, sal die daaruitspruitende emosionele probleme hulle in die vorm van on=opgeloste skeidingsangs in een van vier moontlike konflikareas manifes=teer, naamlik:

- onafhanklikheid versus afhanklikheid;
- aktiwiteit versus passiwiteit;
- toereikende selfrespek versus verminderde of verlies van selfres=pek, en
- onopgeloste of uitgestelde (vertraagde) rousmart.

Oor die oorsprong van skeidingsangs skryf Mann soos volg: "The hallmark of separation anxiety lies in the ambivalence experienced originally in the mother-child relationship, and it is the nature of that early rela=tionship which intrudes upon and invades other situations that have the meaning of separation for the individual" (Mann, a.w., p. 26).

Dit is duidelik dat Mann verreikende konsekwensies aan onopgeloste skeidingsangsreaksies toeken. Die implementering hiervan in die tera=peutiese praktyk word onder 1.7.1.3.3 bespreek.

## 1.7.1.3 PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE BENADERINGS TOT ANGSTERAPIE

Soos met die bespreking van die teoretiese uitgangspunte (1.6.1.2), word ook in hierdie bespreking drie aspekte onderskei, naamlik:

- die klassieke psigoanalitiese uitgangspunte ten opsigte van angs= terapie;
- meer resente psigoanalities-georiënteerde benaderings: korttermyn= terapie, en
- 'n kontemporêre benadering tot angsterapie.

### 1.7.1.3.1 DIE KLASSIEKE PSIGOANALITIESE BENADERING TEN OPSIGTE VAN ANGSTERAPIE

Soos in die geval van die bespreking van Freud se angsteorie word ook sy benadering tot angsterapie opsommenderwys geformuleer. Eerstens is in= ligting bekom deur middel van vrye assosiasie asook die rapportering van drome (Freud, 1973b, p. 165-171; 1950, p. 136-149; 1963, p. 456). Interpretasie van hierdie inligting het geskied in terme van konflik, skeidingsangs en kastrasie-angs. Verder is die terapeutiese proses ge= kenmerk deur weerstandsanalise asook die skepping en analise van 'n oordragsneurose (1963, p. 438, 445; 1957, p. 162).

Die veronderstelling was dat die totale proses sou lei tot 'n bewusma= king van verdronge inhoude van sosiaal-onaanvaarbare aard, waarna dit geleidelik deur die kliënt in sy persoonlikheid geïntegreer sou word.

Essensieel was Freud se benadering 'n langtermynproses. Oor die uitkoms daarvan was hy self skepties (vgl. "Analysis, terminable and interminable", 1973b, p. 209-253).

### 1.7.1.3.2 MEER RESENTE, PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE BENADERINGS TOT ANGSTERAPIE: KORTTERMYNTERAPIE

OMSKRYWING

Garner (in Small, 1979, p. 27) omskryf korttermynterapie as "treatment

in which the interview length, frequency, and duration over time are at the minimum necessary for reaching the most feasible goal for the patient."

Small (a.w., p. 67) vul hierdie tipering aan deur te verduidelik dat korttermynterapie grootliks ontwikkel het uit die pogings van psigo=analities-georiënteerde terapeute om analitiese insigte, teorieë en praktyke te isoleer en in 'n meer kompakte terapeutiese formaat toe te pas. Die hoofmotief was natuurlik die toenemende behoefte aan terapie en die heersende tekorte aan voldoende terapeute.

DOELSTELLINGS VAN KORTTERMYNTERAPIE

Veral twee aspekte word in die verband onderskei:

. Simptoomverligting
  Volgens Small (1979, p. 28-29) word hierdie doelstelling veral deur Bellak en Small (1978), Rosenbaum (1964) en Wolberg (1976) onderskryf. Simptoomverligting impliseer slegs 'n oorkoming van die aanvanklike simptoomtoestand.

. Eksplorasie van konflikareas
  Hierdie formulering is veral die siening van Sifneos, soos aangehaal deur Small (a.w., p. 30). Vanuit hierdie doelstelling kan 'n kliënt tot groter bewustheid van gevoelens gelei word, asook tot die bewuste ervaring van konflikte wat tot in daardie stadium steeds ontduik is en tot die aanleer van strategieë om die probleme te hanteer gelei het.

DIE DIAGNOSTIESE PROSES TEN OPSIGTE VAN KORTTERMYNTERAPIE

Binne die denkraamwerk van korttermynterapeute word diagnose as belang=rik beskou. Met verwysing na die werk van Bellak en Small (1978), Malan (in Small, 1979, p. 89) en Wolberg (1967) kan die volgende aspekte ter verheldering genoem word:-

. Psigodiagnose styg uit bo blote beskrywende etikettering van die kliënt.
. Small (1979, p. 90) onderstreep die ontwikkeling in die psigoana=litiese denke met veral die volgende bewering: "The task of a dynamic

diagnosis is made more difficult because we are no longer permitted rigid determinism, but can think only in terms of the most probable causes."

Die inwinning van gegewens tydens aanvangsessies word so gestruktureer dat huidige probleme geïnterpreteer kan word in die lig van agtergrondsfaktore, vorige probleemsituasies en die unieke persoonlikheid van die kliënt.

Uit die diagnose moet dus afleidings gemaak kan word met betrekking tot die mees toepaslike hanteringswyse asook ten opsigte van die aspekte van die kliënt se persoonlikheid en/of situasie waar die meeste verandering aangebring kan word, of mees wysigbaar sal wees.

Angs figureer ook in die diagnostiese proses. Wolberg (in Small, 1979, p. 91) evalueer 'n kliënt se homeostatiese versteuring in terme van die angsvlak of sy angsekwivalente, asook die vorme van verdediging wat gebruik word, die graad van onafhanklikheid, selfbeeld, aard van verhoudings en die potensiaal tot disintegrasie.

Navorsing, spesifiek ten opsigte van angs, het getoon dat selfs net twee ure van diagnostiese ondervraging tot angsvermindering gelei het in 'n groep van 114 aansoekers vir terapie (Jacobson, in Small, 1979, p. 100).

Die mees prominente diagnostiese instrument is die Egofunksieskaal van Bellak, waardeur 'n evaluering van twaalf egofunksies gemaak kan word. Sodoende kan die intakte, sowel as die egofunksies waarin versteuring voorkom, geïdentifiseer word en in die terapeutiese proses geïmplementeer word.

### 1.7.1.3.3 'n KONTEMPORÊRE KORTTERMYNBENADERING TOT ANGSTERAPIE

Hierdie benadering tot angsterapie vloei eerstens voort uit Mann se bedenkinge teen die waarde van langtermynpsigoanalitiese terapie, en tweedens uit sy angsteorie.

1.7.1.3.3.1 UITGANGSPUNTE

Die volgende aspekte kan onderskei word:

- Die aktivering van onopgeloste angs deur 'n beperking op die duur van terapie te plaas. Dit word gedoen omdat die beperking van die duur van terapie die totale ambivalensie tussen kindertyd (die belewing van tydloosheid en paradysagtigheid wat tiperend is van die vroegste moeder-kind-belewinge) en volwasse tyd (die besef van beperkte tyd, eindigheid) aktiveer. Mann (1976, p. 9) stel dit soos volg: "All short forms of psychotherapy, whether their practitioners know it or not, revive the horror of time." In sy terapie beperk Mann die proses tot 12 sessies en word die afsluitingsdatum reeds tydens die eerste sessie opsigtelik op 'n almanak aangeteken, sodat beide terapeut en kliënt duidelik kennis kan neem.
- Verwerking van die skeidingsangs as grondslag waarop neurotiese pro=bleme op ander vlakke mettertyd deur die kliënt self deurgewerk kan word.

Deur die beperking van die terapeutiese proses tot 12 onderhoude, val die proses volgens Mann in drie onderskeibare fases uiteen, naamlik 'n openingsfase (waartydens herinneringe aan die wonder van die moeder-kind-verhouding herleef word), 'n middelfase (waartydens konflik ge=aktiveer word, omdat hierdie fase net soos die oorspronklike moeder-kind-verhouding ambivalent geword het met naderende skeiding, weer eens ambivalent word), en 'n afsluitingsfase (waarin die harde werklik=heid van hernude afskeid van wat verlore was en skynbaar in die terapie teruggevind is, hom opnuut manifesteer (a.w., p. 28). Die onafwend=baarheid van die afskeidsproses openbaar volgens Mann sowel die tipiese aanpassingswyses waarmee die kliënt hom deur die jare teen die ambiva=lensie beskerm het, as die kernkonflik.

Dit is dan die werklike grondstof van die terapie: die deurwerking van die ambivalensie rondom objekverlies: "The structure and rationale of this method of time-limited psychotherapy are addressed and move the patient to address himself, to the root of the plague" (Mann, 1976, p. 28-29).

1.7.1.3.3.2 DIE VERLOOP VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES

DIE AANVANGSFASE:

Gedurende die eerste een of twee onderhoude trag die terapeut om deur middel van sy navraag kontak te bou, informasie oor die probleem en ont=wikkelingsgeskiedenis van die kliënt te bekom en uiteindelik om 'n hipotese oor die aard van die sentrale konflik te formuleer. Dit mag maar hoef nie ooreen te stem met die kliënt se bewustelike probleem=stelling nie.

Vervolgens word die tentatiewe diagnose verbind aan aspekte uit die kliënt se ontwikkelingsgeskiedenis, ten einde die meer durende moti=veringe te kan begryp. Hierna word die kliënt in kennis gestel van die tentatiewe siening van sy probleem, en by implikasie word hy dus ook oor die doelwit van die terapie ingelig. Dan volg die oordrag van inligting rakende die duur van terapie. Elke sessie word op 'n almanak aangeteken, sodat die kliënt bewus is van die presiese aantal sessies asook van die datum waarop die terapie afgesluit word.

DIE VERDERE VERLOOP VAN DIE TERAPIE

Reeds is gewys op die aanvanklike optimisme en vreugdegevoelens: tekens van positiewe oordrag by die kliënt, wat voel dat hy weer die vreugde van 'n simboliese moederband ervaar. Mann merk op dat die terapeut se volge=houe gerigtheid op die sentrale konflik spoedig lei tot 'n negatiewe be=lewing by die kliënt, en selfs die terugkeer van simptome wat aanvanklik baie spoedig verminder of selfs verdwyn het.

Laasgenoemde tekens dui die begin van die middelfase van terapie aan. Dit is die tyd waarin die kliënt opnuut ambivalensie in sy verhouding met die terapeut ontdek. In hierdie emosionele atmosfeer tree die kliënt se tipiese hanteringswyses van konflik dus al sterker op die voorgrond. Omdat die terapeut steeds op die sentrale konflik konsen=treer en die talle aspekte waaroor die kliënt aanvanklik wil gesels, blokkeer, verhoog dit die kliënt se frustrasiebelewinge en aktiveer dit geleidelik die oorspronklike ambivalente verhouding wat aan die wortel van die kliënt se gevoelslewe staan.

In hierdie stadium (middelfase) behoort dit vir die kliënt duidelik te word dat hy nie die feit van nog 'n skeiding sonder oplossing van 'n betekenisvolle, ambivalente persoon in die gesig wil staar nie (a.w., p. 34). Manifestasies gedurende hierdie fase sluit in: weerstande, selfbeskermende simptome en algemene aanduidings van negatiewe oordrag.

Die laaste 3 - 4 sessies word dus bestee aan die kliënt se belewinge tydens afskeid. Prominente belewinge mag wissel van woede, skuld en hartseer, tot rousmart. Die terapeut gee so volledig moontlik aan hierdie aspekte aandag, omdat die kliënt daardeur geleentheid kry om oorspronklike skeidingsprobleme met die moeder so volledig moontlik te herleef. Die waarde van volle konfrontasie met die affektiewe belewinge van afskeid is dat die terapeut as positiewe substituut van die vroeë liefdesobjek geïnternaliseer kan word (a.w., p. 36). "This time the internalization will be more positive (never totally so), less anger-laden and less guilt-laden, thereby making separation a genuinely maturational event" (Mann, ibid.). Die terapie word afgesluit met die mededeling dat die kliënt moontlik woedebelewinge kan ervaar en dat hy nie daardeur skuldig hoef te voel nie en dat dit waarskynlik met die bestaan van die terapeut verband mag hou.

### 1.7.1.4 EVALUERING VAN DIE PSIGOANALITIES-GEORIËNTEERDE BENADERING TOT ANGS

#### 1.7.1.4.1 ONDERLIGGENDE MENSBESKOUING

Die psigoanalitiese mensbeeld soos verteenwoordig in die verskillende teoretici na wie se werk verwys is, vertoon aansienlike ontwikkeling. Die Freudiaanse mensbeeld is gekenmerk deur 'n pessimisme, omdat dit in die streng natuurwetenskaplike denke van sy tyd ingegiet moes word (vgl. May, 1967, p. 65-66).

Die verruiming soos aangebring deur Horney, Sullivan, Fromm en Rank het egter 'n meer gebalanseerde siening tot gevolg gehad wat steeds groei ondergaan het tot met die positiewe visie op menslike vermoëns tot groei en verandering dat dit in 'n korttermynterapie waarin daar 'n beperking op die duur daarvan geplaas word (dié van Mann) kon uitloop.

Uit prinsipiële oogpunt bly dit egter 'n biologistiese beskouing wat die problematiek van angs oormatig na ervaringe van die verlede reduseer en dus 'n mensbeeld skets wat steeds op beslissende wyse deur klein-kinder=jare-ervaringe bepaal word. Hierdie mensbeeld vertoon dus eensydighede in vergelyking met byvoorbeeld die eksistensieel-humanistiese mensbeskou=ing waarin veel groter wordingspotensiaal aan die mens toegeken word.

1.7.1.4.2 ANGSBESKOUINGE

Verandering in die psigoanalitiese mensbeskouing sou noodwendig ook ver=andering in die daaruitspruitende angsbeskouinge meebring. Vir evalu=eringsdoeleindes word die verskillende aspekte van die psigoanalitiese angsbeskouing soos verteenwoordig deur die outeurs na wie se werk verwys is, soos volg saamgevat:-

. Aanvanklike hoofmomente van die angsbeskouing is:

  - die waarneming van bedreiging (vgl. Freud se tweede angsteorie waarvolgens dié bedreiging aanleiding gee tot verdringing);
  - die moeder-kind-verhouding as oorspronklike verhouding waaruit angs kan ontwikkel;
  - skeiding van die moeder as die primêre bron van angs;
  - verdedigingsmeganismes wat aangewend word om angs te beheer.

. Ontwikkelinge uit die aanvanklike angsbeskouinge kom hoofsaaklik neer op 'n klemverskuiwing vanaf die intrapsigiese dimensie van persoonlik=heid na die interpersoonlike en kulturele bestaansdimensies waaruit angs mag spruit (vgl. die bydraes van Rank, Horney, Sullivan en Fromm, asook die beskouing van Mann (1976)).

EVALUERING

Die betekenisvolheid van Freud se bydrae tot die begrip van angs blyk uit die talle regstreekse of onregstreekse aspekte waarin sy beskouinge by latere bydraes in dié verband aansluiting vind. Slegs enkele voorbeelde word genoem:-

. Die herleiding van angs na ervaringe van die verlede, spesifiek die vormende ervaringe van die klein kinderjare (vgl. Janov, 1978b), die oudiopsigofonologiese benadering, vgl. 1.7.4 en die beskouing van Mann (1976).

. Die dinamiek van die moeder-kind-verhouding word steeds deur resente bevindinge as 'n belangrike determinant van latere angsprobleme be= vestig (vgl. bv. Rucker en Mermelstein, 1979).

. Die dinamiek van skeidingsangs soos deur Freud gepostuleer en verder deur Rank uitgebou, figureer steeds prominent (vgl. bv. Mann (1976) se opvattinge in dié verband).

. Die beskouinge in verband met verdedigingsmeganismes soos deur Freud geformuleer, word ook nog in heersende terapeutiese benaderings ge= implementeer (vgl. die eksistensieel-humanistiese benadering: 1.7.3).

. Die impak van Freud se strukturele beskouing van persoonlikheid strek oor so 'n wye spektrum van die psigologie, dat dit selfs in die psigometriese praktyk weerklank vind. Drie van die vyf angskomponente van die IPAT-angsskaal is naamlik aan dié psigoanalitiese persoonlik= heidsteorie ontleen (vgl. Cattell, Scheier en Madge, 1968, p. 17).

KRITIEK TEEN DIE PSIGOANALITIESE ANGSBESKOUING

Kulturele verandering het die klassieke Freudiaanse angsbeskouing grootliks gerelativeer. Van den Berg (1970a, p. 323) toon oortuigend aan dat die era van die dieptepsigologie waarvan Freud se benadering die brandpunt was, afgehandel is, en dat die psigologie tans 'n era beleef waarin die interpersoonlike verhoudinge primêr is.

Teen hierdie agtergrond kan Freud se angsteorie dus as eensydig en be= perk beskou word, omdat Freud angs primêr as intrapsigiese werklikheid beklemtoon het, en ten koste van die belang van die interpersoonlike aspekte (vgl. bv. Preller, 1977, p. 173).

Sullivan se uitbouing van angs as 'n interpersoonlike aangeleentheid was 'n belangrike verbreding van die Freudiaanse angsteorie. Dat laasgenoemde angsbeskouing die toets van die tyd deurstaan het, blyk uit die feit dat interpersoonlike verhoudinge tans so prominent in die kliniese praktyk figureer (vgl. bv. Chrzanowski, 1977).

Kritiek ten spyt, kan saam met May (1977, p. 148) gekonkludeer word: "His (Freud's) contributions to the theory of anxiety, 'the nodal problem', remains in the center around which other theories congregate."

### 1.7.1.4.3 BESKOUINGE TEN OPSIGTE VAN ANGSTERAPIE

Ook op hierdie terrein is daar sterk ontwikkelingslyne sedert Freud se formulering van riglyne vir angsterapie. Die proses het in die volgende opsigte ontwikkel:

- van langtermynpsigoanalise na korttermynbenaderings tot 'n uiterste vorm (Mann se 12-sessieterapieformaat);
- vanaf 'n proses van weganalisering van angs na die konfrontasie van angs in terme van skeidingsangs;
- van 'n proses waar die terapeut 'n meer passiewe, waarnemende rol vertolk na 'n opset waar die terapeut as deelnemende waarnemer (Sullivan) baie meer betrokke, aktief en selfs tot 'n mate direktief geword het (vgl. Mann);
- van 'n proses wat op intrapsigiese verhoudinge en die verlede gerig was na 'n fokus op die hede en die hier en nou (vgl. Mann se model).
- die konstrukte <u>weerstand</u> en <u>oordrag</u> as belangrike aspekte van psigo=terapie, het egter relatief konstant gebly binne die psigoanalitiese en selfs eksistensieanalitiese benaderings.

KRITIEK TEEN DIE FORMAAT VAN TERAPIE

Die huidige klem op korttermynterapie in verskillende oriëntasies is deels 'n reaksie op die langtermynbenaderings van die klassieke psigo= analise (vgl. Ellis 1974b, p. 31; Mann, 1976, p. 12; Small, 1979, p. 4;). Die vraag is egter of die radikale vorme van korttermynbe= handeling soos dié van Mann werklik blywende resultate kan lewer. In die afwesigheid van gekontroleerde studies bestaan daar oor die aspek nog nie afdoende helderheid nie.

KRITIEK TEEN ASPEKTE VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES:-

. Die meer resente psigoanalities-georiënteerde psigoloë kan nie meer van "weganalisering" van angs beskuldig word, soos wat Freud se be= nadering wel bevraagteken kan word nie. Hoe meer die eksklusiewe fokus op die intrapsigiese, die verlede en die kwessie van kastrasie-angs gewyk het voor meer durende, breër aspekte soos vergestalt in die werk van Freud se opvolgers, byvoorbeeld Horney en Sullivan, hoe duideliker blyk dat positiewe aspekte van angs ook ingesien en ge= ïmplementeer word in die terapeutiese proses (vgl. eweneens Mann).

Die interpersoonlike aard van angs en gepaardgaande fokus op inter= persoonlike verhoudinge asook die ontwikkeling van sosiale vaardig= hede word immers goed gedokumenteer deur die gedragsterapeutiese benadering (vgl. Wolpe se selfgeldingstegniek; die ontwikkeling van "social skills" (Trower, Bryant en Argyle, 1978) en die sogenaamde interaksionele benadering in psigoterapie.

. Verdere verfyning van psigoanalitiese konsepte is egter essensieel. In 'n resente publikasie dui Burton, self 'n psigoanalities-georiën= teerde terapeut, aan dat die hele dinamiek van weerstand en oordrag besig is om te verander: "It appears that in our atomic age with its cultural stresses and strains the transference as found by Freud in his various reported cases no longer applies in the exact same way" (Burton, 1981, p. 11-12).

SAMEVATTING

In 'n statisties-georiënteerde tydsgees in soverre dit wetenskapsbeoefe= ning betref, is die totale psigoanalitiese benadering sterk in die sper= vuur van kritiek en verwerping. Nieteenstaande bly Freud se angsbe= skouing en angsterapie 'n belangrike grondslag vir die terapie van hierdie mees pynlike menslike ervaring.

## 1.7.2 GEDRAGSTERAPEUTIESE BENADERINGS TOT ANGS

ORIËNTERING

Ten opsigte van die benaming is twee verduidelikings noodsaaklik: eerstens dat "gedrag" breedweg of in die algemeen na bedekte reaksies of response (bv. emosies en implisiete verbalisasies) sowel as overte reaksies of response verwys (Rimm en Masters, 1979, p. 1) en tweedens dat "gedragsterapeutiese benaderings" vir die doel van die bespreking beskou word in terme van die siening van 'n groep teoretici wat menslike gedrag probeer begryp vanuit bepaalde leerbeginsels, en wat in die terapeutiese praktyk na opheffing van die patologiese (wanaangepaste) gedrag streef, deur middel van kondisioneringsprosesse. In die verband stel Wolpe die saak nog duideliker: "It (die definisie van gedrags= terapie) consists of treatment methods derived from experimentally established principles and paradigms of learning (and related principles): and not from 'learning theory', as is sometimes stated, for there are many learning theories" (1976, p. 1).

### 1.7.2.1 TEORETIESE UITGANGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN ANGS

Relevante beskouinge met betrekking tot die etiologie van angs kan in die volgende aspekte saamgevat word:-

- Psigopatologiese toestande, insluitende angs, word bepaal deur leerprosesse (dit wil sê kondisionering).
- Die leerprosesse waardeur wanaangepaste gedrag tot stand kom, kan op 'n verskeidenheid wyses plaasvind.

. Kultureel-bepaalde faktore hou ook verband met die ontstaan van angs= probleme.

### 1.7.2.1.1 PSIGOPATOLOGIESE TOESTANDE, (INSLUITENDE ANGS) WORD BEPAAL DEUR LEERPROSESSE (DIT WIL SÊ KONDISIONERINGSPROSESSE)

As uitgangspunt stel die gedragsterapeute dat alle menslike gedrag die resultaat van leerprosesse is. Dit impliseer dat die ontwikkeling van beide "normale gedrag" en patologiese toestande die resultaat van leer= prosesse, dit wil sê kondisionering deur middel van uitwissing en ver= sterking, weerspieël.

Daar word egter toegegee dat konstitusionele faktore wel 'n meeganger in die totstandkoming van patologiese angsprobleme kan wees. Vergelyk byvoorbeeld Ellis (1976b) en Dollard en Miller (1966, p. 156).

Spesifiek ten opsigte van neurotiese toestande verklaar Wolpe die vol= gende: "Neurotic behavior is any persistent habit of maladaptive behavior acquired by learning in a physiologically normal organism" (1958, p. 32). Hieraan voeg hy toe: "Anxiety is usually the central constituent of this behavior, being invariably present in die causal situation" (ibid.)

Patologie as wanaangepaste gedrag word vervolgens vertolk in terme van gedrag (response) waardeur energie ondoelmatig verbruik word, behoeftes nie bevredig kan word nie, en die individu een of ander vorm van pyn, of ongemak verduur, byvoorbeeld die vreesbevangenheid van die fobie-lyer (vgl. ook Bandura, <u>in</u> Pervin, red., 1970, p. 430).

### 1.7.2.1.2 DIE LEERPROSESSE WAARDEUR WANAANGEPASTE GEDRAG TOT STAND KOM, KAN OP 'n VERSKEIDENHEID WYSES PLAASVIND

Vir Bandura (aangehaal deur Pervin, p. 472) is ontoereikende ouerlike modelle 'n belangrike grondslag vir die ontwikkeling van patologie. Dollard en Miller (1966, p. 155-156) sien die ontstaan van konflikte tussen ouer en kind weer as belangrike etiologiese faktore, veral konflik spruitende uit opvoedingsfaktore en ontwikkelingstake.

Toenemend word ook erkenning verleen aan die etiologiese betekenis van wanaangepaste response op die vlak van kognisies. Die siening van ver= skeie teoretici na wie se werk, in die loop van die uiteensetting verwys sal word, is hier ter sprake. Ellis, Meichenbaum, Beck, Thoresen en Mahoney beklemtoon almal dat kognitiewe prosesse as tussengangers tussen stimulus en respons van groot belang is in die totstandkoming van angs= probleme. Dit is dus nie 'n stimulus as sodanig wat tot 'n bepaalde respons lei nie, maar wel die kognisie (interpretasie of deurflitsende gedagte-inhoud) wat deur bepaalde stimuli (ekstern of intern) geakti= veer word, wat bepalend is vir die respons wat daarop volg.

So skryf Beck (1976, p. 152) dat die angslyer gefikseer is op gevaar en voortdurend beveiliging soek, omdat feitlik elke stimulus in die lig van die beheptheid met gevaar vertolk word. Op die wyse word die neurotiese angs 'n alarm wat erger is as die gevaar. As gevolg van onlogiese denke neem hierdie persone so selektief waar dat hulle nie tussen gevaar en nie-gevaar kan onderskei nie. "The problem of anxiety neurosis may be epitomized metaphorically as an over-active 'alarm system'. The anxious patient is so keyed to the possibility of harm that he is constantly warning himself about potential dangers (Beck, 1976, p. 155).

Uit Lazarus se benadering, naamlik multimodale terapie (1973), blyk die verbreding van die gedragsterapeutiese denke oor patologie nog sterker. Laasgenoemde outeur wys byvoorbeeld daarop dat gedragsprobleme in ten minste sewe modaliteite van die persoonlikheid geleë mag wees, naamlik gedrag self, affek, sensasies, idees ("ideation"), kognisies, interper= soonlike verhoudinge, en chemiese wanbalanse.

Hierdie insigte weerspieël ongetwyfeld die invloed van toenemende kliniese ervaring met gedragsterapie, waaruit die beperkinge van die aanvanklike aannames met betrekking tot die oorsake van patologie ingesien en rele= vante aanpassings in die teorie gemaak moes word.

Hierdie ontwikkeling ontlok kwaai kritiek van Wolpe, die vader van die moderne gedragsterapie. In 'n snydende betoog verwerp hy Lazarus se siening onder andere op grond van laasgenoemde se betrokkenheid by pogings tot 'n ontkenning van die ware grondslag van gedragsterapie en 'n

neiging tot "psigodinamiese fusionisme" (1976, p. 2).

### 1.7.2.1.3 KULTUREEL-BEPAALDE FAKTORE HOU OOK VERBAND MET DIE ONTSTAAN VAN ANGSPROBLEME

Die belangrikste eksponent van hierdie standpunt is Ellis. In talle publikasies (onder andere Ellis, 1980, p. 417) beklemtoon hy die destruktiewe invloed van die sogenaamde "irrasionele opvattinge" wat kenmerkend van die huidige Westerse beskawing is.

Sommige van die belangrikste wanopvattinge in die verband is die volgende:

- die opvatting dat ŉ persoon feitlik te alle tye goedkeuring en opreg= te liefde MOET kry van almal wat vir hom belangrik is;
- die feit dat ŉ persoon homself MOET bewys as baie bekwaam, doeltref= fend of dat ŉ persoon ŉ bepaalde talent MOET besit;
- die opvatting dat persone wat ŉ mens leed berokken of te na kom, skurkagtig en sleg is en dat ŉ mens hulle moet blameer en bestraf vir hul oortredinge;
- die opvatting dat die lewe aaklig en ondraaglik is as alles nie met mens goed verloop nie;
- die idee dat emosionele lyding uit eksterne druk spruit en dat mens weinig beheer oor daaruitspruitende emosies soos depressie en vyandig= heid kan uitoefen;
- die opvatting dat mens daarmee gepreokkupeer moet wees as iets ge= vaarlik of vreeswekkend is;
- die opvatting dat mens as't ware jou menswees kan gradeer ("rate") en dat die mate van selfaanvaarding en eie waarde wat mens ervaar, bepaal moet word deur die kwaliteit van mens se prestasie en die mate waarin ŉ mens goedgekeur word (Ellis, 1970, p. 60-88).

Irrasionele gedagtes dui dus op alle kognisies of gedagte-inhoude wat nie empiries bewysbaar of logies uitredeneerbaar in terme van die gegewe situasie is nie, maar nogtans in die opvattingsisteem van die persoon prominent figureer.

As gevolg van die kondisionerende invloed van hierdie opvattinge lei dit tot verwarring en komplisering van die lewe van die moderne mens, omdat dit sy kritiese, logiese en rasionele denke beperk en so aller=lei spannings- en angsprobleme in die hand kan werk. (Vgl. Ellis, 1970, in verband met "katastrovering" by die neuroties-beangste persoon.)

Dit is interessant dat Ellis se waarneming in verband met irrasionele kognisies dus aansluit by Horney (1937) se beskouing omtrent botsende waardes in die moderne kultuur, asook by Van den Berg (1968) se beskou=ing in verband met die neurotiserende tendense in die Westerse same=lewing.

### 1.7.2.2 GEDRAGSTERAPEUTIESE METODES TEN OPSIGTE VAN ANGSTERAPIE

#### 1.7.2.2.1 UITGANGSPUNTE

Die belangrikste aspekte in die literatuur kan soos volg saamgevat word:

DIE FOKUS IS PRIMÊR SIMPTOOMGERIG

Die standpunt moet begryp word vanuit die beskouing dat simptoom en probleem in die gedragsterapeutiese denke grootliks gelykgestel word, in teenstelling met die psigoanalitiese denke waar onderskei word tussen simptomatologie en onderliggende konflik. (Vgl. bv. Eysenck, 1967, p. 45).

Uit die bogenoemde volg dat die gedragsterapeutiese metodes veel meer "aksiebelade" is as die meer tradisionele benaderings in die psigologie. In die gedragsterapie gaan dit immers regstreeks om simptoomverligting. In die verband skryf Lazarus (1980, p. 277): "There are data demonstra=ting that therapeutic change usually follows methods that are perfor=mance-based."

Die belang van hierdie aksiegerigte fokus op simptome is om die kliënt so spoedig moontlik 'n belewing van selfbeheer te laat ervaar. Thoresen en Mahoney (1974, p. 20) beklemtoon dit naamlik dat die selfkontrole-konstruk geassosieer word met vryheid en selfverbetering en dus selfbe=meestering.

Terapie word gevolglik gekenmerk deur verskeie "selfmetodes" byvoorbeeld selfwaarneming, selfevaluering, in vivo-metodes waardeur die kliënt die bul by die horings moet pak in die teenwoordigheid van die terapeut. Simptoomgerigte terapie word egter voorafgegaan deur 'n baie deeglike gevallestudie.

Ook speel fisiese ontspanningsmetodes 'n belangrike rol.

Die bedenklikheid van hierdie standpunt, naas die voor-die-hand-liggende voordele daarvan vir "psigologiese beterskap", word in die evaluering bespreek (vergelyk 1.7.2.3).

ANGSTERAPIE WEERSPIEËL 'n STERK PRAGMATIESE BENADERING

Hiermee word bedoel dat enige aspek wat moontlik terapeutiese voordele mag inhou (natuurlik binne die raamwerk van leerteoretiese beginsels) in die proses geïnkorporeer sal word. Enkele voorbeelde:

- Jacobs (1972, p. 101) se holistiese benadering tot gedragsterapie, waartydens die terapeutiese intervensie mag wissel van ontspannings= oefeninge na sistematiese desensitisasie tot die invoeging van Frankl se tegniek van paradoksale intensie.
- Lazarus se multimodale gedragsterapie, waarin terapeutiese invals= hoeke uit sewe aspekte gekies word (vgl. 1.7.2.2.2.1.1).
- Vanuit hul weergawe van gedragsterapie praat Thoresen en Mahoney selfs van die sintese tussen "behavioural means and humanistic ends" (1974, p. 68).

ANGSTERAPIE WORD GEKENMERK DEUR 'n STERK WETENSKAPLIK-GEORIËNTEERDE AANSLAG

Dit gaan om die feit dat meting, basislynbepaling en hertoetsing op ver= skillende vlakke, dit wil sê 'n sterk eksperimentele inslag, kenmerkend is van die gedragsterapeutiese metode. In terme van die drie belangrikste oriëntasies ten opsigte van angsterapie, naamlik psigoanalise, die eksis= tensieel-humanistiese benadering en die gedragsterapie, lewer laasgenoemde dan ook verreweg die grootste aantal publikasies ten opsigte van angs.

'n Besondere manifestasie van die wetenskaplike aanslag is byvoorbeeld

die standaardisering van 'n verskeidenheid psigologiese toetse. Voor=beelde, waarna in die loop van die uiteensetting verwys sal word, sluit in: skale vir die meting van selfgelding, irrasionele kognisies en onlogiese houdinge.

1.7.2.2.2 SPESIFIEKE TERAPEUTIESE BENADERINGS TOT ANGS

In die literatuur is daar blyke van 'n verskeidenheid metodes in dié verband. Derhalwe word die bespreking beperk tot 'n oorsig oor die volgende metodes:

- Ontspanningsmetodes en sistematiese desensitisasie
- Selfgeldingsopleiding
- Kognitiewe tegnieke
- Selfkontroletegnieke, onder andere bioterugvoering en spannings=drukinenting.

1.7.2.2.2.1 ONTSPANNINGSMETODES EN SISTEMATIESE DESENSITISASIE

ORIËNTERING

Ontspanningstegnieke vorm die grondslag van die meeste gedragsterapeu=tiese tegnieke wat relevant is vir die studie van angs. Dit is die basis waarop Wolpe se sistematiese desensitisasie berus; dit vorm die kern van die sogenaamde selfbeheertegnieke (vgl. Suinn en Richardson), en dit vorm die aanleiding tot die sogenaamde spanningsdrukinentings=tegnieke van Meichenbaum (vgl. 1.7.2.2.2.4).

Ontspanningsopleiding speel dus in die konteks van gedragsterapie 'n baie belangrike rol. Betreffende die betekenis van ontspanningsoefeninge as komponent van gedragsterapeutiese tegnieke (spesifiek as deel van desen=sitisasie) bestaan daar botsende bevindinge: Chang-Liang en Denney (1976) skryf dat op grond van een stel navorsingsgegewens gekonkludeer kan word dat ontspanningsoefeninge op sigself nie 'n betekenisvolle vermindering van vrees- en vreesverwante probleme tot gevolg het nie en verwys ook na die bevindinge van die volgende outeurs: Aponte en Aponte (1971); Cooke (1968); Davison (1968); Moore (1965) en Rachman (1965).

Aan die ander kant verwys dieselfde outeurs ook na studies waar ontspan=ningsoefeninge as sodanig tot beduidende afname in vreesbelewinge gelei het. As stawende voorbeelde haal hulle die volgende studies aan: Denny (1974); Freeling en Schemberg (1970); Laxer en Walker (1970); Spiegler, Liebert, McMains en Fernandez (1969 (vgl. weer Chang-Liang en Denney 1976). Hierdie botsende bevindinge is vir Chang-Liang en Denney moontlik 'n weerspieëling van die spesifieke rol wat in die bovermelde studies aan ontspanning toegeken is (1976, p. 183).

Wat die tegniek van progressiewe spierontspanning betref, meen Rimm en Masters (1979, p. 35) dat dit vir alle spanningsverwante toestande ge=bruik word - en dat dit selfs binne die raamwerk van tradisionele terapie of korttermynberaad benut kan word. Die uitgangspunt is dat spannings=vermindering intree deur diep spierontspanning en dat laasgenoemde be=werkstellig kan word deur die willekeurige spiergroepe op sistematiese wyse alternerend te span en te laat ontspan, totdat die hoofspiergroepe in die liggaam almal ontspan is.

Daar bestaan verskille binne die geledere van gedragsterapeute in terme van die volgorde waarin spierontspanning moet geskied, in terme van die duur van spanning en ontspanning, asook ten opsigte van die mate waarin hipnotiese suggesties gebruik mag word. In Wolpe se benadering word die rasionaal van ontspanning aanvanklik verduidelik (dat dit 'n inhi=berende invloed op angs uitoefen) en vervolgens word die effek van progressiewe spierontspanning gedemonstreer. (Vgl. bv. Wolpe, 1969, p. 102.) Hierna word die tegniek van progressiewe spierontspanning in ongeveer 6 sessies aan die kliënt gedemonstreer. Die kliënt moet hierna die oefeninge twee maal per dag vir 15 minute oefen. Met die aanvang van die daaropvolgende sessie word die optimum mate van spierontspanning ontlok met behulp van die volgende instruksies: (kliënt se oë toe; sit of lê gemaklik):

"Jou hele liggaam word nou progressief swaarder en jou spiere ontspan. Laat gaan jouself meer en meer. Ons gaan individuele aandag aan jou spiere gee. Ontspan die spiere van jou voorkop. (5-10 sek. pouse) Ontspan die spiere van jou kake en jou tong. (pouse) Ontspan jou

oogspiere. Hoe meer jy ontspan hoe kalmer word jy. (pouse) Ontspan jou nekspiere. (pouse) Ontspan nou jou armspiere. (pouse) Ontspan die spiere van jou onderlyf. (pouse) Ontspan jou beenspiere. Laat jou spiere meer en meer skiet. Jy voel so rustig en so gemaklik." (1969, p. 124) (vertaling van my - W.F. du P.)

Hierna word met sistematiese desensitisasie begin, indien die kliënt inderdaad baie kalm en ontspanne is.

1.7.2.2.2.1.1 SISTEMATIESE DESENSITISASIE (SD)

Hierdie tegniek is 'n sentrale terapeutiese benadering vanuit gedrags=terapeutiese oriëntasie en is die resultaat van Wolpe se intensiewe navorsing met induksie van eksperimentele neurose in katte. Dit is gebaseer op die volgende beginsel: "If a response antagonistic to anxiety can be made to occur in the presence of anxiety-evoking stimuli so that it is accompanied by a complete or partial suppression of the anxiety responses, the bond between these stimuli and the anxiety re=sponses will be weakened" (Wolpe, 1958, p. 71, Wolpe en Lazarus, 1966, p. 12).

Wolpe se tegniek het talle ander tegnieke tot gevolg gehad en daarom word die uiteensetting van SD gevolg met 'n bondige oorsig oor metodes wat uit hierdie tegnieke voortgevloei het.

Voorbereiding vir die proses van SD bestaan daarin dat 'n noukeurige gevallestudie tydens die eerste onderhoud gedoen word, ten einde helderheid oor die kliënt se angsbelewinge te kan bekom (hetsy as vryvloeiende angs of as uitgekristalliseerde fobieë). Vervolgens word die rasionaal van die tegniek verduidelik, naamlik dat die kliënt kan leer om in die werklikheid van sy lewensituasie met ontspanning te kan reageer op angsstimuli, indien hy kan leer om in 'n ontspanne toestand gunstig (dit wil sê nie-beangs) op gevisualiseerde angsprikkels te reageer. Voorbereiding word afgesluit met die aanleer van spieront=

spanning en die opstel van angshiërargieë.

Die proses van SD verloop soos volg: in 'n optimale ontspanningstoestand word in volgorde vanaf die mins angswekkende tot die mees angswekkende stimuli aan die kliënt gesuggereer. Die diversiteit van angsprikkels word dus in verwerkbare eenhede opgebreek en volgens die beginsel van geleidelikheid aan die kliënt gesuggereer. So word angs stap vir stap sistematies gedesensitiseer. Sodra die kliënt angs ervaar, word die visualisasie dadelik gestaak en die kliënt kry opdrag om weer te ont=span.

ONTWIKKELINGE UIT SD

Uit hierdie kreatiewe aanvangstegniek van Wolpe sou vele nuwe toepas=singe, wysigings en kombinasies van SD met ander tegnieke ontstaan, wat veral in die konteks van studenteterapie betekenisvolle moontlikhede sou inhou. Slegs enkele aspekte word genoem:

UITBREIDING VAN SD NA GROEPSTERAPIEFORMAAT

Hierdie uitbreiding is onderneem deur Lazarus wat in 1961 'n aantal fobielyers in groepsverband behandel het. Tegnieke wat in die proses geëvalueer is, was tradisionele terapie en tradisionele terapie plus ontspanning. Die beste resultate is deur die SD-tegniek behaal (Lazarus, 1961, p. 504). Hierdie ontwikkelingsgang kan beskou word as die uitvloeisel van 'n groeiende besef van die beperkinge van langtermyn individuele psigoterapie, die probleem van beperkte aantal terapeute, en die toenemende eise aan behandeling (vgl. Paul en Shannon, 1966, p. 124). Groepsdesensitisasie is veral ook doeltreffend bevind met toetsangs (vgl. Anton, 1976; Taylor, 1971, en Zemore, 1975, soos aangehaal deur Rimm en Masters, (1979, p. 57).

SD IN KOMBINASIE MET ANDER GEDRAGSTERAPEUTIESE TEGNIEKE

Ook in diè opsig is talle studies onderneem. Hier word slegs verwys na

die werk van Suinn en Richardson (1971). Hulle benadering staan bekend as angsbeheer-opleiding (anxiety management training).

Hierdie outeurs kritiseer die tradisionele toepassing van sistematiese desensitisasie veral in terme van die duur daarvan (vanaf 2 weke tot etlike maande (a.w., p. 499). Verder is tradisionele SD beperk tot die oorkoming van heersende angsprobleme. Dit help die kliënt nie om voor=bereid te wees vir toekomstige probleme ten opsigte van beangstheid nie.

Suinn en Richardson glo dat hulle metode veral laasgenoemde defek oor=kom, omdat dit die kliënt op toekomstige spanningsbelewinge voorberei.

In hul eksperimentele werk is vasgestel dat hierdie metode ewe doeltref=fend is as sistematiese desensitisasie ten opsigte van die reduksie van wiskunde-angs.

VERTEGNISERING VAN SD TOT GEOUTOMATISEERDE GROEPSDESENSITISASIE

Hierdie ontwikkeling kan as die nuutste - mees resente uitvloeisel van Wolpe se oorspronklike tegniek beskou word. In geoutomatiseerde vorm word SD aangebied op 'n wyse wat kontak met 'n terapeut tot 'n minimum be=perk, as gevolg van die tussenkoms van tegniese apparaat. Onder die suksesvolle studies in die verband is onder andere die van Donner en Guerney (1969) wat bevind het dat geprogrammeerde, meganistiese desensi=tisasie ewe doeltreffend as tradisionele desensitisasie gewerk het ten opsigte van die reduksie van toetsangs. Beide groepe het akademies be=duidend beter presteer (a.w., p. 2).

ONTWIKKELING VAN MEERMODALITEITSTERAPIEË: LAZARUS SE MULTIMODALE TERAPIE

Hierdie benadering is van besondere belang vir angssituasies in studente-terapie en word dus vollediger bespreek.

Nadat hy aanvanklik nou betrokke was by die teoretiese denkrigting en beginsels vir gedragsverandering van Wolpe, breek Lazarus weg op grond van sy aanname dat meer permanente resultate regstreeks afhang van die mate waarin ten minste ses of meer bestaansmodaliteite van die kliënt

met die terapeut deurgewerk is. Sy kritiek is dus dat doeltreffende terapie meermodalig moet wees en nie slegs uit een of twee modaliteite mag bestaan nie - by implikasie soos primale terapie uit gille of ge= dragsterapie (Wolpe se weergawe) slegs uit desensitisasie bestaan nie. Lazarus skryf soos volg: "... patients are usually troubled by a multitude of specific problems which should be dealt with by a similar multitude of specific treatments " (1973, p. 404).

Ofskoon korttermynresultate ten opsigte van 'n groot aantal probleme be= haal kan word, kan resultate nie standhoudend wees indien slegs 'n be= perkte aantal modaliteite terapeuties geïmplementeer word nie: "... lasting change is at the very least a function of combined techniques, strategies, and modalities" (1973, p. 405).

Vervolgens stel hy die sewe modaliteite waarvolgens terapie plaasvind, naamlik gedrag (bv. rolspel, vrye assosiasie) affek (vanaf die stille vreugde van terapeutiese aanvaarding tot die ekspressie van onder= drukte woede), sensasies (bv. enige sensoriese stimulasie), beelde (bv. die herbelewing van kinderjare-herinneringe), kognisies (die oordele, waardes, opvattinge wat ter sprake kom in terapie), interpersoonlike verhoudinge en medikasie (waar van toepassing). Lazarus onderstreep dit dat hierdie sewe modaliteite interafhanklik is en in wisselwerking met mekaar staan.

Ten opsigte van diagnose (Lazarus praat van probleemidentifikasie) be= weer hy dat foutiewe diagnose waarskynlik die grootste belemmering van doeltreffende terapie is. Hieraan voeg hy toe: "The major advantage of a multimodal orientation is that it provides a systematic framework for conceptualizing presenting complaints within a meaningful context" (a.w., p. 407).

Ondersoeker maak die volgende afleidinge uit die voorgaande, waaruit die relevansie vir angsterapie blyk:

- Dit laat 'n volledige analise van angs toe volgens die verskillende modaliteite (en nie net in terme van angs as negatiewe affek as sou dit hom slegs op daardie vlak manifesteer nie).

- In hierdie opsig is Lazarus se beskouing volkome in ooreenstemming met Izard se eksperimentele bevindinge in verband met angs as multi= dimensionele verskynsel.
- Dit gee aan die terapeut 'n breë spektrum van behandelingstrategieë ten opsigte van die angsprobleem soos dit hom by elke spesifieke kliënt manifesteer.
- Die proses van diagnose (probleemidentifikasie volgens Lazarus) word dus 'n vollediger proses deur navraag op 'n aantal oorvleuelende inter= afhanklike aspekte wat 'n vollediger beeld na vore laat kom.
- Terapeutiese vordering kan deurlopend gemonitor word en die kliënt weet presies waarheen sy terapeut mik en hoe die probleemaspekte in mekaar steek.

1.7.2.2.2.2 SELFGELDINGSOPLEIDING

Hierdie angsverminderingstegniek is ook deur Wolpe (1958, 1969) ontwerp. Dit kan met groot vrug in studenteterapie toegepas word, aangesien angs in interpersoonlike verhoudinge byna 'n universele deel van studente= kliënte se probleme uitmaak. Die tegniek word veral toegepas waar die volgende angsverwante aspekte hulle manifesteer:

- belewinge van interpersoonlike skugterheid, sosiale geïnhibeerdheid;
- onvermoë tot gevoelsekspressie, en
- vermyding van sekere interpersoonlike interaksies.

VOORBEREIDING TOT SELFGELDINGSOPLEIDING

Eerstens word met behulp van toepaslike selfgeldingskale vasgestel of hierdie tegnieke die beste resultaat ten opsigte van angsvermindering tot gevolg sal hê. Hierna word kliënte se vermoë tot gesonde inter= persoonlike interaksie ook getoets deur middel van rolspel.
Voorbeelde van selfgeldingskale wat in die konteks van hierdie angs= verminderingstrategie bestudeer is, is onder andere die Rathusskaal (1973) en die College Self-expression Scale (1975) van Galassi, DeLo, Galassi en Bastien.

DIE TOEPASSING VAN SELFGELDINGSPROSEDURES

Die belangrikste tegniek in hierdie verband is die sistematiese repetisie van problematiese situasies soos vasgestel uit die vraelys= gegewens en gevalsgeskiedenis. Na elke stuk gedragsrepetisie ("behavior rehearsal") ontvang die kliënt terugvoer van die terapeut. Hieruit word verdere aanpassings gemaak en so leer die kliënt volgens die beginsel van geleidelikheid om sy interpersoonlike angs te bowe te kom.

Rimm en Masters (1979, p. 80) meld dat angshiërargieë ook in self= gelding nuttig gebruik kan word. In die geval word die situasies waar= in die kliënt gefrustreerd, kwaad of geïrriteerd voel, in volgorde van intensiteit gerangskik en stap vir stap deurgewerk by wyse van gedrags= repetisie.

EKSPERIMENTELE BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN SELFGELDING

Soos die ander gedragsterapeutiese tegnieke is ook selfgeldingsopleiding telkens aan eksperimentering onderwerp. In die verband tipeer Galassi, DeLo, Merna Galassi en Bastion (1974, p. 165) die tegniek as een van die mees belowende bydraes van gedragsterapie tot in hierdie stadium - en noem dat die verdere ontginning daarvan waarskynlik slegs gekortwiek is deur 'n gebrek aan 'n gestandaardiseerde navorsingskwantifiseringsinstru= ment ter wille van diagnose en evaluering van terapie. (Sedertdien is 'n nuwe selfgeldingskaal ontwerp (vgl. par. 3, p. 69).

'n Ander insiggewende navorsingsresultaat is die bevindinge van Percell, Berwick en Beigel (1974). Hierdie outeurs het bevind dat 'n 8-sessie-selfgeldingsopleidingsprogram op 'n groep buitepasiënte 'n beduidende verhoging van metings op 'n selfbeeldskaal sowel as 'n beduidende afname in angstellings tot gevolg gehad het (p. 504). Die belangrike konklusie is dat 'n terapeutiese program, ingestel op overte gedrag, wel ook ver= andering op sowel kognitiewe as affektiewe vlak teweeg kan bring - hoewel die studie nie na die verloop van 'n tydperk opgevolg is nie.

1.7.2.2.2.3 KOGNITIEWE TEGNIEKE

Basies behels hierdie tegnieke regstelling van foutiewe (irrasionele) kognitiewe aannames wat allerlei simptome, onder andere angs, tot ge= volg kan hê. Veral die werk van twee teoretici, Ellis en Beck, word hierin verteenwoordig. Slegs Ellis se beskouing word bespreek, aangesien dit die meeste prominensie geniet in terme van publikasies en die mees kontroversiële is, en moontlik omdat dit ook in die konteks van die Afrikaanssprekende samelewing van groter betekenis kan wees.

OPVATTING OOR PSIGOPATOLOGIE

Die essensie van Ellis se teoretiese uitgangspunte is vervat in die so= genaamde A-B-C-D-E-hipotese (Ellis, 1979). A dui op die aanleidende stimulus ("antecedent"). B verteenwoordig die persoon se "belief system", dit wil sê sy oortuiginge in die verband; C dui op die "consequences" (gevolge) van die eersgaande drie aspekte; D staan vir die disputering (dit wil sê debattering, diskriminasie en definiëring van die persoon se kognisies; en E staan vir "efficiency", dit wil sê doeltreffendheid - die resultaat van volgehoue selfkonfrontasie waardeur irrasionele opvattinge wat selfvernietigend inwerk, geïdentifiseer en met realis= tieser, werklikheidsgetrouer gedagtes vervang kan word.

TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS VAN RET (RASIONEEL-EMOTIEWE TERAPIE)

Eerstens word bepaal watter opvattinge moontlik 'n gebrek toon ten op= sigte van rasionaliteit, logika en realiteit. Ellis beklemtoon dat empatie en nie-evaluerende aanvaarding soos deur Rogers uiteengesit, nie noodsaaklik vir doeltreffende terapie is nie. Sy persoonlike be= nadering is vir hom die bewys hiervan: die terapeut se taak lê immers in 'n onophoudelike aanval op die onderliggende irrasionele aannames en skeefgetrekte kognisies van die kliënt (Ellis 1976a, p. 186).

Ellis beklemtoon dat kliënte van beide verbale en aktiewe depropaganda-metodes gebruik moet maak om angs te oorwin. Telkens word vir die kliënt onderstreep dat hy die angssituasie waarskynlik self geskep het as gevolg van innerlike sieninge. Gevolglik moet die angssituasie as 't ware uitgedaag en gedisputeer (betwis) word. Op die punt is Ellis baie na= druklik: "Also, push yourself to do the thing you senselessly fear and

keep repeatedly (and promptly and vigorously) acting against this fear (Ellis en Harper, 1978, p. 155).

Verdere besonder konkrete en praktiese wenke sluit in:

- 'n Waarskuwing aan kliënte dat verwerpingsangs dikwels die grondslag van angservaringe in die algemeen is, en dat kliënte vir hulself moet uitmaak hoe aaklig dit werklik sou wees as soiets gebeur.
- Verder moet kliënte hulself oortuig dat onnodige bekommernis oor sake hul vermoë om dit doeltreffend te hanteer, eerder sal dwarsboom, en dat hulle daarom moet ophou om hulself te kwel (a.w., p. 154-157; Ellis, 1979).

NAVORSINGSTUDIES TEN OPSIGTE VAN ELLIS SE WERK

Slegs een studie word hier vermeld, naamlik dié van Moleski en Tosi (1976). 'n Groep hakkelaars het twee soorte terapie vir agt sessies lank ontvang: een groep RET en die ander SD. In terme van objektief-meetbare spraakvlothede (nie-vlotheidstendense) het die RET-groep die beste resultate vertoon. In 'n opvolgtoetsing een maand na terapie waar ook van potlood- en papierevaluasies van sosiale angs en houding teenoor hakkel gebruik gemaak is, het die RET-groep ook beter gevaar.

Ander navorsingsresultate in verband met Ellis se werk sluit die volgende bevindinge in:

- Meichenbaum, Gilmore en Fedoravicius (1971, p. 410) se bevinding dat 'n vorm van groepinsigterapie (gebaseer op Ellis se RET) ewe doeltref=fend tot vermindering van spraakangs gelei het as groepsdesensitisasie. Die swaartepunt van die studie was die proefpersone se negatiewe self=verbalisasies ten opsigte van hul spraak in sosiale situasies en die wysiging daarvan.
- In 'n ander studie (Trexler en Karst, 1972, p. 60) is bevind dat RET in vergelyking met 'n nie-terapiegroep en 'n aandag-plasebo-terapie doeltreffender tot vermindering van openbare gespreksangs gelei het as die ander twee metodes (p. 60).
- Kanter en Goldfried (1979) bevind dat rasionele herstrukturering ('n geringe wysiging van Ellis se metode) relatief meer doeltreffend is

as sistematiese desensitisasie in die vermindering van interpersoon=
like angs.

1.7.2.2.2.4 SELFKONTROLETEGNIEKE

Daar moet onderskei word tussen twee vorme van selfkontroletegnieke, naamlik bioterugvoering en spanningsdrukinenting.

BIOTERUGVOERING

Rimm en Masters (1979, p. 488) omskryf hierdie tegniek as 'n wye omvang van prosedures waardeur 'n bepaalde aspek van 'n individu se fisiologiese funksionering sistematies gemonitor en na die persoon teruggevoer word in die vorm van 'n ouditiewe of visuele teken. Die taak van die individu is dan om hierdie teken te wysig, ten einde aspekte van sy fisiologiese funksionering te wysig.

Resente navorsingsbevindinge in dié verband sluit onder andere in dié van Hurley (1980). Laasgenoemde het bevind dat hipnose 'n doeltreffender in= vloed gehad het as angsverminderende stimulus, as bioterugvoer of 'n tro= fotropiese opleidingsmetode; en dat hipnose en EMG-terugvoer (opleiding) skynbaar ewe doeltreffend was ten opsigte van verhoging van egosterkte (p. 506).

SPANNINGSDRUKINENTING (SI)

Hierdie tegniek van Meichenbaum (1978) kan gesien word as 'n variant van SD. Dit behels die aanleer van ontspanning, asook kognitiewe hanterings= tegnieke, wat die kliënt voorberei vir die konstruktiewe verwerking van spanningsdruk. Wanneer die kliënt gereed is, word spanningsdruksitua= sies in gesimuleerde vorm aan hom gesuggereer en op dié wyse "ingeënt" om die kliënt te help om sy hanteringstegnieke te oefen en te konsoli= deer. Stappe wat in die proses onderskei word, is die volgende:

. Die opvoedingsfase:
Basiese uitgangspunte word in die fase verduidelik, naamlik dat vrees= belewinge (wat gelykgestel word aan angs) gepaard gaan met fisiologiese opwekking (outonome reaksies) asook met angsontlokkende kognisies (soos vermydingsgedagtes, gevoelens van hulpeloosheid, paniekbelewinge, sosiale skaamte, vrees vir persoonlikheids=

desintegrasie, ens.) Verder word verduidelik dat terapie bestaan uit die aanleer van ontspanningsresponse asook doeltreffende hanteringstrategieë en die geleidelike inenting met sterker dosisse spanningsdruk.

. Die fase van gedragsinoefening.

Ontspanning word nou aangeleer, asook verskillende hanteringstrate= gieë. Laasgenoemde behels die bewuswording van potensieel negatiewe, selfdestruktiewe selfstellings wat 'n persoon onder spanningsdruktoe= stande geneig is om subvokaal te uiter. Tweedens formuleer elke kliënt 'n nuwe stel konstruktiewe selfstellings wat tot doeltreffende optrede tydens 'n spanningsituasie kan meewerk. Meichenbaum beklem= toon dat hierdie selfstellings die kliënt in staat stel tot:

- die evaluering van die werklike situasie;
- kontrole oor negatiewe gedagtes en beelde;
- herkenning, gebruikmaking van en heretikettering van die fisiologiese ongemak;
- opwarming vir die konfrontasie met die fobiese of angssituasie;
- hantering van die intense angs wat met die situasie gepaard mag gaan, en
- terugblik oor die hantering en selfversterking (beloning) omdat die kliënt die (fobiese of angs-) probleem gekonfronteer het.

. Die opleidingsfase ten opsigte van toepassing van die beheertegnieke.

Sodra die kliënt sy hanteringstrategieë goed bemeester het, begin hierdie fase waarin die werklike inenting met groter wordende doserings spanning plaasvind. Angssituasies word nou via suggesties gevisualiseer of selfs via werklike angsbelewinge soos onverwagte elektriese skokke. In die oefenproses word verskeie tegnieke gebruik, byvoorbeeld modellering, gedragsrepetisies, didaktiese opleiding, totdat die kliënt 'n optimale hanteringsvermoë ontwikkel het.

STUDIES IN VERBAND MET INENTING TEEN SPANNINGSDRUK

In die eerste studie oor hierdie benadering is dit vergelyk met sistema= tiese desensitisasie en 'n selfinstruksievoordraggroep (wat slegs fase I

en II) deurloop het, asook met 'n waglyskontrolegroep. Proefpersone het almal aan meervoudige fobieë gely. Resultate het bevestig dat die spanningsdrukinentingsgroep die doeltreffendste op terapie gereageer het. In geval van SD het geblyk dat proefpersone slegs hul fobie vir die gedesensitiseerde objek verloor het, dit wil sê daar het geen ver= algemening plaasgevind nie. In teenstelling hiermee het die ander groep die grootste mate van veralgemening vertoon, dit wil sê kapasi= teit om ook ander fobieë konstruktief te benader.

Meichenbaum konkludeer dat die resultate toon dat spanningsdrukinenting die proefpersone laat verander het vanaf 'n toestand van aangeleerde hulpeloosheid (voor terapie) tot 'n toestand van aangeleerde vinding= rykheid. Die groep het selfs gerapporteer dat hulle hul nuutgevonde "coping skills" (hanteringsvaardighede) suksesvol kon toepas in sulke diverse spanningsomstandighede soos tandartsbesoeke en eksamensituasies (a.w., p. 159).

### 1.7.2.3 EVALUERING VAN DIE GEDRAGSTERAPEUTIESE BENADERING TOT ANGS

#### 1.7.2.3.1 MENSBESKOULIKE GRONDSLAE

Pervin (1970, p. 441) tipeer die mensbeskouing onderliggend aan die gedragsterapie in terme van drie aspekte: die basiese hedonisme wat in die uitgangspunte van die gedragsterapie onderskei kan word; die klem op aangeleerde gedrag by wyse van assosiasie, en die beklemtoning van die belangrikheid van die omgewing in die bepaling van menslike gedrag. Enkele konsekwensies van bogenoemde ten opsigte van die angs= beskouing en benaderinge tot angsterapie word vervolgens aangedui.

#### 1.7.2.3.2 ANGSBESKOUING

Evaluering van die gedragsterapeutiese angsbeskouing vereis oorweging van die volgende essensies: die beklemtoning van patologiese angs as "wan= aangepaste aangeleerde gewoontes"; die geringe, indien enige onderskeid tussen konstruktiewe en destruktiewe angs, en die feit dat veral die aanvanklike angsbeskouinge sterk op die resultate van diere-eksperimente gebaseer is (vergelyk Wolpe se eksperimente met katte).

Positiewe aspekte van hierdie benadering tot angs is die volgende:

- ŉ reeks buigbare, praktiese, konstruktiewe tegnieke ter vermindering van angs;
- massas navorsingsprojekte ter verbetering van bestaande metodes;
- ontwerp en evaluering van nuwere, meer verfynde benaderings tot angs=vermindering;
- ŉ ontvanklike instelling ten opsigte van integrasie van bruikbare metodes vanuit ander verwysingsraamwerke (vgl. die voorbeelde van Lazarus en Jacobs, genoem in die bespreking), en
- metodes wat die heersende tendens tot selfhelptegnieke verder bevor=der (gvl. Burton, 1980, p. 3).

KRITIEK

Veral Burton (1976a, p. 115) maak sterk beswaar teen die geldigheid van die diere-eksperimente; ŉ kritiekpunt wat vermoedelik veral gemik is teen die werk van Wolpe. Die uitgangspunt is dat die kompleksiteit van die menslike gees en sy gedrag dus nie regstreeks herlei kan word na die reaksies van diere op sekere prikkels nie: dierlike gedrag kan dus nie as optimale model dien vir die vasstelling van sekere inligting wat daarna in parallelle situasies op menslike gedrag van toepassing gemaak word nie.

### 1.7.2.3.3 DIE BESKOUINGE IN VERBAND MET ANGSTERAPIE

ESSENSIES:

- Angs word so spoedig moontlik in terapie gereduseer deur ŉ verskeiden=heid ontspannings-, kognitiewe wysigings- en herkondisioneringsmetodes.
- Die proses word gekenmerk deur tegniekgesentreerdheid en minder klem op verhoudingsaspekte.
- In spesifieke benaderings, byvoorbeeld dié van Ellis, word die kliënt doelbewus geleer dat hy nie die middelpunt van die skepping is nie en dat dit dwaas is om te glo dat ŉ God sy lewe beheers of om gods=diens agter te laat en bloot vanuit rasionele denke die lewe te leef (vgl. Ellis, 1974, p. 197).

POSITIEWE ASPEKTE:

- Gedragsterapie fokusseer sover moontlik op 'n wetenskaplik-verantwoord= bare proses, meetbare resultate en duplisering van resultate in af= sonderlike toepassings. As sodanig moet hierdie proses noodwendig lei tot 'n verhoging van die kwaliteit van terapeutiese werk.
- As reaksie op die soms jarelange psigoanalitiese terapieë is dit ook uit kliënte-oogpunt besonder voordelig, omdat dit ingestel is op korttermynbehandeling.

KRITIEK

Angsterapie as poging tot angsreduksie binne die kortste moontlike tyd is bevraagtekenbaar, omdat dit die mens moontlik van meer potensieel konstruktiewe aspekte van angs ontneem. Costello skryf dat bogenoemde beskouing moontlik 'n uitvloeisel van die onderliggende mensbeskoulike uitgangspunt ten opsigte van hedonisme kan wees. Hy beklemtoon dit egter dat die angs by die mens nie slegs vermydingsgedrag verteenwoordig soos by diere nie, dog dat dit die mens juis kan dien deurdat dit (angs) hom op nuwe situasies kan voorberei en derhalwe sy ontwikkeling kan fasili= teer (1976, p. 129). Burton kritiseer ook die klem op angsreduksie sonder werklike begrip van die eksistensiële situasie van die kliënt. Sy kritiek is hoofsaaklik gemik teen die mediese model waarop die gedrags- terapie gebaseer is, dit wil sê die uitgangspunt dat as die "pynlike" simptome uitgeskakel word, die individu homself sal hervorm. Hy skryf soos volg: "Unfortunately, where a central and depthful conflict exists, the basic fault, where a deep damage has been done in childhood, and later, no ultimate cure is possible without uncovering it, and then finding new ways to cope and live" (1981, p. 4). Vergelyk ook Lowe (1969, p. 144) en Mikulas (1972, p. 145).

Vanuit christelike perspektief beskou, impliseer die gedragsterapeutiese benadering sekere eensydighede: dit gee skynbaar nie aandag aan die kon= struktiewe waarde van angs nie, en ignoreer waardes ten gunste van prag= matiese tegniekbeheptheid (en beeld menswees uit in terme van lusbevredi= ging sonder om die vormende waarde van spanning, worsteling en bestaans= angs in ag te neem).

SAMEVATTING

Die gedragsterapeutiese benadering word dus gekenmerk deur 'n aktiewe, simptoomgerigte benadering tot angsterapie. Laasgenoemde is die resultaat van 'n visie op angs wat grootliks aan die resultaat van laboratoriumeksperimente ontleen is.

Ofskoon hierdie benadering veral in spesifieke angstoestande, byvoor= beeld fobieë, hoogs doeltreffend funksioneer, ontlok dit die kritiek dat die persoonlikheidsverruimende potensiaal van angs nie optimaal benut word nie, omdat die klem so sterk op angsreduksie geplaas word.

Nogtans verteenwoordig hierdie benadering talle nuwe insigte en belowende benaderings - veral met betrekking tot studenteterapie.

## 1.7.3 DIE EKSISTENSIEEL-HUMANISTIESE BENADERING

ORIËNTERING

In hierdie bespreking word verwys na dié skrywers wie se werk in die literatuur onder een van bogenoemde benaminge tuishoort. Onder die humanisties-georiënteerde skrywers tel byvoorbeeld Maslow, Rogers, Severin, Perls, Moustakas en Shostrom (vgl. Bugental, 1963). Die eksistensiële skrywers is onder andere die volgende: Binswanger, Frankl, May, Bugental, Boss en Ledermann.

### 1.7.3.1 TEORETIESE UITGANGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN ANGS

Veral drie beklemtoninge word aangetref, naamlik

- angs as uitvloeisel van die menslike bestaan,
- angs as bedreiging van die kernwaardes van die individu, en
- angs as sinloosheidsbelewinge.

Elk van die beskouinge word oorsigtelik bespreek.

### 1.7.3.1.1 ANGS AS UITVLOEISEL VAN DIE MENSLIKE BESTAAN

Hierdie beskouing word veral deur Bugental gehuldig. Hy erken dat hy die grondliggende basis vir sy beskouing aan die wysgeer Tillich te danke het. Laasgenoemde het reeds in 1952 gepostuleer dat angs drie ontstaansgronde het, naamlik die bedreiging van noodlot en dood; die belewing van skuld en verdoeming, en die konfrontasie van leegheid en sinloosheid (Bugental, 1965, p. 285). By hierdie aspekte voeg Bugental selfs 'n vierde oorsprong van angs, naamlik die bedreiging van eensaam= heid en isolasie.

Groter duidelikheid oor die angsbeskouing blyk uit Bugental se onder= skeid tussen "normale" en patologiese angs. Eersgenoemde vorm van angs is die resultaat van die mens se onsekerheid oor sy toekoms: selfs die onsekerheid oor sy momentele belewinge: "Anxiety is my recognition that I do not know all that I need to know to protect that which I love and to forestall that which I fear" (a.w., p. 22).

DIE BEGRIP "EKSISTENSIëLE ANGS

Omdat hierdie vorm van angs 'n regstreekse uitvloeisel van die mens se beperktheid ("finiteness") is en dus 'n natuurlike angstoestand verteen= woordig, word dit van patologiese of neurotiese angs onderskei deur dit as "eksistensiële" angs te kwalifiseer. Vir Bugental is dit so 'n na= tuurlike meeganger van die menslike bestaan dat hy soos volg daaroor skryf: "Anxiety is our birthright, our condition, our natural accompaniment to being" (a.w., p. 42).

Eksistensiële angs val in vier vlakke uiteen. Elk van die vlakke hou met 'n gegewe aspek van menswees verband. Die vier aspekte is die volgende: beperktheid ("finiteness"); potensiaal tot aksie ("potential to act"); keuse en laastens afsonderlikheid ("apartness").

Eksistensiële angs in sy verskillende vlakke word soos volg met die verskillende bestaansaspekte in verband gebring:

. noodlot spruitende uit beperktheid;

. skuld spruitende uit die onvermoë tot aksie;

. leegheid spruitende uit die vermoë tot keuse;
. alleenheid spruitende uit afsonderlikheid ("separateness").

Bugental beklemtoon dat die mens sy eksistensiële angs nooit kan ont=glip nie. Hy het wel die keuse tot konfrontasie of verdringing daarvan. Konfrontasie met eksistensiële angs impliseer dat die mens die volgende aspekte op elk van die vier bestaansvlakke in sy bewussyn moet kan integreer:

. onsekerheid
. verantwoordelikheid
. outonomie
. afsonderlikheid.

Uit die voorgaande maak ondersoeker die afleiding dat angs volgens hierdie benadering veel meer positief bejeën word as in byvoorbeeld die denke van die psigoanalitici. Omdat angs as 'n natuurlike meeganger van die menslike bestaan geskets word, kan dit dus ook beskou word as potensieel belangrik vir die mens se ontplooiing. Perls, die vader van die Gestalt-terapie, 'n afdeling van die eksistensieel-humanistiese benadering, se koppeling van angs en "opwindingstoestande" is 'n verdere aanduiding van die kontrasterende denke van die genoemde benaderings (Perls, Hefferline en Goodman, 1974, p. 164).

Neurotiese angs (oftewel "dread") is die resulaat van pogings tot ver=myding van genoemde vlakke van eksistensiële angs. Daarom manifesteer neurotiese angs hom ook volgens Bugental op die vier vlakke van menslike bestaan, naamlik:

. magteloosheid spruitende uit ongekonfronteerde beperktheid;
. blaam/skuld spruitende uit ongekonfronteerde vermoë tot aksie;
. absurditeit spruitende uit die ongekonfronteerde keuse-potensiaal, en
. vereensaming ("estrangement") spruitende uit ongekonfronteerde afsonderlikheid ("separateness").

Waar die mens wel bereid is om sy eksistensiële angs in die gesig te staar en in sy bewussyn te integreer, kan hy sy lewe deur die volgende

vier aspekte in vervulling laat gaan: geloof ("faith"), vereenselwig=ing ("commitment"), kreatiwiteit en liefde. As die mens op hierdie wyse eg is (outentiek) in sy menswees, bevredig hy sy eksistensiële behoeftes op die volgende vlakke: gewortelheid ("rootedness"), identiteit, sinvolheid en verbondenheid.

1.7.3.1.2 ANGS AS BEDREIGING VAN DIE KERNWAARDES VAN 'n INDIVIDU

Hierdie beskouing verteenwoordig veral die denke van May. Laasgenoemde het die bedreiging van angs intiem as tuberkulosepasiënt leer ken. Hy definieer angs as "... the apprehension cued off by a threat to some value which the individual holds essential to his existence as a self" (1967, p. 72). Die aard van die bedreiging word soos volg gespesifi=seer: dit kan 'n bedreiging van die fisiese lewe wees, byvoorbeeld dood; of 'n bedreiging van die psigologiese lewe, byvoorbeeld 'n verlies van vryheid. Of dit kan 'n bedreiging wees van een of ander waarde wat die persoon as wesenlik vir sy bestaan beskou, byvoorbeeld die liefde vir 'n spesiale persoon, prestige binne die groep(e) waaraan die individu behoort, of 'n bedreiging van die godsdienstige lewe. Be=dreiging van belangrike subjektiewe waardes is dus vir May die wesenlike bron van angs.

DIE OORSPRONG VAN ANGS

Dit sien May in die bedreiging van die klein kind se primêre waarde, naamlik die behoefte aan liefde, sorg en sekuriteit via die moeder of moedersubstituut. Namate die rypingsproses vorder, ondergaan hierdie aanvanklike waardes egter wysiging: aanvanklik is die kind ingestel op die goedkeuring van die moeder, daarna op goedkeuring van die ewe=groep; nog later gaan dit om status in die kultuurmilieu, en nog later om 'n toewyding aan vryheid, godsdiens of byvoorbeeld die weten=skap (a.w., p. 74).

DIE ONDERSKEID TUSSEN NORMALE EN NEUROTIESE OF PATOLOGIESE ANGS

Die volgende is volgens May kenmerkend van die normale angsreaksie: dit is 'n reaksie wat nie buite verhouding tot die objektiewe bedreiging

is nie; dit staan los van verdringing of ander verdedigingsmeganismes en dit benodig geen neurotiese verdedigingsmeganismes vir die hantering van die angs nie. Voorts kan die angssituasie konstruktief en bewuste= lik gekonfronteer word, of die angsbelewing word verlig as die angs= stimulus verdwyn (May, 1977, p. 209).

Neurotiese angs is die teenoorgestelde hiervan. Dit is 'n reaksie wat buite verhouding tot die angsstimulus staan; dit behels verdringing en ander vorme van intrapsigiese konflik; dit word hanteer deur ver= skeie vorme van aktiwiteitsonttrekking ("retrenchment of activity") en bewussyn, byvoorbeeld inhibisies, simptoomontwikkeling en ander neuro= tiese verdedigingsmeganismes (a.w., p. 214).

#### 1.7.3.1.3 SINLOOSHEIDSANGS

Hierdie siening is hoofsaaklik in die psigologie uitgebou deur Frankl. Op grond van sy publikasies beskou Patterson (1966, p. 450) hom as die mees verteenwoordigende figuur in die hele eksistensieel-humanistiese psigologie. Om die rede word ook sy beskouing betrek.

As sodanig huisves Frankl se beskouing nie 'n angsteorie wat eksplisiet uitgespel word nie. Die afleiding word egter gemaak uit die werk van Tillich dat die gevoel van sinloosheid die moderne manifestasie van angs in die Westerse samelewing is (kyk 1.3.2). By implikasie verteenwoordig Frankl se werk dus wel 'n angsteorie, naamlik 'n teorie in verband met sinloosheidsangs.

#### DIE OORSPRONG VAN SINLOOSHEIDSANGS

'n Sleutelbegrip in die verband is die sogenaamde "eksistensiële frus= trasie" (Frankl, 1968b, p. 21; 1969, p. 159; 1978, p. 23). Laasge= noemde verskynsel impliseer 'n toestand van frustrasie ten opsigte van die mens se hoogste dryfveer. Volgens Frankl is dit die sogenaamde "wil tot betekenis". Die teenwoordigheid van 'n eksistensiële frustrasie dui nie as sodanig op 'n neurotiese toestand nie. Dit dui hoogstens konflik aan wat die persoon selfs tot voordeel mag strek. Die mens benodig juis konflik ter wille van wat Frankl noem

"... the striving and struggling for some goal worthy of him" (p. 166). Die mens gee dus gestalte aan sy lewe deurdat hy toelaat dat potensiële betekenisse (ook konflikterende potensiale) tot hom spreek, en hom inspireer om uitvoering aan lewensopdragte te gee.

So gesien open die ervaring van die sogenaamde eksistensiële frustrasie dus 'n nuwe spanningsveld met as een pool 'n potensiële betekenis wat vergestalt kan word, en as ander pool die mens wat die potensiaal kan verwerklik (a.w., p. 166).

Indien die mens via waarderealisering nie sy eksistensiële frustrasie in betekenisrealisering kan omskakel nie, bestaan die gevaar van 'n verdieping of intensivering van die toestand van eksistensiële frus= trasie tot die bekende eksistensiële vakuum. Die belangrikste mani= festasie van laasgenoemde is 'n toestand van verveeldheid, aldus Frankl. Andersyds kan die eksistensiële frustrasie ook gemasker word deur by= voorbeeld 'n wil tot mag, waaronder die drang om geld te maak, of in die wil tot plesier, byvoorbeeld seksuele vergrype.

Die eksistensiële vakuum is nie as sodanig patologies nie, dog kan ontaard in 'n neurotiese toestand, bekend as die sogenaamde noögene neurose. Volgens Frankl is laasgenoemde toestand nie die resultaat van instink= tiewe konflik soos in die klassieke psigoanalitiese model nie; dit weerspieël eerder die gevolg van geestelike konflik en eksistensiële frustrasie. In 'n resente publikasie word vermeld dat 10 onafhanklike studies aandui dat ongeveer 20% van alle neurotiese toestande aan noögene toestande toegeskryf kan word (Frankl, 1981, p. 73).

Frankl se insigte in die problematiek van die moderne mens geniet relatief wye erkenning: binne die denkraamwerk van eksistensieel-humanistiese psigoloë (vgl. bv. Maslow, 1971, p. 411), Jourard (1974, p. 78); psigoanalities-georiënteerde psigoloë (vgl. Burton, 1968, p. 55; 1978, p. 6); en selfs gedragsterapeute (vgl. Jacobs, 1972, p. 101).

Ondersoeker sien in Frankl se beklemtoninge ten aansien van sinvol= heid 'n konkrete uitbouing van verbandhoudende insigte wat reeds deur

Jung gepostuleer is. ŉ Aanduiding hiervan blyk uit die volgende uit=spraak: "A psychoneurosis must be understood, ultimately, as the suffering of a soul which has not discovered its meaning (Jung, 1974, p. 252).

### 1.7.3.2 DIE EKSISTENSIEEL-HUMANISTIESE BENADERING TOT ANGSTERAPIE

#### 1.7.3.2.1 BESKOUINGE IN VERBAND MET PSIGODIAGNOSTIEK

In teenstelling met die gedragsterapeutiese oriëntasie, waar ŉ veelheid van gestandaardiseerde vraelyste, spesifiek angsskale, as integrale komponente van die terapeutiese proses gebruik word, is die eksistensieel-humanistiese oriëntasie baie meer versigtig met die toepassing van klinies-diagnostiese instrumente.

ŉ Groeiende tendens tot ŉ meer positiewe gesindheid jeens toetsing word egter uit die literatuur afgelei. In 1964 verklaar Bugental byvoorbeeld dat die gereelde gebruik van psigodiagnostiese instrumente die optimale ontvanklikheidsatmosfeer vir terapie by beide kliënt en terapeut kan be=lemmer. Sy besware is veral die volgende:

- toetsing kan slegs aspekte van menswees na vore bring en is dus be=perkend, omdat die mens altyd meer is as die som van die dele;
- dit belemmer die optimale beskikbaarheid van die terapeut om sy kliënt ten volle in die hier-en-nou-atmosfeer van terapie te ont=moet, aangesien toetsing die illusie van valse sekerheid met be=trekking tot die kliënt as persoon skep en gevolglik die visie van die terapeut vernou;
- dit benadeel die kliënt omdat dit (toetsing) hom kan depersonaliseer tot ŉ studie-objek; en laastens
- ontneem toetsing die kliënt die volle geleentheid om oor homself te praat (1964a, p. 74-76).

In ŉ kritiese bespreking verklaar Sugermann (1978) egter na talle oor=wegings dat psigodiagnostiese evaluering wel "humanisties" kan wees, indien dit rekening hou met die uniekheid van die kliënt, sy beperkinge (patologie) sowel as sy bates; indien die verslag nie ŉ statiese uit=

eensetting van trekke of probleemareas verteenwoordig nie; en bowenal, indien die toetsing 'n poging is om deur middel van 'n persoonlike verhouding sodanige data te bekom dat realistiese aanbevelings gemaak kan word waar= op konstruktiewe hulp vir die persoon aangebied kan word (a.w., p. 19).

### 1.7.3.2.2 EKSPERIMENTELE BEVINDINGE IN VERBAND MET DIE EKSISTENSIEEL-HUMANISTIESE BENADERING TOT ANGS

In hierdie verband word veral twee belangrike meetinstrumente bespreek, naamlik die Sinvolheidstoets ("Purpose in Life Test"), kortweg bekend as die PIL, opgestel deur Crumbaugh en Maholick in 1964, en die Persoonlike Oriëntasievraelys ("Personal Orientation Inventory"), 'n selfaktualiseringskaal, kortweg bekend as die POI, wat gedurende 1963 deur Shostrom gepubliseer is.

#### 1.7.3.2.2.1 DIE SINVOLHEIDSTOETS

Hierdie vraelys was 'n uitvloeisel van 'n meer grondliggende vraelys, naamlik die Eksistensiële Geestesgesondheidskaal van Kotchen (1960). Laasgenoemde vraelys was die eerste poging tot kwantifikasie van basiese begrippe in die eksistensieel-humanistiese psigologie. Vrae het gesentreer om die volgende kernaspekte: uniekheid, verantwoorde= likheid, selfbevestiging ("self-affirmation"); moed, transendensie, geloof-oorgawe ("faith-commitment"), en wêreldbeskouing ("world view"), (Kotchen, 1960, p. 174-175).

As baanbrekerswerk was Kotchen se bevinding in verband met eksistensiële opvattinge van geestesgesondheid egter in sommige opsigte aanvegbaar. Resultate was slegs van toepassing op manlike proefpersone. Ander psigometriese gebreke het gespruit uit die samestelling van die vraelys (Crumbaugh en Maholick, 1971, p. 489).

Teen hierdie agtergrond het Crumbaugh en Maholick in 1964 die Sinvol= heidstoets die lig laat sien. Hul doel was om die empiriese bestaans= grond van Frankl se teorie in verband met die noögene neurose te verifieer.

Vir dié doel is sinvolheid gedefinieer as die ontologiese betekenis wat 'n persoon aan die lewe koppel. Belangrike oogmerke van die ondersoek was volgens Crumbaugh en Maholick die vrae of:

. die vraelys inderdaad 'n meting sou wees van wat Frankl met "wil tot betekenis" bedoel;
. die vraelysgegewens van tradisionele aanduidings van patologie (soos byvoorbeeld op die MMPI) sou verskil, en of
. die resultate tussen steekproewe van pasiënte en sogenaamde "normale" proefpersone sou onderskei.

Die resultate van die studie op 'n proefgroep van 225 proefpersone (sommige waarvan gehospitaliseerde pasiënte) het Frankl se noögene hipotese deurgaans bevestig.

Die drie belangrikste resultate was die volgende:-

. Die skaal het hoog gekorreleer met 'n vraelys wat Frankl self ontwerp het as 'n meting van die faktore in sy noögene neurose-konstruk.
. Die korrelasie tussen die skaal en die MMPI, een van die mees aan= vaarde metings van tradisionele opvattinge in verband met patologie, (veral neurotiese toestande) was laag.
. Die vraelysresultate het beduidend onderskei tussen pasiënt- en nie-pasiënt-populasies. Dit was ook duidelik dat sinvolheidstellings progressief verlaag het namate die erns van die patologie toegeneem het (a.w., p. 498).

Die belangrikste betekenis van Crumbaugh en Maholick se werk lê waar= skynlik in die volgende aspekte:-

. Dit het die stereotipe van die eksistensieel-humanistiese oriëntasie as 'n onkonsekwente, operasioneel-losse/diffuse konglomeraat van uit= eenlopende spekulasies verbreek met die daarstelling van 'n psigo= metries-aanvaarbare meetinstrument.
. Dit het die baanbrekerswerk van Kotchen verder aangevul en 'n instru= ment daargestel wat as stimulus vir verskeie verdere ondersoeke kon dien. Tot op datum is 'n hele aantal studies met behulp van die Sinvolheidstoets voltooi, asook met behulp van die komplementêre

skaal wat vervolgens opgestel is, naamlik die Soeke-na-Geestelike-Doelwitte-Toets, beter bekend as die SONG. Die vraelyste word in Hoofstuk II bespreek (vergelyk 2.3.9).

### 1.7.3.2.2.2 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIEVRAELYS

Crumbaugh en Maholick se vraelys kan beskou word as 'n geldigheidstudie van 'n belangrike aspek van kontemporêre eksistensiële psigologie, wat tans as 'n betekenisvolle diagnostiese instrument figureer. Shostrom se vraelys kan beskou word as 'n belangrike bydrae tot die terapeutiese praktyk van die eksistensieel-humanisties-georiënteerde psigoloog.

Shostrom skryf self in die verband dat tradisionele diagnostiese instru=mente 'n akkurate beeld van 'n persoon se patologie verskaf het. Die klem op patologie het volgens hom egter tot 'n negatiewe benadering van terapie gelei. Die hele proses is naamlik vanuit die patologie benader (1964, p. 207).

Uit 'n behoefte aan 'n meetinstrument wat 'n meer positiewe beeld van 'n persoon se geestesgesondheid in stede van 'n eensydige fokus op die patologie sou gee, het Shostrom die POI ontwikkel. Die grootste waarde van die instrument is dat dit die kliënt kan toerus met "... a 'launching pad' for the process of therapy which would then suggest directions for growth toward health" (a.w., p. 207).

Hierdie vraelys is inderdaad die neerslag van talle grondleggers van veral die humanistiese psigologie. Belangrike konsepte van skrywers soos Maslow, Rogers en Perls word daarin vervat en word in die sub=toetsskale weerspieël, byvoorbeeld selfaktualiserende waarde, eksis=tensialiteit, spontaneïteit, selfaanvaarding, aanvaarding van aggressie en kapasiteit vir intieme kontak.

Die wesenlike kenmerk van die POI is dat dit inderdaad tussen sogenaamde selfaktualiserende, "normale" en nie-selfgeaktualiseerde persone onder=skei (Shostrom, a.w., p. 217).

Die vraelys verskaf nie 'n eksplisiete angstelling nie. Onregstreeks kom angs egter wel in die sogenaamde Tydsbevoegdheidskaal ter sprake. Die uitgangspunt is dat die meer tydsbevoegde persone meer in die teenswoordige tyd leef (meer van die moment bewus is) dit wil sê in mindere mate van die hede "weggetrek" sal word as gevolg van skuld= gevoelens uit die verlede of angsbelewinge ten opsigte van die toekoms.

'n Volledige bespreking van genoemde drie vraelyste volg in Hoofstuk II. 'n Oorsig van bevindinge verbandhoudend met angs waarin die vraelyste gebruik is, volg in Hoofstuk IV.

#### 1.7.3.2.3 VOORBEELDE VAN SPESIFIEKE EKSISTENSIEEL-HUMANISTIESE BENADERINGS TOT ANGSTERAPIE

In ooreenstemming met die drie uitgangspunte ten opsigte van die etio= logie van angs, word vervolgens 'n oorsig gegee van die terapeutiese benaderings, gebou op genoemde uitgangspunte, naamlik:

- eksistensie-analitiese angsterapie
- waarde-oriënterende analitiese terapie
- logoterapie.

##### 1.7.3.2.3.1 EKSISTENSIE-ANALITIESE ANGSTERAPIE

Hierdie is Bugental (1965) se benadering tot die probleem van neurotiese angs. Die benadering kan gekarakteriseer word as 'n soeke na egtheid binne die raamwerk van 'n terapeutiese verhouding. Egtheid is vir Bugental die sentrale aanduiding van psigologiese welsyn (geestesgesond= heid). Die deurlopende lyn tussen angsbeskouing en angsterapie is dus dat eersgenoemde 'n toestand van nie-egtheid of onegtheid verteenwoordig as gevolg van die ontkenning of voorkoming van eksistensiële angs, terwyl angsterapie geleë is in 'n proses waardeur die kliënt stap vir stap tot groter egtheid gelei word deur die aanvaarding van eksisten= siële angs.

Uit Bugental se uiteensetting word dus afgelei dat neurotiese angs 'n

toestand verteenwoordig waarin die persoon se menswees nie in volkome harmonie met die gegewes van sy bestaan, te wete beperktheid, poten= siaal tot optrede, keuse en afsonderlikheid, is nie, en die persoon daarom nie eg is nie. Eksistensie-analise verteenwoordig dus die proses van

- bystand aan die kliënt om afstand te doen van sy distorsies van die werklikheid waardeur vergeefs getrag is om eksistensiële angs te voorkom, en
- begeleiding tot aanvaarding van die verantwoordelikhede en geleent= hede om as mens na groter egtheid te groei (1965, p. 31).

Waar neurotiese angs dus 'n verkleining van 'n persoon se bestaanswêreld tot dit wat hanteerbaar en verstaanbaar is, impliseer, word die tera= peutiese taak 'n filosofiese onderneming waarin die kliënt die geleent= heid kry tot 'n "daring to confront self-and-world" (a.w., p. 42). Bugental beklemtoon dat terapie nie 'n genesingsproses is nie - ook nie 'n proses is om te leer aanpas nie. "It is a facing of infinite un- adjustability" (ibid.).

Drie fases word in die terapeutiese proses onderskei, naamlik:-

- Ontsluiting; die analitiese fase waarin weerstande en oordrags= probleme deurgewerk word.
- Ontogogie, die fase waarin die kliënt begelei word tot potensiaal- realisering, aangesien die emosionele probleme op daardie stadium oorkom is.
- Transendensie: 'n fase waarin bewussynsbeperking in die gewone sin van die woord oorkom kan word, en die kliënt 'n groter belewing van eenheid met sy bestaanswêreld kan ervaar.

DIE ANALITIESE FASE VAN TERAPIE

In dié fase word veral op die angskomponente van weerstand en oordrag klem gelê. Bugental beklemtoon naamlik dat weerstande die prosesse aandui waardeur 'n kliënt van eksistensiële angs, dit wil sê die inhe= rente onsekerheid van menswees, probeer ontkom.

Die kliënt worstel dus in hierdie fase met sy bestaansonsekerheid. In dié verband bou eksistensie-analise op die insigte wat reeds uit Freud se werk na vore gekom het, maar wat in die lig van die volle menslike bestaan breër betekenisse dra as wat aanvanklik deur Freud daaraan ge= koppel is. Weerstand is so volgens Bugental nie slegs 'n verskynsel wat hom in die terapeutiese praktyk manifesteer nie - dit weerspieël 'n gesindheid wat die kliënt van die volle spektrum van die lewe weerhou (in diens van angsvermyding).

Ten opsigte van die terapeutiese proses verklaar Bugental die volgende:

. Geduldige luister gee die kliënt geleentheid om te praat en daaruit lei die terapeut die dominante emosionele tema af waarin die weer= stande hulle manifesteer. 'n Belangrike aspek om in gedagte te hou is die oorywerigheid om te "genees". Hieroor skryf Bugental soos volg: "... if we are wise we know that only the patient can meaningfully alter his own life and that we serve him best if we remain steady in our task of understanding him and aiding his awareness" (a.w., p. 111).
. In sy intervensies beoog die terapeut om die kliënt bewus te maak van enige distorsie van die situasie tussen terapeut en kliënt. Om die proses te fasiliteer, konsentreer Bugental op die volgende:

  - terugvoer waardeur die kliënt verlore, gealiëneerde aspekte van sy menswees kan herontdek;
  - vermindering van blaam;
  - aanduiding van die kliënt se behoefte aan bepaalde houdinge en standpunte, as aanduiders van weerstand;
  - onderstreping van die kliënt se "eienaarskap" van sy eie gedrag;
  - verandering van kompulsies na keuse-moontlikhede, en
  - beskrywing van wat die kliënt doen, eerder as van wat hy nie doen nie.

Tweedens kom oordrag as besondere manifestasie van weerstand aan die beurt. In dié verband is die volgende woorde van Bugental besonder insiggewend: "Inevitably he (die kliënt tydens sy kinderjare) is drawn into the mechanisms of others for forestalling their anxieties, and just as surely he establishes his own patterns for involving

others to the same end ... We give the name transferences to those resistances that involve other people as a way of trying to avoid existential or neurotic anxiety and that are then projected onto the therapist by the patient" (a.w., p. 64).

'n Belangrike onderskeid tussen weerstand en oordrag is die volgende: Weerstande dui op 'n proses waardeur die bewuswording van materiaal wat angs kan laat ontstaan (eksistensiële of neurotiese angs) voorkom word, terwyl oordrag bedoel is om die terapeut op so 'n wyse by die situasie van die kliënt te betrek, dat eersgenoemde sekere aspekte van die kliënt se worsteling met angs en onsekerheid kan oorneem (a.w., p. 138).

Die deurwerking van oordragsweerstande hang af van spesifieke aspekte wat byvoorbeeld na vore tree in die terapeutiese proses. So kan die terapeut uit die kliënt se stem sekere afleidings maak (byvoorbeeld 'n apologetiese, aggressiewe, eisende, of pleitende stem, terwyl die manier van praat ook 'n rykdom van gegewens kan verskaf, byvoorbeeld 'n besonder formele gedistansieerde manier (a.w., p. 145).

Uit die aspekte vorm die terapeut 'n beeld van die kliënt se verhoudings= repertoire en dit dien as leidraad vir die interpretasie van die oordrag.

Die eksistensiële krisis is 'n faset van terapie wat nie in alle terapeu= tiese prosesse voorkom nie, maar wat gekenmerk word deur die volgende:-

- Dit behels die uitbreek van eksistensiële angs, veral nadat bestaande verdedigings (weerstande) oorkom is en die kliënt sy werklike situasie ten opsigte van een of meer van sy bestaansgegewens in die gesig moet staar.
- Die eksistensiële krisis betrek die kliënt se totale lewensituasie (p. 171-172). In die hantering van die eksistensiële krisis waarsku Bugental teen die gebruik van herversekering, omdat dit manifestasies van teenoordragsgevoelens sou wees, sonder enige funksionele beteke= nis. Die taak van die terapeut is hoogstens om so eg moontlik in die stryd van die kliënt "teenwoordig" te wees.

DIE ONTOGOGIESE EN TRANSENDERENDE FASE VAN TERAPIE

Hierdie fase verteenwoordig 'n meer sintetiese proses wat op die deur= werking van angsprobleme volg en derhalwe die klem na potensiaalreali= sering verskuif. Die veronderstelling is dat die kliënt nou minder ge= slote is en meer gereed op emosionele en kognitiewe vlak om sy bewussyn en ervaringsfeer te verruim. Uiteraard sal die proses individueel ver= loop en by die spesifieke behoeftes van die kliënt aangepas word. In wese behels dit egter die begeleiding van die kliënt tot die mobilisering van genoegsame moed met die oog op die volgende: die realisering van geloof as 'n losmaking van die ou self (insluitende tipiese denkpatrone en handelswyses waardeur eksistensiële angs voorkom is; 'n aanvaarding van die onafwendbaarheid van noodlot en dood, en daaruit die sekerheid (geloof) in verband met die intrinsieke werklikheid van die ek-proses: die oorgawe aan die lewensuitdaginge in die vaste wete van die realiteit van die eie lewe. "Faith ... is objectless faith. It is the I affirming its own being" (a.w., p. 329).

Verder volg die realisering van "commitment" (oorgawe) in terme van die bestaansgegewe van potensiaal tot aksie; die verwerkliking van kreati= witeit en sinvolheid in terme van die bestaansgegewe van keuse, en die realisering van liefde in terme van die bestaansgegewe van afsonderlik= heid. Hierdie groeifase van terapie sluit ook aan by die algemene eksistensieel-humanistiese denkwyse oor terapie. (Vgl. bv. Rogers, 1961, Jourard, 1974; Schulz, 1977, en Rossi, 1967.)

1.7.3.2.3.2 WAARDE-VERHELDERENDE TERAPIE

As klinikus wat hierdie vorm van angsterapie bedryf, verklaar May dat angsbeheer nie primêr in die uitskakeling (eliminasie) daarvan geleë is nie, maar wel in die vermindering van die intensiteit daarvan (1967, p. 81). Hy stel dit soos volg: "The problem of the management of anxiety is that of reducing the anxiety to normal levels, and then to use this normal anxiety as stimulation to increase one's awareness, vigilance, zest for living (1977, p. 364).

ASPEKTE VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES

In ooreenstemming met die globale denke van die eksistensieel-humanis= tiese psigoloë het May nie 'n gesistematiseerde benadering tot angs= terapie ontwerp nie. Relevante aspekte ten aansien van die terapie van angs wat in sy publikasies onderskei kan word, is egter die volgende:

- bewusmaking van konflik onderliggend aan die neurotiese angs
- verheldering van relevante waardes
- perspektief op medikasie tydens angsterapie.

BEWUSMAKING VAN KONFLIK ONDERLIGGEND AAN DIE NEUROTIESE ANGS

Geen stappe word in die bewusmakingsproses gespesifiseer nie. Die af= leiding word egter gemaak dat die terapeut die kliënt lei om self te eksploreer hoe hy 'n "normale" krisissituasie op destruktiewe wyse ge= hanteer het en so 'n teelaarde vir voortsetting van die angssituasie geskep het, totdat dit uiteindelik neurotiese dimensies aangeneem het.

May is daarvan oortuig dat as die kliënt sy angsbelewing weer as 'n "normale" ervaring kan sien, dit wil sê as 'n potensiële stimulus tot persoonlikheidsgroei, hy ook sal besef dat sy persoonlikheidskrag sal toeneem vir elke angssituasie wat hy konstruktief in die gesig kan staar. In die verband haal May vir Kierkegaard aan. Laasgenoemde skryf dat angs die mens se beste leermeester is en dat die mens wat geleer het om op die regte manier beangs te wees, die mees betekenis= volle les in sy lewe geleer het (1967, p. 81).

DIE IMPLIKASIES VAN WAARDES

Angsbelewinge is vir May 'n belangrike barometer van "gesondheid" van 'n kliënt se waardesisteem. As sodanig meen hy dat daar 'n omgekeerde ver= houding tussen angsbelewinge en waardesisteem bestaan (May, 1967). Die afleiding word dus gemaak dat hoe gemakliker 'n persoon 'n potensiële angssituasie hanteer hoe stabieler is die waardesisteem wat daardeur weerspieël word. Die omgekeerde is egter ook waar: hoe makliker 'n

persoon deur angs oorweldig word hoe meer bevraagtekenbaar is sy waarde=
sisteem.

In angsterapie is dit egter nie die terapeut se taak om aan 'n kliënt 'n waardesisteem te verskaf nie. Eweneens kan die terapeut ook nie toelaat dat die kliënt sy persoonlike waardes oorneem nie. Hy is hoogstens be= trokke by die kliënt se soektog na waardes wat meer ontplooiing kan bied.

May kwalifiseer hierdie waardes soos volg: dit is waardes wat aan die kliënt sekuriteit verskaf omdat dit sowel die hede as die verlede en die toekoms omvat. Sulke waardes hoef nie altyd verwerklik te word om sekuriteit te ervaar nie. Die sekuriteit lê volgens hom in die feit dat die kliënt hierdie waardes koester, en in terme daarvan altyd na vervulling daarvan bly soek (a.w., p. 82).

Die uiteindelike mikpunt van die terapeutiese proses is dat die kliënt 'n waardesisteem vind wat sy innerlike sekuriteit optimaal kan versterk.

IMPLIKASIES VAN MEDIKASIE

Waar 'n reeks angswerende medikamente dikwels in die behandeling van angsprobleme gebruik word, waarsku May dat sodanige hulpmiddele soms destruktief op die kliënt se uiteindelike welsyn kan inwerk. Hy gee toe dat medikasie soms essensieel is, byvoorbeeld waar die kliënt ander= sins die gevaar van 'n ineenstorting sou loop, of waar medikasie 'n voor= waarde is vir 'n sodanige vlak van kalmte dat dit 'n voorvereiste vir doeltreffende psigoterapie mag wees. In beginsel voel hy egter dat medikasie skadelike konsekwensies kan inhou "... to wipe away the anxiety is in principle to wipe away the opportunity for growth, i.e. the possibility of value transformation, of which anxiety is the obverse side" (1967, p. 82).

Vanuit logoterapeutiese oogpunt benadruk ook Kaczanowski (1967, p. 160) die feit dat spanning nie onnodiglik onderdruk moet word wanneer 'n kliënt besig is om met die sinvolheid van sy lewe te worstel nie.

Om die gevaar van psigiese demping met behulp van medikasie verder te verduidelik, onderstreep May dat simptoomverwydering, sonder dat die

onderliggende konflik waarop die neurotiese angs berus, bewus gemaak word, die kliënt ontneem van sy beste rigtingwyser en motivering vir selfbegrip en nuwe groei (1967, p. 82).

Samevattend: May se benadering beklemtoon dus ook die rol van waardes in sowel die totstandkoming van neurotiese angs as in die terapeutiese hantering daarvan.

1.7.3.2.3.3 'n LOGOTERAPEUTIESE BENADERING TOT SINLOOSHEIDSANGS

UITGANGSPUNTE

Die volgende aspekte kan uit verskillende publikasies geabstraheer word:

- Logoterapie is veral in gevalle van die sogenaamde noögene neurose 'n doeltreffende terapie. Met ander woorde waar sinloosheid, en uit=sigloosheid belangrike simptome van 'n kliënt se dilemma verteenwoor=dig, kan hierdie benadering langs die weg van sinduiding nuwe moont=likhede tot die belewing van sinvolheid ontsluit.
- Selfs in neurotiese toestande buiten noögene neurose, waar antisipatoriese angs 'n prominente faktor is, kan logoterapie met sy tegniek van paradoksale intensie en derefleksie doeltreffend toege=pas word.
- Omdat sinloosheidsprobleme essensieel geesteskonflik verteenwoordig, kan logoterapie verligting bring uit die feit dat dit gerig is op die mobilisering van die kliënt se geesteskragte en -waardes (Frankl, 1968b, p. 122).

SPESIFIEKE TEGNIEKE

SINDUIDING AS TEGNIEK VIR DIE HANTERING VAN NOÖGENE NEUROSE

In hierdie toestande waar angs dus diffuus is, as 't ware verberg word deur die oorheersende gevoel van sinloosheid, is die eerste doelwit om die kliënt weer toekomsbewus te maak. Dit is immers die sfeer waarin die moontlikhede tot betekenisverwerwing geleë is. Frankl skryf dan ook dat logoterapie minder introspektief en minder retrospektief is as by=voorbeeld psigoanalise (1969, p. 152).

Die kliënt word nie net met waardes (potensiale tot betekenisvolheid) gekonfronteer nie, maar ook met die realiteit van pyn, dood en skuld. Frankl skryf: "Pain, death and guilt are inescapable and the neurotic only entangles himself in additional suffering in any attempts to escape them" (1964, p. 11).

Die presiese uitvoering van die sinduidingsproses word nie verduidelik nie, dog Frankl stel dit ondubbelsinnig dat die terapeut self nie 'n sinvolle lewe vir sy kliënt kan uitwerk nie. Terapie bly 'n soeke na sin by wyse van waarderealisering op die vlak van kreatiewe waardes, belewingswaardes of houdingswaardes (1967b, p. 56). Om die proses te bevorder word sover moontlik op konkrete uitdagings in die lewe van die kliënt' gekonsentreer.

(Die vraag kom onwillekeurig op of die logoterapeutiese benadering nie inderdaad, soos May (aangehaal deur Bulka, 1978, p. 45) dit stel, byna 'n outoritêre sisteem is omdat die terapeut in die sinduidingsproses so aktief en rigtinggewend te werk gaan nie. Frankl benadruk egter dat logoterapie hoogstens "opleiding tot verantwoordelikheid" wil wees (vgl. Fabry, 1981, p. 7).

PARADOKSALE INTENSIE EN DEREFLEKSIE

Die situasies waarin angs as fokuspunt van die terapeutiese proses eksplisiet ter sprake is, is veral fobieë, obsessiewe toestande en seksuele probleme. Die kernfeit wat hier figureer, is dat antisipato=riese angs dikwels die spesifieke situasie waarvoor die kliënt bevrees is, veroorsaak (Frankl, 1975a, p. 306).

Hoe meer die kliënt dus beangs is oor 'n moontlike terugkeer van 'n pyn=like simptoom, hoe groter die waarskynlikheid dat dit wel kan plaasvind. So word 'n selfonderhoudende bose kringloop geaktiveer: 'n simptoom ont=lok 'n fobiese vrees, die fobie ontlok weer die simptoom en dit lei tot versterking van die fobie.

Antisipatoriese angs is dus die belangrikste terugkoppelingsmeganisme in neurotiese toestande, aldus Frankl, en lei vervolgens tot verskeie reaksies: 'n vlug uit die vreessituasie ("flight from fear", a.w.,

p. 320), 'n reaksie wat volgens Frankl die beginpunt van enige angs= neurose verteenwoordig (a.w., p. 320).

Die obsessiewe persoon is weer geneig tot 'n "vrees vir homself" en probeer fanaties teen die opdringende obsessies en kompulsies veg. Ook die situasie skep 'n bose kringloop ("fight against obsessions"), waardeur spanning toeneem.

In die geval van seksuele probleme waar 'n persoon oormatig sterk inge= stel mag wees op die verkryging van seksuele lusbevrediging, ervaar hy wat Frankl noem 'n "fight for ... sexual pleasure" (ibid.).

In die eersgenoemde twee gevalle (dit wil sê fobieë en obsessiewe toe= stande) word dus van paradoksale intensie gebruik gemaak. Dit kom neer op 'n aanmoediging van die kliënt om dit wat hy vrees, te doen, of te wens dat dit wat hy vrees 'n werklikheid sal word (Frankl, 1968b, p. 146, 1975a, p. 307; 1978, p. 117).

Omdat die seksuele neuroses weer met 'n oormaat attensie gepaard gaan, word die tegniek van derefleksie gebruik om kliënte te help om hul oor= matige selfwaarneming teen te werk en hul gerigtheid op lusbevrediging te verminder deur hulle op die behoeftes van hul vennote toe te spits, en ander, sinvoller waardes te verwerklik (Frankl, 1967a, p. 349). "It is not the neurotic's self-concern, whether pity or contempt, which breaks the vicious circle; the cue to cure is self-commitment (Frankl, 1967b, p. 258).

In die mobilisering van die kliënt se geesteskrag om bogenoemde doel= witte te bereik, word sterk geleun op die uniek menslike eienskap van humor. Dit stel die kliënt naamlik in staat tot losmaking van homself, selfspot en belaglikmaking van simptome. Frankl beklemtoon dit dat hierdie aspek die mens kan help om bo homself uit te styg en objektiewe waardes in 'n gegewe situasie te kan verwerklik.

## EKSPERIMENTELE VERIFIKASIE VAN PARADOKSALE INTENSIE

Literatuurstudie weerspieël 'n verrassende wye aanvaarding van die

geldigheid en bruikbaarheid van genoemde tegniek. Die humoraspek sluit eerstens aan by ander beklemtoninge in die verband. Greenwald (1977, p. 164) beweer naamlik dat daar niks so terapeuties vir angssituasies is as juis humor nie.

Tweedens vermeld Frankl 'n hele aantal bevindinge waarin gedragsterapeu= tiese ondersoeke gunstige uitsprake oor paradoksale intensie lewer. (Vgl. bv. Lazarus, 1971; Agras, 1972 en Solyom et.al. 1972, in Frankl, 1978, p. 122-124.)

### 1.7.3.3 EVALUERING VAN DIE EKSISTENSIEEL-HUMANISTIESE BENADERING TOT ANGS

#### 1.7.3.3.1 DIE MENSBESKOULIKE UITGANGSPUNTE

Belangrike kenmerke van die mensbeskouing onderliggend aan hierdie benadering is onder andere die volgende:

. Die mens is vry om te kies maar ook vry tot verantwoordelikheid (Frankl, 1967b, p. 5);
. Die mens beskik oor die vermoë tot selftransendensie;
. Die mens is voortdurend in wording (vgl. Bugental, 1964b, p. 22).

In wese is hierdie beskouing versoenbaar met 'n Christelike mensbeskouing, in soverre dit verskeie raakpunte bied. Voorbeelde hiervan:

. die klem op waarderealisering;
. die egtheid van skuld en angs;
. die implikasies van vryheid van keuse en verantwoordelikheid;
. die etiese en morele belang van die motivering tot voortdurende groei en persoonlikheidsontplooiing.

Meer spesifiek is veral Frankl se mensbeskouing van die mens as fisies-psigies-geestelike eenheid met sy hoogste motivering die wil tot be= tekenis besonder bruikbaar as model vir menswees. Frankl benadruk dit dat die mens se soeke na sinvolheid wesenlik religieus gewortel is (1975b, p. 10).

Die eksistensieel-humanistiese mensbeskouing kan dus nie uit Christelike perspektief verwerp word nie. Dit het egter beperkinge, wat duidelik blyk in die konsekwensies van hierdie model vir die terapie van angs.

#### 1.7.3.3.2 DIE ANGSBESKOUING

Essensies van die eksistensieel-humanistiese angsbeskouing sluit in:

. dat angs met die mens se lewenshouding, lewenswaardes en lewenstyl in verband gebring word en dus in die konteks van die persoon as totaliteit geplaas word;
. dat dit die invloed van die heersende tydgees adem (veral Frankl se sinloosheidskonstruk en identifikasie van die spesifiek twintigste-eeuse noögene neurose, en
. dat die rol van keuse, opsegging of ontvlugting van verantwoordelik= heid tot groei en wording beklemtoon word (vgl. Bugental, en die be= vestigende beskouinge van bv. Temerlin, 1963, p. 40) wat eksplisiet verklaar dat die Freudiaanse verdedigingsmeganismes niks anders is nie as pogings tot vermyding van die angs van keuse en verantwoorde= likheid.

Die angsbeskouing wat verteenwoordig word deur onder andere bogenoemde aspekte kan getipeer word as gebalanseerd, kultureel en tydgeestelik relevant, realisties, wetenskaplik versoenbaar en daarom klinies bruik= baar.

#### 1.7.3.3.3 DIE BESKOUING TEN OPSIGTE VAN ANGSTERAPIE

Essensies van die benadering tot angsterapie soos uit die bestudeerde beskouing blyk, kan soos volg saamgevat word:

. Angs word as basiese uitvloeisel van menswees erken.
. Dit word na realistiese dimensies herlei deur middel van terapie
. en as groeiprikkel optimaal ingespan tot persoonlikheidsgroei. Waar dit as sinloosheid gemanifesteer word, word die potensiaal tot 'n soeke na sinvolheid gemobiliseer ten einde nuwe betekenismoont= likhede te ontdek.

KONSTRUKTIEWE ASPEKTE

. Gevoeligheid vir die ontologiese aard van angs verseker konstruktiewe pogings tot integrasie van die angs as prikkel tot verdere persoonlik=heidsgroei.
. Dit is kultureel relevant, omdat dit angs in sy verskillende gestaltes (veral as sinloosheid) identifiseer en probeer transformeer na 'n konstruktiewe verwerkliking van lewenswaardes.

KRITIEK

Dit bly 'n sekulêre benadering waarvolgens angs slegs op horisontale vlak gehanteer word. Hierdeur word die proses van angsterapie - veral vir die Christenkliënt - beperk tot 'n beperkte, eensydige onderneming. Die Bybel gee immers belangrike riglyne wat juis in die terapie van angs besonder waardevol kan wees byvoorbeeld die beklemtoning dat die liefde die vrees (angs) na buite dryf; en waar gebed die mens juis met God se liefde kan verbind, sou 'n Christelike benadering tot angsterapie ook voorsiening moes maak vir 'n inleiding van die kliënt in die werklik=heid van gebedsdialoog (vgl. bv. Farnsworth, 1975, p. 47) in die verband. (Natuurlik sou alles afhang van die ingesteldheid, motivering en gods=dienstige oriëntasie van die kliënt.)

SAMEVATTEND

Die eksistensieel-humanistiese benadering tot angsterapie verteenwoordig 'n gebalanseerde, bruikbare benadering, dog gaan mank aan die beperking van 'n sekulêre mensbeskouing, spesifiek ten opsigte van die terapeutiese praktyk.

## 1.7.4 DIE OUDIOPSIGOFONOLOGIESE BENADERING TOT ANGS

ORIËNTERING

Oudiopsigofonologie (OPF) verteenwoordig die studie van die onderlinge verband en wisselwerking tussen die mens se luister- en gehoorsvermoë, (oudio), sy psigologiese instelling (psigo) en sy kontrole oor taal en spraak (fonologie). As sodanig verteenwoordig hierdie studie 'n nuwe

wetenskap, gebaseer op die raakpunte van die dissiplines wat in die voorgaande omskrywing ter sprake is, en wat aan die lig gebring is deur die Franse foniatris, Tomatis.

In die hieropvolgende uiteensetting sal aangetoon word dat OPF in sowel teoretiese beskouing as terapeutiese benadering tot angs, aansluit by, en verdere implikasies ontgin ten opsigte van die vorige drie be= skouinge. Soos die psigoanalise voer dit angs byvoorbeeld ook terug na die ouer-kind-verhouding, en in die beskouing oor die gevolge van angs, blyk ook die belangrike kondisioneringskomponent daarvan (soos by die gedragsterapie). In die terapie van angs beklemtoon OPF ook die impli= kasies van die ouer-kind-verhouding soos die psigoanalitiese beskouing; bou dit 'n terapeutiese proses rondom die kondisioneringsimplikasies van gefiltreerde klanke, en ken dit 'n sentrale rol toe aan die implikasie van vryheid, verantwoordelikheid en keuse soos beliggaam in die eksisten= sieel-humanistiese benadering.

In die uiteensetting sal gepoog word om die eie bydrae van OPF tot die begrip van angs duidelik te stel, naamlik dat angs hom nie slegs mani= festeer in outonome aktiwiteit of verband hou met intrapsigiese konflik nie, maar ook verweef is met die subtiele interverwantskap van gehoor en luister, psigologiese instelling en taal en spraak; dat die verweefd= heid van angs in interpersoonlike verhoudinge nie slegs via die moeisame pad van gespreksterapie en medikamente (angsweerders) gehanteer hoef te word nie, maar via spesifieke prosedures versnel kan word indien die oor op fisiologiese vlak as poort tot kommunikasie op akoesties-fisio= logiese vlak eers vir openlike kommunikasie ontvanklik gemaak kan word; dat afgesien van angsvermindering, verskeie ander gunstige effekte bereik kan word, byvoorbeeld verskerpte kognitiewe funksionering, toe= name in die begeerte tot kommunikasie en groter interpersoonlike sensitiwiteit.

Soos met vorige besprekings sal die volgende skema gebruik word:

- teoretiese uitgangspunte ten opsigte van angs
- terapeutiese metodiek van OPF
- aansluitingsmoontlikhede ten opsigte van OPF en ander erkende terapeutiese benaderinge

- ŉ evaluering van OPF in terme van onderliggende mensbeskouing, angsbeskouing en die terapie van angs.

### 1.7.4.1 TEORETIESE UITGANGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN ANGS

#### 1.7.4.1.1 PRENATALE OORSPRONGE VAN ANGS

In sy uitgangspunte oor die ontstaan van angs vind OPF regstreekse aan= sluiting by die psigoanalitiese beskouing, in soverre angs gewortel is in die ouer-kind-verhouding. OPF huldig egter ŉ unieke beskouing, om= dat dit die ontstaan van angs na die verste verlede van die mens herlei, naamlik die prenatale periode.

Die sleutel tot begrip van hierdie beskouing is die feit dat gehoors= waarneming reeds prenataal plaasvind. Die menslike oor is naamlik die eerste sintuig wat ontwikkel - teen so ŉ tempo dat dit op 24 weke gereed is om indrukke soos die geluide van die visserale organe van die moeder, asook haar stem te registreer. Waarneming self is voorgeboortelik nie moontlik nie (vgl. Van Jaarsveld, 1974, p. 173).

Teen hierdie agtergrond beklemtoon Tomatis dat die moederstem ŉ belang= rike kondisioneringseffek op haar ongebore baba uitoefen. Hy laat hom soos volg hieroor uit: "... the root of this communication (die mens se kommunikasie met sy omgewing) should be located in utero where the very first communication occurs in the relationship between foetus and mother" (Tomatis, 1980, p. 11).

Drie aspekte spruit uit die voorgaande:

- binding ("bonding") tussen moeder en kind ontstaan prenataal via haar stem (vgl. Tomatis, 1978, p. 64).
- Gepaard met die totstandkoming van hegting tussen moeder en kind, ontstaan daar reeds prenataal in die ontwikkelende individu ŉ be= geerte tot kommunikasie.
- Angs kan dus langs die kanaal van prenatale akoestiese inprenting reeds voorgeboortelik ontstaan.

Die wyse waarop ŉ moeder met haar ongebore kind kommunikeer, manifesteer hom veral op twee vlakke: eerstens deur middel van orgaansgeluide en tweedens deur middel van haar stem self. Hoedanig hierdie kommunikasie op die fetus oorgedra word, is bepalend vir die emosioneel-voedende of angswekkende komponente daarvan. Indien die moeder relatief gesond is en indien haar gesindheid jeens die ongebore kind gunstig is, dit wil sê as sy die swangerskap aanvaar, kan verwag word dat haar ongebore kind haar stem veral in terme van "prenatale akoestiese inprenting" as aan= gename kommunikasievoedende prikkel sal ervaar. In die verband haal Van Jaarsveld (1974, p. 173) vir Tomatis aan, deur te verklaar dat die ongebore baba die affektiewe komponente van die moederstem onder die omstandighede as warm en melodieus sal ervaar.

In die omstandighede bied die prenatale fase dus geborgenheid (sekuri= teit) wat ŉ stewige basis verskaf vir die ontwikkelingsfases van die postnatale lewe.

Sou die moeder egter minder gunstig ten opsigte van haar baba ingestel wees, kan bogenoemde prenatale akoestiese inprenting ervaar word as kort, afgesnyde frases sonder enige emosionele warmte (Van Jaarsveld, a.w.).

1.7.4.1.2 POSTNATALE OORSPRONGE VAN ANGS

Ofskoon angs reeds prenataal kan ontstaan, impliseer dit nie dat alle angsstimuli ŉ prenatale basis het nie. Moontlike bronne van postnatale angs is onbeperk. Vanuit die oogpunt van OPF is die ouer-kind-verhou= ding egter die belangrikste ontstaansgrond van angs op postnatale vlak.

Om die impak van angs op postnatale vlak te begryp, moet Tomatis se denke oor die ontwikkelingsgang van die mens soos volg voorgestel word: omdat die kind die produk is van sy ouers, vorm vader en moeder twee pole; elk met eie simboliese betekenisse, wat deur hul interaksie ŉ basis vir die ontwikkelingsgang van die kind vorm.

Omdat die moeder aan die kind die lewe gee en sy vroegste herinneringe dus aan die moeder gekoppel is, verkry die moederbeeld bepaalde simbo=

liese betekenisse, naamlik assosiasies met die linkerkant, die verlede, afhanklikheid, liggaamlikheid en egoïsme.

Die vader beklee die teenoorgestelde pool met balanserende assosiasies, naamlik 'n verbinding met die regterkant, die toekoms, selfstandigheid, gees ("spirit") en altruïsme (Tomatis, 1980, p. 12; Van Jaarsveld, 1974, p. 193). Normale ontplooiing, dit wil sê, waar oormatige angs nie 'n belemmerende rol speel nie, impliseer dus dat die ontwikkelende individu progressief wegbeweeg vanaf 'n aanvanklike gebondenheid aan die moeder (met al die simboliese betekenisse wat aan haar gekoppel word) na die vader (met inbegrip van die betekenisse wat aan hom ge=koppel word) om homself uiteindelik as individu te kan realiseer.

In die kind se wordingsproses behoort hy verkieslik regshandig en veral regsorig te word (dit wil sê lateraliteit aan die regterkant te vestig, omdat die vader aan die regterkant "begryp" moet word) (Tomatis, 1980, p. 12).

Indien die ouerlike verhouding onderling, en ook die ouer-kind-ver=houding nie sekuriteit vir die kind impliseer nie, kan die ouer-kind-interaksie angs in die kind meebring.

In hierdie opsig sluit die OPF-teorie dus aan by die algemene psigo=analitiese denkwyse, soos dit byvoorbeeld vergestelt is in die werk van Horney (1937), wat ook beklemtoon dat angs die resultaat is van nie-realisering van die kind se behoefte aan basiese sekuriteit.

Afhangende van die tydstip waarop die angssituasie intree, asook die intensiteit daarvan, sal die manifestasie en gevolge daarvan omvang=ryker of geringer wees.

#### 1.7.4.1.3 DIE GEVOLGE VAN ANGS

DIE GEVOLGE VAN PRENATAAL-GEFUNDEERDE ANGSSTIMULI

Al sou prenatale angsstimuli nie sigbaar in die prenatale fase gemani=festeer word nie, kan dit steeds nadelige gevolge vir die ontwikke=

lende individu meebring, omdat dit implikasies vir postnatale kommuni= kasie tot gevolg kan hê. So byvoorbeeld kan 'n eensydige binding aan die moeder- of moedersubstituut hieruit spruit. Die rasionaal is dat sulke angsstimuli onuitwisbare inprentings op die neurone van die ontwikkelende senustelsel laat wat tot latere kommunikasiesteuringe soos byvoorbeeld hakkel en disleksie, kan lei.

GEVOLGE VAN POST-NATAAL-GEFUNDEERDE ANGSSTIMULI

Drie stelle gevolge kan in die verband onderskei, dog nie van mekaar geskei word nie, naamlik waarnemingsontrowing, psigosomatiese ver= steuringe en lateraliteitsprobleme. Elk word kernagtig bespreek.

WAARNEMINGSONTROWING (PERSEPSUELE DEPRIVASIE)

Angsstimuli in terme van eksterne prikkels, byvoorbeeld 'n kwaai ouerlike stem (byvoorbeeld die moeder wat onredelik hard of intens met haar jong kind raas) verarm die luisterfunksie van die oor tot blote hoor. Van Jaarsveld skryf soos volg: "'n Affektiewe skok kan die klankontmoeting tot 'n pynlike en uitputtende ervaring verander. Dan is die oor geneig om sy analiseringsvermoë, noodsaaklik vir taal in te boet en val hy terug op sy funksie as waarskuwingsorgaan vir gevaar" (1978, p. 2).

Wat wesenlik gebeur, is dat die tensor timpani (die oordromspier) onder hierdie bogenoemde omstandighede so reageer dat die trommelvlies ontspan. Dit bevorder die oordrag van laefrekwensieklanke, waardeur ook die op= wekking van energie via die cochlea nie optimaal kan plaasvind nie. Dit werk mee tot die sogenaamde massavibrasiekurwe waardeur veral lae frekwensies optimaal waargeneem word, ten koste van die waarneming van hoër frekwensies. Die massavibrasiekurwe verteenwoordig dikwels die tipiese fisiese gehoorsgedrag van die beangste persoon: voorkeur word gegee aan 'n wyse van gehoor waardeur die persoon verdedigend teenoor klank reageer (vgl. Van Jaarsveld, 1978, p. 2).

Die afleiding word dus gemaak dat verdedigingsmeganismes, volgens die beginsels van OPF by fisiologiese prosesse in die gehoor kan begin. Dit kom neer op 'n regressie van die oor se luisterfunksie na sy oor= spronklike funksie, wat 'n verdedigende funksie is. Hierdie wysiging

van gehoorsgedrag impliseer verdere probleme: omdat die persoon ver= dedigend in kommunikasiesituasies reageer, kan psigologiese groei nie plaasvind nie en dit kan verdere angsbelewinge tot gevolg hê (vgl. ook Jourard, 1974, p. 174-201).

Vanuit die gebrekkige waarneming van hoëfrekwensieklanke kan angs ge= volglik 'n veelheid van simptome van kommunikasiesteuringe tot gevolg hê, byvoorbeeld hakkel en disleksie (vgl. Brink, 1966, p. 51-52).

Waarnemingsontrowing gaan ook gepaard met seleksieblokkeringe, dit wil sê 'n verswakking van die vermoë om klankindrukke te herken of te ver= staan. Met 'n selektiwiteitsblokkering kan 'n persoon wel hoor, maar nie luister, dit wil sê integreer en behou wat hy hoor nie. Van Dyk meen dat die geslote selektiwiteit by die beangste persoon gemanifes= teer word in vergeetagtigheid, rigiditeit en ooraktiewe emosionaliteit (1973, p. 43).

Ook op kognitiewe vlak hou die massavibrasiekurwe vir die beangste individu probleme in. Kortikale impulse bereik wel die primêre sensoriese areas in die brein (area 41 van Broadman), maar nie die assosiasieareas waar interpretasie geskied nie, en ook nie die naby= geleë geheueareas waardeur die intellektuele prosesse gestimuleer word nie (Van Jaarsveld, 1972, p. 17; Van Dyk, 1973, p. 43).

In hierdie verband sluit die aanvegbare beskouing van Janov op verras= sende wyse by die uiteensetting van Tomatis aan. Luidens Janov kan patologie verklaar word in terme van bedreigende boodskappe (wat ondersoeker as angsstimuli vertolk) wat in die brein geblokkeer word.

Meer spesifiek: vanuit die frontale korteks word pynlike impulse (byvoorbeeld ouerlike dreigemente) van bewuswording verhoed, deur 'n boodskap na die hippokampus om die impulse te inhibeer (van bewuswor= ding te weerhou). Ofskoon die pynlike stimulus nie in 'n bewuste ge= waarwording omgesit kan word nie, omdat dit die individu met angs sal oorspoel, kan die impuls via die laer breinsentra na verskeie liggaamsisteme herlei word, byvoorbeeld na die hart en die longe. Janov skryf in die verband: "Although the transmission to conscious

awareness has been stopped, the aroused feelings have access to lower brain centers which innervate the whole body. The body reacts to the meaning of the stimulus even though there is no conscious awareness (blood pressure increases, muscles contract, sweating occurs, etc.") (1978b, p. 91).

MOONTLIKE PSIGOSOMATIESE VERSTEURINGE

Die moontlikheid van psigosomatiese versteuringe as manifestasie van angs is wel bekend. Tomatis skryf egter ingrypende betekenis aan die rol van spesifieke senubane in die verband toe. Veral die implikasies van die vagussenuwee word beklemtoon. Die belang en anatomiese ver= loop van die vagus word volledig deur Van Jaarsveld bespreek (1974, pp. 163-166). Gevolglik word volstaan met die opmerking dat die massavibrasie van die trommelvlies 'n eksiterende invloed op die vagus (deur sy ourikulêre vertakking) uitoefen. Die totale innerverings= gebied van die vagus word hierdeur geraak. Sodoende word die moontlik= heid van opwekking van psigosomatiese versteuringe vergroot (Van Jaarsveld, a.w., p. 320).

Die mate waarin angs tot siektetoestande aanleiding kan gee, is volgens Tomatis baie uitgebreid: "... we could also include in this list psychosomatic disorders, ear infections, tonsilitis vertigo (such as Menier's), psychological deafness and, finally, epilepsies which are actual self-induced electric shocks which put an end to an overriding pain provoked by anxiety" (1980, p. 13).

LATERALITEITSVERSTEURINGE

Die standpunt is reeds gestel dat die normaal ontwikkelende kind, vol= gens OPF regsorig (en regshandig) behoort te word. Daardeur word die linkerhemisfeer die beste gevoed vanuit die regteroor en regterhand en kry die brein (linkerhemisfeer) die ideale stimulasie ter wille van sy taak van sensories-motoriese funksies en kan die linkerhemisfeer sy kontrolerende funksies goed uitvoer (Tomatis, 1980, p. 8).

Implikasies van angsprobleme kan meewerk tot 'n verswakking van laterali= teitsvestiging aan die regterkant, of tot 'n vestiging aan die linkerkant.

Dit kan byvoorbeeld gebeur omdat ŉ oorbeskermende moeder haar kind een=sydig aan haar kan bind, sodat hy nie optimaal onder die invloedsfeer van die vader (die simboliese verteenwoordiger van die taalfunksie) en daardeur die weg na die lewe en ander persone blootgestel en voldoende "regs" kan word nie.

Tweedens kan ŉ vader so outoritêr teenoor sy kind (veral as dit ŉ seun is) optree, in reaksie op die besitlikheid van die moeder, dat die vader=beeld nie positief op die seun se psige afgeëts kan word nie (Van Jaars=veld, 1974, p. 204).

Gebrekkige kommunikasie tussen beide ouers mag verder sodanige ontwrig=ting in die kind bewerkstellig, dat hy die ouerlike twee-eenheid nie in sy bewussyn kan introjekteer nie (Van Jaarsveld, <u>in</u> Peché, 1975, p. 69). Reaksiepatrone wat hierop kan volg, sluit in: groter vatbaar=heid vir lewensangs, kommunikasieverarming, liggaamsbeeld- en lateraliteitsversteurings. Laasgenoemde rem ook die ontwikkeling van volwaardige taalbeheer en dit kan weer meewerk tot ŉ swak selfbeeld.

### 1.7.4.2 DIE OUDIOPSIGOFONOLOGIESE PROSEDURE MET BETREKKING TOT ANGSTERAPIE

#### 1.7.4.2.1 DIE DIAGNOSTIESE BENADERING TOT ANGSPROBLEME

Die belangrikste instrument in hierdie verband is die Luistertoets. Dit word deur Tomatis self omskryf as ŉ meting, nie net van hoe akkuraat ŉ persoon kan hoor nie, maar ook van die mate waarin hy ge=motiveerd is om te luister. Voorts verklaar hy: "Listening aptitude reveals the degree of integration between die inner being and the outward personality" (1980, p. 18).

Vir ŉ volledige bespreking van die rasionaal, toepassing en interpre=tasie van die toets word verwys na Tomatis (1973) en Van Jaarsveld (1974). Vir die doel van die huidige bespreking word die klem slegs op die betekenis van die Luistertoets in die hantering van beangste persone geplaas.

### 1.7.4.2.1.1 DIE BETEKENIS VAN DIE LUISTERTOETS IN DIE HANTERING VAN BEANGSTE PERSONE

As hulpmiddel tydens eerste onderhoude kan dit die volgende voordele bied:

. Dit is nie-bedreigend: die toepassingsprosedure, wyse van motivering, en tegniese aspekte tydens die afneem van die toets verseker dat per= sone nie die eise van ander "toetse" ervaar met meegaande vrese vir mislukking en verwerping soos byvoorbeeld met 'n intelligensietoets nie. In sigself skep die proses dus moontlikhede tot groter ontvank= likheid vir die daaropvolgende bespreking. Die feit dat die persoon op betekenislose klank moet reageer, voorkom dat verdedigings ge= mobiliseer word wat tot weerstand in die onderhoud kan lei. Die persoon voel ook in die reël nie dat hy gemanipuleer word of dat daar via die toetsafnemer oor sy gedrag beheer verkry word nie.

. In die reël bied die twee stelle kurwes 'n magdom klinies-relevante gegewens, byvoorbeeld ten opsigte van die volgende: die moontlike voorkoms van aggressiewe tendense in die sfeer van interpersoonlike verhoudings; seksuele probleme verwant aan die sogenaamde "druk van die id"-konstruk (vgl. die IPAT-angsskaal); onopgeloste af= hanklikheidsprobleme ten opsigte van die moederfiguur, of sterk introversiewe tendense uit die kinderjare.

. As hierdie tendense korrek deur die onderhoudvoerder waargeneem word uit die Luistertoets en in die konteks van aanvaarding, begrip en empatie aan die kliënt voorgelê word vir oorweging, word verskillende moontlikhede geopen:

  - groter openheid, vrymoedigheid en samewerking op grond van groei= ende vertroue in die bevoegdheid en sensitiwiteit van die terapeut;
  - sinvolle strukturering van die andersins sinlose bedreiging van angsbelewinge;
  - verdieping en versnelling van die eksplorasieproses wat tot groter helderheid oor die probleem en dus groter selfbegrip en selfaan= vaarding kan lei, en
  - opwekking van verwagtinge, hoop en geloof in die terapeutiese onderneming.

- Die voorgaande prosedure het nie slegs spanningsverligting tot gevolg nie maar ook dat die eerste onderhoud tot 'n dieper innerlike emosio= neel-kognitiewe ervaring omskep kan word, waardeur bepaalde terapeu= tiese effekte bereik kan word.

1.7.4.2.1.2 DIE BETEKENIS VAN DIE LUISTERTOETS IN DIE KONTEKS VAN 'n OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDINGSPROGRAM

Die Luistertoets vorm 'n integrale deel van die terapeutiese program. In die loop van 'n 100-sessieprogram word die toets minstens vyf keer herhaal en elke resultaat word met die kliënt bespreek.

In hierdie konteks kan die toets die volgende potensiële betekenisse dra:

- As grafiese weergawe van die stand van die terapeutiese proses. Omdat 'n intensiewe program wat binne drie weke voltooi word (ofskoon dit met opvolgprogramme gepaard kan gaan) veral in 'n kind maar ook in volwassenes talle nuwe reaksies kan ontlok, en die heersende dinamiek dramaties kan laat wysig, is dit essensieel om die proses noukeurig te kontroleer en hiervoor word die Luistertoets gebruik. In terme van die eerste toepassing wat as 'n "basislyn" gebruik word, kan dus 'n beeld van vordering verkry en relevante aanpassings in die stimuleringsprogram gemaak word.
- As raamwerk vir die strukturering van individuele onderhoude. Veral tydens nuwe fases van die OPF-program kan die Luistertoets soms nuttige struktuur aan die gepaardgaande onderhoud verleen, wat die terapeutiese proses verder kan stimuleer. Veral indien die toets aanduidings van weerstande gee, kan die betekenis daarvan ontgin en aanmoediging tot volharding verskaf word met betrekking tot die bepaalde struikelblok.

SAMEVATTEND

Die Luistertoets is maklik toepasbaar, wek nie onnodige weerstande nie en bevat data oor 'n breë spektrum wat die realiteite van die beangste persoon konkreet hanteerbaar maak en dus 'n gunstige klimaat vir

optimale motivering tot verandering kan skep. Verder is dit 'n nuttige wyse van kontrole op die terapeutiese proses wat stapsgewys die persoon se wordingsproses in terapie aandui.

### 1.7.4.2.2 DIE TERAPEUTIESE PROSES: OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDING MET BETREKKING TOT ANGSPROBLEME

'n Volledige beskrywing van die fases van die opleidingsproses word verskaf in Van Jaarsveld (1974). Aangesien die huidige studie spesifiek op angsprobleme betrekking het, word die bespreking van die opleidings= proses afgestem op die prosedures wat in die kliniese praktyk met vol= wassenes met angsprobleme onderneem word.

AANNAMES TEN OPSIGTE VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES

Angs lei tot 'n verarming van die luisterfunksie: reeds is aangetoon dat dit waarnemingsontrowing en moontlik lateraliteitsversteuring tot gevolg kan hê en daardeur die totale humanisering van die individu kan rem; insluitende die begeerte tot kommunikasie, en daardeur inter= persoonlike verhoudinge.

Deur middel van oudiopsigofonologiese opleiding kan die toestand van luisterfunksieverarming in mindere of meerdere mate opgehef word (afhangende van die omvang van die terapeutiese program). Opheffing van luisterfunksieverarming impliseer dat die individu in 'n groter mate van luisterpotensiaal gebruik maak vir kommunikasie na buite, en ook vir kommunikasie na binne (selfbeheer). In die proses vind verskeie reaksies op fisiologiese, psigologiese en kognitiewe vlak plaas, as gevolg waarvan onder andere angs afneem, selfvertroue toeneem en nuwe psigiese groei kan plaasvind.

Die proses bestaan uit twee aspekte: die opvoeding van die gehoors= funksie met behulp van elektroniese apparate en gefiltreerde klanke; en gepaardgaande terapeutiese gesprekke.

DIE VERLOOP VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES IN TERME VAN DIE OPLEIDINGS- EN GESPREKSTERAPEUTIESE ASPEKTE

In die bespreking word kortliks gelet op die drie fases wat in die proses onderskei word, naamlik die fase van toediening van gefiltreerde klanke, die fase van klankgeboorte en die aktiewe fase.

FASE VAN GEFILTREERDE KLANKE

Tydens die eerste fase is die klem op ontspanning, oftewel angsvermin= dering. Die proses geskied deur ŉ herblootstelling aan ŉ gesimuleerde prenatale belewing van geborgenheid. Vir die doel word verkieslik van gefiltreerde moederspraak gebruik gemaak, dog indien nie beskikbaar nie, van gefiltreerde opnames van Mozart se vioolkonserte.

Die blootstelling oor ŉ tydperk van 20-30 sessies van 30 minute elk aan hierdie klanke, hou die moontlikheid van verskeie gunstige reaksies in, naamlik:-

- Die klanke (gefiltreer teen 8,000 hz) skep ŉ simulasie van die prenatale klankomgewing, wat in terme van die teorie van OPF aspekte van die prenatale geborgenheid sal heraktiveer. Sarkisoff (in Van Jaarsveld, 1974, p. 257) noem gefiltreerde moederspraak ŉ kragtige teengif vir die bedreiging van angs).
- Selfs al was die kliënt se prenatale lewe onrustig as gevolg van moederlike probleme, kan die gefiltreerde moederspraak steeds ŉ kalmerende invloed uitoefen, op grond van die funksie van die elektroniese oor. (Vir ŉ volledige bespreking van die apparaat kyk Van Jaarsveld, 1974, p. 248-253). Tans word slegs vermeld dat Tomatis (1980, p. 19) die elektroniese oor (EO) omskryf as ŉ apparaat wat presies soos die menslike oor self funksioneer en verder die vermoë het om die menslike oor tot optimale verwerkliking van sy luisterpotensiaal te lei. Deur middel van die hekbeheersis= teem van die apparaat word die oordromme van die persoon wat aan ŉ oudiopsigofonologiese opleidingsprogram blootgestel word, dus ge= tonifieer en daardeur word die gehoor "gedwing" om ŉ luisterposisie in te neem.
- Volgens Tomatis is hierdie klanke besonder voordelig vir die

verwerking van psigiese trauma, omdat die hooggefiltreerde klanke betekenisloos is, en dus enige blokkades wat op thalamiese vlak mag voorkom, kan penetreer, ten einde die hoër kortikale areas, insluitende die assosiasie- en geheue-areas te stimuleer (Tomatis, 1978) (vgl. ook Brink 1966, p. 70).

. Gefiltreerde klanke is ook verantwoordelik vir 'n toenemende stimulasie op kortikale vlak, omdat gefiltreerde klanke in die orgaan van Corti in die binneoor omgesit word in energie-impulse wat uiteindelik die hele korteks dinamiseer. Die blootstelling aan gefiltreerde klank het dus ook 'n energiegewende invloed wat veral vir die geblokkeerde, beangste individu belangrike steun verskaf in sy wordingsproses (vgl. Madaule, 1976, p. 9).

Betreffende die gepaardgaande gespreksterapie word in hierdie fase gekonsentreer op die volgende: verkenning van die kliënt se belewing van angs, die aard van die probleme, relevante agtergrondgebeure en verhoudingslewe. Aanduidings van toenemende ontspanningsresponse word ook aangedui, omdat die kliënt dikwels nog nie wil aanvaar dat daar werklike ontspanning begin intree nie, selfs al is daar merkbare aanduidinge van groter ontspanning.

DIE FASE VAN KLANKGEBOORTE

Die nabootsing van prenatale belewinge word afgesluit met 'n simulasie van die geboorteproses op ouditiewe vlak. Gevolglik word die filtrasie van die moederspraak of gefiltreerde musiek progressief verminder tot waar dit ongefiltreerd aangebied word. Hierdeur word die kliënt se oorspronklike deurgang deur 'n watermilieu (die vrugwater) na 'n lugmilieu (die omgewing na geboorte) gesimboliseer.

Analoog aan die baba wat na geboorte 'n "afstiltingstydperk" deurloop voordat die moeder se stem weer waargeneem kan word, glo Tomatis dat die herontmoeting met die moederstem in ongefiltreerde vorm, veral deur dit so stap vir stap te normaliseer, 'n proses van affektiewe blokkering wat in die beangste persoon mag bestaan, kan ontsluit.

Waar die volwassene dikwels gedurende hierdie fase verrassende

nuwe ervaringe mag beleef, word die persoon ook gewaarsku dat nuwe sensasies en gevoelens tydelik ontstellend mag inwerk dog later sal wegval.

Met die aanbreek van die klankgeboortefase word die intensiteitstoevoer na die regteroor ook vergroot, ten einde die lateraliteit aan die regterkant te versterk.

DIE AKTIEWE FASE (OUDIOVOKALE KONDISIONERING)

Hierdie fase word slegs onderneem indien die kliënt blyke gee dat angs aansienlik verminder het, emosionele sekuriteit sterker gevestig is en die persoon in die algemeen gereed is vir die implikasies van 'n bewuste "dialoog" deur middel van die apparaat.

Spesiale spraakoefeninge word dus nou met behulp van die apparaat onderneem, en wel op so 'n wyse dat die eise aan die gehoorsfunksie voortdurend hoër word, ten einde die gehoor verder op te lei.

'n Kombinasie van bandopnames word nou gebruik. Die sogenaamde gefil= treerde frikatiewe klanke kom op bande voor waarop woorde wat ryk aan hoëfrekwensieklanke is, opgeneem is. Hierdie woorde word dan deur die kliënt herhaal. In die proses oefen hy sy oudiovokale vermoëns onder leiding van die EO. Op die wyse word verskeie aspekte van doeltref= fende kommunikasie geoefen: deur die regteroor progressief meer te stimuleer, word die ouditiewe lateraliteit steeds sterker op die regteroor afgedwing; deur die herhaling van die woorde wat in op= eenvolgende bande op 'n hoër toonhoogte gefiltreer is, word die oor se analiseringsvermoë geoefen, en deur die aktiewe luister na die eie spraakproduksie, word die kliënt in staat gestel om homself te "ont= moet". In die proses bou hy ook meer doelbewus aan 'n verbale en liggaamlike selfbeeld.

Na elke sessie van gefiltreerde frikatiewe word die proses afgewissel met 'n gefiltreerde musiekband (GM) of met 'n sogenaamde Gregoriaanse gesangband. Laasgenoemde het veral die voordeel dat dit die assimilasie van 'n akkurate liggaamsbeeld bevorder, sonder om enige projeksies te wek (Van Jaarsveld, 1974, p. 263).

Teenswoordig word baie klem gelê op die neurie ("humming") van Gregoriaanse gesange, ten einde die gehoor-fonasie-kontrole te verskerp (vgl. Madaule, 1976).

In hierdie fase tree die terapeut op as "opvoeder" wat hom in sy kommuni= kasie met die kliënt op laasgenoemde se aanvaarding van verantwoordelik= heid, selfstandigheid en toekomsgerigtheid beroep.

### 1.7.4.3 AANSLUITINGSPUNTE TUSSEN OUDIOPSIGOFONOLOGIE EN ANDER TERAPEUTIESE BENADERINGE

MOTIVERING VIR HIERDIE BESPREKING

- OPF is nuut in die RSA en onbekend in terme van verwysings in ge= vestigde handboeke en vakwetenskaplike tydskrifte. Voorts is OPF skynbaar gebaseer op isoteriese konstrukte, bevat talle ongeverifi= eerde aannames en implementeer apparaat wat deur sommige as dehumaniserend afgemaak word. Hierdie toedrag van sake loop uit op agterdog, weerstand en verwerping op grond van vooroordeel.
- Verkenning van die literatuur wys egter talle aansluitingspunte wat tot groter begrip vir hierdie benadering mag lei, en moontlik 'n klimaat van groter toegeneentheid as voorvereiste vir verdere navor= sing kan skep. Derhalwe word enkele raakpunte vervolgens aangestip.

Die uiteensetting is 'n verdere uitbouing van 'n ongepubliseerde referaat (Du Plessis, 1980). Die volgende raamwerk word gebruik:

- Algemene aansluitingspunte
- Aansluiting ten opsigte van psigopatologie
- Aansluiting ten opsigte van psigoterapie

#### 1.7.4.3.1 ALGEMENE AANSLUITINGSPUNTE

Talle aspekte kan in die verband genoem word. Die bespreking word egter beperk tot die volgende opmerkings:

Eerstens skyn die oudiopsigofonologiese beklemtoning van gehoorswaar=

neming as faktor in die mens se psigiese welsyn verwyderd te wees van wat in die ander sisteme as wesenlik beskou word. Minstens een Jungi=aanse navolger, Hillman, impliseer egter, onafhanklik van Tomatis, dat die menslike gehoor besonder betekenisvol is in die regulering van menslike gedrag. Hy karakteriseer die menslike oor naamlik as die "orgaan van bewussyn" (1967, p. 9).

Tweedens kan die spesifieke beklemtoning van taal in OPF ook as oorbe=klemtoning van een aspek van menswees gereken word in vergelyking met wat in ander sisteme beklemtoon word. Tog pas ook die klem op taal en verbale kommunikasie in in die denkraamwerk van ander sisteme.

So skryf Virginia Satir byvoorbeeld die volgende oor die belang van kommunikasie, wat sekerlik ook taal - verbale kommunikasie - insluit: "Once a human being has arrived on this earth, communication is the largest single factor determining what kinds of relationships he makes with others and what happens to him in the world about him" (Satir, 1964, soos aangehaal deur Hays, 1975, p. 328).

1.7.4.3.2 AANSLUITINGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN PSIGOPATOLOGIE

Eerstens is reeds vermeld dat OPF 'n psigoanalitiese tendens weerspieël, omdat dit ook die verre verlede as grondgebied waarin patologie (spesifiek angs) kan ontstaan, beklemtoon. Slegs een verwysing word gegee om aan te toon dat die moderne psigoanalitiese denke steeds van dieselfde standpunt uitgaan in die verband, omdat die destruktiewe moontlikhede inherent in die moeder-kind-verhouding steeds beklemtoon word. "... a disturbed mother-child relationship not only promotes pathological development but also prevents the growth of those strengths and ego functions that might otherwise permit an individual to repair and overcome what has gone awry" (Rucker en Mermelstein, 1979, p. 151).

Die wyse waarop OPF egter die moeder-kind-verhouding tot in sy volle konsekwensies op prenatale vlak deurtrek, toon dat OPF ook ander dimensies as blote psigoanalitiese perspektiewe integreer in die teorie in verband met die oorsprong van angs.

Tweedens weerspieël OPF 'n gedragsterapeutiese faset. Ten opsigte van die oorsake van angs word immers klem gelê op die kondisionering wat reeds prenataal van die moederstem na die fetus uitgaan. Voorts vorm die kondisioneerbaarheid van die middeloorspiersisteem die grondslag waarop die terapie gebou word.

Ook die angsvermydingsaspek wat sentraal figureer in gedragsterapeu= tiese denke is deel van OPF se verklaring vir die invloed van angs: dit word verder gespesifiseer in terme van die impak van angsstimuli op die tonisiteit van die middeloorspiersisteem (dit is 'n verlaagde tonisiteit wat dieselfde tendens in die oordromme tot gevolg het en voorts ondoeltreffende akkommodasie van klank en waarnemingsontrowing meebring), dit wil sê vermyding van die konfrontasie van die klank= boodskap.

Derdens vertoon OPF ook gemeenskaplikhede met die eksistensieel-humanistiese beskouing. So kan Maslow se siening in verband met neurose as "mislukking ten opsigte van groei" oftewel "human diminution" (1971, p. 410) ook in verband gebring word met Tomatis se beklem= toning van blokkeringe op die vlak van gehoorswaarneming, wat tot selektiewe klankwaarneming en dus 'n vorm van menslike verkleining lei, aangesien ondoeltreffende kommunikasie (reseptief en ekspressief) noodwendig 'n beperking van menswees impliseer.

OPF toon inderdaad aan hoe die kwaliteit van menswees noodwendig "ver= klein" as gevolg van die massavibrasiekurwe wat 'n gevolg is van angs= belewinge.

In terme van vryheid, 'n ander sentrale eksistensieel-humanistiese be= skouing, is dit ook duidelik dat die mens wat op gehoorsvlak selektief waarneem, op die vlak van keuse-uitoefening onder die impak van onbe= wuste invloede sal ly, en dus nie innerlik optimaal vry kan wees nie.

1.7.4.3.3 AANSLUITINGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN GEDRAGSVERANDERING (PSIGOTERAPIE)

DIE BESKOUING IN VERBAND MET TERAPIE AS "OPLEIDING"

Tomatis ken aan die psigoloog 'n opvoedkundige rol toe. In die opsig

breek hy weg van die mediese model as grondslag vir die psigoloog. Vandaar sy siening dat dit die hooftaak van die psigoloog is "to discover different screens that hide the inherent, underlying being" (1980, p. 17). In dieselfde trant word na die psigoloog verwys as die "pedagogue of listening" (a.w., p. 21). Ook in die opsig is daar aansluiting in die literatuur. Guerney, Stollak en Guerney (1971, p. 276) beklemtoon ook die psigoloog se rol as dié van opvoedkundige. Ander skrywers wat aansluiting by die opvoedkundige model vind, is onder andere Mann (1976, p. 54); Frankl, (soos aangehaal deur Fabry, 1981, p. 7); Ellis (1980, p. 416); Shostrom (1977, p. 2); Jourard, (1971, p. 157); Szasz (in Strupp, 1980a, p. 398) en Goodwin (1981, p. 13-14).

DIE BESKOUING TEN OPSIGTE VAN PROSEDURE EN ONDERLIGGENDE RASIONALE

In die uiteensetting word eerstens die raakpunte met betrekking tot die psigoanalitiese oriëntasies aangedui, daarna dié met betrekking tot gedragsterapie en derdens die raakpunte met betrekking tot die eksistensieel-humanistiese oriëntasie.

RAAKPUNTE TEN OPSIGTE VAN PSIGOANALITIESE ORIËNTASIES

Die psigoanalitiese aspek van OPF blyk uit die feit dat die proses van oudiopsigofonologiese opleiding enersyds 'n proses van egobou verteen= woordig, waarby die sekuriteitgewende simboliek van die moeder-kind-verhouding sterk betrek word, hetsy as gefiltreerde moederspraak of as gefiltreerde musiek: aspekte wat beide op 'n heraktivering van die prenatale staat van geborgenheid berus en in die sin 'n psigoanalitiese inset verteenwoordig. Omdat die proses egter veel meer as egobou om= vat, aangesien dit benewens die stimulasie van prenatale geborgenheid, ook ontwikkelingspotensiaal stimuleer, en die oor tot meer aktiewe deelname aan kommunikasie lei, kan beweer word dat die proses op fisiologiese, psigologiese en neurologiese vlak die psigoanalitiese proses transendeer. Om die rede tipeer Tomatis die proses eerder as psigosinteties as psigoanalities.

Die omvang van die raakpunte tussen OPF en die hele spektrum van psigo= analitiese perspektiewe, word aangedui met die volgende verwysings:

. Betreffende die aannames in verband met die gefiltreerde moederspraak vind Tomatis se denke aansluiting by dié van Meerloo: "Before birth the baby lives as it were in a syncopated sound-world, and it is easy to imagine that a reconstitution of these sound patterns provokes mnemonic reminiscences of the past intrauterine equanimity - the lost paradise" (1961, p. 170).

. Waar Schachtel (1977, p. 251) angs as die reaksie op losmaking van sekuriteitsbindinge ("embeddedness") beskou, kan die OPF-beginsel van heropwekking van hierdie primale sekuriteitstoestand deur middel van gefiltreerde moederspraak, dus vertolk word as 'n potensieel kragtige angsverminderingstrategie. Waarneming van kinders se gedrag tydens terapeutiese programme bevestig dat die blootstelling aan gefiltreerde moederspraak in alle waarskynlikheid iets van die skynbaar verlore vreugdebelewinge van prenatale geborgenheid heraktiveer - en dat die angsverminderingshipotese dus aanvaar kan word.

. Aansluiting ten opsigte van Jungiaanse perspektiewe: Burton se koppe= ling van die werk van Freud en Jung in 'n sogenaamde "healing conjunc= tion" (1978, p. 132) skep ook die moontlikheid om talle aspekte van die OPF-benadering tot terapie aan Jungiaanse insigte te koppel. Dit is byvoorbeeld 'n vraag of die doeltreffende gebruik van gefiltreerde moederspraak as 'n wyse van heraktivering van die sogenaamde moeder-argetipe in die Jungiaanse sin van die woord vertolk kan word.

. 'n Ander aansluiting tussen OPF en Jungiaanse psigologie lê in die be= nutting van <u>beide</u> serebrale hemisfere in die terapeutiese proses. Die aspek vereis 'n kort verduideliking: uit resente neurologiese bevin= dinge is daar eenstemmigheid oor die gesplete aard van die menslike brein, spesifiek die bevinding dat die linkerhemisfeer meer gespesiali= seerd is in taal, logiese en abstrakte denke, terwyl die regterhemisfeer meer gespesialiseerd is in sintetiese gestalt-(holistiese) funksies (Rossi, 1977, p. 33). Teen die agtergrond kritiseer Rossi terapeu= tiese benaderinge soos psigoanalise en gedragsterapie weens hul een= sydige benutting of oorbeklemtoning van die linkerhemisfeerpotensiaal (a.w., p. 44).

Vervolgens maak hy die volgende beweringe:

- Jung se terapeutiese benadering dui op 'n poging tot integrasie van beide serebrale hemisfere;
- hierdie proses (integrasie van linker- en regterhemisfeerfunksies) kan gesien word as die neuropsigologiese onderbou van die transendente funksie (die funksie waardeur die mens tot groter selfintegrasie en selfoorgawe kom);
- terapeutiese benaderings tot die transendente funksie kan óf deur die regter- óf die linkerhemisfeer geïnisieer word, aldus Rossi (a.w., p. 46).

Wanneer bioterugkoppeling of musiek as stimulus tot selftransendering gebruik word, word die proses waarskynlik deur die regterhemisfeer ge=inisieer. Geskied dit egter primêr by wyse van taal (bv. vrye assosiasie), vind die inisiasie deur die linkerhemisfeer plaas (a.w., p. 46).

Teen hierdie agtergrond kan OPF getipeer word as 'n terapeutiese benade=ring wat soos in die Jungiaanse psigologie gerig is op 'n gebalanseerde implementering van beide serebrale hemisfere. 'n Groot verskil is egter dat OPF nie slegs op gespreksinteraksie aangewys is tot die integrasie van die serebrale hemisfere nie.

Die proses van gehoorsopleiding as intensiewe terapie wat in programme van 100 sessies van 30 minute elk deurloop word (met moontlikhede van opvolgluistersessies of voortsetting van gespreksterapie), verloop sodanig dat die regteroor (en derhalwe die linkerhemisfeer) progressief sterker gestimuleer word, ofskoon die regterhemisfeer nie buite rekening gelaat word nie. Die kontralaterale verbinding verteenwoordig immers 3/5 van die totale neurologiese verbinding tussen gehoor en brein, en die ipsilaterale verbinding 2/5.

Die potensiële versnellingseffek van gehoorsopleiding is dus geleë in die aard van die gelyktydige stimuleringsproses van beide serebrale hemisfere. Die onafwendbare relatief lang periode wat in gespreks=terapie in beslag geneem word deur die deurwerking van weerstande, word in die proses grootliks deurdring deur die kommunikasiestimulerende invloed van gefiltreerde klank.

Ofskoon slegs 'n vergelykende studie duidelike resultate sou lewer, gee die kliniese praktyk blyke dat hierdie wyse van stimulasie 'n aansien= like versnelling van die terapeutiese proses meebring.

Uit die voorgaande blyk dat OPF 'n vindingryke beliggaming is van bekende elemente in 'n nuwe, funksionele verband. Dit is letterlik geleë in gespreksterapie en breinstimulering, kommunikasiefasilitasie en balanse= ring van die gespesialiseerde serebrale hemisfere. Daarom hou hierdie sintese die moontlikheid van 'n versnelling van terapie in.

As integrale deel van die OPF-proses weerspieël die fase van klankge= boorte ook besondere aansluitingspunte met die hele spektrum van psigo= analitiese denke, vanaf Freud na Rank, Jung, Mann en Janov.

Die insluiting van 'n sogenaamde "geboortefase" op ouditiewe vlak herinner reeds aan die Freudiaanse grondgedagte van skeidingsangs, terwyl die wyse waarop 'n simboliese losmakingsproses met behulp van klank ge= inisieer word, herinner aan die aktivering van die geboorte-argetipe in Jungiaanse sin en in die denke van Rank.

Ofskoon slegs spesifieke navorsing ondubbelsinnige lig op hierdie aspek kan werp, toon ervaring wat in die kliniese praktyk opgedoen word dat hierdie fase tot gemakliker losmaking lei ten opsigte van byvoorbeeld sekuriteitsfigure, en andersyds groter vrymoedigheid tot selfstandig= wording bied. Ook hierdie aspek bring moontlik 'n versnelling van terapie teweeg. Die simulasie van geboorte oftewel skeiding deur middel van klank is 'n onderskeidende kenmerk van OPF. Die idee van "geboorte" as deel van die terapeutiese proses is egter tans so algemeen dat Janov daarna verwys as die "rebirthing industry" (1978a, p. 16).

GEDRAGSTERAPEUTIESE ELEMENTE

Aansluiting ten opsigte van gedragsterapie lê op die volgende vlakke: breedweg vorm die totale oudiopsigofonologiese opleidingsproses 'n her= kondisioneringsproses. Die gehoor word immers geherkondisioneer, deurdat die middeloorspiersisteem deur middel van herhalende stimuli geoefen word om klank doeltreffend te akkomodeer.

Meer spesifiek gesien wil dit voorkom asof die beginsel van herhaling van stimuli (gefiltreerde musiek of moederspraak), 'n desensitiserende invloed uitoefen, veral in die geval van kinderkliënte. Ook die latere fases van die proses, veral die spraakfase, weerspieël 'n gedragsterapeutiese kenmerk, aangesien dit dan 'n selfkondisionerings= patroon begin aanneem.

Verder sluit OPF ook aan by Lazarus se multi-modale terapie. Soos in die geval van die benadering van Lazarus word hier immers 'n veelheid van modaliteite by terapie betrek, naamlik musiek, gefiltreerde moeder= spraak (feitlik altyd in geval van kinderprobleme) eie spraak, ont= spanningsopnames, tekentegnieke, en gespreksterapie, tesame met die kontroleringseffek van die Luistertoets.

OPF word egter van gedragsterapeutiese metodes onderskei deurdat dit angs verminder maar terselfdertyd potensiaal stimuleer.

EKSISTENSIEEL-HUMANISTIESE ASPEKTE/RAAKPUNTE MET BETREKKING TOT TERAPIE

Daar is reeds aangetoon dat die eksistensieel-humanistiese benadering tot angsterapie klem lê op die persoonlikheidsontwikkelende potensiaal van angs. Terapie word gevolglik afgestem op die skepping van 'n klimaat van aanvaarding, begrip en gemeenskaplikheid (vgl. Rogers, 1961, p. 54) ten einde persoonlikheidsgroei te fasiliteer. Die ganse groei= dinamiek berus egter op die fasiliterende aard van die terapeutiese verhouding.

OPF plaas die klem egter primêr op potensiaalstimulering, deur middel van gehoorsopleiding. Ooreenstemmende aannames met betrekking tot mens= like ontplooiing, is dus merkbaar. OPF gaan egter verder as blote ver= houdingskepping. Deur te fokusseer op die gehoor (die poort tot die siel, aldus Aristoteles), is 'n invalshoek bekom waardeur 'n fyner, subtieler inset na kommunikasie, kognitiewe funksionering en selfs blokkades op thalamiese vlak gemaak kan word. (Natuurlik bly die kwaliteit van die

terapeutiese verhouding baie belangrik, omdat dit steeds 'n struktuur bly vir die vormgewing aan die kliënt se nuwe groei-impulse, ontwakende selfbewussyn en toekomsgerigtheid. Tomatis meen: "... it is up to the psychologist to reactivate the inherent potential, which, until the present, had been completely stifled or never fully exploited" (1980, p. 18).

Binne die raamwerk van hierdie fokus op potensiaalontwikkeling figureer 'n ander prominente aspek van die eksistensieel-humanistiese benadering, naamlik selftransendensie, ook prominent in OPF. Dit word trouens gesien as voorwaarde vir die ontwaking van die selfbewussyn. Tomatis laat hom soos volg hieroor uit: "... it is the call to transcendance that engages our attention in listening which brings man to the level of conscious= ness" (1973, p. 53). Dit is dus duidelik dat Frankl se beklemtoning van selftransendensie ook in OPF as wesenlike aspek van menslike welsyn beskou word.

'n Derde raakpunt met die eksistensieel-humanistiese benadering sentreer om die konsep van begeestering ("inspiritation") - 'n aspek wat beide Jourard (1971, p. 75-91) en Bugental (1980, p.50) aanraak. Volgens Van den Berg staan die terapeut op die "verdronge" sektor in die mens= like samelewing en in die moderne persoonlikheid, naamlik die sektor spiritualiteit, en is dit noodsaaklik omdat dit juis die afgeskeepte dimensie van die lewe is.

Indien vervolgens aanvaar kan word dat gehoorsopleiding inderdaad tot die hoër kortikale areas van die brein spreek, soos Tomatis dit uitspel (vgl. 1973, p. 16) moet afgelei word dat gefiltreerde klank primêr 'n appèl op die geestelike dimensie van menswees uitoefen. Skrywer besef dat hierdie stelling vaag is, maar voel nogtans dat dit 'n geldige raakpunt tussen OPF en die eksistensieel-humanistiese benadering ver= teenwoordig.

Samevattend kan dus uit die voorgaande afgelei word dat OPF inderdaad ingebed is in bestaande benaderings tot patologie en terapie. Dit kan egter nie gereduseer word tot slegs 'n psigoanalitiese, gedragsterapeu= tiese of eksistensieel-humanistiese benadering nie. Dit sou meer korrek wees om OPF as 'n kreatiewe sintese van genoemde benaderings te vertolk.

### 1.7.4.4 EVALUERING VAN OPF

#### 1.7.4.4.1 ONDERLIGGENDE MENSBESKOUING

Min is geskryf oor die onderliggende mensbeskouing. Uit enkele ekspli= siete opmerkings blyk egter dat hierdie benadering op 'n christelike grondslag gebaseer is. Die mens word naamlik geskets as 'n kommunikasie= wese. Sy humanisering hang grootliks af van die ontwikkeling en gebruik van sy luisterfunksie. Meer bepalend is egter die volgende aanhaling: "The Word, at any level, must be accompanied by its counterpart, Listening. There would be no point in die Logos assuming its verbal form if it were not to be captured and embodied by means of listening aptitude" (Tomatis, 1980, p. 3).

In teenstelling met die beskouing van die eksistensieel-humanistiese psigologie waar dit gaan om menswording ter wille van menswording, be= klemtoon Tomatis dus menswording ter wille van die verwerkliking van die vleesgeworde Woord. So gesien is optimale menswording 'n voorwaarde vir die verwerkliking van die mens se lewensopgawe. In vergelyking met Frankl se beklemtoning van die mens as sinsoeker beklemtoon Tomatis die mens dus as luisteraar waardeur sy selfbewussyn ontwaak.

Die deurwerking van die mensbeeld na angsbeskouing en terapie is soos volg:

#### 1.7.4.4.2 ANGSBESKOUING

Essensies: Angs word vertolk as bedreiging wat reeds op prenatale vlak kan intree en wat hom manifesteer in 'n breë spektrum kommunikasiebe= lemmeringe, omdat die mens se luisterfunksie 'n verarming ondergaan en die individu verdedigend teenoor klankboodskappe reageer.

POSITIEWE ASPEKTE VAN HIERDIE BESKOUING

Tomatis se siening van angs as kommunikasiesteuring spruitende uit 'n verarming van die luisterfunksie, kom die naaste aan die Bybelse uit= gangspunte in verband met angs, naamlik dat dit 'n verhoudingsteurnis

in die God-mens-verhouding verteenwoordig, waardeur die mens se ont= vanklikheid vir die Woord en alle ander gestaltes daarvan, verswak (vgl. bv. Thielieke, 1979, p. 28; Bonhoeffer, 1978, p. 158). OPF se bydrae tot die insig in die angsfenomeen is dus dat dit 'n omvattende beskouing is wat op sowel fisiologies-neurologiese gebeure, as op prinsipiële grondslae gebaseer is. Dié benadering bied belangrike grondslae (lewensbeskoulik sowel as ten opsigte van patologie en terapie) wat verdere uitbouing regverdig.

NEGATIEWE ASPEKTE

'n Geweldige premie word geplaas op die invloed van gehoorswaarneming. In die lig van onvolledige empiriese verifikasie van sommige aannames kom die teorie dus uit wetenskaplike oogpunt as bevraagtekenbaar en twyfelagtig voor.

1.7.4.4.3 BESKOUING IN VERBAND MET ANGSTERAPIE

Essensies: angsterapie is wesenlik geleë in 'n opvoeding van die luisterfunksie met behulp van gefiltreerde klank. Die aanname is dat die individu se wordingsproses na optimale humaniteit opnuut hierdeur geaktiveer word, waardeur hy weer ontvanklik word vir die vleesgeworde Woord.

POSITIEWE ASPEKTE

Bogenoemde benadering getuig van 'n kreatiewe sintese van psigoanalitiese, gedragsterapeutiese en eksistensieel-humanistiese benaderings tot angs wat egter bo die somtotaal van genoemde benaderings uitstyg.

OPF verteenwoordig 'n breë behandelingsprogram waarin verskillende modaliteite betrek word (vgl. p. 122). Veral uit gedragsterapeutiese oogpunt het dit goeie potensiaal vir gunstige resultate, juis vanweë die multi-modale aard van die behandeling. Die ouditiewe stimulasieprogram wat, afgesien van die moontlikheid tot angsvermindering, ook ontwikke= lingspotensiaal stimuleer, bied besondere moontlikhede vir potensiaal= ontwikkeling aan groepe persone, byvoorbeeld studente, wat nie 'n spesifieke probleem ervaar nie, maar nogtans voordeel kan behaal uit

die groter sensitiwiteit ten opsigte van kommunikasie wat uit so 'n op= leidingsprogram kan voortspruit.

KRITIEK

Talle ongeëvalueerde aannames word in die benadering tot angs aangetref. Twee studies waarin oudiopsigofonologiese opleiding tot 'n statisties-be= duidende afname in angs gelei het, te wete dié van Peché, (1975) en Lamprecht (1978) kan wel gerapporteer word, dog beide studies het by= voorbeeld geen kontrolegroepe betrek nie.

In die afwesigheid van verdere gekontroleerde studies kan Burton se kritiek dus nie verwerp word nie: "I suspect that the Tomatis technique works but not for the theoretical reasons be anunciates. I grow a bit weary of physiological theories that can never be put to the critical test, and rise or fall on clinical 'induction' alone" (1979).

Die omvang en invloed van die plasebo-effek is ook nog nie geëvalueer nie. In 'n terapeutiese opset waar soveel gesofistikeerde apparate ge= bruik word, kan voorspel word dat plasebo-effekte nie onbenullig sal wees nie.

Die impak van die terapeutiese verhouding kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Onsekerheid met betrekking tot die relatiewe bydrae van die apparaat en die terapeutiese verhouding skep probleme in ver= band met die geloofwaardigheid van hierdie benadering.

Veel meer navorsing, spesifiek vergelykende studies waar verskillende terapeute, verskillende tegnieke, verskillende vorme van patologie en verskillende groepe bv. eksperimentele, plasebo-aandag- en kontrole= groepe) gebruik word, is dus noodsaaklik vir die oplossing van boge= noemde probleemaspekte ten opsigte van OPF.

1.7.4.5 SAMEVATTENDE VERTOLKING

Die strekking van die vier benaderings tot angs kan veral in terme van twee aspekte vertolk word, naamlik: <u>uiteenlopende beklemtoninge</u> ten

opsigte van formulerings van angs en die hantering daarvan in terapie; en tweedens gemeenskaplike faktore ten aansien van verskillende aspekte. Elke aspek word kortliks opgesom.

## UITEENLOPENDE BEKLEMTONINGE TEN OPSIGTE VAN FORMULERINGS VAN ANGS EN DIE HANTERING DAARVAN IN TERAPIE

Uiteenlopendheid in die verskillende benaderings spruit hoofsaaklik uit die verskillende mensbeskouinge waarop die teorieë gegrond is. In terme van die psigoanalitiese benadering met sy siening van die mens as drif= gedrewe wese, waarin onbewuste dryfvere 'n belangrike rol speel, word die angsproblematiek teenswoordig as belewing waarin veral onbewuste, onop= geloste skeidingsangs prominent figureer, vertolk. Terapeutiese hante= ring van angs behels derhalwe 'n proses waarin die onopgeloste skeidings= angsbelewinge deur middel van 'n tydsbeperkende struktuur geaktiveer, en in terme van bewuste skeidingsprosesse deur die kliënt geassimileer kan word. In die gedragsterapeutiese benadering word angs weer sterk in terme van wanaangepaste gedrag beklemtoon, spruitende uit die siening van die mens as 'n hedonistiese wese wat veral vir omgewingstimuli gevoelig is en dus só behoort te ontwikkel dat hy optimaal aangepas is. In die tradisie van diere-eksperimente waarin gedrag willekeurig deur bepaalde kondisio= neringsbeginsels gewysig kan word, is die gedragsterapeutiese benadering tot angsterapie grootliks 'n tegniekgesentreerde benadering waarin groter selfbeheer progressief in die teenwoordigheid van angs aangeleer kan word.

In teenstelling met die voorgenoemde benadering skets die eksistensieel-humanistiese benadering die angsproblematiek weer as uitvloeisel van die mens se pogings tot ontvlugting van basiese kondisies van menswees, naamlik onsekerheid en beperktheid. Omdat neurotiese angs die resultaat is van 'n ontvlugting van eksistensiële angs, en omdat die mens die vry= heid het tot verantwoordelike keuses, is terapie die proses waardeur die kliënt begelei word in 'n soeke na groter egtheid en aanvaarding van eksistensiële angs as deel van die mens se bestaan. In hierdie proses speel waardes 'n belangrike rol, asook die invloed van konflikterende geesteswaardes, omdat laasgenoemde tot die sogenaamde noögene neurose (sinloosheidsneurose) aanleiding kan gee.

In hierdie benadering gaan dit nie soseer om angsvermindering nie dog om blootlegging van menslike potensiaal waardeur die mens tot groter selfontplooiing kan groei.

In die oudiopsigofonologiese benadering waarin die mens as kommunikasie=wese geskets word, word angs vertolk as belewing van bedreiging wat op prenatale vlak reeds aanwesig kan wees en postnataal tot kommunikasie=probleme aanleiding kan gee, omdat dit die mens se inherente luister=vermoë tot blote gehoor kan verswak. Die terapeutiese proses is derhalwe gemik op die stimulering van die gehoor met behulp van hoëfrekwensie=klanke, waardeur die inherente menslike begeerte tot kommunikasie aangewakker en die luistervermoë versterk kan word.

GEMEENSKAPLIKE BEKLEMTONINGE IN DIE VERSKILLENDE BENADERINGE

Onder die gemeenskaplike elemente in die benaderinge geld onder andere die volgende: relatiewe eenstemmigheid met betrekking tot die belang van die ouer-kind-verhouding as een van die oorsaaklike faktore wat tot angs aanleiding kan gee; die belang van 'n begrypende verhouding as grondslag vir angsvermindering in terapie; die belang van kognitiewe faktore, byvoorbeeld die sogenaamde angsverwante selfstellinge, en die belang van 'n terapeutiese benadering wat op 'n verskeidenheid modaliteite gebou is ten einde omvattend en indringend te wees.

In die toegepaste ondersoeke ten opsigte van beangste en nie-beangste proefpersone (Hoofstuk V) sal terugverwys word na aspekte van die huidige bespreking (1.7), met besondere klem op die oudiopsigofonologiese benadering.

# HOOFSTUK II

# METODE VAN ONDERSOEK

## INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die navorsingsopset met betrekking tot die eerste deel van die eie ondersoek naamlik die psigometriese studie van beangste en nie-beangste eerstejaardamestudente. Die oorsig behels dus 'n uiteensetting van die seleksie van die proef=persone, die psigologiese toetse wat in die ondersoek geïmplementeer is en die statistiese tegnieke wat toegepas is.

## 2.1 DIE ONDERSOEKGROEP

### 2.1.1 DIE UNIVERSUM

Die universum waaruit die beangste en nie-beangste groep geselekteer is, is afgebaken tot graadstuderende, eerstejaardamestudente wat vir die eerste keer aan 'n universiteit studeer. Hierdie drieledige begrensing word soos volg gemotiveer:

. begrensing in terme van damestudente op grond van die volgende aspekte:

- die aanname dat damestudente 'n ryker bron van angsverwante verskyn=sels behoort te wees, omdat dames as groep 'n hoër angspeil as mans as groep ervaar (vgl. die IPAT-handleiding 1968, p. 10);
- die algemeen aanvaarde feit dat damestudente meer gewillig sal wees om samewerking aan 'n ondersoek ten opsigte van beangstheid en nie-beangstheid te verleen (vgl. bv. O'Brien, 1976, p. 1152);
- die kompliserende invloed van geslagsverskille wat deurentyd in ag geneem sou moes word, indien beide geslagte in die projek betrek sou word;

. begrensing in terme van eerstejaardamestudente omdat hulle (eerstejaars) 'n reeks nuwe aanpassinge moet maak in terme van die inskakeling in die universiteitsituasie, weg van die sekuriteitgewende, bekende atmos=feer van skool en huis, en die dinamiek van angs hom dus moontlik die duidelikste sou manifesteer;

- begrensing in terme van graadstuderende eerstejaarstudente ten einde die grootste moontlike graad van homogeniteit ten opsigte van intel= lektuele funksioneringspeil te verseker.

2.1.2 PROEFPERSONE

SELEKSIE IN TERME VAN PRESTASIE OP TWEE GESTANDAARDISEERDE ANGSSKALE

Ten opsigte van die beangste groep is besluit om alle proefpersone wat tydens 'n groeptoetsing (kyk 2.2.2) 'n stientelling van 7 of meer op beide die IPAT-angsskaal en die RAS (Reaksies in Alledaagse Situasies) behaal, in die groep in te sluit.

Die nie-beangste groep sou saamgestel word uit alle proefpersone wat tydens dieselfde groeptoetsing 'n stientelling van 4 of minder op die IPAT-angsskaal en die RAS behaal.

MOTIVERING

As snypunt vir die seleksie van die beangste groep sou 'n stientelling van 8 meer ideaal en psigometries meer korrek gewees het. Die hand= leiding vir die IPAT-angsskaal (1968, p. 10) vermeld immers dat stien= tellings van 8 persone aandui "wie se angspeil moontlik in 'n ernstige lig beskou moet word". Hoewel stientellings van 7 steeds as "normaal" beskou word, word toegegee dat dit "alreeds grensgevalle aandui". Praktiese oorweginge het egter genoodsaak dat 7 as snypunt geneem moes word, ten einde ongeveer 40-45 proefpersone te kon identifiseer.

Ten opsigte van die seleksie van nie-beangste proefpersone sou dit eweneens die ideaal wees om slegs diegene met stientellings van 3 of minder te identifiseer, aangesien die handleiding hierdie groep as flegmaties, gehard, kalm of ontspanne en buitengewoon gerus tipeer (a.w., p. 10).

Aangesien egter op 'n snypunt van stien 7 besluit is vir seleksie van beangste proefpersone, moes ondersoeker ook konsekwent wees ten opsigte van die nie-angs uiteinde van die tellings en is op 'n stientelling van 4 as snypunt besluit.

GROOTTE VAN GROEPE

Ter wille van statistiese vergelyking met behulp van verskillende tegnieke (z-toets en profielanalise) is besluit op 'n groepgrootte van 40 vir beide die beangste en nie-beangste groep.

## 2.2 DIE NAVORSINGSPROSEDURE

Die proses kan getipeer word as 'n meerfasige prosedure, naamlik:

- massatoetsing van eerstejaarstudente;
- groeptoetsing met behulp van twee angsskale;
- individuele toetsing;
- uitvoer van twee terapeutiese programme (kyk Hoofstuk V);
- opvolgtoetsing (kyk Hoofstuk V).

Die logiese beginpunt vir hierdie bespreking is die groeptoetsing met behulp van twee angsskale, waardeur die beangste en nie-beangste groep geïdentifiseer is. Chronologies het die toetsprogram egter by die massatoetsing van eerstejaarstudente begin. Derhalwe word die bespre=king met 'n verwysing na die massatoetsing ingelui.

### 2.2.1 DIE MASSATOETSING VAN EERSTEJAARSTUDENTE

Uiteraard was daar tydens die massatoetsing (1980), een dag na die aan=koms van die eerstejaarstudente in Potchefstroom, nog geen geleentheid vir die identifikasie van die beangste en nie-beangste groep nie.

Nogtans verteenwoordig die massatoetsing die eerste fase van die huidige studie, aangesien laasgenoemde in 'n sekere sin 'n uitvloeisel van die massatoetsing was. Twee komponente van die massatoetsing, naamlik die Biografiese vraelys en die PHSF-verhoudingevraelys, vorm naamlik deel van die huidige studie. Nadat die beangste en nie-beangste groep ge=identifiseer is, is die data van die betrokke proefpersone vir verwerking onttrek.

## 2.2.2 GROEPTOETSING MET BEHULP VAN TWEE GESTANDAARDISEERDE ANGSSKALE

Hierdie fase is ongeveer een week na die aanvang van lesings onderneem. Toetsing in groepverband is onderneem ten opsigte van alle kursusse waarin daar 'n redelike groot aantal graadstuderende eerstejaardamestudente teenwoordig was. Studiekursusse wat in die groeptoetsing betrek is, het onder andere ingesluit: B.Pharm., B.Sc., B.Comm., B.Jur. en B.A.

Reëlings is vooraf met betrokke dosente getref, aangesien die groep=toetsing tydens gewone lesingperiodes plaasgevind het. Die twee angs=skale wat tydens die groeptoetsing toegepas is, is die IPAT-angsskaal en die RAS (vgl. 2.3.3 en 2.3.4 vir die motivering van die gebruik van hierdie twee angsskale).

Met die aanvang van elke groeptoetsing het ondersoeker die toetsing as 'n navorsingsprojek omskryf, en die volgende aspekte beklemtoon: die vertroulikheid van die resultate; die belang van eerlikheid en die moontlikheid dat alle resultate individueel met ondersoeker bespreek sou kon word.

Nagraadse studente was met die uitdeel en opneem van die vraelyste behulpsaam.

Nadat 424 eerstejaardamestudente in groepverband getoets is, en die vraelyste per hand nagesien is, is 'n totaal van 45 beangste persone geïdentifiseer op grond van hul stientellings op beide vraelyste.

Daar is besluit om meer as die voorafbepaalde aantal proefpersone te identifiseer, aangesien aangeneem is dat 'n paar proefpersone moontlik onwillig sou wees om aan die projek deel te neem of moontlik as gevolg van ander redes, byvoorbeeld kansellasie van kursus, nie beskikbaar sou wees nie.

Betreffende die nie-beangste groep is 76 persone geïdentifiseer op grond van hul stientellings in beide vraelyste. Met behulp van ewekansige tabelle is hierdie groep tot 45 verminder (d.w.s. 5 persone sou as "reserwes" in ag geneem word).

Aangesien presies 40 beangste proefpersone vir individuele toetsing be= skikbaar was, word die beangste groep dus as 'n universum beangste proef= persone beskou. Vir die doel van die huidige ondersoek word die steek= proef nie-beangste proefpersone dus met die universum beangste proefper= sone vergelyk.

## 2.2.3 INDIVIDUELE TOETSING: BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE PROEFPERSONE

### VERWITTIGING VAN VERDERE DEELNAME

Nadat die proefpersone vir die twee groepe van 40 elk geïdentifiseer is, is hulle per brief in kennis gestel dat hulle op grond van hul resultate tydens die groeptoetsing, vir verdere deelname aan die navorsingsprojek kwalifiseer (vgl. Bylaag I, Brief I).

### DIE PROSES VAN INDIVIDUELE TOETSING

Vanweë belangrike aspekte spruitende uit hierdie proses word die individu= ele toetsing kortliks bespreek. Eerstens word beklemtoon dat die lede van die beangste groep vroeg in die individuele ontmoeting regstreeks ingelig is dat hulle vir verdere deelname aan die projek kwalifiseer, en wel op grond van "aanduidings van spanning" in hul resultate.

Die volgende motivering word hiervoor aangebied:-

- Dit sou oneties wees om nie met die proefpersone volkome eerlik te wees nie. Verder wou ondersoeker verseker dat die proefpersone nie sou voel dat hulle slegs onbenullige deelnemers aan 'n abstrakte navorsingsprojek is en in werklikheid ten opsigte van die werklike doel daarvan om die bos gelei word nie.
- Tweedens word die motief vir eerlike terugvoer in verband met aan= duidings van spanning gemotiveer deur die bevindinge van Jourard, die eksistensieel-humanistiese psigoloog. Sy navorsing ten opsigte van selfontsluiting het naamlik aan die lig gebring dat die hoeveel= heid en inhoud van wat 'n proefpersoon bereid was om aan 'n ondersoeker bekend te maak (ook d.m.v. 'n psigologiese toets) deur die verhouding tussen die toetsafnemer en toetsling beïnvloed word (vgl. Jourard, 1971); Jourard en Kormann, 1968). Oor die belangrikheid van eerlik=

heid in navorsing laat Jourard hom soos volg uit: "... if the person does not trust the researcher or the clinician who studies the questionnaire findings, he will misrepresent himself in his answers to the queries posed on the questionnaires" (Jourard, 1971, p. 101).

SPESIFIEKE PROBLEME TYDENS DIE INDIVIDUELE TOETSING

Die resultate van die terugvoering in verband met spanningsaanduidings was baie verrassend. Alle proefpersone in die beangste groep het sonder uitsondering erken dat hulle wel spanningsprobleme ervaar.

'n Probleem was egter dat die proefpersone oorwegend só gereed was om oor hul spanning te praat, dat die toetsprosedure in talle gevalle tot drie uur uitgerek is. 'n Emosionele katarsis het dikwels voorgekom en talle vrese met betrekking tot spanning is uitgespreek. Ondersoeker was dus bekommerd dat die toetsprosedure nie "standaard" gehou kon word nie. Carlson se pleidooi dat die persoon nie langer in persoonlikheidsnavorsing misgekyk durf word nie, het ondersoeker se frustrasie ten opsigte van die skynbare onkontroleerbaarheid van die individuele toetsing egter laat verminder.

Ondersoeker het besef dat 'n "samewerkingsverhouding" noodwendig geskep moes word vir die versekering van volle samewerking en dat die vestiging van so 'n verhouding noodwendig eise sou stel in terme van tyd, onvoor=spelbaarheid en aanpassing van die toetsprogram. "... a collaborative model is more demanding and more rewarding to subject and experimenter alike. It demands more candor and more thought on the part of the investigator in posing research problems, in engaging appropriate sub=jects, and in interpreting the nature of the experience; it demands more involvement from the subject, and offers the important reward of having his experience taken seriously" (Carlson, 1971, p. 216).

TOEPASSING VAN PSIGOLOGIESE TOETSE

Die toetsbattery wat tydens die individuele ontmoeting afgeneem is, het die toetse (in volgorde) soos genoem onder 2.3, behels. Halfpad deur

die toetsing is 'n ruspouse toegestaan waartydens koffie aan die proef= persone bedien is.

INLIGTING IN VERBAND MET 'n ONTSPANNINGS- EN STIMULERINGSPROGRAM

Op grond van die behoefte aan 'n ontspanningsprogram, soos progressief uit die individuele gesprekke geblyk het, is aan beangste proefpersone beloof dat hulle later in die jaar meer besonderhede in verband met so 'n program sou ontvang.

Nadat die beangste groep almal getoets is, het die nie-beangste proef= persone aan die beurt gekom. Aan hierdie proefpersone is die moontlik= heid van 'n sogenaamde stimuleringsprogram met behulp van gefiltreerde musiek voorgehou, en is beloof dat alle proefpersone na voltooiing van die toetsprogram verdere inligting in verband daarmee sou ontvang.

## 2.3 DIE PSIGOLOGIESE MEETINSTRUMENTE

Tydens die individuele toetsing is die volgende instrumente toegepas:

- die Boomtekentoets
- die verkorte Beck-depressieskaal
- die STAI-angsskaal
- die Sinvolheidstoets (PIL)
- die Soeke-na-Geestelike-Doelwitte-Toets (SONG)
- die S.A.-Wechsler-intelligensieskaal
- die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI).

Aan die einde van Junie 1980 is ook gemiddelde akademiese punte vir die lede van elke groep bekom. Die totale toetsprogram het dus uit sowel bogenoemde instrumente, as die reeds genoemde vier instrumente, naamlik die PHSF-Verhoudingevraelys, die biografiese vraelys, die IPAT-angsskaal en die RAS bestaan.

Dié toetsinstrumente word vervolgens in die volgorde waarin hulle toege= pas is, bespreek. Fokuspunte vir die bespreking is:

. rasionaal

- motivering vir die keuse en gebruik van die toets
- fisieke voorkoms van die toets
- instruksies en toetsprosedure
- nasien van toetstellings
- interpretasie van die toetstellings
- geldigheid
- betroubaarheid.

Die bespreking word ingelui met verwysing na die biografiese vraelys.

### 2.3.1 DIE BIOGRAFIESE VRAELYS

Aangesien hierdie instrument nie 'n psigologiese toets in die ware sin van die woord verteenwoordig nie, word dit nie volgens die standaard=skema bespreek nie. Slegs 'n motivering vir die keuse en gebruik van die vraelys word dus verskaf.

#### 2.3.1.1 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE VRAELYS

- Die belangrikste oorweging is die inwin van gegewens met betrekking tot die beangste en nie-beangste groep. Hierdie gegewens sluit in basiese aspekte soos posisie in die gesin; persoon/persone wat vir die opvoeding verantwoordelik was; opvoedkundige en beroepskwalifi=kasies van ouers, ensovoorts. Biografiese gegewens verskaf dus noodsaaklike demografiese veranderlikes wat as basiese gegewens by die studie van beangstheid benodig word. Die relevansie van hierdie gegewens vir die studie van angs mag in twee opsigte blyk: eerstens mag dit belangrike patrone aandui, byvoorbeeld ten opsigte van die proefpersone se posisie in hul gesinne, en tweedens verskaf dit agtergrondgegewens waarteen die res van die data geïnterpreteer kan word.

  In aansluiting by Lätti (1972, p. 34) se siening dat die nut van bio=grafiese gegewens veral in die vooruitskattingswaarde daarvan geleë is, gaan ondersoeker dus ook van die veronderstelling uit dat die toevoeging van die biografiese vraelys tot die ondersoek verder kan

meewerk om te bepaal of angs as sodanig die wesenlike verdeler in die twee groepe is en of demografiese veranderlikes nie dalk 'n ewe belang= rike verdelingsinvloed uitoefen nie.

Die vraelys kan dus meewerk om te bepaal hoe verskillend of ooreen= stemmend die groepe in werklikheid is.

. 'n Tweede oorweging is die beskikbaarheid van biografiese gegewens as gevolg van die toepassing van 'n massatoetsprogram. Een van die moti= veringe vir die huidige studie is juis die toeganklikheid van studente vir verdere navorsing, op grond van die gegewens wat deur middel van massatoetsing verkry is. Die logiese uitvloeisel van die beskikbaar= heid van biografiese gegewens is dus die implementering daarvan (altans van die mees relevante items) in die huidige studie.

### 2.3.2 DIE PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE EN FORMELE VERHOUDINGE= VRAELYS (PHSF)

#### 2.3.2.1 RASIONAAL

Soos die naam aandui, gaan dit in hierdie vraelys om 'n opname van 'n persoon se aanpassing op die persoonlike, huislike, sosiale en formele lewensvlakke. In die verband verdien die begrip "aanpassing" verdere verduideliking. In die handleiding omskryf die outeurs van die vraelys, Fouché en Grobbelaar (1970, p. 4), die begrip soos volg: "Aanpassing kan omskryf word as die dinamiese proses waardeur 'n persoon deur middel van volwasse, doeltreffende en gesonde response streef om sy innerlike behoeftes te bevredig en terselfdertyd die eise wat deur die omgewing gestel word suksesvol te hanteer, ten einde 'n harmonieuse verhouding tussen die self en die omgewing te bewerkstellig."

Dit vloei uit die voorgaande omskrywing voort dat die mate van aanpas= sing wat 'n persoon in elk van die onderskeie komponente van aanpassing maak, bepaal sal word deur die frekwensie waarmee die persoon volwasse of onvolwasse en doeltreffend of ondoeltreffend in die verhouding tot die self en die omgewing respondeer.

Die vraelys sentreer dus nie om 'n meting van persoonlikheidseienskappe nie. Die gaan "eerder om die uiting en dinamiek daarvan in die persoon se strewe na harmonie binne die self en tussen die self en die omgewing" (a.w., p. 4).

2.3.2.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

. Die belangrikste oorweging vir die insluiting van 'n aanpassingsvrae= lys in die huidige studie is die wenslikheid van 'n evaluering van die invloed van angs op aanpassing, aangesien elke benadering tot terapie, soos in Hoofstuk I bespreek, benadruk dat angs tot funksio= neringsverswakking en dus ook tot 'n verswakking van aanpassingsvermoë aanleiding kan gee. Enkele voorbeelde: die psigoanalise beklemtoon dat angs tot verdedigende gedrag mag lei, omdat die sogenaamde ver= dedigingsmeganismes deur angs geaktiveer word, en die gedragsterapie beklemtoon dat angs tot wanaangepaste gedrag lei (vgl. Wolpe se be= vindinge (1.7.2.2.2.1.1); en oudiopsigofonologie poneer dat angs progressief tot waarnemingsontrowing, en sodoende tot verswakking van die doeltreffendheid van menslike funksionering lei. Aangesien die voorgaande bevindinge 'n verband tussen angs en aanpassingsprobleme suggereer, en navorsing ook daarop dui dat angsvermindering tot ver= beterde aanpassing kan lei (vgl. bv. Lamprecht, 1978, p. 95), is dit derhalwe vir die huidige studie belangrik om die spesifieke ver= band tussen angs en aanpassing te evalueer.

. As meting van aanpassing het die keuse spesifiek op die PHSF geval, en wel om die volgende redes:

- Dit is 'n Suid-Afrikaans-gestandaardiseerde vraelys en die norms kan sonder voorbehoud vir studentepopulasies gebruik word.
- Die vraelys beskik oor sekere tegniese voortreflikhede: dit kan redelik vinnig afgeneem word en masjinaal nagesien word.
- Die PHSF was deel van 'n omvattende toetsbattery waarmee alle eerstejaarstudente aan die PU vir CHO ter wille van navorsing en

voorligting getoets word. Hierdie feit het verseker dat onder=soeker die resultate regstreeks van die rekenaar kon bekom. Waar die studie dus 'n aanpassingsvraelys as deel van die evaluering van die proefgroep vereis, en die praktiese situasie van massa=toetsing die PHSF ingesluit het, het die keuse op hierdie instru=ment geval.

2.3.2.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS (APPARAAT)

Die toets bestaan uit 'n vraelys (859 PV), 'n IBM-antwoordblad (86 VPV), twee nasiensleutels (862/1PV en 862/2PV) en 'n toetshandleiding (860 PV). Die elf komponente van aanpassing word ingedeel in vier primêre aan=passingsgebiede, naamlik persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings. Elk word kortliks bespreek.

PERSOONLIKE VERHOUDINGE (P): dit verwys na die volgende intrapersoonlike verhoudinge:-

. Selfvertroue:
  Die is die mate waarin 'n persoon vertroue het in sy werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees.
. Eiewaarde:
  Dit verwys na die innerlike waardeskatting en berus op evaluering en aanvaarding van werklike of vermeende persoonlikheidseienskappe, vermoëns en gebreke.
. Selfbeheer:
  Dit is die mate waarin 'n persoon sy emosies en drange volgens sy beginsels en oordeel kan beheer of kanaliseer.
. Senuweeagtigheid:
  'n Hoë telling dui op 'n afwesigheid van simptome van senuagtigheid soos weerspieël deur doellose, angstige of herhalende gedrag.
. Gesondheid:
  'n Hoë telling in hierdie komponent weerspieël 'n afwesigheid van beheptheid met die fisiese toestand.

HUISLIKE VERHOUDINGE (H): dit dui op die verhoudinge binne die huisge=sin wat deur die persoon as afhanklike ervaar word, naamlik:-

. Gesinsinvloede:

Dit is die mate waarin 'n persoon deur faktore soos posisie in die gesin, gesinsamehorigheid, die verhouding tussen die ouers en sosio-ekonomiese toestande beïnvloed word.

. Persoonlike vryheid:

Dit is die mate waarin 'n persoon voel dat hy nie deur sy ouers inge=perk is nie.

SOSIALE VERHOUDINGE: dit is die verhoudinge waardeur 'n persoon harmonieus en informeel by die sosiale omgewing inskakel, naamlik:-

. Sosialiteit (G):

Dit dui op die mate waarin 'n persoon 'n behoefte ervaar en spontaan deelneem aan sosiale groepsverkeer (ekstrovert), teenoor die mate waarin 'n persoon afkerig is van sosiale groepsverkeer (introvert).

. Sosialiteit (S):

Dit dui op die mate waarin 'n persoon 'n behoefte ervaar om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer.

. Morele Inslag:

Dit is die mate waarin 'n persoon voel dat sy gedrag met die aanvaarde norme van die samelewing ooreenstem.

FORMELE VERHOUDINGE: dit dui op die verhoudinge wat in formele situasies in die skool, kollege, universiteit of beroep voorkom, naamlik:-

. Formele Verhoudinge:

Dit dui op die mate van sukses ten opsigte van die formele ver=houdinge.

Die gewenstheidskaal:
Dit dien as 'n geldigheidskaal en gee 'n aanduiding van die eerlikheid waarmee die vraelys beantwoord is. In die handleiding word beklemtoon dat die vrae van so 'n aard is "dat slegs uitsonderlike persone met reg gunstige antwoorde daarop kan verskaf" (1970, p. 8).

2.3.2.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Uiteraard word proefpersone eers vooraf gemotiveer om hul bes te lewer. In die spesifieke toepassing van die toets tydens die massa-eerstejaar= toetsing is beklemtoon dat die gegewens vir navorsingsdoeleindes gebruik sou word en dat dit baie belangrik was dat proefpersone hul bes lewer.

Wanneer elke proefpersoon die nodige apparaat waaruit die toets bestaan, ontvang het, word besonderhede op die antwoordblad ingevul. Daarna word verduidelik hoe die vrae op die antwoordblad beantwoord moet word. Daar word eerstens beklemtoon dat die vraelys nie 'n toets is nie en dat daar dus nie sprake is van regte of verkeerde antwoorde nie. Vervolgens word genoem dat die vrae handel oor dinge wat elke persoon ondervind. Elke vraag het vier antwoordmoontlikhede, naamlik:

Altyd/Amper altyd    Dikwels    Soms    Byna nooit/Nooit

Proefpersone moet vrae beantwoord deur so eerlik moontlik en volgens eie gevoel te besluit hoe dikwels hulle sekere situasies of verhoudinge ervaar. Geen tydsbeperking word gestel nie. Proefpersone word egter aangemoedig om so vinnig moontlik te werk en na vyf minute word aange= kondig dat hulle ongeveer met die dertigste vraag besig behoort te wees.

2.3.2.5 NASIEN VAN TOETSTELLINGS

As eerste stap word vir alle vrae wat nie beantwoord is nie, of waar twee of meer response per vraag gelewer is, 'n telling van een punt toegeken. Waar die vrae volgens 'n vaste patroon beantwoord is (bv. waar alle A of N antwoordposisies gemerk is), blyk dit dat die proefpersoon nie die aan= wysings gevolg het nie en word in die handleiding aanbeveel dat sulke antwoordblaaie nie nagesien word nie, omdat die vraelys nie met volle erns beantwoord is nie. Die twee nasiensleutels word soos volg inge= span: Sleutel 1 vir komponente 1, 2, 7, 8, 10 en 11, en Sleutel 2 vir komponente 3, 4, 5, 6, 9 en 12. Vervolgens word die items nagesien met behulp van die twee nasiensleutels, wat oor die items geplaas word sodat die gewigte wat aan die bepaalde items toegeken is, bokant die gleufie van elke item sigbaar is. Die gewigte van elke komponent

word afsonderlik horisontaal opgetel. Daar is 15 items per komponent.

Sowel roupunte as die normpunte (staneges) word vir elke komponent op die agterkant van die antwoordblad neergeskryf. (In die geval van die huidige studie is die vraelyste deur die rekenaar nagesien).

### 2.3.2.6 INTERPRETASIE VAN DIE TOETSTELLINGS

Interpretasie geskied in terme van staneges. Die stanegeskaal verskaf standaardpunte van 1 tot 9 met 'n gemiddelde van 5 en 'n standaardafwyking van 1.96. Enkele aspekte van belang by die interpretasieproses soos wat dit in die handleiding verskaf is (1970, p. 18) is die volgende:

- 'n Hoë telling toon goeie aanpassing, terwyl 'n lae telling op wanaan= passing dui. 'n Positiewe waarde word geheg aan die komponent waarvan die telling bo 'n stanege van 5 is en 'n negatiewe waarde word geheg aan die komponent waarvan die telling onder 'n stanege van 5 is.
- In die geval van uiters hoë tellings moet 'n komponent versigtig ge= interpreteer word, omdat dit moontlik is dat die proefpersoon as gevolg van 'n oorsensitiwiteit in die area tot kompensasie geneig mag wees.
- Die gewenstheidskaal moet in ag geneem word by die interpretasie, aangesien dit 'n aanduiding is van die erns of eerlikheid waarmee die vraelys beantwoord is. In die verband toon 'n hoë telling aan dat die proefpersoon die vraelys eerlik beantwoord het, terwyl 'n lae telling 'n aanduiding is dat die proefpersoon homself beter wou voordoen.

### 2.3.2.7 GELDIGHEID

Uit gegewens in die handleiding blyk dat die PHSF 'n hoë mate van konstrukgeldigheid toon. Die vraelys is naamlik toegepas op 'n groep gedragsafwykendes en die resultate is met dié van die normgroep ver= gelyk. Uit die resultate blyk dat "die PHSF betreklik konsekwent diskrimineer tussen die normgroep en die groep afwykende seuns en dogters" (Handleiding, p. 26). Dit blyk veral dat die afwykende groep

se aanpassing deurgaans beduidend swakker is as dié van die "normgroep".

2.3.2.8 BETROUBAARHEID

Dit is bereken volgens die halfverdelingsmetode. In die geval van die meisies wissel die betroubaarheidskoëffisiënte van 0,70 tot 0,89. Die standaardmetingsfout is ook bereken en vir meisies wissel dit tussen 0,65 na 1,07. Die vraelys voldoen dus aan die vereistes van geldigheid en betroubaarheid.

2.3.3 REAKSIES OP ALLEDAAGSE SITUASIES (RAS)

2.3.3.1 RASIONAAL

Hierdie angsskaal is in 1970 deur Waterhouse vir die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing ontwerp. Fairbairn (1972) skryf dat die rasionaal daarvan gebaseer is op die van Endler, Hunt en Rosenstein se ontwerp van die Stimulus-Response Inventory (1962). Laasgenoemde was 'n situasionele tipe angsskaal, gebaseer op Hunt se aanname dat die angsvlak wat 'n per= soon beleef, grootliks van die situasie waarin hy verkeer, sal afhang. Endler et al. het hul vraelys ontwerp op die basis dat angs beide stimulus- en responsgebonde is. Daarom word die stimulussituasie en die respons in hul angsskaal van mekaar geskei. Daardeur word dit moontlik om 'n persoon te beskryf in terme van die soorte situasies waarin hy angs ervaar, en ook in terme van die wyses waarop dit ge= manifesteer word.

Die rasionaal van die RAS is dus dat sekere reaksies op potensiële angsstimuli uit die alledaagse lewe hoër angs sal aandui as ander. 'n Persoon se angsvlak word dus volgens sy tipiese reaksiewyses op angsstimuli vasgestel.

Op grond van die voorgaande onderskryf ondersoeker dus Van Vuuren (1979, p. 163) se afleiding dat die RAS eerder 'n meting van gesteld= heidsangs as trekangs verteenwoordig.

2.3.3.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

Drie oorweginge geld in die verband, naamlik:-

- Die belangrikste oorweging vir insluiting van hierdie toets is die versekering van 'n doeltreffende seleksie van proefpersone in die be= angste en nie-beangste groep. Aangesien die geldigheid van die huidige ondersoek volkome op die doeltreffendheid waarmee genoemde groepe geïdentifiseer kon word, sou berus, is 'n hoë premie op die keuse van twee angsskale geplaas, waardeur akkurate seleksie ver= seker sou kon word. Aangesien die IPAT-angsskaal as primêre angs= skaal gebruik sou word, is die RAS geselekteer om as komplementêre instrument gebruik te word, omdat dit ook Suid-Afrikaans gestandaardi= seer is en derhalwe as betroubaar en geldig beskou sou kon word.
- 'n Tweede oorweging is dat hierdie vraelys besonder geskik sou wees vir seleksiedoeleindes, aangesien dit spesifiek op studente (en skoliere) gestandaardiseer is. In samehang met die feit dat die vraelys spesifiek ontwerp is vir navorsingsdoeleindes (vgl. Fairbairn, 1972) en so ontwerp is dat dit sensitief is vir registrasie van angs in die hoër middelvlakke daarvan, bring mee dat die vraelys uit= muntend geskik is vir gebruik in studentepopulasies. Angsbelewinge in die hoër middelvlakke kan gesien word as verteenwoordigend van angsgevoeligheid by studente, waarvan die meeste waarskynlik nie 'n hoë angsvlak ervaar nie.
- 'n Derde rede waarom die RAS ingesluit is, is geleë in tegniese en praktiese oorweginge. Die vraelys neem nie te lank om af te neem nie, sien maklik met behulp van maskers na, is vinnig interpreteer= baar, en die resultate is regstreeks met dié van die IPAT-angsskaal vergelykbaar, aangesien die norms van beide vraelyste voorsiening vir stientellings maak. Vir vergelykingsdoeleindes beskik die RAS dus oor voortreflike eienskappe.

2.3.3.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Die vraelys bestaan uit 'n toetsboekie (C/93) met 50 vrae. Toetsinstruk= sies verskyn bo-aan die bladsy waarop die vrae begin. 'n Antwoordblad (NIPR 203) word ook aan proefpersone beskikbaar gestel waarin die ant= woorde op toepaslike spasies ingevul kan word. Vier nasienmaskers en

die Suid-Afrikaans gestandaardiseerde handleiding voltooi die fisieke apparaat wat benodig word.

### 2.3.3.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

In die konteks van die huidige navorsing is hierdie vraelys saam met die IPAT-angsskaal in groepsverband toegepas. Vooraf is aan proefpersone verduidelik dat hulle aan 'n navorsingsprojek deelneem en dat hulle 'n aantal vrae sou beantwoord. Daar is egter nie genoem dat die toetse angsskale is nie. Die vrae in hierdie angsskaal bestaan uit situasies waaronder vyf keusemoontlikhede verskyn. Proefpersone moet die respons (A,B,C,D of E) kies wat die naaste aan hul eerste reaksie op so 'n situasie sal wees. Indien hulle nog nooit in so 'n situasie was nie, moet hulle probeer om hulself voor te stel wat hulle sou doen as dit met hulle sou gebeur.

Met behulp van 'n oefenvoorbeeld word seker gemaak dat proefpersone weet wat van hulle verwag word in terme van die beantwoording. Hierna word die laaste instruksies gegee, voordat die proefpersone met die voltooi=ing van die toets begin (RAS, C/93, 1970):

- beantwoord die vrae op die afsonderlike antwoordblad;
- moenie enige merkie in die toetsboekie maak nie;
- let op die nommer van die item en die letter naas die keuserespons;
- beantwoord elke vraag deur 'n X te maak oor die letter naas die korrekte itemnommer op die antwoordblad;
- vee foute uit en maak 'n duidelike X oor die werklike keuse;
- moenie te lank oor enige bepaalde reaksie nadink nie, aangesien die eerste keuse waarskynlik die beste is.

Geen tydsbeperking word gestel nie. Proefpersone word egter aangemoedig om so vinnig en versigtig moontlik te werk. Wanneer proefpersone die vraelys voltooi het, word hulle gevra om seker te maak dat hulle elke item voltooi het.

2.3.3.5 NASIEN VAN DIE TOETS

Eerstens word die antwoordblaaie vir die nasienprosedure voorberei, deur vir elke vraag waar proefpersone meer as een antwoord gemerk het, alle antwoorde te elimineer. Die nasien geskied deur agtereenvolgens vier maskers op die antwoordblad in posisie te plaas en die sigbare response te tel. Vier tellings word dus vir elke proefpersoon bereken. ŉ Geweegde telling van een is toegeken aan nasienmasker een: tellings word dus onveranderd behou. Aan masker twee is ŉ geweegde telling van twee toegeken, aan masker drie ŉ geweegde telling van drie, en aan masker vier ŉ geweegde telling van vier. Derhalwe word die totaal volgens masker twee verdubbel; die totaal vir masker drie met drie ver= menigvuldig en die totaal vir masker vier met vier vermenigvuldig. Die vier stelle tellings word vervolgens gesommeer. Laasgenoemde telling is die proefpersoon se totale routelling. Hierdie routelling word vervolgens verwerk in terme van die toepaslike normtelling (vgl. 2.3.3.6).

2.3.3.6 INTERPRETASIE VAN DIE TOETSGEGEWENS

Normtabelle maak voorsiening vir die verwerking van routellings in terme van z-tellings, t-tellings, persentiele, staneges en stientellings. Slegs een riglyn geld in die interpretasie van tellings, naamlik hoe hoër die standaardtelling, hoe sterker dui dit ŉ hoë mate van angs aan. Vir die doel van die huidige navorsing is routellings omgesit na stien= tellings, omdat laasgenoemde direk vergelykbaar met die stientellings van die IPAT-angsskaal sou wees.

Die stientellings van Normtabel Een is gebruik, omdat die tabel saamge= stel is op grond van ŉ studentepopulasie - dit wil sê soortgelyk is aan die huidige ondersoekgroep van beangste en nie-beangste eerstejaar= studente.

2.3.3.7 GELDIGHEID

Templer (1971) het ŉ korrelasie van 0,65 tussen die RAS en die Manifest

Anxiety Scale (die MAS) van Taylor gevind. Verder het die RAS 'n korrelasie van 0,64 met die IPAT-angsskaal behaal. Die afleiding word dus gemaak dat die toets oor 'n bevredigende konstrukgeldigheid beskik.

'n Verdere geldigheidsondersoek deur Schmidt (in Fairbairn, 1972) het 'n korrelasie van 0,58 tussen die RAS en Taylor se MAS opgelewer, wat die vorige bevindinge bevestig. Fairbairn beklemtoon dit dat die gegewens aantoon dat die RAS nie so hoog met die IPAT en MAS korreleer as wat laasgenoemde twee skale onderling korreleer nie. Verder is dit interes= sant dat die RAS nie hoog met die SR-skaal, waaruit dit oorspronklik opgestel is, korreleer nie.

Verder het Templer 'n korrelasie van 0,65 tussen die RAS en die MAS ge= vind, asook 'n korrelasie van 0,64 tussen die RAS en die IPAT-angsskaal (1972, p. 164).

2.3.3.8 BETROUBAARHEID

Fairbairn (1972) rapporteer betroubaarheidskoëffisiënte van 0,89, 0,88 en 0,86 met drie verskillende steekproewe. Vergelyk ook Templer (1972, p. 163). Die toets vertoon dus redelik konstant.

2.3.4 DIE IPAT-ANGSSKAAL

2.3.4.1 RASIONAAL

As angsskaal is hierdie vraelys 'n diagnostiese instrument waarmee 'n aanduiding van vrye, manifeste angs verkry kan word. Die skaal is met behulp van statistiese tegnieke ontwikkel en het veral twee belangrike voortreflikhede: data word in 'n kort tyd bekom, en is objektief en empiries van aard.

2.3.4.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE VRAELYS

. Die primêre motivering vir die insluiting van hierdie toets hang

saam met dié vir die insluiting van die RAS. Aangesien die geslaagd= heid van die huidige ondersoek hoofsaaklik 'n funksie van die korrekte identifikasie van die beangste proefpersone sou wees, is besluit om twee angsskale vir die doel aan te wend. Aangesien die IPAT soos die RAS goed "gekamoefleer" is in terme van die naam daarvan ("Selfonder= soekvraelys"), vinnig en maklik afgeneem kan word, maklik nasien en dus goed met die RAS gekombineer sou kon word, is besluit om die IPAT by die RAS in te sluit.

. 'n Tweede motivering vir die insluiting van die IPAT vloei voort uit die psigometriese samestelling van die vraelyskombinasie. Volgens Cattell en Scheier meet hierdie vraelys beide trek- en gesteldheids= angs dog dit is meer ingestel op die meting van trekangs (<u>in</u> Van Vuuren, 1979, p. 161). Hierteenoor is die RAS 'n sterker meting van gesteldheidsangs as trekangs. Vanuit die beskouing dat persone met 'n hoë trekangs ook 'n geneigdheid tot hoër gesteldheidsangs sal vertoon, volg dit dus dat 'n kombinasie van hierdie twee angsskale die beste moontlike battery vir die bevredigende seleksie van be= angste proefpersone enersyds, en nie-beangste proefpersone andersyds, bevat.

. 'n Derde oorweging spruit uit die reeds gemelde psigometriese en praktiese voortreflikhede van die IPAT. Dit is kort en kragtig en tog betroubaar en geldig (vgl. die bespreking onder 2.3.4.7 en 2.3.4.8).

Aangesien die RAS tot so lank as 30 minute kon neem om voltooi te word, moes die vraelys wat daarmee gekombineer sou word, vinnig voltooi kon word, ten einde die seleksiefase van die navorsingspro= gram 'n praktiese werklikheid te kon maak.

Omdat die groeptoetsing (die seleksie van die beangste en nie-be= angste proefpersone) in klasverband sou plaasvind, en slegs een 40-minutelesingperiode daarvoor beskikbaar gestel kon word, was tyd van die grootste belang. Mansstudente moes eerstens aangesê word om die lokaal te verlaat, die projek moes bekendgestel word, vertroulikheid moes beklemtoon word en die moontlikheid dat resul= tate later individueel met ondersoeker bespreek sou kon word, moes gestel word voordat die toetsing kon begin.

Die tydfaktor was veral krities in die klasgroep waaruit die meeste potensiële kandidate afkomstig sou wees, naamlik die B.Pharm.- en B.Sc.-groep, waar etlike honderde studente in een lesinglokaal saam= getrek was.

Teen hierdie agtergrond van hoogs beperkte tydsduur, het die IPAT-angsskaal uitstekend te pas gekom as aanvulling van die RAS.

### 2.3.4.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Die toetsmateriaal bestaan uit 'n vraelys (617/1PP), 'n nasienmasker en 'n Suid-Afrikaans-gestandaardiseerde handleiding. Toetsinstruksies verskyn op bladsy een. Veertig persoonlike vrae volg op bladsy twee en drie. 'n Antwoordblad (738PP) word aan proefpersone beskikbaar gestel waarop antwoorde op toepaslike spasies ingevul kan word.

### 2.3.4.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Eerstens word aan proefpersone verduidelik dat veertig vrae in verband met alledaagse situasies of probleemaspekte aan hulle voorgelê sal word. Daar word egter nie vermeld dat die vraelys 'n angsskaal is nie. Op elke vraag is drie antwoordmoontlikhede: Ja Soms Nee. Alternatiewelik is die moontlike antwoord: A - Tussen-in - B. Deur middel van oefen= voorbeelde word seker gemaak dat proefpersone begryp wat van hulle ver= wag word en dat die vrae eerlik en korrek op die antwoordvel beantwoord moet word.

Finale instruksies is soos volg:

. Geen vraag moet oorgeslaan word nie;
. vrae moet beantwoord word soos wat die proefpersoon NOU voel;
. toetsmateriaal moet ingehandig word sodra die proefpersoon klaar is.

Geen tydsbeperking word gestel nie. Die vraelys word egter gemaklik binne 5-10 minute voltooi.

2.3.4.5 NASIEN VAN DIE TOETS

Nasien geskied met behulp van 'n standaard nasiensleutel. Die totale telling word bereken as die som van die twintig items waaruit die A-telling (onbewuste angs) bestaan en die twintig items waaruit die B-telling (simptomatiese/bewuste angs) bestaan.

Buiten hierdie verdeling kan vyf afsonderlike subtellings onderskei word, naamlik

| | | |
|---|---|---|
| $Q_3(-)$ | : | Items 1-4, 21-24 (gebrekkige integrasie/selfsentiment) |
| C (-) | : | Items 5-7, 25-27 (swak ego/gebrek aan egosterkte) |
| L | : | Items 8-9, 28-29 (agterdog/paranoïdiese gevoel van on=veiligheid). |
| O | : | Items 10-15, 30-35 (geneigdheid tot skuldgevoelens) |
| $Q_4$ | : | Items 16-20, 36-40 (spanning as gevolg van frustrasie/druk van die id). |

Met behulp van Suid-Afrikaans-gestandaardiseerde norms kan routellings verder na standaardtellings omgeskakel word.

2.3.4.6 INTERPRETASIE VAN DIE TOETSGEGEWENS

Tellings kan verwerk word in terme van stientellings, staneges of per=sentiele. Dit geld die verwerking van totaaltellings, A-tellings, B-tellings, of deeltellings ($Q_3(-)$, C(-), L, O en $Q_4$).

Volgens die handleiding van die IPAT (Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1968) dui 'n stientelling van 1,2 of 3 op stabiliteit, sekerheid en algemene geestesgesondheid. Stientellings van 4,5,6 of 7 val nog binne die grense van normaliteit. 'n Stientelling van 7 dui egter op 'n grensgeval. Stientellings van 8,9 of 10 dui op 'n "psigologiese siektetoestand met probleme ten opsigte van sosiaal-emosionele aanpassing" (Cattell, Scheier en Madge, 1968, p. 13).

2.3.4.7 GELDIGHEID

As meting van die konstrukgeldigheid is die A-tellings, B-tellings en die totaaltelling van die IPAT vergelyk met metings van wanaanpassing

soos gemanifesteer op die verskillende velde van die NB-Aanpassingsvrae= lys van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Die korrelasies het gewissel van 0,21 tot 0,55. (Handleiding, p. 8).

'n Tweede meting van geldigheid is gebaseer op die halfverdelingsmetode. Die handleiding van die IPAT-angsskaal stel die metodiek soos volg: "... om die konstrukgeldigheid van die skaal te bepaal, (word) aanvaar dat die items een algemene faktor meet en geen spesifieke faktore nie; die geldigheid kan dan beskou word as die vierkantswortel van die be= troubaarheid gebaseer op die halfverdelingsmetode." (1968, p. 8). Hier= volgens kom die geskatte konstrukgeldigheid van die totale skaal op 0,89 te staan (vir Afrikaanssprekendes).

2.3.4.8 BETROUBAARHEID

Ter bepaling van die betroubaarheid van die IPAT is drie metodes toege= pas:

- Die toets-hertoetsmetode (met 'n twee weke tydsverloop tussen toets= sessies) het betroubaarheidskoëffisiënte opgelewer wat wissel van 0,83 (vir manlike Afrikaanssprekendes) tot 0,86 (vir vroulike Afrikaanssprekendes);
- Die half-verdelingsmetode wat 'n koëffisiënt van 0,80 opgelewer het (beide manlike en vroulike Afrikaanssprekendes);
- Ferguson se aanpassing van die Kuder-Richardson 20-formule het be= troubaarheidskoëffisiënte opgelewer wat gewissel het van 0,82 (manlike Afrikaanssprekendes) tot 0,78 (vroulike Afrikaanssprekendes).

Ten slotte word in die Handleiding van die IPAT beklemtoon dat die toets, in weerwil van die vyf relatief afsonderlike (en dus nie-homogene) komponente waaruit dit bestaan, ook oor 'n bevredigende interne konstant= heid beskik.

## 2.3.5 DIE BOOMTOETS

ORIËNTERING

Hoewel die ontwikkeling van die sogenaamde Boomtoets 'n lang geskiedenis het (vgl. bv. Koch, 1952, se publikasie: "The Tree Test") beklemtoon een resente outeur, Bolander (1977), dat boomtekeninge nie as 'n psigo= logiese toets in die psigometriese sin van die woord beskou kan word nie.

In diè verband vereenselwig ondersoeker hom volkome met die beskouing van Bolander, en beklemtoon derhalwe dat die gebruik van die begrip "Boomtoets" bloot ter wille van akademiese redes geskied: dit wil sê omdat daar na hierdie projektiewe tegniek verwys word in die konteks van 'n reeks psigologiese toetse, word dit as nog 'n "toets" getipeer.

### 2.3.5.1 RASIONAAL

Wesenlik berus hierdie toets op die rasionaal van projeksie. Dit kan daarom in die kader van die ander tekentegnieke soos byvoorbeeld die Teken-'n-mens-toets geplaas word. Die aanname is vervolgens dat hierdie toets by wyse van projeksie belangrike aspekte van 'n persoon se "self" behoort te ontlok. In die verband haal Bolander vir Jung aan, wat hom soos volg oor boomtekeninge uitlaat: "If a mandala may be described as a symbol of the self seen in cross section, then the tree would repre= sent a profile view of it: the self depicted as a process of growth" (1977, p. 22).

Teen hierdie agtergrond verklaar Bolander kan boomtekeninge belangrike inligting verskaf rakende aspekte soos 'n persoon se ontwikkelingsituasie, waarin vroeë kondisionering, onbewuste prosesse en bepaalde dinamieke van die persoonlikheid weerspieël word. Die lewensbeeld oftewel "gestalt" van die tekenaar se in-die-wêreld-wees wat op dié wyse verkry word, word vertolk aan die hand van verskillende simboliese betekenisse wat aan verskillende aspekte van die tekening gekoppel word, byvoorbeeld instink= lewe, seksualiteit en onbewuste aspekte word verbind aan die wortel= stelsel van die boom, die stam word met die persoon se emosionele lewe in verband gebring, en die takstruktuur in verband met kognitiewe en intellektuele prosesse.

ŉ Laaste rasionaal is dat die vertolking van ŉ tekening nie slegs volgens rasionele, logiese gronde plaasvind nie, dog ook ŉ intuïtiewe, "verstehende" benadering waarin aanvoeling met analitiese denke ge=kombineer word, insluit.

2.3.5.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN HIERDIE TOETS

Twee motiveringe geld in hierdie verband:-

. Die multidimensionele aard van die angsverskynsel maak dit noodsaak=lik dat die ondersoek uit soveel moontlik oogpunte benader behoort te word, ten einde die omvang, manifestasie en betekenis daarvan so konkreet, volledig en insigtelik moontlik te kan peil.

  In dié verband is dit ondersoeker se oortuiging dat die aanvulling van die vraelyste wat in die projek gebruik word, met behulp van ŉ projektiewe tegniek besondere voordele bied: veral omdat dit die ruimte bied waarin die meer onbewuste aspekte van angs konkreet ge=manifesteer kan word. (Onbewuste angs word natuurlik ook op die toepaslike subskaal van die IPAT-angsskaal gemanifesteer, dog dit bly ŉ abstrakte syfer.)

  Soos in die literatuuroorsig aangetoon is, beklemtoon veral die psigo=analitiese en eksistensieel-humanistiese psigologie die belang van die onbewuste ten aansien van angs. In die verband is ŉ beperking van die gebruik van angsskale soos byvoorbeeld die STAI-angsskaal, die feit dat dit angs uit spesifieke invalshoeke belig (in terme van gesteldheids- en trekangs) en daarom presies, dog ook fragmentaries is: dit openbaar belangrike fasette van angs, dog die gegewens bly vae abstraksies van die realiteit van die angsprobleem. Anders ge=stel: persoonlikheidsvraelyste soos dié wat reeds bespreek is, is statisties goed kontroleerbaar, dog laat min ruimte vir die manifes=tasie van individualiteit, omdat die metings immers slegs op groep=reaksies en dus gemiddelde tellings (d.i. sentrale waardes) gebaseer is.

  In ŉ studie waarin gepoog word om die klem ook op die beangste persoon te laat val, kan dus nie volstaan word met enkelfasetmetings nie, hoe

belangrik die bydrae daarvan ook al mag wees.

As aanvulling van die vraelysgegewens bied die Boomtoets die beste moontlikhede in die konteks van die huidige studie. Dit bied in ruimer mate 'n konkrete "gestalt"-manifestasie van die dinamiek van angs: in sy impak op verdedigende reaksies, as tendens tot inhibe= ring (bv. in verdikking van takke, figuurlik en letterlik as skeef= trekking van die boomtekening, byvoorbeeld deur tendense na links - en dit alles in die konteks van 'n ontwikkelingsgeskiedenis waarin potensieel traumatiese aspekte soos siekte, dood of verkragting by= voorbeeld in merke, gate en gebroke takke weerspieël word.

In dié verband laat Bolander haar soos volg uit oor die relevansie van die Boomtoets, spesifiek ten aansien van angs: "... insights pertinent to diagnosis may very well be derived from tree drawings: specific expressions of anxiety, typical defense mechanisms, general level of emotional development, indications of tension and conflict together with clues as to their sources in the patient's past experiences and other signs of maladjustment ..." (Bolander, 1977, p. 4). Bolander spesifiseer ook dat die boomtekening 'n besonder waardevolle hulpmiddel kan wees as dit saam met ander psigologiese toetse gebruik word.

In vergelyking met ander projektiewe tekentegnieke, byvoorbeeld die Teken-'n-mens-toets, ontlok die Boomtoets nie soveel verdediging in volwassenes nie (vgl. Di Leo, soos aangehaal deur Bolander, 1977, p. ix).

In terme van praktiese oorweginge staan die Boomtoets ook bo die ander erkende projektiewe tegnieke byvoorbeeld die Rorschach en TAT uit, omdat dit eenvoudig is om af te neem, veel korter neem en boonop 'n gemaklike inleidingstaak tot die toetsprogram sou wees.

. 'n Tweede oorweging spruit uit die doelstelling van die studie, naam= lik klinies-psigologiese verkenning. Uit sodanige verkenningsoog= punt bied die huidige studie die geleentheid tot versameling, kwantifisering en dus evaluering van boomtekeninge as psigologiese hulpmiddel.

Die aspek is van belang, aangesien ondersoeker aan die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing van die PU vir CHO verbonde is, waarin in die konteks van diagnostiese werk, besondere klem op die belang van boomtekeninge geplaas word.

2.3.5.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS (APPARAAT)

Die toets as sodanig bestaan nie uit enige apparaat nie. Slegs papier en 'n potlood word benodig vir die uitvoer daarvan in terme van die tekening van 'n boom.

2.3.5.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Verskillende stelle instruksies bestaan ten opsigte van die boomteken= toets. Ondersoeker het egter aansluiting gevind by die metode van Bolander. Aan die toetspersoon word eenvoudig gevra om 'n boom te teken. 'n Vel wit papier (A-4-grootte) word voorsien, asook 'n potlood en uitveër.

Die persoon kry voldoende tyd om die tekening te voltooi. In die teken= tyd hou ondersoeker hom besig met 'n ander taak, byvoorbeeld die neer= skryf van opmerkings wat die proefpersoon moontlik tydens die uitvoer van die tekentaak maak.

2.3.5.5 NASIEN EN PUNTETOEKENNING

As uitgangspunt is reeds gestel dat hierdie tegniek nie as "toets" in die gewone sin van die woord beskou kan word nie. Daarom word ook nie vir kwantifisering as sodanig voorsiening gemaak nie. Talle kwalita= tiewe aspekte word egter by die evaluering van boomtekeninge in bereke= ning gebring. In die verband stel Di Leo (aangehaal deur Bolander, a.w., p. ix) dit soos volg: "Standard methods of statistical analysis cannot be effective in evaluating clinical methods wherein experience, sensi= tivity, intuition, and judgment play a role that eludes quantification, and where the material under investigation is impressively complex".

Vir die doel van die huidige studie word 'n vyftal aspekte wat as angsver=
want beskou kan word, geselekteer met die oog op kwantifikasie, naamlik:

- die afwesigheid van 'n basislyn sowel as 'n wortelsisteem;
- 'n sterk tendens of inklinasie van die tekening na links;
- skaduering en bas op die stam;
- gebroke en naasliggende lyne;
- merke, gate en gebroke takke.

Elke aspek word vervolgens bespreek.

## DIE AFWESIGHEID VAN 'N BASISLYN EN WORTELSISTEEM

Vir beide Koch (1952, p. 83) en Bolander (a.w., p. 227) verteenwoordig hierdie verskynsel die moontlikheid van onsekerheid by die tekenaar: letterlik kan dit 'n teken wees dat die tekenaar "swewend" is, dit wil sê nie optimaal in die wêreld om hom "gewortel" is nie. Die afwesig= heid van bogenoemde kenmerke hoef nie uitsluitlik op die teenwoordigheid van angsprobleme te dui nie. Dit mag 'n funksie van tekenstyl wees, dog in die konteks van die huidige studie waar die teenwoordigheid van angs reeds by die beangste groep vasgestel is, word aanvaar dat dit wel die moontlikheid van 'n angsverwante aspek sou kon aandui.

Vir elke tekening waarin die basislyn en wortelsisteem dus afwesig is, word een punt toegeken.

## STERK TENDENS OF INKLINASIE NA LINKS

Beide Koch (a.w.) en Bolander (a.w., p. 71) beklemtoon dit dat die linker- en regterkante van die papier waarop die boomtekening verskyn, (en daarom ook die linker- en regterkant van die tekening) simbolies-verskillende betekenisse dra. Vir Bolander simboliseer die linkerkant die sektor waar= in die invloed van vroulikheid, die verlede en die moeder prominent is. Die aanname kan dus gestel word dat onopgeloste afhanklikheidsverhoudinge

(as een moontlike oorsaak van beangstheid) moontlik tot 'n oorbeklem= toning van die linkerkant van die tekening aanleiding kan gee.

Die verskynsel sou dus as moontlike aanduiding van 'n angsverwante pro= bleem na vore kan tree. Veral in situasies waar die invloed van die moeder besonder prominent op die psige van die kind afgedruk (geïnter= naliseer) is, sou hierdie probleem moontlik op so 'n wyse in die tekening vergestalting mag vind.

Die nasien van hierdie aspek is die mees subjektiewe en dus onbevredi= gende aspek. Waar duidelike aanduidings van 'n oorleuning na links gevind is, óf in die takstruktuur óf in die groeirigting van die stam, is 'n punt toegeken.

SKADUERING EN BAS OP DIE STAM

In die literatuur word beklemtoon dat skaduering versigtige vertolking vereis, aangesien die betekenis daarvan nie noodwendig patologies hoef te wees nie (vgl. bv. Buck, soos aangehaal deur Bolander, a.w., p. 256).

Skaduwees kan immers aangebring word uit kunsoorweginge, byvoorbeeld om 'n driedimensionele effek te verkry. Potensieel negatiewe be= tekenisse soos aangedui deur Bolander (a.w., p. 256) is egter onder meer die volgende:

- as skermmeganisme of as "way of protecting the self against external influences felt by the subject to be undesirable or overwhelming" (ibid.);
- as skerm vir die verberging van 'n spesifieke kwessie waaroor die tekenaar skaam mag voel en wat as pynlike herinnering ingegraveer is in die bewussyn;
- as simbolisering van verborge aggressie.

Vir die doel van die huidige studie word skaduering beskou as aandui= dend van moontlike verdedigingsmaneuvers, dit wil sê response in die tekening waardeur die tekenaar blyke van selfbeskerming in die teen= woordigheid van potensieel bedreigende stimuli openbaar.

Die teenwoordigheid van bas ("bark") dra 'n potensieel negatiewer be= tekenis as skaduering. "While shading symbolizes general defense mechanisms, shielding, resistance, or 'hiding', a fully delineated bark represents armoring" (Bolander, a.w., p. 277).

'n Kernaspek in die evaluering van hierdie tendense is die graad waarin dit voorkom en die wyse waarop dit in die tekening aangewend word. Vir die doel van kwantifisering is dit noodsaaklik dat fyner nuanseringe ten opsigte van skaduering en basagtigheid egter agterweë gelaat word. Die teenwoordigheid van hierdie twee elemente word dus sonder meer beskou as aanduiders van moontlike verdedigingsmaneuvers, dit wil sê response in die tekening waardeur die tekenaar blyke van selfbeskerming in die teenwoordigheid van potensieel bedreigende stimuli openbaar. (Self= beskerming as sodanig impliseer dus nie 'n angstoestand of patologiese reaksies nie - in die konteks van die ondersoek en in samehang met die ander vier aanduiders mag dit egter die betekenis van klinies-bedui= dende selfverdediging dra.)

'n Punt word dus toegeken waar skaduering of bas in die tekening voor= kom.

## GEBROKE EN NAASLIGGENDE LYNE

Ook in dié verband kan meer as een betekenis deur gebroke lyne aangedui word. Waar die ononderbroke lyn as die sogenaamde "normale" lynvorm vertoon word, kan die naasliggende lyn 'n aanduiding wees van onsekerheid, gebrekkige selfvertroue, en angs. Andersyds kan dit moontlik dui op presisie, 'n gesteldheid op detail en ander positiewe indikasies soos kreatiwiteit en verbeelding.

Gebroke lyne kan dui op senuweeagtigheid, probleme in verband met self=uitdrukking, en 'n belewing van blootgesteldheid; of op ontvanklikheid vir beïnvloeding, of op hulpeloosheid en ernstige gevoelens van kwes=baarheid (Bolander, a.w., p. 161-162).

Vir die doel van die huidige studie word hierdie tendense as potensiële begeleiders van angs vertolk. Een punt word toegeken in die aanwesig=heid van óf 'n naasliggende óf 'n gebroke lyn.

MERKE, GATE EN GEBROKE TAKKE

Bolander (a.w., p. 284-285) beskou hierdie aspekte as sogenaamde spesiale tekens, aanduidend van problematiese aspekte soos traumatiese ervaringe, byvoorbeeld dood, siekte, ongelukke, verkragting of dramatiese lewens=veranderinge. Andersins kan dit dui op onbewuste preokkupasies veral ten opsigte van geboorte, seksualiteit of voortplanting. Vir die doel van die huidige studie word genoemde aspekte vertolk as potensiële meegangers van angsprobleme.

Een punt word dus toegeken vir elke manifestasie van bogenoemde drie aanduiders.

## 2.3.5.6 INTERPRETASIE VAN TOETSGEGEWENS

Die tellings wat verkry is op grond van die puntetoekenning word ver=werk deur middel van nie-parametriese statistiek ten einde beduidend=heid van verskille tussen die tellings van die beangste en nie-beangste groep vas te stel. Hoedanig die bevinding ook al mag wees, sal die interpretasie op twee vlakke geskied:

- eerstens in terme van statisties-beduidende verskille al dan nie, en

- tweedens in terme van die jeugtydperk as die heersende ontwikkelings= fase van die proefpersone. Die resultate sal ook in verband gebring word met die res van die psigometriese toetsing. Interpretasies in terme van kwalitatiewe aspekte word veral tydens die bespreking van die toegepaste terapeutiese ondersoeke onderneem (vgl. Hoofstuk V).

2.3.5.7 BETROUBAARHEID

In terme van psigometriese betroubaarheid kan die Boomtoets inderwaar= heid nie as psigologiese toets beskou word nie. Betroubaarheidstudies as sodanig kon ook nie opgespoor word nie. Bolander handhaaf egter die siening dat hierdie vorm van projeksie besonder konsekwent is. Die af= wesigheid van spesifieke betroubaarheidstellings is egter nie na onder= soeker se mening 'n diskwalifikasie vir hierdie tegniek nie. Dit gaan immers nie om die meting van diskrete aspekte nie, dog om die globale projeksie van die self as deel van 'n psigometriese program.

2.3.5.8 GELDIGHEID

Vanweë die afwesigheid van kwantitatiewe nasienmetodes en die gevolglike afwesigheid van betroubaarheidsdata, bestaan daar ook geen inligting in verband met die geldigheid van die tegniek nie.

2.3.6 DIE STAI-ANGSSKAAL

2.3.6.1 RASIONAAL

Die vraelys is in 1970 deur Spielberger, Gorsuch en Lushene opgestel. Die oorspronklike bedoeling was om 'n skaal te ontwerp vir navorsing oor angsverskynsels in sogenaamde "normale" populasies, dit wil sê nie-psigiatries-versteurde volwassenes. As sodanig bestaan die vraelys uit twee afdelings, naamlik die STAI "A-trait"-skaal ('n meting van trekangs) bestaande uit twintig vrae, en 'n STAI "A-state"-skaal ('n meting van gesteldheidsangs), ook bestaande uit twintig items.

Die belangrikste rasionaal van hierdie angsskaal is dus dat ŉ onderskeid gemaak kan word tussen angsbelewinge ten tyde van toetsing (gesteldheids= angs) en die durende geneigdheid tot angsbelewinge (trekangs) - ŉ onder= skeid van groot potensiële belang in sowel navorsing as kliniese werk, waar die invloed van spanningsdruk en spanningsvermindering as gevolg van terapie nagevors kan word.

2.3.6.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

Die belangrikste oorweging is die volgende: as klinies-psigologiese verkenning is die studie gemik op twee interafhanklike doelwitte; bestudering van proefpersone veral in die beangste groep; en evaluering van die toetsinstrumente met die oog op toepassing in Suid-Afrikaanse omstandighede in die algemeen, en moontlike verdere toepassings in die toekoms. Uit hierdie doelstelling vloei voort die belangrikste oorwe= ging vir die gebruik van nog ŉ angsskaal in die huidige studie: in die lig van die reeds geïdentifiseerde beangste groep proefpersone, sou die angsskaal geleentheid bied tot verdere evaluering van die proefpersone in terme van twee aspekte van angs, naamlik gesteldheids- en trekangs, en sou die studieprojek geleentheid bied tot ŉ evaluering van die angs= skaal, spesifiek omdat dit slegs oor Amerikaanse norms beskik.

Dié spesifieke angsskaal is geselekteer uit ŉ potensiële veelheid van angsskale wat wissel van gevestigde skale soos die Manifest Anxiety Scale van Taylor (1953), na die SR-angsskaal van Endler en Hunt en Rosenstein (1962) tot by ŉ resente angsskaal soos die Eksistensiële Angsskaal (Good en Good, 1974). (Slegs lg. verwysing is in die bibliografie vermeld.)

Die STAI is op grond van die volgende motivering betrek:

. Dit belig die angsprobleem vanuit twee aspekte wat sedert die bekend= stelling daarvan deur Cattell en Scheier in 1961 die verbeelding aangegryp het in die bestudering van angs, naamlik die konstrukte gesteldheidsangs en trekangs. Met behulp van die vraelys sou die angsvraagstuk dus nog breër en indringender bestudeer kon word.
. Die psigometries-voortreflike eienskappe van die STAI as potensiële siftingstoets:

Omdat die STAI slegs 20 items per subskaal bevat, is dit 'n besonder snel toepasbare siftingstoets vir gebruik in groepe, veral indien slegs die trekangsskaal toegepas sou word. Indien dié instrument dus ook tussen die beangste en nie-beangste proefpersone sou onderskei, sou dit vir insluiting in die reeds volgeskeduleerde massatoetsprogram vir eerstejaarstudente oorweeg kon word.

- Die bruikbaarheid van die vraelys as klinies-gevoelige instrument vir angsvermindering sou dit 'n uitstekende evalueringskaal uitmaak vir die toepassing van 'n angsverminderingsprogram as deel van die huidige studie (vgl. bv. die volgende studies waarin die bruikbaarheid van hierdie vraelys in terapeutiese verband duidelik blyk: D'Avgelli (1974); Kilmann en Auerbach (1974); Shaw en Thoresen (1974) en Tobiason (1971) soos aangehaal deur Lamb en Strand (1980, p. 270).
- Die geskiktheid as navorsingsinstrument met studentepopulasies: in die handleiding van die STAI word beklemtoon dat hierdie vraelys opgestel is as navorsingsinstrument vir relatief "normale" vol= wassenes. Aangesien studente 'n geselekteerde groep individue ver= teenwoordig, wie se angsvlak nie so hoog as versteurde persone be= hoort te wees nie, behoort die norms van die STAI dit dus 'n besonder geskikte instrument vir gebruik met hierdie populasies te maak. (Spesifieke norms word vir studente voorsien.)
- Al ontlok die STAI ook toenemend kritiek (vgl. bv. die besware van Shedletsky en Endler (1974), asook dié van Redfering en Jones (1978) wat in die bespreking van geldigheid verder belig word, bly dit die instrument wat juis in 1974 deur Smith en Lay (a.w., p. 519) as die mees gebruikte instrument in die bestudering van angs getipeer is.

Ondersoeker is derhalwe daarvan oortuig dat hierdie angsskaal, juis omdat dit al op soveel angsverwante aspekte en terreine betekenisvol toegepas kon word (vgl. Smith en Lay, 1974, p. 519-594), vir 'n oorsig van die massa navorsing wat reeds met die STAI onderneem is ook in die konteks van die huidige studie 'n besondere bydrae veral ten opsigte van die identifikasie van trekangs kan lewer.

2.3.6.3 DIE FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Die toetsmateriaal bestaan soos in die geval van die ander angsskale uit drie stelle apparaat: 'n toetsboekie, twee nasienmaskers en 'n handleiding met normtabelle. Die toetsboekie bevat die twee afdelings, trekangs en gesteldheidsangs, elk met twintig vrae. Instruksies verskyn bokant elke afdeling. Proefpersone beantwoord die vrae op die toetsboekie.

2.3.6.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Volgens die opstellers kan hierdie vraelys volkome selfstandig deur proefpersone ingevul word, omdat volledige instruksies bokant die twee afdelings verskyn. Omdat die geldigheid van die vraelys egter volkome afhanklik is van die proefpersoon se begrip van die onderskeid tussen gesteldheid op die oomblik en in die algemeen, behoort die proefpersoon daarop gewys te word dat die instruksies vir die twee afdelings verskil en dat hy die instruksies noukeurig moet lees. Dit word selfs aanbe=veel dat die ondersoeker die instruksies hardop lees terwyl die proef=persoon dit volg. Ook word geleentheid gegee om vrae te stel.

Dit is voorts belangrik dat die vrae oor gesteldheidsangs eerste voltooi word, omdat die reaksie op hierdie skaal beïnvloed mag word indien die meting van trekangs eerste voltooi sou word. (Spielberger, Gorsuch en Lushene, 1970, p. 4).

Beantwoording geskied deur 'n kruisie oor die toepaslike syfer regs van die vrae op elke skaal te trek.

In die geval van die afdeling oor gesteldheidsangs verskyn die syfers 1, 2, 3, 4 regs van die vrae, en respektiewelik onder die hoofde: Glad nie; Tot 'n geringe mate; Tot 'n mate; Inderdaad, Ja.

In geval van die trekangs-skaal, verskyn die syfers 1, 2, 3, 4 ook regs van die vrae, in dié geval respektiewelik onder die opskrifte: Feitlik nooit; Soms; Dikwels; Gereeld. Beantwoording geskied deur 'n kruisie oor die syfer reg onder die toepaslike opskrif te maak.

Geen tydsbeperking word gestel nie. Die vraelys kan egter binne 10-15 minute voltooi word. Die vraelys is in Afrikaans vertaal en deur 'n taalkundige versorg.

2.3.6.5 NASIEN VAN DIE TOETSTELLINGS

Die toets kan per hand of masjinaal nagesien word. Handnasienprosedure geskied deur middel van sleutels wat self vervaardig kan word. Ver= skillende nasienmaskers word benodig. Nasiensleutels vir sowel direkte tellings as vir geweegde tellings word benodig. Die probleem van "acquiescence set" het dit naamlik genoodsaak dat die gewigte wat aan sommige items toegeken word, "geweeg" moes word, ten einde gebalan= seerde skale te verseker. Dit sou naamlik 'n gelyke aantal items waarop hoë graderings (tellings van vier) hoë en lae angs aandui, verseker.

Weens praktiese probleme kon slegs die gesteldheidsangsskaal in terme hiervan gebalanseer word (tien items word regstreeks nagesien, en die oorblywende tien in omgekeerde volgorde, dit wil sê geweegde tellings word toegeken sodat 'n telling van byvoorbeeld vier as 'n een (1) nage= sien word. In die geval van die trekangsskaal word 13 items regstreeks nagesien, terwyl geweegde tellings aan die oorblywende sewe items toe= geken word (dit wil sê 'n 4 word 'n 1, ens.).

Die nasienprosedure verloop soos volg: regstreekse tellings word vir elke skaal met behulp van nasiensleutels bereken. Daarna word die som van die geweegde tellings vir elke skaal bereken. Vervolgens word die som van die geweegde tellings vir die omgekeerde items van die som van die regstreekse tellings afgetrek; 'n toepaslike konstante (vyf keer die totale aantal omgekeerde items vir elke skaal) word by die telling vir elke skaal bygevoeg (dit is 50 in geval van die gesteldheidsangs- skaaltelling en 35 in die geval van die trekangsskaaltelling). Hierdie totale tellings is nou gereed vir omskakeling na standaard= tellings.

### 2.3.6.6 INTERPRETASIE VAN DIE TOETSGEGEWENS

Routellings word uitgedruk in terme van t-tellings of persentiele. Ofskoon hierdie vraelys nie Suid-Afrikaans gestandaardiseerde norms het nie, is besluit om die Amerikaanse norms vir die kategorie "college freshmen" te gebruik.

Soos in die geval van die RAS word hoër angsvlakke deur hoër tellings aangedui.

### 2.3.6.7 GELDIGHEID

Ten opsigte van samevallende geldigheid word die volgende gegewens in die handleiding verskaf. In 'n korrelasie van die STAI se trekangsskaal met ander angsskale is die volgende korrelasies bereken:

- 'n korrelasie van 0,75 (slegs vroulike proefpersone) en 0,76 (slegs manlike proefpersone) met die IPAT-angsskaal;
- 'n korrelasie van 0,80 (slegs vroulike proefpersone) en 0,79 (slegs manlike proefpersone) met die Taylor Manifest Anxiety Scale;
- 'n korrelasie van 0,52 (slegs vroulike proefpersone) met die Zuckerman Affect Adjective Checklist.

Spielberger et al. (1970) maak uit die resultate die afleiding dat die drie skale waarmee die STAI gekorreleer is, beskou kan word as metings van trekangs, op grond van die sterkte van die korrelasies. Ten opsigte van konstrukgeldigheid van die gesteldheidsangsskaal word die volgende stawende bevindinge gerapporteer: 'n Groep voorgraadse studente het die STAI voltooi onder "normale" toestande. Daarna is hulle gevra om die skaal weer te voltooi, soos hulle gemeen het hulle sou voel "net voor hulle die finale vraestel van 'n belangrike kursus/vak sou skryf".
Uit die resultate blyk dat die gemiddelde telling vir die gesteldheids=angsskaal vir beide manlike en vroulike proefpersone aansienlik hoër was onder "eksamen"-toestande as tydens die "normale" omstandighede. Verder het geblyk dat alle items in die geval van die vroulike proef=persone beduidend hoër was onder die tweede toetsing. 'n Soortgelyke, dog meer uitgebreide studie het hierdie bevindinge verder bevestig

(Spielberger et al., 1970, p. 11).

Ten slotte word genoem dat korrelasies tussen die trekangsskaal en die gesteldheidsangsskaal ook 'n redelike korrelasie vertoon. Onder stan= daardomstandighede het dit gewissel van 0,44 tot 0,55.

Laastens is die vraelys met die Mooney Problem Check List gekorreleer. Dit is opvallend dat die trekangsskaal beduidend gekorreleer het met elke probleemarea wat in die skaal verteenwoordig is (a.w., p. 13).

Hoewel die voorgaande gegewens gunstige lig op die geldigheid van die vraelys werp, getuig die literatuur ook van kritiek op die geldigheid daarvan. In 'n kritiese evaluering van die STAI beweer Shedletsky en Endler (1974, p. 523-524) dat die vraelys inderdaad 'n betekenisvolle bydrae tot die studie van angs gelewer het, dog dat die konstruk <u>trekangs</u> 'n meer komplekse benadering verg as wat weerspieël word deur 'n eenheidskaal soos die trekangsskaal van die STAI.

Loo (1979) sluit by hierdie beskouing aan op grond van die resultate van 'n faktoranalise van die trekangsskaal van die STAI, waaruit vier faktore na aanleiding van vroulike proefpersone se reaksie op die STAI geïdentifiseer is, naamlik affek, kognisie, onsekerheid en neurotiese depressie (a.w., p. 52). Vir hom is dit verdere bevesti= ging van Shedletsky en Endler se standpunt dat <u>trekangs</u> 'n multidimen= sionele fenomeen is en dus doeltreffender met multidimensionele be= naderings bestudeer kan word as byvoorbeeld met die trekangsskaal van die STAI (a.w., p. 52).

Redfering en Jones (1978) bevraagteken weer, op grond van hul bevindinge met mediese studente, die invloed van 'n verdedigende instelling ten opsigte van die geldigheid van die STAI. Gevolglik beveel hulle aan dat 'n korreksiefaktor in die STAI aangebring behoort te word ten einde die moontlike invloed van 'n verdedigende instelling te kan kontroleer.

2.3.6.8 BETROUBAARHEID

Toets-hertoetsbetroubaarheidstellings is soos volg bereken: proefpersone

in die normatiewe groep het die toets voltooi, waarna drie hertoetsings gedoen is: eerstens na afloop van 'n kort opleidingsprogram in ontspan=ning, daarna is die toets afgeneem na 'n moeilike intelligensietoets, en laastens na afloop van 'n film waarin fatale beserings uitgebeeld is.

Uit die resultate van die hertoetsings blyk dit dat die trekangsskaal=tellings redelik hoog korreleer (van 0,73 tot 0,86) terwyl die korrelasies vir die gesteldheidsangsskaal relatief laag is (vanaf 0,16 tot 0,54). Spielberger et al. (1970) voeg by dat die lae korrelasies vir gesteldheids=angs voorspelbaar was, omdat die skaal veronderstel is om die invloed van unieke situasionele faktore ten tyde van toetsing te weerspieël. In die lig van die oorganklikheid van angstoestande beskou die outeurs interne konstantheid soos byvoorbeeld alfa-koëffisiënt as 'n beter aanduiding van die betroubaarheid van die gesteldheidsangsskaal. Gevolglik is alfa-koëffisiënte vir die STAI-skale bereken volgens die KR 20-formule, soos gewysig deur Cronbach. Die resulterende betroubaarheidskoëffisiënte het van 0,83 tot 0,92 vir die gesteldheidsangsskaal gewissel. Die outeurs konkludeer: "Thus, the internal consistency of both STAI subscales is reasonably good" (a.w., p. 10).

Betroubaarheidstellings in terme van toets-hertoetsbetroubaarheid is onder andere deur Joesting (1977) bereken. Ten opsigte van gesteldheids=angs lewer haar ondersoek met studente 'n korrelasie van 0,66 en ten opsigte van trekangs 'n korrelasie van 0,83 (a.w., p. 671). Hierdie resultate is min of meer in ooreenstemming met dié van die Handleiding.

In hul betroubaarheidsondersoek waarsku Nixon en Steffeck (1977) egter dat navorsers versigtig behoort te wees met langtermynvoorspelling ten opsigte van die trekangsskaal, aangesien hul eie studie met mediese studente relatief lae betroubaarheidstellings gelewer het (met tussen=fases van 'n paar maande tot elf maande). Korrelasies het gewissel tussen 0,539 en 0,292 (lg. is die korrelasie oor 'n tydperk van 11 maande). Op grond van beperkinge van hul navorsingsontwerp beveel die outeurs aan dat verdere ondersoeke na die potensiële verlies van voorspellingsvermoë ook in ander populasies ondersoek behoort te word.

Uit die voorgaande blyk dus dat die STAI botsende resultate ten opsigte van geldigheid en betroubaarheid ontlok. Vir die doel van die huidige studie kan dit egter steeds as 'n bruikbare instrument beskou word.

### 2.3.7 DIE VERKORTE BECK-DEPRESSIESKAAL

#### 2.3.7.1 RASIONAAL

Die rasionaal van hierdie vraelys hou regstreeks verband met belangrike waarnemings ten opsigte van die verskynsel van depressie, naamlik dat die aantal simptome met 'n toename in die erns van depressie toeneem; tweedens dat die frekwensie van depressiesimptome progressief en staps= gewys toeneem vanaf 'n toestand van nie-depressiwiteit na ligte, matige, en uiteindelik ernstige vorme daarvan; en derdens, hoe meer depressief 'n persoon is, hoe meer intens word die simptome van die depressie gemanifesteer.

Die Depressieskaal is gevolglik so opgestel dat dit vrae bevat:

- wat die belangrikste aspekte oftewel simptome van depressie dek, en
- dat dit voorsiening maak vir die toename in intensiteit van die depressiesimptome.

Teen hierdie agtergrond weerspieël toetslinge se response op die vraelys die mate waarin hulle ten tyde van toetsing in 'n depressiewe toestand verkeer.

#### 2.3.7.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

- Die primêre oorweging vir die insluiting van 'n depressieskaal is die intieme verweefdheid van angs en depressie van sowel teoretiese konstrukte as kliniese meegangers in 'n bepaalde simptoomsamestelling. Vergelyk byvoorbeeld die bevindinge van Klerman, Epstein, Costello (Hoofstuk I, 1.4.2) asook die verwysings in die ondersoek van Ryke (1980, p. 54-57). Laughlin (1967, p. 191) stel die verband tussen angs en depressie nog duideliker: "Actually, all depressive reactions

as all mental mechanisms, are to be understood ultimately as the expression of, and the defense against, anxiety." 'n Omvattende studie van angs noodsaak dus die insluiting van 'n depressieskaal.

. 'n Tweede oorweging vanuit die doelstellings van die huidige onder= soek, naamlik "klinies-psigologiese verkenning", is die evaluering van die gekose depressieskaal onder Suid-Afrikaanse omstandighede. Aangesien depressieskale almal van Amerikaanse norms voorsien is, is dit nie duidelik hoe doeltreffend hulle werklik in plaaslike om= standighede sal funksioneer nie. In die opsig het die huidige studie unieke omstandighede gebied vir die verkryging van groter helderheid met betrekking tot hierdie aspek.

Onder die beskikbare instrumente waaruit een depressieskaal geselekteer moes word, tel die volgende: die Beck-depressieskaal (21-item-vorm), die Beck-depressieskaal (verkorte vorm), die Zung-skaal, Hamilton-skaal en die sogenaamde Depressive Adjective Check List (DACL).

Die keuse van die verkorte vorm van die Beck-depressieskaal word soos volg gemotiveer:

- die vraelys is kort, maklik toepasbaar, duidelik en in die konteks van 'n volgelaaide toetsprogram die beste proposisie;
- dit benodig nie 'n hoogs opgeleide toetsafnemer nie en kan self deur proefpersone ingevul word;
- dit besit psigometriese voortreflikhede wat dit vir navorsings= doeleindes 'n besonder geskikte instrument maak.

In die bekendstellingspublikasie waarsku die outeurs (Beck en Beamesderfer, 1974, p. 164) egter dat die klinikus of navorser wat 'n meer volledige peiling van die erns van die depressie wil maak, dieper sal moet delf, ofskoon die tellings van die Beck-depressieskaal hom minstens van 'n snelle, akkurate siftingstoets voorsien.

'n Kritiekpunt teen die bestaande self-rapporterende depressieskale, wat dus ook op die Beck-depressieskaal van toepassing is, is dat hierdie skale, vanweë die standaardisering daarvan op klinies-depressiewe steek= proewe, nie optimaal geskik kan wees vir die gebruik met relatief

"normale" individue soos byvoorbeeld studente nie (Berndt en Berndt, 1980, p. 869).

Die depressieskaal wat daarop aanspraak maak dat dit meer geskik is vir gebruik onder die relatief normale populasies, byvoorbeeld studente, naamlik die Multiscore Depression Inventory (Berndt, Petzel en Berndt) het egter nog nie die publikasiefase bereik nie, en kon dus nie vir insluiting in die huidige studie oorweeg word nie.

### 2.3.7.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Die vraelys bestaan uit vier velle papier waarop die dertien groepe stellings verskyn. Elke groep bevat vier tot ses stellings oor 'n bepaalde aspek van depressie. 'n Telling is aan elke stelling in elk van die dertien groepe stellings toegeken. Teenoor elke telling is 'n antwoordblokkie waarin 'n kruis aangebring kan word as aanduiding van die toetsling se respons op die bepaalde groep stellings. Die belangrikste simptoom-kategorieë wat in die vraelys vervat is, sluit die volgende in: die belewing van mislukking, 'n pessimistiese lewensuitkyk, die teenwoordigheid van skuldgevoelens, selfverwerpende aspekte en selfmoordgedagtes, verminderde werksdoeltreffendheid, ver=lies van belangstelling, besluiteloosheid, versteuring van liggaams=beeld, vermoeidheid en verlies van aptyt.

### 2.3.7.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Die instruksies verskyn bo-aan die eerste bladsy van die vraelys. Die proefpersoon word daarvolgens versoek om telkens die hele groep stel=lings in elke kategorie te lees, dan die stelling in elke groep te kies wat die beste aandui hoe die persoon op daardie oomblik voel, en vervolgens die blokkie naas die gekose stelling te merk. Indien verskeie stellings in 'n groep egter eweveel van toepassing sou wees, moet elke blokkie daarnaas gemerk word. 'n Laaste instruksie wat ook op die vraelys aangebring is, is dat 'n toetsling seker moet maak dat hy al die stellings in elke groep lees voordat 'n keuse of keuses gemaak word.

As 'n reël word die vraelys binne vyf minute voltooi.

Hoewel hierdie vraelys ook van Amerikaanse oorsprong is, was vertaling onnodig, aangesien die vraelys reeds deur 'n ander navorser vertaal is.

### 2.3.7.5 NASIEN VAN DIE TOETSTELLINGS

Die toets word nagesien deur die totaal van tellings teenoor elke respons in elk van die dertien groepe stellings te bereken.

### 2.3.7.6 INTERPRETASIE VAN DIE TOETS

As die feit in ag geneem word dat die aantal simptome toeneem met toe= name in die ernstigheid van die depressie, en dat die frekwensie van depressiewe simptome progressief en stapsgewys toeneem vanaf 'n toestand van nie-depressie tot ernstige depressiewe toestande, word die tellings in die volgende kategorieë verdeel: 0 - 4 (geen of minimale depressie); 4 - 7 (ligte mate van depressie); 8 - 15 (matige depressie), en 16+ (ernstige depressie). (Beck en Beamesderfer, 1974, p. 164).

### 2.3.7.7 GELDIGHEID

Beck en Beamesderfer (1974, p. 164) het die verkorte Beck-skaal met die standaardskaal gekorreleer en 'n geldigheidskoëffisiënt van 0,96 bevind. 'n Tweede indringende geldigheidstudie is deur Reynolds en Gould (1981) onderneem. Drie ondersoeke is in die verband uitgevoer:-

- eerstens is die verkorte Beck-depressieskaal met die 21-item-skaal waaruit dit ontwikkel is, gekorreleer, asook met die Zung-depressie= skaal en die UCLA-eensaamheidskaal van Russel, Peplau en Ferguson (1978);
- tweedens is die faktorstruktuur van beide die verkorte en die 21-item-Beck-skaal ondersoek; en
- derdens is die invloed van sosiale wenslikheid op die tellings van die Beck-skaal ondersoek.

Die volgende resultate is gelewer:
Beduidende korrelasies is verkry tussen die standaard- en verkorte vorm van die Beck-skaal en die volgende kriteriumveranderlikes: respektiewe= lik 0,57 en 0,58 met die Zung-depressieskaal ($p < ,001$); na korreksie vir attenuasie in die kriteriumveranderlike, was die korrelasies tussen die Zung-skaal en die standaard en verkorte Beck-skale onderskeidelik 0,67 en 0,68 ($p < ,001$). Die standaard en verkorte Beck-skale het onder= skeidelik die volgende nie-beduidende korrelasie met die Marlowe-Crowne-sosiale-gewenstheidskaal gelewer: -0,26 en -0,27.

Die faktoranalitiese ondersoek na die standaardvorm van die Beck-skaal het sewe faktore opgelewer, waarvan vyf as betekenisvol beskou is (die ander twee het elk slegs een item bevat). Hierdie eerste vyf faktore het 53% van die totale variansie beskryf. Hulle is soos volg geformuleer:

- negatiewe affek ten opsigte van die self;
- negatiewe fisiologiese simptome;
- prestasieprobleme;
- algemene ongelukkigheid;
- verlies van persoonlike en sosiale belangstelling.

'n Faktoranalise van die verkorte weergawe van die Beck-skaal het drie faktore geïdentifiseer, naamlik:

- negatiewe affek ten opsigte van die self;
- prestasieprobleme;
- algemene ongelukkigheid.

Hierdie faktore is kumulatief vir 52% van die totale variansie verant= woordelik.

Reynolds en Gould konkludeer dat die verkorte Beck-skaal dus aan die vereistes van sowel samevallende geldigheid as diskriminante geldigheid voldoen, ofskoon die steekproef wat in die ondersoek gebruik is, naamlik verslaafde volwassenes, minder geldig mag wees as wat die geval sou wees indien studentepopulasies gebruik sou word (1981, p. 307).

2.3.7.8 BETROUBAARHEID

In die bekendstellingspublikasie van die verkorte Beck-depressieskaal word geen melding van betroubaarheidsgegewens gemaak nie. Die interne konstantheid van die skaal is vir die eerste keer in 1981 deur Reynolds en Gould ondersoek. Die resultate vir die verkorte en standaard Beck-depressieskaal was onderskeidelik 0,83 en 0,85. Statisties-beduidende geslagsverskille het egter op beide skale voorgekom. By die verkorte skaal was die gemiddelde telling vir dames 13,04 en vir mans 9,87.

Die outeurs kom tot die volgende gevolgtrekking: "With regard to reliability, both forms demonstrate adequate internal consistency reliability. Given the low number of items on the short form, the obtained reliability coefficient of 0,83 can be considered very satisfactory" (a.w., p. 307)

2.3.8 DIE SINVOLHEIDSTOETS (PIL)

2.3.8.1 RASIONAAL

Hierdie vraelys is 'n houdingskaal wat ontleen is aan die logoterapie van Frankl. Logoterapie is afgelei van die Griekse woord "logos" wat in die konteks waarin Frankl dit gebruik "behandeling deur die vind van die sin van die lewe" beteken. Die vraelys is ontwerp as 'n meting van Frankl se basiese beskouing in verband met die "eksistensiële vakuum". Hierdie toestand is nog nie aanduidend van patologie nie dog kan in 'n patologiese toestand ontwikkel indien dit nie in sinvolheid omskep kan word nie. Sodoende kan dit lei tot die sogenaamde "noögene neurose". (Vgl. 1.7.3.1.3).

Identifikasie van die sogenaamde "eksistensiële vakuum" met behulp van hierdie houdingskaal, omvat verskeie terapeutiese moontlikhede. Volgens die opstellers van die vraelys, Crumbaugh en Maholick (1969) kan die vraelysgegewens nuttig gebruik word in voorligting/terapie aan studente, binne- én buitepasiënte, asook in beroepsvoorligtingswerk. Dis ook nuttig vir navorsing in groepsverband dog moet versigtig benader

word in situasies waar kliënte/proefpersone geneig mag wees om 'n gunstige beeld te skep.

### 2.3.8.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

. As eerste oorweging het gegeld die prominente wyse waarop sinloos=heidsprobleme in die literatuur figureer: spesifiek ten aansien van die neurosevraagstuk en meer in die besonder op die terrein van angs. In dié verband is die omvang van Frankl se sinloosheidskon=struk en die relatief wye aanvaarding wat dit oor die hele spektrum van terapeutiese benaderings geniet, in Hoofstuk I aangetoon. Klem is ook gelê op Tillich se standpunt dat sinloosheidsprobleme die moderne manifestasie van angsverwante probleme is.

'n Tydgeestelik-relevante ondersoek na angsprobleme moes dus ook 'n evaluering van sinvolheid/sinloosheid insluit ten einde werklik verteenwoordigend van die kontemporêre beklemtoninge in die literatuur te kan wees.

. 'n Tweede, meer subjektiewe oorweging, wat aansluit by die motivering vir die insluiting van die Persoonlike Oriëntasievraelys (vgl. 2.3.10) is dat ondersoeker sover moontlik in die ondersoek die perspektiewe van die eksistensieel-humanistiese psigologie wou betrek, ten einde meer van die innerlike belewingswêreld van die proefpersone te kan verken.

Teen hierdie agtergrond en om die volgende vier redes, is die PIL in die huidige toetsbattery ingesluit:-

- Dit het ontwikkel vanuit die eksistensiële denke van Frankl, wat as die mees verteenwoordigende figuur in die eksistensiële psigo=logie beskou word.
- As vraelys bied die PIL belangrike psigometriese voordele: dit is 'n kort, bondige skaal wat in vyf minute voltooi kan word.
- As betekenisvolle navorsingsinstrument geniet dit toenemende erkenning (vgl. bv. Phillips, 1980, p. 661).

- Dié vraelys ontlok kommentaar met betrekking tot 'n kardinale lewensvraag, naamlik die vraag na sinvolheid - 'n vraag wat wesen= lik 'n religieuse vraag is - waardeur die inligting wat hieruit verkry kan word, belangrike lig op die belewingswêreld van die beangste groep kan werp. Prakties kom dit dus daarop neer dat 'n studie oor beangstheid selfs tentatiewe lig sou kon werp op aspekte van die proefpersone se religieuse lewe. Afleidings uit die resultate sou weer kon meewerk tot meer spesifieke aan= bevelings met betrekking tot die hantering van beangste eerste= jaardamestudente.

. 'n Derde oorweging, meer vanuit 'n navorsingsoogpunt, was die vraag hoe die sinvolheidskonstruk hom onder Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners sou manifesteer. Frankl se beklemtoning van die wyd= verspreidheid van sinloosheidsprobleme onder Europese en Amerikaanse studente (1968b, p. 19) sou nie noodwendig identies onder Suid-Afrikaanse studente wees nie. Sekere kulturele verskille kon moontlik 'n modererende invloed uitoefen: spesifiek die feit dat die proefpersone Afrikaanssprekend, oorwegend godsdienstig en oorwegend van die platteland (moontlik met meer beskermende opvoed= kundige omstandighede) afkomstig is, sou moontlik impliseer dat hulle, ten spyte van angsprobleme, nogtans ooreenstemmende sinvol= heidsbelewinge as byvoorbeeld die nie-beangste groep sou toon.

Aan die ander kant sou die resultate 'n aanduiding kon gee van die omvang en intensiteit van geesteswors telinge rondom of spruitende uit beangstheid wat selfs aan Afrikaanssprekende studente eie mag wees, en sou dit dus die betekenisvolheid van die huidige studie mag verhoog.

### 2.3.8.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Die toets bestaan uit 'n dubbele vel waarop die vrae in drie afdelings verskyn. Twintig vrae val onder Afdeling A. Elke vraag bestaan uit 'n stelling, byvoorbeeld "Ek is gewoonlik ..." gevolg deur 7 keusemoont= likhede van die Lickert-tipe. Hierdie organisasie van die vrae ver= onderstel die volgende: die sewe keusemoontlikhede word van 1 na 7

genommer. Die twee uiterste responsmoontlikhede naamlik "Geheel en al verveeld" en "Lewenslustig, geesdriftig" verskyn onderskeidelik onder 1 en 7. Omdat 4 die middelpunt van die keusemoontlikhede verteenwoor= dig, word die syfer 4 aangedui met die begrip "Neutraal".

Afdeling B behels dertien sinne wat voltooi moet word. Een voorbeeld: "Die hele doel van my lewe ..."

Afdeling C behels die opdrag om 'n paragraaf te skryf waarin die toets= ling sy oogmerke, ambisies en doelwitte in die lewe verduidelik. Die proefpersoon moet ook probeer aantoon hoeveel vordering in die verwesen= liking van hierdie doelwitte gemaak word.

### 2.3.8.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Toepassing is moontlik in groepsverband of individueel. Omdat toets= instruksies op die vraelys verskyn, is dit byna nie eens vir die toets= afnemer nodig om enige verdere opmerking te maak voordat die skaal afgeneem word nie. Die instruksies lui soos volg: "Hier volg 'n aantal stellings. Omsirkel die nommer (syfer) wat u huidige gevoel die akkuraatste weerspieël. Dit is belangrik om daarop te let dat die nommers strek vanaf 'n uiterste gevoel tot 'n teenoorstaande uiterste. Aangesien "Neutraal" dui op geen oordeel na 'n bepaalde gevoel nie, moet hierdie gradering sover moontlik vermy word." Geen tydsgrens word gestel nie. Die vraelys as geheel word gewoonlik binne 10-15 minute voltooi.

Op grond van twee oorweginge is besluit om slegs die vrae van Afdeling A deur proefpersone te laat voltooi. Die redes is:-

- Tydsoorweginge: deur die vraelys te reduseer tot die belangrikste afdeling kon die mees prominente kwantifiseerbare data steeds bekom word, dog in ongeveer een-derde van die tyd wat dit andersins sou neem.

- Crumbaugh en Maholick (1969) beklemtoon dit dat Afdelings B en C in die meeste navorsingsontwerpe nie geïntegreer hoef te word nie.

Wesenlike afbreuk sou dus nie aan die betekenisvolheid van die toets=gegewens gedoen word deur die uitlating nie.

Beide vraelyste (sowel die Sinvolheidskaal as die Soeke-na-Geestelike-Doel=witte-Toets) is vertaal en taalkundig nagesien.

### 2.3.8.5 NASIEN VAN TOETS

Slegs die twintig vrae in Afdeling A word gekwantifiseer. Dié afdeling word nagesien deur die totaal van elke omkringde syfer te bereken. Afdelings B en C word kwalitatief vertolk. Vervolgens word 'n norm=telling bereken waaruit die stand van die toetsling met betrekking tot sinvolheidsbelewing afgelei kan word. Omdat die vraelys nie vir Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer is nie, is besluit om tellings in terme van Amerikaanse norms te verwerk.

### 2.3.8.6 INTERPRETASIE VAN TOETSGEGEWENS

Toetsgegewens kan vertolk word uit die routellings as sodanig, of deur die routellings in persentiele uit te druk. Uit die resultate kan voorts afleidings gemaak word van die mate van sinvolheidsbelewing of die teenwoordigheid van 'n eksistensiële vakuum (sinloosheidsbelewing).

Routellings van 113 of meer dui op die teenwoordigheid van besliste belewinge van sinvolheid en doelwitte in die lewe. Tellings tussen 112 en 92 dui op 'n mate van onsekerheid met betrekking tot die sin van die lewe. Routellings onder 92 dui op 'n gebrek aan duidelike sin=volheidsbelewinge en lewensdoelwitte.

### 2.3.8.7 GELDIGHEID

Beide konstruk- en samevallende geldigheid is vir die skaal getoets. Ten opsigte van konstrukgeldigheid word die volgende gegewens ter stawing van die geldigheid van die skaal aangehaal. Crumbaugh het in 1968 daarin geslaag om akkurate voorspellings te maak ten opsigte van

die orde van gemiddeldes vir vier groepe "normale" proefpersone: suksesvolle sakemanne en professionele persone, ($\bar{X}$ = 118,90); aktiewe, leidende protestantse gemeentelede ($\bar{X}$ = 114,27); voor=graadse studente ($\bar{X}$ = 108,45); en nie-psigiatriese hospitaalpasiënte (X = 106,40) (Crumbaugh en Maholick, 1969).

In 'n ander studie ten opsigte van psigiatriese pasiënte is aangedui hoe sinvolheidstellings ten opsigte van neurotici, alkoholiste en nie-skisofrene psigotici verskil (eg. groep se tellings was die hoogste van die drie groepe). Uit die voorgaande asook ander gegewens konkludeer Crumbaugh en Maholick: "All in all the construct validity of the scale seems well supported" (ibid.).

In 'n derde studie het Sharpe en Viney (1973) bevind dat die PIL inder=daad 'n geldige meting is van sinvolheid, soos ervaar en weerspieël deur objektiewe metings van sinvolheidsverwante konstrukte. Proefpersone het die PIL voltooi, asook response ten opsigte van aspekte van "Weltanschauung", naamlik

. aanduidinge van die teenwoordigheid of afwesigheid van sinvolheid;
. aanduidinge van die teenwoordigheid of afwesigheid van selftransender=ende doelwitte; en
. aanduidinge van 'n positiewe of negatiewe wêreldbeeld.

Op grond van die resultate van die faktoranalitiese studie waardeur die bogenoemde bevindinge gelewer is, konkludeer Sharpe en Viney soos volg: "It is convincing evidence of the construct validity of the PIL, there=fore, that so much of the variance of its scores (61%) may be accounted for in terms of type of evaluation of the world, sense of purpose, and selftranscendent goals" (1973, p. 491).

Ten opsigte van samevallende geldigheid is 'n eksperiment uitgevoer waar pasiënte die skaal voltooi het, asook hul terapeute, soos hulle gedink het die pasiënte die skaal sou voltooi. Die Pearson-Produk-moment-korrelasiekoëffisiënt was 0,38. In 'n ander eksperiment is gemeentelede gevra om die vraelys te voltooi en het predikante daarna vir elke proef=persoon 'n vraelys voltooi soos hulle geglo het die proefpersone dit self sou doen. In hierdie geval was die korrelasiekoëffisiënt 0,47.

Uit die gegewens lei Crumbaugh en Maholick af dat die koëffisiënte in lyn is met wat verwag kan word van 'n enkelmeting van 'n komplekse trek soos sinvolheidsbelewing. In 'n onafhanklike ondersoek het Reker en Cousins (1979) die PIL aan 'n faktoranalitiese studie onderwerp. Uit die ses on=afhanklike dimensies in verband met betekenis en sinvolheid wat deur die ondersoek opgelewer is, kon 61,6% van die variansie verklaar word. Die faktore is: sinvolheid van die lewe (31,2%), tevredenheid met die lewe (7,9%), doelbereiking (6,6%), selfvervulling (5,6%), interne-eksterne lokus van beheer (5,2%) en lewensbeskouing (5,0%). Die afleiding word gemaak dat hierdie bevindinge die faktoriale geldigheid van die PIL onderskryf.

'n Laaste verwysing na 'n geldigheidstudie is dié van Doerries (1970). Hierdie outeur het bevind dat studente wat aan meer as een organisasie op Universiteit behoort, beduidende hoër tellings op die PIL behaal het as dié wat slegs aan een of geen organisasie behoort. Uit die voorgaande blyk dus dat die Sinvolheidstoets wel as geldig beskou kan word.

2.3.8.8 BETROUBAARHEID

Betroubaarheidstellings is bepaal deur die gedeelde-helfte-metode. In die geval is 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,81 gevind met 'n steek=proef van 225. Na korreksie met die Spearman-Brown-formule was die betroubaarheidskoëffisiënt 0,90. (Crumbaugh en Maholick, 1964, _in_ Crumbaugh en Maholick, 1969). In hul reeds genoemde navorsing het Reker en Cousins (1979) ook 'n betroubaarheidsondersoek uitgevoer. Uit die gedeelde-helfte-metode is 'n interne konstantheidstelling van 0,77 ver=kry, wat na korreksie met die Spearman-Brown-formule op 0,87 te staan gekom het. Toets-hertoets-betroubaarheid het na ses weke 'n telling van 0,79 gelewer. Die Sinvolheidstoets kan dus as 'n betroubare en geldige meting van die sinvolheidskonstruk beskou word.

## 2.3.9 DIE SOEKE-NA-GEESTELIKE-DOELWITTE-TOETS (SONG)

### 2.3.9.1 RASIONAAL

Soos die Sinvolheidstoets is die skaal ook aan die logoterapeutiese oriëntasie van Frankl ontleen. Dit dien as 'n komplimentêre skaal tot die bogenoemde vraelys. Waar eersgenoemde 'n meting is van die mate waarin iemand die sin van sy persoonlike bestaan ontdek het, is die huidige vraelys bedoel om 'n meting te verskaf van die sterkte van motivering om die sin van die lewe te ontdek (Crumbaugh, 1977a). Wanneer die twee vraelyste gekombineer word, kan veral nuttige voor=spellings gemaak word met betrekking tot die waarskynlikheid van suksesvolle terapeutiese intervensie vanuit 'n logoterapeutiese oriën=tasie. Crumbaugh skryf dat as 'n voornemende kliënt byvoorbeeld 'n lae telling op die Sinvolheidstoets behaal en 'n hoë telling op die SONG, die persoon waarskynlik 'n "goeie" kandidaat vir logoterapie sal wees. Indien die omgekeerde egter bevind word, naamlik 'n hoë telling op die Sinvolheidstoets en 'n lae telling op die SONG, sal die persoon 'n swakker kandidaat vir logoterapie wees.

Soos met die Sinvolheidstoets, waarsku Crumbaugh egter dat hierdie vraelys ook nie in isolasie gebruik behoort te word nie, aangesien die behoefte om 'n positiewe indruk te skep tot distorsie van resul=tate mag lei. Hy onderstreep egter dat die vraelys maksimaal bruik=baar is in navorsingsituasies, dog ook in individuele situasies nuttig kan wees indien die gegewens ook met behulp van ander toetse gekontro=leer kan word.

### 2.3.9.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

- Eerstens is die insluiting van hierdie vraelys gemotiveer deur die feit dat dit as komplementêre skaal vir die Sinvolheidstoets funksio=neer en dus ingesluit behoort te word in enige situasie waar die PIL toegepas word. (Op grond van hul faktoranalitiese studie van die PIL en SONG beveel Reker en Cousins (1979, p. 91) aan dat die twee vrae=lyste saam gebruik behoort te word, sodat meer spesifieke data ten opsigte van die faktorstrukture daarvan versamel kan word.)

- Tweedens bied die insluiting van hierdie skaal die moontlikheid om die bevindinge van Crumbaugh te toets, naamlik of die skaal 'n matige negatiewe korrelasie ten opsigte van die Sinvolheidstoets sal lewer. Die vraag is immers of bevindinge met Amerikaanse populasies vergelyk= baar sou wees met dié van Suid-Afrikaanse proefpersone.

- Derdens word die vraelys ingesluit, omdat dit in terme van angsteorie bevestigend mag aantoon dat beangste proefpersone sterker gemotiveer sal wees om iets daaromtrent te doen (d.w.s. ook sterker gemotiveer sal wees om te soek na sinvolheid) as nie-beangste proefpersone.

2.3.9.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Soos die Sinvolheidstoets bestaan die SONG uit 'n dubbele vel papier waarop twintig vrae verskyn. Elke vraag bestaan uit 'n stelling, gevolg deur sewe keusemoontlikhede van die Lickert-tipe. 'n Voorbeeld:

Aan die uiteindelike betekenis van die lewe dink ek:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Nooit | Selde | Af en Toe | Soms | Dikwels | Baie Dikwels | Gereeld |

Om die probleem van responsingesteldheid te voorkom, is die nommers van sommige vrae omgeruil, sodat alle nommers nie van links na regs op die bladsy van 1 na 7 verander nie, maar soms ook van 7 na 1. (Hierdie tegniek geld ook die PIL).

2.3.9.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Toepassing is moontlik in groepsverband of individueel. Instruksies verskyn op die toetsvel. Dit lui soos volg: "Hier volg 'n aantal stellings. Omkring die nommer wat u ware gevoelens die akkuraatste weerspieël".

Dit neem ongeveer 5 - 10 minute om die vraelys te voltooi. Geen tyds= beperking word gestel nie.

2.3.9.5 DIE NASIEN VAN DIE TOETS

Die toets word eenvoudig nagesien deur die som van die omkringde syfers te bereken. Hierdie telling kan wissel van 20 tot 140. Die snypunte is 'n telling van 79. Vir sogenaamde "normale" persone is die standaardaf= wyking 14 en vir pasiëntpopulasies 15.

2.3.9.6 INTERPRETASIE VAN TOETSGEGEWENS

Interpretasie geskied op grond van die norms vir normale en pasiëntpopu= lasies waarvan die snypunt 79 is. Tellings bo 79 dui dus op 'n sterk ge= motiveerdheid tot soeke na sin. Tellings onder 79 dui op 'n swakker motivering om na die sin van die lewe te soek. Uiteraard sal die tellings ook in samehang met dié van die Sinvolheidskaal geïnterpreteer word, omdat hierdie skaal 'n komplementêre skaal van eersgenoemde is.

2.3.9.7 GELDIGHEID

Konstrukgeldigheid blyk volgens Crumbaugh (1977a) uit die verifikasie van die voorspelling dat pasiëntpopulasies konsekwent hoër tellings sou behaal as "normale" nie-pasiëntpopulasies, op grond van die aanname dat geestes- en emosionele probleme sinvolheidsbelewinge verminder, en daarom tot intensivering van die behoefte om dit terug te vind, sal lei. Hierdie verifiërende bevindinge spruit uit 'n projek van Crumbaugh (1977b) waartydens pasiënte in 'n alkoholiste-behandelingseenheid soos volg pres= teer het: dié pasiënte met 'n algemene behandelingstrategie het 'n nie-beduidende toename in tellings op die SONG behaal, terwyl pasiënte wat logoterapie ontvang het, 'n beduidende afname, soos voorspel is, behaal het.

Met dié resultate is bevestig dat pasiënte se motivering om na sinvol= heid te soek, verminder het omdat hulle as gevolg van suksesvolle terapie 'n toename in werklike belewing van sinvolheid ervaar. Verder toon die resultate van kombinasies van die Sinvolheidstoets en die SONG in voor- en na-terapie-evaluerings, die volgende tendens ter stawing van die geldigheid van die toets: pasiënte waarvan die

tellings op die Sinvolheidstoets voor terapie hoog was (d.w.s. diegene vir wie dit aan sinvolheid ontbreek het, maar wat sterk gemotiveerd was om sin in die terapeutiese proses te herontdek het in terapie beter gevaar as dié pasiënte met omgekeerde (teenoorgestelde) tellings voor terapie (Crumbaugh, 1977b).

Yarnell (1972) het ook ŉ ondersoek na die geldigheid van die SONG onderneem. Die volgende resultate is bereik:

- Die PIL en SONG het negatief gekorreleer met beide ŉ steekproef "normale" en skisofrene proefpersone;
- die SONG korreleer positief met angs (trekangs);
- die SONG het positief gekorreleer met depressie soos gemeet op die MMPI-depressiesubskaal (a.w., p. 81).

Omdat Reker en Cousins (1979, p. 85) Crumbaugh se aanname dat die SONG ŉ komplementêre skaal ten opsigte van die PIL sou wees, bevraagteken, het hulle ŉ faktoranalise op beide vraelyste uitgevoer. Hul bevinding is dat die SONG inderdaad ŉ komplementêre skaal vir die PIL is. Die matige negatiewe korrelasie tussen die twee instrumente is dus nie bloot ŉ nasien-artefakt soos genoemde outeurs aanvanklik gemeen het nie.

In ŉ afsonderlike faktoranalise van die SONG is voorts gevind dat dit vier beduidende faktore opgelewer het wat vir ŉ totaal van 52,8% van die variansie verantwoordelik was. Die faktore is: eksistensiële vakuum, soeke na ŉ doelwit, soeke na avontuur en toekomstige aspirasies (a.w., p. 89). Hieruit is die afleiding gemaak dat beide vraelyste oor ŉ bevredigende faktoriale geldigheid beskik.

2.3.9.8 BETROUBAARHEID

Dit is bereken volgens die ewe-onewe-metode. Die resultaat in terme van die Spearman-Brown-korreksie op die Pearson-produk-moment-korrelasie van 0,71 + 0,04 is 0,83. In ŉ afsonderlike betroubaarheidsbepaling deur Reker en Cousins (1979, p. 90) het die gedeelde-helfte-metode ŉ interne konstantheidstelling van 0,76 gelewer, wat na korreksie met die Spearman-Brown-formule na 0,87 verhoog is. Nog ŉ verdere berekening van betrou=

baarheid, met behulp van die toets-hertoets-metode, (na 'n rusperiode van ses weke) het 'n stabiliteitskoëffisiënt van 0,78 gelewer. Die resultate uit afsonderlike ondersoeke bevestig dus die toets se geldig= heid en betroubaarheid.

## 2.3.10 DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS (POI)

### 2.3.10.1 RASIONAAL

Wesenlik is die rasionaal dat 'n persoon se reaksie op die 150 vrae (elk bestaande uit twee afgepaarde teenoorgesteldes) ten opsigte van die waarde-oordele en gedrag wat geassosieer word met selfaktualisering 'n aanduiding sal verskaf van sy vlak van positiewe geestesgesondheid in terme van aspekte soos byvoorbeeld optimale benutting van tyd (tydsbe= voegdheid), relatiewe outonomie, en 'n meer positiewe, hoopvolle uitkyk op die lewe en die aard van menswees in die algemeen.

Die vrae (verskillende items) is saamgestel uit die belangrikste aspekte wat prominent in die eksistensieel-humanistiese psigologie figureer. Dit sluit in die belangrikste konstrukte van skrywers soos Maslow, Rogers, Perls, May, Riesman en Ellis, dit wil sê veral die teoretici wat die be= grip selfaktualisasie beklemtoon het (vgl. Shostrom en Knapp, 1966, p. 193). Van besondere betekenis vir die vraelys is dat elke konsep in terme van 'n positiewe en negatiewe stelling van die relevante kontinuum of digoto= mie geformuleer word, ten einde enige verwarring oor wat die teenoorge= stelde van 'n bepaalde item sou wees, uit die weg te ruim.

### 2.3.10.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

Beide subjektiewe en objektiewe oorweginge het die uiteindelike inslui= ting van die POI bepaal.

- Die belangrikste oorweging was die subjektiewe behoefte om die nood= wendige reduksie wat 'n psigometries-analitiese studie sou meebring, sover moontlik te probeer oorkom, deur sover moontlik ook manifesta= sies van die innerlike belewingwêreld van die proefpersone te probeer

bekom. Vir hierdie doel sou 'n eksistensieel-begrypende invalshoek noodsaaklik wees. Aangesien die eis van wetenskaplikheid egter die groots moontlike premie op kwantifisering van data stel, moes manifestasies van innerlike belewinge verkieslik ook langs die weg van meting verkry word. As meetinstrument wat binne die dampkring van die eksistensieel-humanistiese denke ontstaan het, moet die keuse dus op die POI val. Omdat hierdie vraelys nie in die eerste plek op die evaluering van patologie val nie, dog op waarde-oordele wat veel van die innerlike belewingswêreld openbaar, byvoorbeeld selfwaarneming, interpersoonlike waarneming en waardering ("valuing"), word dit dus as uitstekende instrument beskou om benewens patologie, ook iets van innerlike prosesse te wete te kom. (Soos reeds onder 2.3.3 aangetoon, word die Boomtoets ook beskou as 'n meting waardeur aspekte van gestalt-funksionering ingewin kan word.)

. 'n Tweede oorweging, wat op meer objektiewe gronde berus, is die feit van botsende bevindinge ten opsigte van die verband tussen angs en selfaktualisering (vgl. 1.5.6). Waar die huidige studie ook angs as fokuspunt het, sou slegs die toepassing daarvan kan meewerk tot groter helderheid met betrekking tot die verband tussen angs en selfaktuali= sasie.

. 'n Derde oorweging spruit uit ondersoeker se ondersteuning van die sogenaamde groei- oftewel opvoedkundige model as grondslag vir die psigologie en spesifiek die psigoterapie. Waar die klem in die mediese model oorwegend op patologie val, beklemtoon die groeimodel die bestaande positiewe aspekte of groeimoontlikhede wat geaktiveer kan word. Vanuit hierdie invalshoek is dit ondersoeker se oortuiging dat die angsproblematiek eensydig bestudeer sou word indien slegs instrumente toegepas sou word om die patologie-aspekte te verken. Die byvoeging van die POI met sy fokus op aspekte van positiewe geestesgesondheid sou dus 'n andersins eensydige, eng prentjie ook vanuit 'n meer positiewe oogpunt kon belig. Die opsteller, Shostrom, verklaar naamlik eksplisiet dat hierdie vraelys ook 'n weerspieëling bied van die huidige vlak van positiewe gesondheid of selfaktuali= sasie. Ondersoeker is van mening dat 'n benadering van die proef= groep vanuit beide die simptoomaspek (angs) sowel as die meer

"gesonde" aspek, naamlik selfaktualisering, 'n meer gebalanseerde beeld van die groep kan bied. Soos dit uit Hoofstuk V sal blyk, het die POI ook waardevolle basislyngegewens verskaf wat nuttig te pas sou kom met die uitvoer van die terapeutiese en stimulerings= program, omdat 'n objektiewe aanduiding van die mate van groei daardeur verkry kon word.

### 2.3.10.3 FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS

Die toets bestaan uit 'n boekie met 150 vrae. Elke vraag bestaan uit twee teenoorstaande stellings, byvoorbeeld: "My lewenswaardes stem ooreen met dié van ander mense." "My lewenswaardes berus hoofsaaklik op my gevoelens." Op 'n afsonderlike antwoordblad beantwoord die proefpersoon die vrae deur in reaksie op elke vraag 'n keuse uit te oefen. Die vrae is so saamgestel dat dit die volgende ratio en komplementêre skale verteenwoordig:

| AANTAL ITEMS | NOMMER VAN SUBTOETS | BESKRYWING |
|---|---|---|
| I Ratioskale: | | |
| 23 | 1/2 | Tydsratio:<br>Tydsonbevoegdheid/tydsbevoegdheid<br>- meet die mate waarin 'n persoon "hede"-georiënteerd is. |
| 127 | 3/4 | Ondersteuningsratio:<br>Ander/innerlike ondersteuning<br>- meet of die persoon se reaksie= oriëntasie basies ander-gerig of innerlik-gerig is. |
| II Subskale: | | |
| 26 | 5 | Selfaktualiseringswaarde:<br>- meet die bevestiging van primêre waardes van selfaktualiserende persone. |
| 32 | 6 | Eksistensialiteit:<br>- meet die vermoë om in ooreen= stemming met die eise van 'n situasie (eksistensieel) op te tree, sonder 'n rigiede handhawing van beginsels. |
| 23 | 7 | Gevoelsreaksie:<br>- meet sensitiwiteit vir oftewel |

| AANTAL ITEMS | NOMMER VAN SUBTOETS | BESKRYWING |
|---|---|---|
| | | responsiwiteit ten opsigte van eie gevoelens en behoeftes. |
| 18 | 8 | Spontaneïteit:<br>- meet die vryheid om spontaan op te tree of om mensself te wees. |
| 16 | 9 | Selfagting:<br>- meet die bevestiging van die self op grond van eie waarde of sterkte. |
| 26 | 10 | Selfaanvaarding:<br>- meet die bevestiging of aanvaarding van die self ten spyte van swakhede of tekortkominge. |
| 16 | 11 | Mensbeskouing ("nature of man"):<br>- meet die mate waarin 'n konstruk= tiewe beskouing aangaande menswees, manlikheid, vroulikheid gehuldig word. |
| 9 | 12 | Sinergie:<br>- meet die vermoë om sinergisties te wees, dit wil sê om dichotomieë te transendeer. |
| 25 | 13 | Aanvaarding van Aggressie:<br>- meet die vermoë om die eie na= tuurlike aggressiwiteit te aanvaar, in teenstelling met ontkenning, ver= dringing en 'n verdedigende houding ten opsigte van aggressie. |
| 28 | 14 | Kapasiteit vir Intieme Kontak:<br>- meet die vermoë om betekenis= volle intieme verhoudinge met ander mense te ontwikkel, sonder verwagtinge en verpligtinge. |

Instruksies verskyn op die voorblad. 'n Afsonderlike antwoordblad word verskaf waarop die toetsling telkens een van twee keuses moet doen. Twaalf nasienmaskers word ook voorsien waarmee elke subskaal nagesien kan word. Die handleiding bevat slegs Amerikaans-gestandaardiseerde norms vir studente en volwassenes. Aangesien die vraelys vertaal moes word vir die Afrikaanssprekende proefpersone, is dit op A-4-bladsye afgedruk en vasgekram. Die oorspronklike Amerikaanse antwoordblaaie kon egter gebruik word.

2.3.10.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

Onder die instruksies word vermeld dat die vraelys uit pare genommerde stellings bestaan. Die proefpersoon moet elke stellingpaar lees en be= sluit watter een van die twee stellings deurgaans die meeste op hom van toepassing is. Vir die beantwoording van die vraelys kies die proef= persoon telkens die stelling wat "waar" of "meesal waar" is soos wat dit op hom van toepassing is. Die antwoord bestaan uit 'n streep tussen die stippellyne in die a- of b-kolom op die antwoordblad. As nie een van die twee stellings op die proefpersoon van toepassing is nie, of as hulle na iets verwys waarvan hy geen kennis dra nie, word vir die bepaalde vraag geen merk op die antwoordblad gemaak nie. Proefpersone word egter aangemoedig om elke vraag te probeer beantwoord. Indien die proefpersoon begryp wat van hom verwag word, word hy toegelaat om die vraelys te voltooi.

Die vertaling van die vraelys is deur 'n lid van die Universiteit se vertaalburo onderneem. Oënskynlik kon die vrae gemaklik in die Afrikaanse kultuur ingepas word. Tydens toetsing moes die betekenis van die begrip "sensueel" soos dit in vraag 92 gebruik word, egter dikwels verduidelik word. Dit wil dus voorkom asof ten minste hierdie vraag duideliker geformuleer kon word.

2.3.10.5 NASIEN VAN DIE TOETS

Eerstens word die antwoordblaaie geïnspekteer om vas te stel of sommige vrae nie beantwoord is nie en of beide items nie dalk vir bepaalde vrae beantwoord is nie. Hierdie antwoorde word geëlimineer deur 'n horison= tale streep deur beide kolomme op die antwoordblad te trek. Indien meer as 15 items op hierdie wyse uitgeskakel moet word, moet die vraelys as ongeldig beskou word.

Die antwoordblaaie kan per hand of per masjien nagesien word. In eers= genoemde geval word 14 nasienmaskers gebruik. Die toepaslike nasien= masker word oor die betrokke subskaal van die vraelys geplaas, in posisie geskuif sodat die afkorting vir die bepaalde subskaal deur 'n gaatjie in die nasienmasker sigbaar is op die antwoordblad, en die aantal gemerkte

antwoordmoontlikhede word getel. Die routelling word vervolgens op die antwoordblad neergeskryf. Die proses word vir al die subskale herhaal. Shostrom (1974, p. 6) wys egter daarop dat 'n oorsigtelike beeld van selfaktualisering verkry kan word, deur slegs die totaal vir die subtoetse Tydsbevoegdheid en Innerlike Ondersteuning te bereken.

'n Leemte in die gebruik van hierdie vraelys is die feit dat slegs Ameri= kaanse norms beskikbaar is. In die geval van studente word norms uitge= druk in terme van persentiele en in die geval van volwassenes in terme van standaardtellings. Aangesien geen Suid-Afrikaans-gestandaardiseerde norms vir hierdie vraelys beskikbaar is nie, is slegs die totale rou= tellings bereken vir elke subskaal, asook vir die totaal van tydsbevoegd= heid en Innerlike Ondersteuning, wat volgens Shostrom (1974, p. 6) 'n goeie aanduiding van die selfaktualiseringspeil verskaf.

2.3.10.6 INTERPRETASIE VAN DIE GEGEWENS

Aan die hand van die Amerikaanse norms kan selfaktualiseringsprofiele getrek word op grond waarvan interpretasies gedoen kan word. Profiele vir individue kan dus vergelyk word met ander profielgroepe byvoorbeeld dié van 'n alkoholis met die profiel van 'n groep alkoholistemans, of 'n student met dié van 'n groep manlike eerstejaarstudente. Op die wyse word aspekte van selfaktualisering vergelyk.

Vir die doel van die huidige studie is interpretasies gedoen aan die hand van profielvergelykings en z-toetse ten opsigte van die beangste en nie-beangste groep.

2.3.10.7 GELDIGHEID

Om te bepaal of die vraelys werklik meet wat dit veronderstel is om te meet, is die POI toegepas op 'n groep relatief "selfaktualiserende" persone en 'n groep relatief "nie-selfaktualiserende" persone (Shostrom,

Knapp en Knapp, 1977, p. 36). Die groepe is saamgestel deur praktise=rende, geregistreerde psigoloë. Resultate het getoon dat die vraelys op 11 van die 12 skale beduidend tussen die twee groepe onderskei. Dit blyk voorts dat die rekenkundige gemiddeldes van die selfaktualiserende groep op 11 van die 12 subskale ook hoër is as die van die nie-selfaktuali=serende groep.

Verdere ondersteuning vir die bevredigende mate van geldigheid van die vraelys is uit 'n studie van 'n aantal terapie-kliënte verkry. Die aan=name is gemaak dat toetsgeldigheid weerspieël sou word in beduidend verskillende tellings vir die groep kliënte wat pas met terapie begin het, teenoor dié groep wat reeds lank in terapie was. Die resultate het inderdaad bevestig dat die vraelys onderskei tussen kliënte wat pas met terapie begin het en kliënte wat reeds 'n gemiddeld van 26,6 maande lank terapie ontvang het. Al 12 subskale het trouens op die 0,01-peil van beduidendheid tussen die twee groepe onderskei. Hoogste tellings is aangeteken deur die groep kliënte wat reeds geruime tyd in terapie was (Shostrom, 1974, p. 23).

Beduidende korrelasies is verder gevind tussen die POI en 'n verskeiden=heid ander persoonlikheidsvraelyste. Tussen die hoofsubskaal van die POI, naamlik Innerlike Ondersteuning, en die 16PF word byvoorbeeld be=duidende korrelasies aangetref, waarvolgens die selfaktualiserende individu as relatief "more assertive, happy-go-lucky, expedient, venturesome, and self-assured" beskryf word (Shostrom, Knapp en Knapp, 1977, p. 39). Verskeie ander korrelasiestudies bevestig dit dat die vraelys aan die vereiste van voorspellingsgeldigheid voldoen. 'n Faktoranalitiese studie (Lorr en Knapp, 1974, soos aangehaal deur Knapp, 1976, p. 91) het 'n tiental faktore opgelewer en die gevolgtrekking is gemaak dat die POI 'n "matig komplekse versameling van faktore weer=spieël".

'n Resente, kritiese waardering van die POI konkludeer dat die vraelys beslis 'n aanduiding van positiewe geestesgesondheid bied, dog dat dit nie sonder meer as geldige aanduiding van selfaktualisering as sodanig vertolk kan word nie (Oakland, Freed, Lovekin, Davis en Camilleri, 1978, p. 84). Vir die doel van die huidige ondersoek sal egter steeds

na die resultate van die vraelys verwys word as 'n meting van selfaktuali=sering, aangesien die POI steeds in die literatuur as sodanig getipeer word.

2.3.10.8 BETROUBAARHEID

Toets-hertoetsbetroubaarheid is bereken deur die vraelys na verloop van 'n week weer deur 48 voorgraadse studente te laat voltooi (Klavetter en Mogar, 1967, soos aangehaal deur Shostrom (1974, p. 33). Die volgende betroubaarheidskoëffisiënte is behaal: Tydsbevoegdheid: 0,71 en Innerlike Ondersteuning 0,77. Vir die verskillende subskale het die koëffisiënte gewissel tussen 0,52 en 0,82. Shostrom kom tot die vol=gende gevolgtrekking: "In general, the correlations obtained in this study are at a level commensurate with other personality inventories" (1974, p. 33).

In 'n ander studie oor die betroubaarheid van die vraelys (Ilardi en May, 1968, in Shostrom, a.w., p. 33) is die vraelys in die geval van 46 studenteverpleegsters na 'n jaar weer toegepas. Betroubaarheids=koëffisiënte het tussen 0,32 en 0,74 gewissel. Vir die outeurs was die bevindinge vergelykbaar met bevindinge vir verbandhoudende vraelyste soos die MMPI en die EPPS (Edwards Personal Preference Schedule).

In 1975 het Wise en Davis (soos aangehaal deur Knapp, 1976, p. 76) die POI met 'n rusperiode van twee weke op 172 studente toegepas. 'n Her=toetsbetroubaarheidskoëffisiënt van 0,75 en 0,88 is onderskeidelik vir Tydsbevoegdheid en Innerlike Ondersteuning bevind. Betreffende interne konstantheid het Kaats (1973) soos aangehaal deur Knapp (a.w., p. 77) interne konstantheidskoëffisiënte van 0,80 vir die Innerlike Onder=steuningskaal en 0,65 vir Tydsbevoegdheid vasgestel. Dit blyk dus dat die vraelys aan die eis van betroubaarheid beantwoord.

2.3.11 DIE S.A. WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL VIR VOLWASSENES

2.3.11.1 RASIONAAL

In wese is die intelligensietoets gebaseer op die feit dat proefpersone

se reaksie op 'n verskeidenheid van probleme wat deur die toets aan hulle gestel word, 'n beeld van hul verstandelike vermoëns (intelligensie) openbaar. Om meer spesifiek te wees moet gelet word op Wechsler, die opsteller van hierdie toets, se vertolking van intelligensie: "Intelligence is the aggregate or global capacity of the individual to act purposefully, to think rationally and to deal effectively with his environment" (Wechsler, 1948, p. 3).

Uit bogenoemde omskrywing volg dat die resultate van die toets, afgesien van 'n beeld van intellektuele funksionering, ook blyke van ander aspekte van funksionering kan bied. Badenhorst (1980, p. 128) onderstreep dat hierdie toets 'n "steekproef van 'n persoon se totale gedrag" bied en dat dit daarom ook in diagnostiese sin betekenisvol kan wees.

2.3.11.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE EN GEBRUIK VAN DIE TOETS

. 'n Ondersoek na die belewingswêreld en persoonlikheid van beangste en nie-beangste proefpersone sou nie volledig wees indien dit nie 'n evaluering van intellektuele funksionering insluit nie. Verskeie belangrike aspekte kan juis aan die hand van intelligensietoetsing opgeklaar word, byvoorbeeld die verband tussen intelligensie en angs. In die verband het May 1977, p. 112-113) reeds melding gemaak van angs as skaduwee van die intellek. Dit sou dus van wesenlike belang wees om vas te stel of die beangste proefpersone noodwendig meer intelligent is as die nie-beangste groep. Slegs intelligensie=toetsing kan lig op so 'n vraag werp. Aangesien die Wechsler juis vir Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer is, is dit die beste toets om in hierdie opsig toe te pas.

. 'n Tweede motivering: dit verskaf diagnostiese gegewens waaruit veel meer as bloot intellektuele funksionering belig kan word. In dié verband haal Badenhorst vir Anastasi aan: "Besides their use as measures of general intelligence, the Wechsler scales have been investigated as a possible aid in psychiatric diagnosis. Beginning with the observation that brain damage, psychotic deterioration and emotional difficulties may affect some intellectual functions more

than others, Wechsler and other clinical psychologists argued that an analysis of the individual's relative performance on different subtests should reveal specific psychiatric disorders" (Badenhorst, 1980, p. 131). Tesame met die angs- en depressieskale kan die in= sluiting van die Wechsler dus 'n meer omvattende evaluasie verseker.

### 2.3.11.3 DIE FISIEKE VOORKOMS VAN DIE TOETS (APPARAAT)

In die toets word twee hoofaspekte onderskei: 'n verbale en nie-verbale aspek. Die verbale deel bestaan uit ses subtoetse, naamlik Algemene Inligting, Algemene Begrip, Rekenkundige Redenering, Syferherhaling, Ooreenkomste, en Woordeskat. Geen addisionele apparaat word vir hierdie subtoetse benodig nie. In subtoets drie word twee van die rekenkundige probleme egter op kaarte aan die proefpersoon gegee. Instruksies vir die verbale deel verskyn in die handleiding.

Die nie-verbale afdeling bestaan uit vyf subtoetse. Die meegaande apparaat word soos volg opgesom:-

- Prentvoltooiing (15 kaartjies van prente waarvan 'n deel ontbreek);
- Voorwerpsamevoeging (drie ontwerpe, naamlik 'n mannetjie, 'n profiel en 'n hand wat soos 'n legkaart in kleiner stukke opgesny is).
- Blokpatrone (sestien blokkies met sye van verskillende kleure asook nege kaarte waarop variasies van blokpatrone afgebeeld is. Die eerste twee is oefenvoorbeelde).
- Syfersimbole (die subtoets verskyn op 'n aparte vel waarop ook die sleutel tot syfervervanging verskyn).
- Prentrangskikking ('n oefenreeks plus nog ses reekse prente waaruit 'n sinvolle verhaal saamgestel kan word indien die prente in 'n be= paalde volgorde gerangskik is).

'n Handleiding en stophorlosie voltooi die benodigde apparaat.

### 2.3.11.4 INSTRUKSIES EN TOETSPROSEDURE

'n Verduideliking volg voordat die toets 'n aanvang neem van wat die toets

behels. Onder andere word gewys op die wisselende moeilikheidsgraad van items en die implikasie van aanleg. Die spesifieke prosedure ten opsigte van die afsonderlike subtoetse is die volgende:

- Algemene Inligting: Vyf-en-twintig vrae word aan die proefpersone gestel. Die vrae word mondeling beantwoord.
- Algemene Begrip: Tien begripsvrae word gestel. Response word verbatim afgeneem.
- Rekenkundige Redenering: 'n Totaal van tien probleme word gestel, die eerste agt mondeling. 'n Tydsbeperking word gestel. Wanneer die proefpersoon vir drie agtereenvolgende vrae geen punte behaal nie, word die subtoets gestaak. Die laaste twee probleme word op kaarte aan die proefpersoon voorgelê. Hy moet dit hardop lees.
- Syferherhaling: Die eerste helfte van die subtoets bestaan uit ge=standaardiseerde syferreekse wat wissel van drie- tot negesyfer=reekse. Elke reeks word aan die proefpersoon voorgelees teen 'n tempo van een syfer per sekonde. Die proefpersoon moet elke reeks so korrek moontlik in dieselfde volgorde herhaal.

  Die tweede helfte van die toets bestaan uit syferreekse vanaf drie- tot agtsyferreekse wat ook voorgelees word maar wat deur die proef=persoon in omgekeerde volgorde herhaal moet word.

- Ooreenkomste: Twaalf woordpare word aan die proefpersoon voorgelees. Die opdrag is dat die mees prominente gemeenskaplikheid tussen elk van die pare genoem moet word. Twyfelagtige antwoorde mag verder uitgepluis word. Antwoorde word woordeliks aangeteken.
- Woordeskattoets: Omdat die toets so tydrowend is, is dit nie in die studie betrek nie.
- Prentvoltooiing: Vyftien tekeninge, elk met 'n ontbrekende deel, word aan die proefpersoon voorgehou ten einde die belangrikste ont=brekende deel aan te dui. 'n Tydsbeperking van twintig sekondes per tekening word gehandhaaf.
- Voorwerpsamevoeging: Drie voorwerpe (man, profiel en hand) word in hierdie volgorde aangebied, met die opdrag dat die verskillende dele tot 'n sinvolle geheel saamgevoeg moet word. 'n Tydsbeperking van onderskeidelik 2, 3 en 3 minute word gestel.

- Blokpatrone: proefpersone kry die opdrag om met behulp van 'n aantal blokkies 'n reeks ontwerpe op kaarte na te boots. Tydsgrense word gestel. Geen hulp mag tydens die uitvoering van die opdragte ver= leen word nie. Indien hulp na 'n mislukte voltooiing verleen word, word geen punte vir die ontwerp toegeken nie. In geval van kleur= omruiling of rotasie van blokkies mag proefpersone se aandag daarop gevestig word, deur navraag na die korrektheid van die ontwerp te doen.
- Syfersimbole: In die subtoets moet die proefpersoon syfers met sekere simbole vervang. Eers word die sleutel tot die vervangings= proses egter verduidelik en 'n oefenlopie word onderneem om te verseker dat die proefpersoon die opdrag begryp. 'n Tydsbeperking van negentig sekondes word gestel.
- Prentrangskikking: Aan die hand van 'n oefenreeks prente word ver= duidelik dat elk van die stelle prente in die subtoets 'n verhaal suggereer as dit in die korrekte volgorde gerangskik word. Elke reeks kaarte word in numeriese volgorde aangebied. 'n Tydsbeperking word gestel. Die proefpersoon se verduideliking van sy "verhaal" op grond van die rangskikking word neergeskryf.

### 2.3.11.5 NASIEN EN PUNTETOEKENNING

Vir elk van die subtoetse verloop die proses soos volg:

- Algemene Inligting: Vir elke korrekte respons word een punt toegeken. Die maksimumtelling is vyf-en-twintig.
- Algemene Begrip: Punte word toegeken op grond van die kwaliteit van die antwoord. Vir 'n goeie kwaliteit antwoord word twee punte toege= ken, vir 'n minder bevredigende antwoord een punt en vir 'n onaanvaar= bare antwoord geen punte nie. Die maksimumtelling is 20.
- Rekenkundige Redenering: Vir elke korrekte respons binne die voor= geskrewe tydsbeperking word een punt toegeken. Addisionele bonus= punte kan by die laaste twee items verdien word, mits die antwoord binne veertig sekondes verstrek word. Die maksimumtelling is 14.
- Syferherhaling: In die geval is die telling gelyk aan die aantal syfers van die langste syferreeks wat foutloos herhaal kan word tydens een van die twee pogings. Na twee onsuksesvolle pogings

word geen verdere punte toegeken nie, selfs al word die reekse sukses=vol herhaal. Die maksimumtelling is 17.

- Ooreenkomste: Afhangende van die korrektheid en kwaliteit van die response kan die telling van nul tot twee punte wissel. Die maksi=mumtelling is 24.
- Woordeskat: Aangesien hierdie subtoets uitgelaat is, word geen kommentaar gelewer oor die nasien en puntetoekenning nie.
- Prentvoltooiing: Vir elke respons wat binne die voorgeskrewe tyds=grense korrek verstrek is, word een punt toegeken. Die maksimum=telling is 15.
- Voorwerpsamevoeging: By die eerste item (mannetjie) word een punt toegeken vir elke korrekte plasing en een punt vir die netjiese samevoeging van die ledemate (geen tydsbonus word toegeken). By die volgende twee items (profiel en hand) kan addisionele punte verdien word indien die items in minder as die voorgeskrewe aantal sekondes voltooi word. Die maksimumtelling is 26.
- Blokpatrone: Vir elke ontwerp wat korrek nageboots is, word drie punte toegeken. Bonuspunte kan ook verdien word indien die ont=werpe gouer voltooi word as die toegelate tyd. Die maksimumtelling is 42.
- Syfersimbole: Die telling word bepaal deur die totale aantal simbole wat korrek weergegee is. Die maksimumtelling is 67.
- Prentrangskikking: Indien die eerste drie items korrek gerangskik word, word twee punte per item toegeken. Indien die laaste drie items korrek gerangskik word, word drie punte per item toegeken. Indien 'n alternatiewe aanvaarbare volgorde van rangskikking gekies is, word twee punte per item toegeken. Bonuspunte kan ook vir die laaste drie items toegeken word. Die maksimumtelling is 21.

## 2.3.11.6 INTERPRETASIE VAN DIE TOETSGEGEWENS

Roupunte soos behaal op die verskillende subtoetse word met behulp van tabelle in die handleiding na genormaliseerde standaardtellings omgeskakel. Uit die kombinasie van hierdie tellings word uiteindelik 'n finale I.K.-punt verkry. Verder kan belangrike klinies-diagnostiese data ook uit die toetsgegewens afgelei word.

2.3.11.7 GELDIGHEID

Ten opsigte van die oorspronklike Amerikaanse uitgawe van die Wechsler het die opsteller, David Wechsler, self 'n geldigheidsondersoek onder= neem. 'n Geldigheidsyfer van 0,82 (plus/minus 0,026) is verkry in 'n ondersoek waarin die Stanford-Binet-intelligensieskaal as eksterne kriterium gebruik is. (Wechsler, 1948, p. 129).

Wat die Suid-Afrikaanse Wechsler betref, noem Badenhorst (1980, p. 143) die omvattende geldigheidstudie wat in 1962 deur Liddicoat en Roberts geloods is en waarin die gevolgtrekking gemaak is dat die toets 'n waarde= volle instrument kan wees mits dit deur geregistreerde psigoloë gebruik word. Meer resente studies fokusseer egter op bepaalde verskille tussen die S.A. Wechsler en die Amerikaanse "moedertoets" - verskille wat oor= weeg behoort te word in die evaluering van die geldigheid van die S.A. Wechsler. Murdoch stel die probleem van die verskille tussen die twee Wechslers soos volg: "Although the SAWAIS derives from the WBI, there are important differences between the two, arising as the WBI could not be obtained in South Africa initially and items had to be drawn up or constructed for the local version" (1982, p. 2).

Die voorgaande impliseer dat talle veranderinge in die S.A. weergawe van die Wechsler aangebring moes word, veral ten opsigte van die prestasiesubtoetse. Voorts vermeld Murdoch dat die invloed van kulturele faktore die tellings van die S.A. Wechsler verder kompliseer. Hy verwys byvoorbeeld na Biesheuvel en Liddicoat (1959) se bevinding dat Engelssprekende en Afrikaanssprekende groepe wat ten opsigte van ouderdom, geslag, opvoedkundige en sosio-ekonomiese vlakke afgepaar is, nogtans beduidend verskillend op sommige subtoetse presteer het. Teen hierdie agtergrond bied Murdoch self empiriese gegewens wat aan= toon dat die resultate van die S.A. Wechsler, spesifiek ten opsigte van die verband tussen breinskade en 'n 15-punt-diskrepansie tussen verbale en nie-verbale intelligensie ('n relatief algemene aanname) nie as realisties beskou kan word nie (a.w., p. 5).

In 'n ander studie het Murdoch bevind dat Wechsler se opvatting met be= trekking tot die sogenaamde "deteriorasie-ratio" nie as geldig beskou kan word indien die formule volgens resultate van die S.A. Wechsler

bereken word nie (1977, p. 143). Dit wil dus voorkom asof Liddicoat en Roberts se 1962-konklusie aangaande die geldigheid van die S.A. Wechsler nie sonder meer in die lig van Murdoch se bevindinge aanvaar kan word nie. Ook kan die Amerikaanse geldigheidstudies van die Wechsler dus nie vanselfsprekend as weerspieëling van die geldigheid van die S.A. Wechsler beskou word nie. Verdere studies in dié verband is dus 'n noodsaaklikheid.

### 2.3.11.8 BETROUBAARHEID

Die vraagtekens in verband met die geldigheid van die S.A. Wechsler geld ook die betroubaarheid daarvan. Wechsler (1948, p. 133) het self ten opsigte van die Amerikaanse Wechsler met behulp van die verdeelde-helfte-metode 'n koëffisiënt van interne konstantheid op 0,90 (plus/minus 0,014) bereken, en met behulp van die toets-hertoets-metode 'n betroubaarheids= telling van 0,94 (plus/minus 0,018). Geen betroubaarheidstudie ten opsigte van die S.A.Wechsler kon egter opgespoor word nie. Die aflei= ding moet gemaak word dat afdoende bewys van die betroubaarheid van die S.A. Wechsler nie in hierdie stadium bestaan nie.

## 2.4 STATISTIESE VERWERKINGS

### INLEIDING

In hoofsaak kan die statistiese verwerkings onderskei word in terme van die volgende: tegnieke waarmee vasgestel is in watter mate die steek= proef nie-beangste proefpersone statisties-beduidend van die universum beangste proefpersone afwyk (vgl. Hoofstuk III), en 'n tegniek waarmee klein steekproewe uit beide die universum beangste en die steekproef nie-beangste proefpersone, wat aan bepaalde terapeutiese programme onderwerp is, met hulself vergelyk is, ten einde die beduidendheid van verskille te bepaal (vgl. Hoofstuk V). Die tegnieke in hierdie twee kategorieë word vervolgens bespreek. Aspekte waarna verwys sal word, is die volgende: motivering vir die gebruik van die tegniek, die rasionaal daarvan, die toepassing en laastens hipotese-stelling en beduidendheidspeil.

Omdat die BMDP-rekenaarprogramme vir aspekte van die verskillende ver= werkings gebruik is, word die volgende gegewens graag ter erkenning aan die outeurs verskaf:

- Die handleiding waaruit die toepaslike inligting oor elke program afgelei kan word, is die publikasie van Dixon en Brown (1979).
- Die programme wat gebruik is, staan bekend as BMDP XX. Die XX dui die kode vir die betrokke program aan, byvoorbeeld 3D (vgl. 3.1).
- Die hersieningsdatum wat hier ter sake is, is November 1979.
- Die program is ontwikkel deur Health Science Computing Facility (HSCF), University of California, Los Angeles (UCLA).
- HSCF word geborg deur NIH Special Research Resources Grant RR-3.

## 2.4.1 TEGNIEKE VIR DIE BEPALING VAN DIE MATE WAARIN DIE STEEKPROEF NIE-BEANGSTE PROEFPERSONE STATISTIES-BEDUIDEND VAN DIE UNIVERSUM BEANGSTE PROEFPERSONE AFWYK

Die bespreking van die tegnieke in die afdeling word onderneem in die volgorde waarin hulle toegepas is, naamlik: Chi-kwadraat-passingstoets, profielontleding vir onafhanklike groepe, en die z-toets.

### 2.4.1.1 CHI-KWADRAAT-PASSINGSTOETS

#### 2.4.1.1.1 MOTIVERING VIR DIE GEBRUIK VAN DIE TEGNIEK

In die geval van twee aspekte van die statistiese manipulering, naamlik die manipulering van verskille tussen die universum beangste en die steekproef nie-beangste proefpersone, ten opsigte van biografiese ver= anderlikes (vgl. 3.2.1) en ten opsigte van veranderlikes met betrekking tot die Boomtoets (vgl. 3.2.4) gaan dit wesenlik om die vraag in watter mate die frekwensies waarmee aspekte van die steekproef nie-beangste proefpersone ten opsigte van sekere aspekte van die frekwensies soos dit deur die universum beangste proefpersone gemanifesteer is, afwyk. In dié sin gaan dit dus om 'n passingsprobleem: die vraag of die waargenome frekwensies in die teoretiese frekwensies pas of statisties-beduidend daarvan afwyk. Die chi-kwadraat-passingstoets is vir hierdie doel ge=

selekteer omdat dit 'n kragtige nie-parametriese tegniek is (vgl. Roscoe, 1975, p. 247).

2.4.1.1.2 BASIESE AANNAMES

Van die belangrikste aannames is dat dit 'n verdelingsvrye tegniek is, dit wil sê normaliteit hoef nie aanvaar te word ten opsigte van die verspreiding van die frekwensies nie (vgl. Downie en Heath, 1974, p. 188). 'n Verdere aanname is dat alle data wat beskikbaar is, gebruik moet word, ten einde vas te stel of die waargenome frekwensies in die teoretiese frekwensies "inpas", of beduidend daarvan verskil.

2.4.1.1.3 TOEPASSING

'n Hipotese kan gestel word in verband met eenvormigheid van die twee verspreidings. Tweedens word die kategorieë waarin die verspreidings/ frekwensies voorkom, op nominale, ordinale of intervalskaal bepaal, sodat die data ingedeel kan word. Die frekwensies vir die universum beangste en die steekproef nie-beangste proefpersone word derhalwe in verskillende selle ingedeel. Hierna word die volgende formule toe=gepas:

$$x^2 = \frac{\varepsilon(w-f)^2}{f}$$

waar: w = waargenome frekwensies (d.i. die frekwensies wat in die nie-beangste groep waargeneem is).

f = die werklike frekwensies (dit is die frekwensies soos dit deur die beangste universum gemanifesteer is).

Die aantal vryheidsgrade is die aantal kategorieë minus een. Vervol=gens word die berekende chi-kwadraat-waarde met die toepaslike getabu=leerde waarde vergelyk. Indien die berekende statistiek gelyk is aan of groter is as die kritieke waarde, dui die bevinding op 'n statisties-beduidende verskil, dit wil sê dui dit aan dat die steekproef nie-beangste proefpersone statisties-beduidend van die universum beangste proefper=sone verskil.

2.4.1.1.4 HIPOTESESTELLING EN BEDUIDENDHEIDSPEIL

Die volgende hipoteses word gestel:

$H_o$: Dit impliseer dat die steekproef nie-beangste proefpersone nie beduidend van die universum beangste proefpersone verskil nie.

$H_1$: Dit impliseer dat die steekproef nie -beangste proefpersone wel statisties-beduidend van die universum beangste proefpersone verskil.

Beduidendheid op beide 0,05-peil en 0,01-peil word in berekening ge= bring. Beduidendheid op die 0,05-peil impliseer dat die kans dat $H_o$ verwerp sal word as hy wel waar is, slegs vyf uit 100 sal wees. Be= duidendheid op die 0,01-peil dui aan dat die kans dat $H_o$ verwerp sal word, as hy wel waar is, slegs so klein as een uit 100 sal wees.

2.4.1.2 PROFIELONTLEDING VIR TWEE ONAFHANKLIKE GROEPE

2.4.1.2.1 MOTIVERING

'n Belangrike aspek van die studie is die vraag hoe die profiele van die twee groepe ten opsigte van die aspekte waarop die z-toets uitgevoer is van mekaar verskil. Die toets is uitgevoer op 'n meting van aanpas= sing (die PHSF), intelligensie (die S.A. Wechsler-intelligensieskaal) en selfaktualisering (die POI). Die z-toets bied wel 'n beeld van onderlinge verskille ten opsigte van subtoetse binne die totale profiele. Die profielanalise bied egter die voordeel dat dit meer geldige verskille aantoon, omdat die profiele as geheel met mekaar vergelyk word, ten einde uitspraak te lewer op die volgende drie aspekte:

. Die vraag of die twee profiele <u>ewewydig</u> is. Om ewewydigheid te be= paal word van die Hotelling-$T^2$-toets gebruik gemaak.
. Die vraag of die twee profiele <u>op dieselfde vlak</u> geleë is indien hulle wel ewewydig is. Met hierdie aspek van profielontleding word dus vas= gestel of die profiele statisties-beduidende verskille ten opsigte van die vlak waarop hulle geleë is, openbaar al dan nie.
. Die vraag of subtoetsgemiddeldes onderling statisties-beduidend ver= skil indien bevind is dat die profiele ewewydig is. Hierdie proses staan bekend as variansie-analise (herhaalde metings).

2.4.1.2.2 HIPOTESESTELLING EN BEDUIDENDHEIDSPEIL

- $H_o$ : Die twee profiele is ewewydig.
  $H_1$ : Die twee profiele is nie ewewydig nie.
- $H_o$ : Die twee profiele is op dieselfde vlak geleë.
  $H_1$ : Die profiele is nie op dieselfde vlak geleë nie.
- $H_o$ : Die onderlinge toetsgemiddeldes verskil nie beduidend van mekaar nie.
  $H_1$ : Die onderlinge toetsgemiddeldes verskil beduidend van mekaar.

'n 0,05-peil word as sekerheidsgrens gestel.

2.4.1.3 DIE Z-TOETS

2.4.1.3.1 MOTIVERING VIR DIE GEBRUIK VAN DIE TEGNIEK

Die doel van die grootste gedeelte van die statistiese manipulerings in die huidige studie is die berekening van die beduidendheid van verskille tussen die tellings van die beangste en nie-beangste groepe. Die statistiese tegnieke waaruit 'n keuse gemaak kan word, is die t-toets en die z-toets. Laasgenoemde is as die aangewese tegniek geselekteer op grond van twee oorweginge: die feit dat die eksperimentele groepe onafhanklik is en die feit dat beide groepe uit meer as 30 proefpersone bestaan (vgl. Freund, 1979, p. 277).

2.4.1.3.2 BASIESE AANNAMES

Die belangrikste aanname ten opsigte van die z-toets is dat dit gebaseer is op die omsetting van 'n tellingverspreiding na 'n nuwe skaal waarin die relatiewe grootte van die intervalle tussen individuele tellings nie ver= ander nie. Die transformasie is dus liniêr (vgl. Hardyck en Petrinovich (1969, p. 56).

2.4.1.3.3 TOEPASSING

Die formule wat vir die z-toets gebruik word, is die volgende:

$$z = \frac{\bar{x}_1 - \bar{x}_2}{\sqrt{\frac{s_1^2}{n_1} + \frac{s_2^2}{n_2}}}$$

waar $x_1$ en $x_2$ die rekenkundige gemiddeldes van die twee steekproewe is en $s_1^2$ en $s_2^2$ die standaardfoute van die verskille tussen die gemiddeldes. Die berekening van die rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings en standaardfoute is deur middel van die rekenaar gedoen (BMDP 3D). Die z-waardes is egter per hand bereken.

2.4.1.3.4 HIPOTESESTELLING EN BEDUIDENDHEIDSPEIL

Die nulhipotese word gestel, naamlik dat die verskille tussen die ge= middeldes van die groepe in der waarheid nul (0) is. Dit is egter meer waarskynlik dat die onderlinge verskille 'n verspreiding rondom nul sal vorm. Die wydte van hierdie verspreiding, dit wil sê die standaardfout, word dus bepaal om vas te stel of dit in so 'n mate van 0 afwyk dat dit nie aan toevallige faktore toegeskryf kan word nie. In laasgenoemde geval word $H_o$ verwerp ten gunste van 'n alternatiewe hipotese of $H_1$.

Soos met die ander statistiese manipulasies word 'n 0,05-peil van be= duidendheid in berekening gebring. Beduidendheid op die 0,01-peil sal egter ook aangedui word.

2.4.2 DIE WILCOXON-GEPAARDE-RANGE-TEKENTOETS AS TEGNIEK VIR DIE EVALUERING VAN TWEE TOEGEPASTE TERAPEUTIESE PROGRAMME

2.4.2.1 MOTIVERING VIR DIE GEBRUIK VAN DIE TEGNIEK

Die tweede deel van die huidige studie, naamlik die toegepaste terapeu= tiese programme impliseer dat klein steekproewe beangste en nie-beangste proefpersone wat terapeutiese programme deurloop het, (spesifiek 'n angs= verminderings- en 'n stimuleringsprogram) met hulself vergelyk is vóór en ná die programme, ten einde beduidendheid van verskille te bepaal. Die

feit dat klein groepies ter sprake is (groepe van 10 en 15) impliseer dat normaliteit nie aanvaar kan word nie. Derhalwe is die keuse van 'n nie-parametriese tegniek noodsaaklik (vgl. Du Toit, 1975, p. 342). Die keuse van die Wilcoxon-toets is verder bepaal deur die feit dat dit 'n kragtige tegniek is.

2.4.2.2 BASIESE AANNAMES

Eerstens is normaliteit nie 'n vereiste nie (Roscoe, 1975, p. 238). Tweedens is die groepe onafhanklik.

2.4.2.3 TOEPASSING

Die prosedure verloop soos volg: die gegewens vir elke groep word paarsgewys gelys. Hierna word die verskil tussen elke tellingpaar bereken. Absolute rangordes word vervolgens aan die verskiltellings toegeken. Hierna word die range in groepe verdeel sodat dié met positiewe verskille en dié met negatiewe verskille bymekaar is. Die som van die twee groepe range word bereken. T is dan dié gelyk aan die kleiner som. Vervolgens word die waarde van T vergelyk met die waarde in die tabel met inagneming van die beduidendheidspeil en grootte van die groep.

Indien die berekende waarde (T-waarde) kleiner is of gelyk aan die toepaslike waarde in die tabel, beteken dit dat die waargenome verskille in die range betekenisvol verskil. Indien die T-waarde egter groter is as die getabuleerde waarde, dui dit aan dat die verskil in die range nie statisties-beduidend is nie.

2.4.2.4 HIPOTESESTELLING EN BEDUIDENDHEIDSPEIL

Die nulhipotese word gestel, met ander woorde dat die tellings voor en na die terapeutiese programme nie sal verskil nie. Die alternatiewe hipotese ($H_1$) sal wees dat die terapeutiese programme wel 'n gunstige invloed op die proefpersone sal uitoefen.

SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gegee van die volgende aspekte: die seleksie van die proefpersone, die navorsingsprosedure, en die ver= skillende psigologiese toetse wat toegepas is. Daarna is die statis= tiese tegnieke waardeur die data verwerk is, kortliks bespreek.

# HOOFSTUK III

# RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate ten opsigte van die eerste deel van die empiriese ondersoek, naamlik die psigometriese studie van die beangste en nie-beangste proefpersone, asook die statistie= se verwerking daarvan, aangebied. Die resultate word aangebied in die volgorde waarin die toetse toegepas is, dit wil sê die biogra= fiese gegewens word eerste bespreek, daarna die PHSF-verhoudinge= vraelys, die resultate van die IPAT-angsskaal en die Reaksies op Alledaagse Situasies (RAS) en daarna die gegewens van die toetse wat individueel afgeneem is.

Ter oriëntering van die uiteensetting word die volgende besonder= hede verskaf:

- Met betrekking tot die BMDP-rekenaarprogramme wat gebruik is:
  - BMDP 3D en 2V is vir die profielontleding gebruik,
  - BMDP 1F vir die sistematisering van die gegewens van die biografiese vraelys, en
  - BMDP 3D vir die berekening van die rekenkundige gemiddelde en die standaardafwyking ten opsigte van die z-toets.
- z-waardes ten opsigte van die laasgenoemde toets is per hand be= reken.
- Beduidendheid van verskille op die 0,05-peil word met een aste= risk aangedui en beduidendheid op die 0,01-peil met twee.

'n Volledige bespreking van die resultate word in Hoofstuk IV aan= gebied.

## 3.2 AANBIEDING VAN DIE DATA SOOS VERKRY DEUR MIDDEL VAN DIE VOL= GENDE MEETINSTRUMENTE:

### 3.2.1 DIE BIOGRAFIESE VRAELYS: AANBIEDING EN EMPIRIESE MANIPULE= RING VAN DIE GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP

INLEIDING:

| 16 | 10,5 | 10,5 | 10 | 10,5 | 11,5 | 106 | 8,5 | 9,5 | 10,5 | 13,5 | 12 | 108 | 107 |
| 17 | 12 | 12 | 11,5 | 15 | 12 | 124 | 12,5 | 7 | 11,5 | 11,5 | 14 | 112 | 119 |
| 18 | 12 | 10 | 10 | 12,5 | 11 | 101 | 15 | 8 | 12 | 7,5 | 10 | 105 | 108 |
| 19 | 10 | 12 | 10,5 | 10,5 | 14 | 113 | 12,5 | 8 | 12 | 13 | 13,5 | 117 | 116 |
| 20 | 10,5 | 11,5 | 9 | 12,5 | 16 | 118 | 12,5 | 16 | 10 | 13,5 | 16 | 134 | 128 |
| 21 | 11 | 11,5 | 10 | 9,5 | 15 | 113 | 15 | 11,5 | 12 | 14 | 14 | 131 | 124 |
| 22 | 9 | 8,5 | 11,5 | 12 | 12,5 | 107 | 9,5 | 8 | 12,5 | 16 | 14 | 119 | 114 |
| 23 | 8,5 | 13 | 10,5 | 8,5 | 12,5 | 106 | 10,5 | 11,5 | 14 | 12,5 | 11,5 | 119 | 113 |
| 24 | 11,5 | 11,5 | 15 | 12 | 12,5 | 124 | 9,5 | 11,5 | 14,5 | 12 | 13,5 | 121 | 124 |
| 25 | 12,5 | 11,5 | 13 | 10,5 | 15 | 124 | 10,5 | 9,5 | 12 | 13 | 11,5 | 112 | 119 |
| 26 | 10,5 | 11,5 | 10,5 | 13,5 | 12,5 | 116 | 9,5 | 9 | 10 | 14 | 8 | 101 | 109 |
| 27 | 10,5 | 12 | 12,5 | 12 | 15 | 123 | 10,5 | 9,5 | 14,5 | 12,5 | 11,5 | 116 | 121 |
| 28 | 11,5 | 9,5 | 10,5 | 8,5 | 15 | 109 | 10,5 | 9 | 10 | 10 | 12,5 | 105 | 107 |
| 29 | 11 | 9,5 | 10 | 7,5 | 8,5 | 93 | 10,5 | 9,5 | 9,5 | 12 | 10 | 103 | 98 |
| 30 | 12,5 | 10,5 | 11,5 | 12,5 | 15 | 123 | 9,5 | 8 | 9 | 11 | 15 | 105 | 115 |
| 31 | 11 | 10,5 | 10,5 | 12 | 13 | 113 | 10,5 | 9,5 | 12 | 14 | 5,2 | 103 | 109 |
| 32 | 11,5 | 10 | 10 | 12,5 | 12 | 111 | 10,5 | 9,5 | 9,5 | 12,5 | 12 | 108 | 110 |
| 33 | 11,5 | 10,5 | 9 | 9,5 | 15 | 110 | 15 | 8 | 14 | 12,5 | 15 | 128 | 120 |
| 34 | 11,5 | 13 | 6 | 10,5 | 13 | 108 | 12,5 | 8 | 8 | 12 | 11,5 | 104 | 106 |
| 35 | 11,5 | 11,5 | 10 | 8,5 | 11 | 105 | 9,5 | 4,5 | 10,5 | 9,5 | 8,5 | 86 | 95 |
| 36 | 11,5 | 10 | 10,5 | 9,5 | 12,5 | 108 | 10,5 | 14 | 14 | 14,5 | 14 | 130 | 120 |
| 37 | 10 | 10 | 10,5 | 8,5 | 8 | 94 | 12,5 | 6 | 10,5 | 12 | 15 | 111 | 103 |
| 38 | 8 | 10 | 8 | 8,5 | 12,5 | 94 | 10,5 | 9 | 10 | 10 | 11,5 | 102 | 98 |
| 39 | 10,5 | 11,5 | 10 | 12,5 | 11 | 110 | 10,5 | 7 | 11,5 | 11 | 9 | 98 | 105 |
| 40 | 11,5 | 13 | 11,5 | 10,5 | 13 | 118 | 8,5 | 8 | 10,5 | 11 | 11 | 98 | 109 |

3.2.9.3 EMPIRIESE MANIPULERING VAN DIE DATA SOOS VERSTREK ONDER 3.2.9.1 en 3.2.9.2

3.2.9.3.1 VERGELYKING VAN GROEPE MET BEHULP VAN PROFIELONTLEDING

Statistiese tegniek: profielontleding vir onafhanklike groepe. Drie afsonderlike profielontledings is uitgevoer: op die totale intelligensietellingprofiele; op die profiele van die verbale sub=toetstellings, en op die profiele van die nie-verbale subtoetstel=lings.

a. PROFIELONTLEDING TEN OPSIGTE VAN DIE TOTALE INTELLIGENSIEPRO=FIELE

i. Met behulp van die Hotelling-$T^2$-toets is'n P-waarde van 0,139 ten opsigte van die twee profiele verkry. Die profiele is dus parallel. $H_0$ word dus behou.

ii. Die toetsing om vas te stel of albei profiele op dieselfde vlak geleë is, lewer 'n P-waarde van 0,8866. Daar is dus geen be=tekenisvolle verskil tussen die groepe nie. Dit beteken die twee profiele lê op dieselfde vlak. $H_0$ word dus behou.

iii. Die analise van variansie (herhaalde metings) lewer 'n P-waarde van 0,0000. Dit beteken daar is 'n betekenisvolle verskil tus=sen die toetse. $H_1$ word dus behou.

iv. Meting van interaksie tussen groepe en toetse lewer 'n P-waarde van 0,2577. Dit dui dus aan dat daar geen betekenisvolle inter=aksie tussen die groepe en toetse bestaan nie. $H_0$ word behou.

Omdat die Wechsler-toets basies uit twee komponente bestaan, naamlik die verbale en nie-verbale subtoetse, is besluit om die profielana=lise ook op die twee komponente toe te pas.

b. PROFIELONTLEDING TEN OPSIGTE VAN DIE VERBALE SUBTOETSPROFIELE

i. Met behulp van die Hotelling-$T^2$-toets is 'n P-waarde van 0,077 gevind. Die twee profiele verskil dus nie betekenisvol van mekaar nie. Die profiele is dus parallel en $H_0$ word behou.

ii. Die analise van variansie (herhaalde metings) lewer 'n P-waar= de van 0,6840. Die groepe verskil dus nie betekenisvol nie. Dit beteken die groepe is op dieselfde vlak geleë. $H_0$ word gehandhaaf.

iii. Vergelyking van die toetsgemiddeldes onderling lewer 'n P-waar= de van 0,000. Dit beteken dat die toetsgemiddeldes onderling wel betekenisvol van mekaar verskil. $H_1$ word behou.

iv. Meting van die interaksie van toetse en groepe lewer 'n P-waarde van 0,1534. Daar is dus nie 'n betekenisvolle inter= aksie tussen die groepe en toetse nie. $H_0$ word gehandhaaf.

c. PROFIELONTLEDING TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-VERBALE SUBTOETSPROFIELE

i. Met behulp van die Hotelling-$T^2$-toets is 'n P-waarde van 0,138 gevind. Dit beteken dat die nie-verbale profiele nie beteke= nisvol verskil nie. Die twee profiele is inderdaad parallel en $H_0$ bly behoue.

ii. Die analise van variansie (herhaalde metings) lewer 'n P-waar= de van 0,9270. Die groepe verskil dus nie betekenisvol nie. Albei groepe lê dus op dieselfde vlak en $H_0$ word behou.

iii. Vergelyking van die toetsgemiddeldes onderling lewer 'n P-waarde van 0,0000. Dit beteken dat die toetse wel betekenis= vol van mekaar verskil en $H_1$ word behou.

iv. Meting van die interaksie tussen groepe en toetse lewer 'n P-waarde van 0,2919. Daar is dus nie 'n betekenisvolle inter= aksie tussen toetse en groepe nie en $H_0$ word behou.

3.2.9.3.2 BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN SUBTOETS= TELLINGS VAN DIE SA WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL

Statistiese tegniek : z-toets

Grootte van groepe : beangste groep : N = 39
nie-beangste groep : N = 40

Ofskoon gegewens van 40 beangste proefpersone beskikbaar is, is die data van een proefpersoon as gevolg van 'n ponsfout uitgelaat.

a. INLIGTING

TABEL 3.59: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN INLIGTING SOOS DEUR DIE BE= ANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 10,3077 | 1,2493 | |
| Nie-beangste groep | 10,9125 | 1,2501 | |
| | | | 3,0598** |

(3,0598 > 2,43)

Op die inligtingsubtoets presteer die beangste groep dus statisties-beduidend swakker as die nie-beangste groep.

b. ALGEMENE BEGRIP

TABEL 3.60: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN ALGEMENE BEGRIP SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 11,5385 | | |
| Nie-beangste groep | 10,9625 | 1,3416 | |
| | | | 2,7153** |

(2,7153 > 2,43)

Uit die resultate word afgelei dat die beangste groep dus op 'n meting van algemene begrip statisties-beduidend beter as die nie-beangste groep presteer.

c. REKENKUNDIGE REDENEERVERMOË

TABEL 3.61: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN REKENKUNDIGE REDENEERVERMOË SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 10,3333 | | |
| Nie-beangste groep | 10,6750 | 1,8761 | |
| | | | 1,1519 |

(1,1519 < 1,685)

Ten opsigte van rekenkundige redeneervermoë verskil die beangste en nie-beangste groep dus nie beduidend nie.

d. SYFERHERHALING

TABEL 3.62: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SYFERHERHALING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 10,9615 | | |
| Nie-beangste groep | 11,1100 | 1,8555 | |
| | | | 0,5061 |

(0,5061 <1,685)

Op die syferherhalingsubtoets verskil die groepe dus nie beduidend nie.

e. OOREENKOMSTE

TABEL 3.63: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN OOREENKOMSTE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 13,0641 | | |
| Nie-beangste groep | 12,9250 | 1,8864 | |
| | | | 0,4663 |

(0,4663 < 1,685)

Ten opsigte van ooreenkomste verskil die groepe dus nie beduidend nie.

VERBALE I.K.

TABEL 3.64: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN VERBALE INTELLIGENSIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 111,7947 | | |
| Nie-beangste groep | 111,5999 | 8,3690 | |
| | | | 0,1472 |

(0,1472 < 1,685)

Ten opsigte van verbale intelligensie is daar geen beduidende verskil nie: die twee stelle gemiddeldes is byna identies.

f. PRENTVOLTOOIING

TABEL 3.65: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN PRENTVOLTOOIING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 12,0897 | | |
| Nie-beangste groep | 11,3250 | 1,9367 | |
| | | | 2,4972** |

(2,4972 > 2,43)

Ten opsigte van prentvoltooiing verskil die groepe dus statis= ties-beduidend.

g. VOORWERPSAAMVOEGING

TABEL 3.66: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN VOORWERPSAAMVOEGING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 8,4744 | | |
| Nie-beangste groep | 8,8375 | 2,1879 | |
| | | | 1,0496 |

(1,0496 < 1,685)

Betreffende voorwerpsaamvoeging verskil die groepe nie statisties-beduidend nie.

h. BLOKPATRONE

TABEL 3.67: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN BLOKPATRONE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 11,3205 | | |
| Nie-beangste groep | 11,5250 | 1,5931 | |
| | | | 0,8118 |

(0,8118 < 1,685)

Die verskil ten opsigte van blokpatrone is dus nie statisties-beduidend nie.

i. SYFERSIMBOOLVERVANGING

TABEL 3.68: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SYFERSIMBOOLVERVANGING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 12,5897 | | |
| Nie-beangste groep | 12,3750 | 1,7348 | |
| | | | 0,7827 |

(0,7827 < 1,685)

Ten opsigte van syfersimboolvervanging verskil die groepe nie statisties-beduidend nie.

j. PRENTRANGSKIKKING

TABEL 3.69: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN PRENTRANGSKIKKING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 11,8077 | | |
| Nie-beangste groep | 12,1000 | 2,5171 | |
| | | | 0,7344 |

(0,7344 < 1,685)

Ten opsigte van prentrangskikking verskil die groepe dus nie statisties-beduidend nie.

NIE-VERBALE I.K.

TABEL 3.70: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN NIE-VERBALE INTELLIGENSIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard=afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 111,6152 | | |
| Nie-beangste groep | 111,6999 | 10,6197 | |
| | | | 0,0504 |

(0,0504 < 1,685)

Ten opsigte van nie-verbale intelligensie is daar dus byna geen ver=skil tussen die twee stelle tellings nie.

TOTALE I.K.

TABEL 3.71: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN TOTALE INTELLIGENSIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard=afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 112,5383 | | |
| Nie-beangste groep | 112,8248 | 8,3693 | |
| | | | 0,2165 |

(0,2165 < 1,685)

Daar is dus byna geen verskil tussen die groepe nie. Albei ge=middeldes val op dieselfde punt en dui dus 'n bogemiddelde peil van intellektuele funksionering aan.

3.2.10 DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS (POI)

3.2.10.1 GEGEWENS VAN DIE BEANGSTE GROEP

TABEL 3.72: ROUTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE SUBSKALE VAN DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS SOOS DEUR DIE BEANGSTE GROEP BEHAAL

| Proef= persoon | Tb | I.O. | Tb + I.O. | Saw. | Eks. | Gr. | S | Sag. | Sa. | Mb. | Si. | A.A. | K.K. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 18 | 73 | 91 | 18 | 12 | 15 | 11 | 13 | 15 | 9 | 5 | 14 | 17 |
| 2 | 17 | 68 | 85 | 19 | 18 | 12 | 10 | 11 | 14 | 11 | 7 | 12 | 11 |
| 3 | 13 | 70 | 16 | 16 | 18 | 15 | 11 | 8 | 13 | 9 | 6 | 12 | 14 |
| 4 | 10 | 83 | 93 | 23 | 23 | 18 | 14 | 13 | 10 | 8 | 8 | 17 | 20 |
| 5 | 14 | 72 | 86 | 21 | 15 | 12 | 7 | 7 | 16 | 11 | 7 | 13 | 13 |
| 6 | 9 | 72 | 81 | 18 | 15 | 16 | 12 | 10 | 15 | 11 | 3 | 14 | 12 |
| 7 | 17 | 77 | 94 | 17 | 14 | 17 | 14 | 8 | 12 | 9 | 4 | 16 | 16 |
| 8 | 8 | 51 | 59 | 13 | 15 | 9 | 10 | 2 | 12 | 9 | 4 | 9 | 8 |
| 9 | 16 | 75 | 91 | 20 | 13 | 13 | 13 | 12 | 12 | 9 | 4 | 14 | 13 |
| 10 | 12 | 68 | 80 | 18 | 13 | 16 | 9 | 10 | 12 | 6 | 6 | 16 | 13 |
| 11 | 15 | 61 | 76 | 16 | 16 | 11 | 5 | 3 | 13 | 10 | 5 | 12 | 12 |
| 12 | 14 | 65 | 79 | 17 | 14 | 11 | 11 | 11 | 13 | 11 | 5 | 11 | 14 |
| 13 | 13 | 75 | 89 | 23 | 14 | 15 | 10 | 11 | 13 | 12 | 7 | 17 | 16 |
| 14 | 15 | 67 | 82 | 18 | 14 | 11 | 5 | 11 | 15 | 11 | 7 | 15 | 11 |
| 15 | 19 | 55 | 74 | 16 | 12 | 10 | 8 | 5 | 12 | 12 | 5 | 10 | 11 |
| 16 | 14 | 74 | 88 | 19 | 11 | 17 | 14 | 9 | 14 | 11 | 6 | 18 | 13 |
| 17 | 9 | 73 | 82 | 17 | 16 | 19 | 13 | 9 | 13 | 8 | 6 | 17 | 19 |
| 18 | 16 | 56 | 72 | 17 | 13 | 10 | 10 | 8 | 6 | 9 | 6 | 11 | 13 |
| 19 | 8 | 68 | 76 | 20 | 15 | 10 | 8 | 10 | 11 | 10 | 4 | 12 | 15 |
| 20 | 14 | 68 | 82 | 15 | 19 | 18 | 6 | 7 | 11 | 8 | 6 | 18 | 17 |
| 21 | 13 | 71 | 84 | 18 | 14 | 11 | 10 | 9 | 15 | 11 | 7 | 12 | 13 |
| 22 | 19 | 73 | 92 | 14 | 21 | 13 | 10 | 7 | 14 | 14 | 5 | 11 | 18 |
| 23 | 14 | 75 | 89 | 21 | 15 | 13 | 8 | 11 | 14 | 13 | 6 | 14 | 14 |
| 24 | 16 | 72 | 88 | 19 | 13 | 16 | 10 | 8 | 16 | 10 | 5 | 18 | 13 |
| 25 | 11 | 62 | 73 | 19 | 10 | 17 | 11 | 6 | 8 | 11 | 7 | 18 | 13 |
| 26 | 13 | 68 | 81 | 17 | 16 | 14 | 12 | 9 | 13 | 10 | 8 | 15 | 15 |
| 27 | 14 | 61 | 75 | 18 | 15 | 14 | 8 | 7 | 11 | 9 | 6 | 13 | 14 |
| 28 | 9 | 71 | 80 | 18 | 16 | 15 | 6 | 4 | 15 | 11 | 7 | 15 | 17 |
| 29 | 13 | 86 | 99 | 20 | 21 | 18 | 14 | 14 | 13 | 10 | 6 | 18 | 18 |
| 30 | 10 | 60 | 70 | 23 | 13 | 11 | 9 | 9 | 8 | 13 | 9 | 11 | 10 |
| 31 | 16 | 72 | 88 | 19 | 17 | 13 | 10 | 7 | 13 | 10 | 6 | 13 | 13 |
| 32 | 16 | 82 | 98 | 21 | 21 | 18 | 13 | 11 | 13 | 9 | 7 | 20 | 19 |
| 33 | 13 | 61 | 74 | 17 | 13 | 8 | 9 | 7 | 11 | 11 | 6 | 11 | 10 |
| 34 | 17 | 85 | 102 | 24 | 22 | 17 | 14 | 13 | 17 | 11 | 8 | 18 | 17 |
| 35 | 7 | 56 | 63 | 16 | 10 | 12 | 7 | 5 | 6 | 10 | 3 | 12 | 12 |
| 36 | 17 | 70 | 87 | 21 | 15 | 10 | 10 | 13 | 9 | 11 | 6 | 11 | 13 |
| 37 | 16 | 75 | 91 | 23 | 18 | 17 | 11 | 9 | 13 | 14 | 9 | 13 | 15 |
| 38 | 13 | 76 | 89 | 20 | 14 | 18 | 10 | 9 | 13 | 13 | 7 | 16 | 15 |
| 39 | 21 | 79 | 100 | 22 | 17 | 18 | 11 | 14 | 12 | 12 | 6 | 18 | 14 |
| 40 | 7 | 43 | 50 | 15 | 9 | 7 | 5 | 5 | 8 | 9 | 4 | 7 | 5 |

Tb : Tydsbevoegdheid
I.O. : Innerlike Ondersteuning
Saw. : Selfaktualiserende waarde
Eks. : Eksistensialiteit
Gr. : Gevoelsreaksie
S : Spontaneïteit

Sag. : Selfagting
Sa. : Selfaanvaarding
Mb. : Mensbeskouing
Si. : Sinergie
A.A. : Aanvaarding van Aggressie
K.K. : Kapasiteit tot Intieme Kontak

Tb. + I.O. : Tydsbevoegdheid + Innerlike Ondersteuning

### 3.2.10.2 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-BEANGSTE GROEP

TABEL 3.73: ROUTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE SUBSKALE VAN DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS SOOS DEUR DIE NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| Proef=persoon | Tb | I.O. | Tb.+ I.O. | Saw. | Eks. | Gr. | S | Sag. | Sa. | Mb. | Si. | A.A. | K.K. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 18 | 81 | 99 | 23 | 18 | 13 | 15 | 11 | 14 | 13 | 7 | 17 | 17 |
| 2 | 13 | 88 | 101 | 22 | 19 | 14 | 14 | 14 | 20 | 12 | 8 | 20 | 18 |
| 3 | 18 | 63 | 81 | 15 | 14 | 12 | 8 | 13 | 18 | 8 | 3 | 13 | 12 |
| 4 | 10 | 65 | 75 | 19 | 12 | 10 | 9 | 9 | 14 | 10 | 8 | 14 | 12 |
| 5 | 17 | 82 | 99 | 21 | 18 | 14 | 13 | 13 | 13 | 14 | 7 | 15 | 17 |
| 6 | 18 | 76 | 94 | 21 | 16 | 10 | 11 | 13 | 17 | 12 | 8 | 14 | 15 |
| 7 | 14 | 64 | 78 | 17 | 16 | 8 | 7 | 12 | 10 | 10 | 7 | 13 | 13 |
| 8 | 19 | 81 | 100 | 20 | 20 | 14 | 13 | 13 | 15 | 11 | 7 | 15 | 19 |
| 9 | 22 | 88 | 110 | 22 | 21 | 16 | 14 | 12 | 18 | 11 | 8 | 13 | 20 |
| 10 | 19 | 72 | 91 | 20 | 11 | 14 | 14 | 12 | 12 | 11 | 6 | 11 | 17 |
| 11 | 18 | 66 | 84 | 17 | 8 | 14 | 12 | 12 | 15 | 13 | 5 | 12 | 12 |
| 12 | 20 | 87 | 107 | 23 | 22 | 14 | 11 | 14 | 17 | 11 | 8 | 17 | 19 |
| 13 | 15 | 72 | 87 | 21 | 14 | 9 | 9 | 13 | 12 | 11 | 6 | 15 | 13 |
| 14 | 18 | 73 | 91 | 18 | 14 | 12 | 7 | 13 | 16 | 12 | 8 | 12 | 16 |
| 15 | 15 | 77 | 92 | 21 | 15 | 14 | 12 | 14 | 17 | 11 | 7 | 17 | 15 |
| 16 | 18 | 83 | 101 | 19 | 17 | 12 | 14 | 14 | 16 | 14 | 8 | 14 | 15 |
| 17 | 15 | 81 | 96 | 20 | 19 | 14 | 15 | 11 | 14 | 11 | 7 | 17 | 19 |
| 18 | 16 | 70 | 86 | 22 | 10 | 12 | 10 | 11 | 13 | 11 | 6 | 13 | 17 |
| 19 | 14 | 81 | 95 | 22 | 19 | 14 | 10 | 14 | 17 | 10 | 9 | 16 | 15 |
| 20 | 20 | 73 | 93 | 19 | 13 | 12 | 11 | 12 | 15 | 12 | 6 | 15 | 15 |
| 21 | 11 | 54 | 65 | 13 | 14 | 9 | 5 | 5 | 11 | 12 | 5 | 8 | 14 |
| 22 | 15 | 79 | 94 | 23 | 19 | 10 | 11 | 12 | 15 | 12 | 8 | 9 | 14 |
| 23 | 14 | 73 | 87 | 23 | 16 | 11 | 10 | 12 | 14 | 13 | 7 | 14 | 13 |
| 24 | 19 | 80 | 99 | 18 | 15 | 16 | 11 | 13 | 13 | 14 | 6 | 13 | 18 |
| 25 | 14 | 64 | 78 | 18 | 12 | 9 | 10 | 12 | 9 | 12 | 6 | 11 | 13 |
| 26 | 17 | 75 | 92 | 20 | 13 | 17 | 14 | 13 | 13 | 12 | 5 | 14 | 14 |
| 27 | 16 | 85 | 101 | 21 | 15 | 15 | 13 | 14 | 17 | 13 | 8 | 16 | 18 |
| 28 | 18 | 70 | 88 | 21 | 13 | 11 | 8 | 13 | 11 | 13 | 7 | 10 | 14 |
| 29 | 20 | 76 | 96 | 18 | 15 | 15 | 13 | 15 | 15 | 10 | 6 | 14 | 19 |
| 30 | 19 | 78 | 97 | 21 | 18 | 13 | 9 | 13 | 17 | 12 | 8 | 17 | 16 |
| 31 | 18 | 71 | 89 | 19 | 11 | 16 | 6 | 9 | 17 | 11 | 5 | 13 | 15 |
| 32 | 15 | 77 | 92 | 22 | 17 | 11 | 9 | 14 | 12 | 12 | 7 | 14 | 15 |
| 33 | 18 | 76 | 94 | 17 | 16 | 14 | 11 | 13 | 14 | 12 | 7 | 13 | 20 |
| 34 | 15 | 69 | 84 | 19 | 19 | 9 | 8 | 14 | 13 | 12 | 6 | 9 | 10 |
| 35 | 19 | 83 | 102 | 20 | 13 | 17 | 14 | 14 | 16 | 13 | 6 | 16 | 18 |
| 36 | 21 | 67 | 88 | 17 | 16 | 11 | 7 | 12 | 13 | 13 | 6 | 13 | 16 |
| 37 | 14 | 71 | 85 | 21 | 14 | 8 | 14 | 12 | 11 | 13 | 7 | 10 | 10 |
| 38 | 23 | 89 | 112 | 23 | 22 | 17 | 12 | 14 | 17 | 15 | 9 | 18 | 18 |
| 39 | 21 | 88 | 109 | 25 | 18 | 12 | 11 | 16 | 16 | 13 | 8 | 16 | 18 |
| 40 | 19 | 68 | 87 | 16 | 13 | 11 | 10 | 14 | 15 | 8 | 4 | 10 | 13 |

### 3.2.10.3 EMPIRIESE MANIPULERING VAN DIE DATA VERSTREK ONDER 3.2.10.1 en 3.2.10.2

#### 3.2.10.3.1 VERGELYKING VAN GROEPE MET BEHULP VAN PROFIELONTLEDING

Statistiese tegniek: profielontleding vir onafhanklike groepe.

Hierdie verwerking is deur middel van program BMDP 3D deur die re= kenaar uitgevoer. Met behulp van die Hotelling-$T^2$-toets is 'n P-waarde van 0,000 ten opsigte van die twee profiele verkry. Die ver= skil tussen die profiele is dus betekenisvol. Omdat die profiele nie parallel is nie, kan geen verdere ontleding met behulp van pro= fielontleding uitgevoer word nie. $H_1$ word dus behou.

#### 3.2.10.3.2 BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN DIE SUB= SKALE VAN DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS

Statistiese tegniek : z-toets

Grootte van groepe : beangste groep : N = 40
nie-beangste groep : N = 40

a. TYDSBEVOEGDHEID

TABEL 3.74: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN TYDSBEVOEGDHEID SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 13,6750 | | |
| Nie-beangste groep | 17,0749 | 2,8858 | |
| | | | 7,4511** |

(7,4511 > 2,43)

Uit die resultate blyk dus dat die beangste groep beduidend minder tydsbevoeg is as die nie-beangste groep.

b. INNERLIKE ONDERSTEUNING

TABEL 3.75: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN INNERLIKE ONDERSTEUNING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 69,2249 | | |
| Nie-beangste groep | 75,3998 | 8,1518 | |
| | | | 4,7907** |

(4,7907 > 2,43)

Die mate van innerlike ondersteuning wat deur die beangste groep ervaar word, is dus statisties beduidend swakker as dié van die nie-beangste groep.

c. SELFAKTUALISERENDE WAARDE

TABEL 3.76: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SELFAKTUALISERENDE WAARDE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 18,6498 | | |
| Nie-beangste groep | 19,9249 | 2,5052 | |
| | | | 3,2190** |

(3,2190 > 2,43)

Ten opsigte van selfaktualiserende waarde presteer die beangste groep dus beduidend swakker as die nie-beangste groep.

d. EKSISTENSIALITEIT

TABEL 3.77: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN EKSISTENSIALITEIT SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 15,2500 | | |
| Nie-beangste groep | 15,6250 | 3,2870 | |
| | | | 0,7215 |

(0,7215 < 1,685)

Ten opsigte van eksistensialiteit verskil die groepe dus nie bedui= dend nie.

e. GEVOELSREAKSIE

TABEL 3.78: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN GEVOELSREAKSIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 13,9000 | | |
| Nie-beangste groep | 12,6000 | 2,5500 | |
| | | | 3,2242** |

(3,2243 > 2,43)

Die resultate dui aan dat die beangste groep 'n statisties-bedui= dende sterker gevoelsreaksie as die nie-beangste groep manifesteer.

f. SPONTANEÏTEIT

TABEL 3.79: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SPONTANEÏTEIT SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 9,9750 | | |
| Nie-beangste groep | 10,8750 | 2,6330 | |
| | | | 2,1618* |

(2,1618 > 1,685)

Die beangste groep is dus beduidend minder spontaan as die nie-beangste groep.

g. SELFAGTING

TABEL 3.80: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SELFAGTING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 8,8750 | | |
| Nie-beangste groep | 12,6000 | 1,8646 | |
| | | | 12,6347** |

(12,6347 > 2,43)

Die mate van selfagting van die beangste groep is dus beduidend laer as die van die nie-beangste groep.

h. SELFAANVAARDING

TABEL 3.81: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SELFAANVAARDING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 12,3500 | | |
| Nie-beangste groep | 14,3500 | 2,4967 | |
| | | | 5,0662** |

(5,0662 > 2,43)

Uit die resultate blyk dus dat die beangste groep hulself statis= ties-beduidend swakker as die nie-beangste groep aanvaar.

i. MENSBESKOUING

TABEL 3.82: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN MENSBESKOUING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 10,4000 | | |
| Nie-beangste groep | 11,8250 | 1,4830 | |
| | | | 6,0771** |

(6,0771 > 2,43)

Die mensbeskouing van die beangste groep is dus statisties-bedui= dend minder positief en konstruktief as dié van die nie-beangste groep.

j. SINERGIE

TABEL 3.83: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN SINERGIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 5,9750 | | |
| Nie-beangste groep | 6,7750 | 1,2504 | |
| | | | 4,0463** |

(4,0463 > 2,43)

Ten opsigte van sinergie is die telling van die beangste groep dus beduidend laer as die van die nie-beangste groep.

k. AANVAARDING VAN AGGRESSIE

TABEL 3.84: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN AANVAARDING VAN AGGRESSIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 14,0500 | | |
| Nie-beangste groep | 13,7750 | 2,6936 | |
| | | | 0,6456 |

(0,6456 < 1,685)

Die beangste groep aanvaar hul aggressie dus nie beduidend beter as die nie-beangste groep nie.

l. KAPASITEIT TOT INTIEME KONTAK

TABEL 3.85: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN KAPASITEIT TOT INTIEME KONTAK SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 13,9000 | | |
| Nie-beangste groep | 15,5500 | 2,6598 | |
| | | | 3,9233** |

(3,9233 > 2,43)

Die beangste groep se kapasiteit tot intieme kontak is dus bedui= dend meer gerem as die van die nie-beangste groep.

m. SOM VAN TYDSBEVOEGDHEID EN INNERLIKE ONDERSTEUNING

TABEL 3.86: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE SOM VAN TYDSBEVOEGDHEID EN INNERLIKE ONDERSTEUNING SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 82,8999 | | |
| Nie-beangste groep | 92,4749 | 9,7717 | |
| | | | 6,1971** |

(6,1971 > 2,43)

Die tellings van die beangste groep vir die som van tydsbevoegd= heid en innerlike ondersteuning is dus statisties-beduidend laer as dié van die nie-beangste groep.

## 3.2.11 AKADEMIESE PRESTASIE

### 3.2.11.1 GEGEWENS VAN DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP

TABEL 3.87: GEMIDDELDE JUNIEPUNTE SOOS BEHAAL DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP

| BEANGSTE GROEP | PROEFPERSOON | NIE-BEANGSTE GROEP |
|---|---|---|
| Gemiddelde Juniepunt | | Gemiddelde Juniepunt |
| 49,25 | 1 | 40,5 |
| 58 | 2 | 67,25 |
| 64,75 | 3 | 58,75 |
| 61,75 | 4 | 60 |
| 53,25 | 5 | 66,5 |
| 62,5 | 6 | 70 |
| 52,75 | 7 | 56,5 |
| 59,5 | 8 | 41 |
| 55,5 | 9 | 44,25 |
| 86,25 | 10 | 55,5 |
| 25,25 | 11 | 76,5 |
| 65,25 | 12 | 27,75 |
| 75 | 13 | 56 |
| 65,25 | 14 | 53 |
| 44,5 | 15 | 56,5 |
| 58 | 16 | 65,75 |
| 60 | 17 | 62,75 |
| 36,25 | 18 | 30,4 |
| 59,2 | 19 | 52 |
| 37 | 20 | 66,75 |
| 42,8 | 21 | 62 |
| 46 | 22 | 66,5 |
| 60,4 | 23 | 46,5 |
| 57 | 24 | 67,25 |
| 55,2 | 25 | 49,75 |
| 47,57 | 26 | 73 |
| 46,43 | 27 | 54,5 |
| 52 | 28 | 64,4 |
| 66,6 | 29 | 54 |
| 42,5 | 30 | 66,4 |
| 49,4 | 31 | 54 |
| 53,4 | 32 | 48,2 |
| 72 | 33 | 73,2 |
| 73,4 | 34 | 48 |
| 57,4 | 35 | 63,2 |
| 67,6 | 36 | 67,2 |
| 56,2 | 37 | 52,25 |
| 62,4 | 38 | 55,8 |
| 44 | 39 | 56,6 |
| | 40 | 54,43 |

As meting van akademiese prestasie is op die gemiddelde halfjaarpunt (gemiddelde Juniepunt, vergelyk TABEL 3,87) besluit, omdat laasgenoemde 'n resente meting van akademiese prestasie verteenwoordig. Prestasies in die verskillende vakrigtings is derhalwe vir elke proefpersoon uit die akademiese rekords van die administrasiepersoneel bekôm en 'n gemiddelde punt is vir elkeen bereken.

3.2.11.2 EMPIRIESE MANIPULERING VAN DATA VERSTREK ONDER 3.2.11. 1

Statistiese tegniek : z-toets

Grootte van groepe : beangste groep : N = 39
nie-beangste groep : N = 40

Akademiese prestasie

TABEL 3.88: TELLINGS TEN OPSIGTE VAN AKADEMIESE PRESTASIE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE GROEP BEHAAL

| | Rekenkundige gemiddeld | Standaard= afwyking | z-waarde |
|---|---|---|---|
| Beangste groep | 55,9357 | | |
| Nie-beangste groep | 57,1205 | 10,9310 | |
| | | | 0,6855 |

(0,6855 < 1,685)

Hoewel die beangste groep dus effens swakker presteer as die nie-beangste groep, is die verskil nie statisties-beduidend nie.

# HOOFSTUK IV

# BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE PSIGOMETRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk sentreer om die aanbieding en bespreking van die resultate van die eerste deel van die empiriese ondersoek, naamlik die gegewens van die massatoetsing en die individuele toetsing van die universum beangste en ewekansige steekproef nie-beangste proef=persone.

### 4.1.1 RAAMWERK VIR DIE BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die bespreking vind plaas in terme van die volgende aspekte:

- die resultate en afleidings;
- oorweging van die resultate ten aansien van verwante bevindinge, en
- die betekenis van die resultate in die konteks van die jeug=tydperk.

Motivering: die bespreking word ingelui met die rapportering van die resultate en afleidings. Omdat die uiteensetting van hierdie twee aspekte in die geval van sommige bevindinge so omvattend is, is besluit om dit te onderskei van die tweede afdeling, waarin die resultate ten aansien van verwante bevindinge oorweeg word.

Die oorweging van aansluitingsmoontlikhede tussen die resultate van die huidige studie en bestaande bevindinge is gemik op die vertol=king van die bevindinge in terme van bestaande data oor die betrok=ke fasette van die ondersoek.

Die bespiegeling aangaande die betekenis van die resultate in die konteks van die ontwikkelingsfase waarin die proefpersone tans ver=keer, naamlik die jeugtydperk, word soos volg gemotiveer: die le=wensfase gedurende die tydperk 18-22 jaar word in 'n resente, Suid-

Afrikaanse publikasie, as die jeugtydperk onderskei (Gerdes en Van Ede, 1981, p. 277). Adolessente belewinge word nie as sodanig deur hierdie fase uitgesluit nie. Dit dui egter die oorgang van adolessensie na vroeë volwassenheid aan.

Ofskoon die proefpersone tydens die massatoetsing een dag na hul aankoms by die universiteit gemiddeld 17,8 jaar oud was, en streng gesproke nog as adolessente beskou moes word, was almal reeds 18 jaar oud tydens die individuele toetsing. Vir die doel van die bespreking kan dus aanvaar word dat hulle reeds die jeugtydperk betree het. Deur die resultate in die konteks van die relevante ontwikkelingstake van hierdie lewensfase te vertolk, kan die volle implikasies daarvan na ondersoeker se mening die duidelikste aangetoon word.

### 4.1.2 VOLGORDE WAARIN TOETSRESULTATE BESPREEK WORD

Die bespreking van die resultate vind op een uitsondering na in dieselfde volgorde plaas as waarin die toetse afgeneem is. Die uiteensetting begin met die bespreking van die PHSF-Verhoudingevraelys in stede van die biografiese vraelys. Die motivering word soos volg gestel: om die betekenis van die resultate in die konteks van die jeugtydperk te kan aantoon, is 'n uiteensetting van die belangrike ontwikkelingstake van die jeugtydperk noodsaaklik. Die vertolking van die resultate van die PHSF het op feitlik elke ontwikkelingstaak betrekking, en dié van die biografiese vraelys nie. Deur eerste die resultate van die PHSF te bespreek, word logiese gronde vir die uiteensetting van die ontwikkelingstake gebied. Hierdie uiteensetting vorm in die geval van die PHSF natuurlike aansluitingsmoontlikhede en vorm terselfdertyd 'n raamwerk waarin die res van die gegewens ook bespreek kan word.

## 4.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE SOOS VERKRY DEUR DIE VOLGENDE MEETINSTRUMENTE:

### 4.2.1 DIE PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE EN FORMELE VERHOUDINGE-VRAELYS (PHSF)

#### 4.2.1.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

#### 4.2.1.1.1 PROFIELONTLEDING: RESULTATE EN AFLEIDINGS:

Die resultate dui aan dat die profiele nie parallel is nie. Hieruit word afgelei dat die beangste en nie-beangste groep dus ten opsigte van aanpassing betekenisvol van mekaar verskil. Geen verdere ontledings kan egter met behulp van profielontleding on= derneem word nie, omdat die profiele nie parallel is nie. Op grond van hierdie beduidende verskille kan groter betekenis aan die resultate van die z-toets, wat vervolgens bespreek word, ge= heg word.

#### 4.2.1.1.2 DIE Z-TOETS: RESULTATE EN AFLEIDINGS

#### 4.2.1.1.2.1 PERSOONLIKE VERHOUDINGE

a. SELFVERTROUE

Uit die resultate blyk dat die beangste groep 'n beduidend mindere mate van selfvertroue het as die nie-beangste groep.

b. EIEWAARDE

Die innerlike waardeskatting van die beangste groep wat berus op die evaluering en aanvaarding van werklike of vermeende persoonlik= heidseienskappe, vermoëns en gebreke, is statisties-beduidend swak= ker as dié van die nie-beangste groep.

c. SELFBEHEER

Die resultate toon dat die mate van selfbeheer van die beangste groep statisties-beduidend swakker is as dié van die nie-beangste groep. Die beangste groep sukkel dus beduidend meer om hul emosies en drange volgens eie beginsels en oordeel te beheer of te kanaliseer.

d. SENUWEEAGTIGHEID

Uit die resultate blyk dat die beangste groep beduidend meer senuweeagtig is as die nie-beangste groep. Die beangste groep is dus beduidend meer uitgelewer aan simptome van senuweeagtigheid soos gemanifesteer in angstige, doellose of herhalende gedrag.

e. GESONDHEID

Volgens die resultate is die beangste groep beduidend swakker aangepas ten opsigte van hul gesondheid: die lede van die groep is beduidend meer gepreokkupeer met hul fisiese toestand.

Uit die resultate blyk dus dat die beangste groep op elke aspek van persoonlike aanpassing statisties-beduidend swakker as die nie-beangste groep aangepas is. Die afleiding word dus gemaak dat 'n relatief hoë mate van angs 'n negatiewe invloed op persoonlike aanpassing kan uitoefen, omdat dit tot swakker belewinge van selfvertroue, eiewaarde en selfbeheer asook tot 'n toestand van preokkupasie met gesondheid en meer senuweeagtigheid aanleiding kan gee.

4.2.1.1.2.2 HUISLIKE VERHOUDINGE

f. GESINSINVLOEDE

Volgens die resultate is die nie-beangste groep beduidend beter as die beangste groep ten opsigte van gesinsinvloede aangepas.
Die afleiding is dat faktore soos posisie in die gesin, die verhou=

ding tussen die ouers, gesinsamehorigheid en sosio-ekonomiese toe= stande 'n beduidende invloed op gesinsaanpassing uitoefen.

g. PERSOONLIKE VRYHEID

Die beangste groep toon beduidend sterker blyke van inperking deur hul ouers. Afleiding: die resultate ten opsigte van huislike aan= passing onderstreep dus dat die beangste groep nie 'n spontane, gebalanseerde verhouding met hul ouers geniet nie. Verder word afgelei dat faktore soos gebrekkige selfvertroue ook in een of al= bei ouers teenwoordig mag wees; dat een of albei ouers moontlik 'n tendens tot oorbeheptheid met die beangste proefpersone mag ver= toon en dat hierdie faktore kan meewerk tot 'n belewing van gebrek= kige persoonlike vryheid binne die gesinsverband.

4.2.1.1.2.3 SOSIALE VERHOUDINGE

h. SOSIALITEIT (G)

'n Beduidende verskil in die subtoets dui aan dat die beangste groep beduidend minder tot deelname aan sosiale groepsverkeer ge= neë is. Dit kom dus voor asof hierdie groep beduidend meer intro= vert van aard is. Die nie-beangste groep, daarenteen, is meer ge= neigd tot ekstraversie, en hul telling suggereer volgens die Hand= leiding (p. 6) dat hierdie groep 'n sterker behoefte het aan sosia= le groepsverkeer en spontaan daaraan deelneem.

i. SOSIALITEIT (S)

Uit die resultate blyk 'n beduidende verskil ten opsigte van die behoefte om met iemand van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer. Die afleiding word dus gemaak dat die beangste groep in 'n beduidende swakker mate 'n behoefte tot sosialisering met ie= mand van die teenoorgestelde geslag toon. Uit gesprekke met die lede van die beangste groep het dit ook duidelik geblyk dat die proefpersone in talle gevalle 'n intense worsteling op die sosiali=

seringsterrein ervaar: as gevolg van skaamheid, gevoelens van min= derwaardigheid, onbekendheid met mans en moontlik ook as gevolg van 'n oorkoepelende faktor: gebrekkig ontwikkelde sosiale vaardighede.

j. MORELE INSLAG

Die resultate toon dat die twee groepe beduidend verskil. Dit be= teken dat die beangste groep in 'n beduidend mindere mate voel dat hulle gedrag met die aanvaarde samelewingsnorme ooreenstem. Ver= skillende afleidings kan uit hierdie bevinding gemaak word:
Eerstens mag dit wees dat die beangste groep so streng opgevoed is dat hulle weens besondere streng gewetensfunksionering meen dat hulle altyd tekortskiet in terme van die norme (of meer spesifiek, die eise wat hulle meen aan hulle gestel word).

Tweedens mag die bevinding 'n opvoedingsresultaat illustreer: in terme van die gebrekkige vryheidsbelewing soos in 'n voorgaande re= sultaat gerapporteer, mag dit wees dat hierdie groep proefpersone se ouers hul so afhanklik grootgemaak het, dat hul gewetensfunksio= nering steeds infantiel is en op 'n neurotiese, kompulsiewe wyse tot selfbeskuldiging lei en daardeur wanaanpassing op morele vlak tot gevolg het.

Samevattend ervaar die beangste groep dus beduidend meer sosiale aan= passingsprobleme. Belewinge van gebrekkige persoonlike vryheid as= ook twyfel of eie gedrag met samelewingsnorme ooreenstem, skyn die belangrikste faktore in hierdie verband te wees.

4.2.1.1.2.4 FORMELE VERHOUDINGE

Die resultate toon aan dat daar 'n statisties-beduidende verskil tussen die groepe bestaan. Hieruit word eerstens afgelei dat die beangste groep in hul hantering van formele verhoudinge beduidend meer aanpassingsprobleme as die nie-beangste groep ervaar. Twee= dens word afgelei dat hierdie probleme uitvloeisels van die proef= persone se problematiese persoonlike aanpassing mag wees. Wan= aanpassing ten opsigte van persoonlike faktore soos selfvertroue,

eiewaarde en selfbeheer kan naamlik ook met gebrekkige selfaanvaar=ding verband hou. Waar selfaanvaarding nie optimaal verwerklik word nie, sal dit met probleme ten opsigte van die aanvaarding van ander gepaard gaan. Laasgenoemde aspek mag dus 'n rede vir die beangste groep se probleme met formele verhoudinge wees, omdat hul=le veral ten opsigte van gesagsfigure negatief of wantrouig inge=stel mag wees.

'n Derde afleiding is dat die beangste groep in hul rolvervulling minder toepaslik funksioneer as gevolg van hul blootstelling aan rigiede of ondoelmatige rolvervulling deur hul ouers, byvoorbeeld 'n minderwaardige moeder of 'n baasspelerige, outoritêre vader. Jourard (1974, p. 212-214) beklemtoon dit in die verband dat geson=de persoonlikheidsfunksionering onder andere weerspieël word in ge=maklike funksionering in verskillende rolle, wat onder andere ou=derdomstoepaslik sal wees.

Ten slotte is bevind dat die <u>gewenstheidskaal</u> die enigste subtoets is waarop die beangste groep 'n beduidend hoër telling as die nie-beangste groep behaal het. Dit toon aan dat die beangste groep die vraelys eerliker beantwoord het as die nie-beangste groep.

Afleidings:

Eerstens word afgelei dat die groter mate van eerlikheid uit die beangste groep se bewuste worsteling tot selfbevryding uit die be=klemmende, inhiberende invloed van angs spruit. Optrede tydens in=dividuele toetsing het hierdie aspek verder onderstreep: spesifiek die proefpersone se sterk motivering tot samewerking, hul eerlike selfontsluiting en bereidheid tot opofferings ter wille van die af=handeling van die toetsing het, wat ondersoeker betref, aangedui dat hulle so bewus van hul problematiese belewingswêreld is dat hul=le veel sou opoffer om iets konstruktiefs daaromtrent te doen.

Voorts dui die eerlike selfoopstelling oftewel eerlike kommunikasie van die innerlike en interpersoonlike situasie soos deur die PHSF weerspieël, moontlik op 'n groter betrokkenheid van die beangste

groep by hul innerlike ervaringe, en gepaardgaande daarmee 'n gro= ter gewilligheid tot die ondergaan van prosedures (byvoorbeeld toet= sing) waardeur hul selfaktualiseringsproses verder gevoer kan word. Hierteenoor skyn die nie-beangste groep minder geneë te wees tot eerlike selfontsluiting: moontlik omdat hulle dit nie as belangrik beskou nie - of omdat hulle in werklikheid tog nie so "onangstig" is dat hulle die vraelys nie volkome eerlik kon antwoord nie.

Ten slotte mag dit wees dat die groter geneigdheid tot introversie by die beangste groep (vergelyk 4.2.1.1.2.3) daarop dui dat hierdie persone 'n meer verfynde innerlike lewe en dus 'n hoër vlak van selfbewussyn ontwikkel het en dit moontlik makliker vind om eerlik te wees as die nie-beangste groep.

SAMEVATTEND:

- Die beangste groep se aanpassingsprofiel verskil beduidend van dié van die nie-beangste groep.
- Die bevindinge karakteriseer die beangste groep as beduidend meer wanaangepas as die nie-beangste groep: die wanaanpassing strek oor al vier velde van die vraelys en lewer beduidend swak= ker aanpassingstellings in elk van die velde.
- Die beangste groep proefpersone ervaar dus beduidend meer worste= ling in hul strewe na harmonie binne hulself en tussen hulself en hul omgewing.

#### 4.2.1.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

In hierdie bespreking word die resultate met ander bevindinge ten aansien van aanpassing in verband gebring. Die vier afdelings van die PHSF-resultate word afsonderlik bespreek.

PERSOONLIKE VERHOUDINGE EN ANDER BEVINDINGE

Om verbande tussen bestaande navorsing en die bevindinge ten op= sigte van persoonlike aanpassing te kan aantoon, word aanvaar dat

die aspekte van persoonlike aanpassing, naamlik eiewaarde, selfver=troue, selfbeheer en senuweeagtigheid met selfbeeld verband hou en dat die beduidende verskille ten opsigte van hierdie aspekte van persoonlike verhoudinge dus impliseer dat die beangste groep bedui=dend meer onder negatiewe selfbeelde as die nie-beangste groep ge=buk gaan.

Vervolgens word gestel dat die resultate met navorsingsbevindinge ten aansien van die verband tussen lae selfbeeld en hoë angs strook. Enkele voorbeelde in dié verband: die bevindinge van Coopersmith (1959), Mitchell (1959) en Lipsitt (1958) soos aangehaal deur Ha=machek (1971, p. 180-181). In bogenoemde studies is telkens 'n ver=band tussen 'n negatiewe selfbeeld en hoë angs vasgestel. Mitchell se studie was spesifiek op damestudente gerig. Felker (1974, p. 14) het voorts vasgestel dat 'n negatiewe selfbeeld ook met hoë angs op 'n situasie-spesifieke angsskaal korreleer.

HUISLIKE VERHOUDINGE EN ANDER BEVINDINGE

Die resultate ten opsigte van bogenoemde aspek kan ook nie reg=streeks met bestaande navorsing in verband gebring word nie. Die beduidende verskille ten opsigte van huislike verhoudinge bevestig egter dat die beangste groep beduidend meer probleme in hul ver=houding tot hul ouers ervaar. In die opsig kan die resultate in verband gebring word met die talle beklemtoninge van die implika=sies van 'n onbevredigende, problematiese ouer-kind-verhouding, vanaf Freud na Sullivan tot by resente uitsprake soos dié van Ruc=ker en Mermelstein (1979) in verband met die implikasies van 'n ne=gatiewe moeder-kind-verhouding (vergelyk 1.7.4.3.2).

SOSIALE VERHOUDINGE EN VERWANTE BEVINDINGE

Die beduidende aanduidinge van problematiese sosiale verhoudinge by die beangste groep hou ook onregstreeks met bestaande navorsing verband. Om hierdie verband te illustreer, word eers 'n verdere afleiding gemaak, naamlik dat probleme ten opsigte van sosiale ver=

houdinge verband mag hou met probleme ten opsigte van persoonlike verhoudinge. Anders gestel: gebrekkige selfaanvaarding mag gepaard gaan met probleme op die vlak van interpersoonlike verhoudinge. So gesien, kan die bevindinge van die huidige ondersoek met die volgende navorsingsresultate gekorreleer word: Richmond, Mason en Padgett (1972) se bevindinge wat ook met die resultate van die Selfaktualiseringsvraelys in verband gebring is (vergelyk 4.2.10.2); asook die bevindinge van Thauberger en Sydiaha (1979) wat in dieselfde verband gerapporteer is (vergelyk 4.2.10.2.2).

FORMELE VERHOUDINGE EN VERWANTE BEVINDINGE

Aanduidinge van verhoudingsprobleme ten aansien van formele verhoudinge, soos vasgestel ten opsigte van die beangste groep, kan ook met problematiese persoonlike, huislike en sosiale verhoudinge in verband gebring word. Die resultate kan egter nie regstreeks met bestaande navorsing in verband gebring word nie. Die resultate bevestig egter wat in die literatuur beklemtoon word, naamlik dat onopgeloste ouer-kind-verhoudingsprobleme implikasies vir alle ander verhoudinge mag inhou, - en dus ook vir formele verhoudinge. Uit psigoanalitiese oogpunt beweer Strupp (1980, p. 279) naamlik dat aspekte van die ouer-kind-verhouding wat tydens die kinderjare geïntrojekteer is, juis in affekbelade situasies en teenoor outoriteits- of versorgingsfigure in gedrag na vore sal tree.

Teen hierdie agtergrond lei ondersoeker af dat aspekte waarvoor die beangste proefpersone as kinders gesensiteer is deur hul ouers se optrede teenoor hulle, dus by uitstek hul optrede in formele verhoudinge, veral ten opsigte van outoriteitsfigure, sal belemmer. Probleme kan dus veral op die vlak van formele verhoudinge na vore tree, omdat die beangste proefpersone se spontaneïteit en natuurlike aanvoeling in sulke situasies deur hoë angsbelewinge, as resultaat van onverwerkte ouer-kind-verhoudingsprobleme, gestrem sal word.

### 4.2.1.3 DIE BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE LIG VAN DIE JEUG= TYDPERK

Op die eerste oog af beteken die resultate dat dit die beangste groep as die beduidend swakker aangepaste groep tipeer. Die volle implikasies hiervan kan egter slegs aangetoon word met verwysing na die ontwikkelingstydperk waarin die proefpersone tans verkeer. Deur die bevindinge dus met die ontwikkelingstake van die jeugtyd= perk in verband te bring, kan die volle betekenis daarvan aangetoon word.

Luidens Gerdes en Van Ede (a.w., p. 278-279) kan die volgende ont= wikkelingstake tydens die jeugtydperk onderskei word:

- die vestiging van 'n gevoel van identiteit;
- die omlyning van bepaalde lewensoogmerke;
- die omskrywing van basiese waardes;
- die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep;
- die volbrenging van sekere psigologiese en interpersoonlike ge= daanteverwisselinge.

In die bespreking word die klem op drie van hierdie take geplaas.

#### 4.2.1.3.1 DIE RESULTATE AS AANDUIDING VAN PROBLEMATIESE IDENTI= TEITSVESTIGING

Identiteitsvestiging word as een van die sentrale take van die jeug= tydperk beskou (vergelyk Gerdes en Van Ede, a.w., p. 279). Die aan= name van genoemde outeurs is dat die jeugdige in hierdie fase be= wustelik begin eksperimenteer met "verskillende lewenswyses" ten einde 'n aanvaarbare, durende identiteit te kan vestig. Ondersoeker lei af dat die beangste groep vanweë hul negatiewe selfbelewinge op die vlak van eiewaarde, selfbeheer, selfvertroue en senuweeagtigheid, dit moeiliker sal vind om hulself onbevange te kan waarneem,dit wil sê bewustelik aan identiteitsvorming en -vestiging te kan werk. Die behoefte aan verdediging (vergelyk byvoorbeeld 4.2.4.1) is waarskyn= lik te groot om werklik spontaan aan sulke ontwikkelingsprosesse te

kan "deelneem".

4.2.1.3.2 DIE RESULTATE AS AANDUIDING VAN WORSTELING OP DIE TERREIN VAN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE

Die motivering van bogenoemde stelling vereis 'n bespreking van drie aspekte van die ontwikkelingstaak ten aansien van interpersoonlike verhoudinge, te wete:

. die oplossing van die spanning tussen die self en die samelewing;
. die verskuiwing van genitaliteit na seksuele wederkerigheid, en
. die verskuiwing van identikaliteit na interpersoonlike ontwikke= ling (vergelyk Gerdes en Van Ede, a.w., p. 283).

Eerstens: die oplossing van die spanning tussen die self en die samelewing: die sentrale ontwikkelingstaak van die jeugfase is volgens Keniston (soos aangehaal deur Gerdes en Van Ede, ibid.) die proses van individuasie teenoor vervreemding, want dit is deur hierdie proses dat bestaande spanninge tussen die self en die same= lewing opgelos kan word. In terme van hierdie noodsaaklike ontwik= keling lei ondersoeker af dat die beangste groep beduidend meer sal sukkel om tot individuasie te kom, omdat hulle soveel meer blyke van afhanklikheid en gevoelens van ontoereikendheid ervaar en die toenemende selfstandigheidswording wat deur individuasie geïmpliseer word nie goedsmoeds sal binnegaan nie. Dit is opvallend dat die beangste groep se tellings op die selfaktualiseringskaal ook bedui= dend laer was (vergelyk 4.2.10.1).

Tweedens: die verskuiwing van genitaliteit na seksuele wederkerig= heid: betreffende hierdie vlak van verandering lei ondersoeker af dat die resultate ook in dié opsig die probleme van die beangste groep onderstreep. Die bevindinge ten opsigte van sosiale verhou= dinge: spesifiek dat die groep meer introvert van aard is en in beduidend mindere mate 'n behoefte aan sosiale verkeer met lede van die teenoorgestelde geslag ervaar, dui immers aan dat heteroseksuele verhoudinge vir die groep probleme skep. Die verandering van "seks as genitale ervaring na 'n wederkerig bevredigende seksuele verhou=

ding met 'n geliefde" (Gerdes en Van Ede, a.w., p. 283) mag dus 'n baie meer problematiese proses wees as vir die nie-beangste groep.

Derdens: die verskuiwing van identikaliteit na interpersoonlike ontwikkeling. Hierdie aspek verwys na die proses waartydens die jeugdige die spektrum van verhoudingsvorming verbreed vanaf die= gene wat aanvaarbaar is omdat hulle soos hy is na diegene wat an= ders is, en dus sal ontwikkel tot 'n fase van wederkerigheid wanneer die uniekheid van andere ook waargeneem en waardeer word (Gerdes,en Van Ede, ibid.). Die beangste groep se probleme op die vlak van formele verhoudinge is waarskynlik 'n aanduiding dat hulle ook op hierdie vlak sal sukkel om in hul interpersoonlike verhoudinge na wederkerigheid te groei.

#### 4.2.1.3.3 DIE RESULTATE AS AANDUIDING VAN PROBLEME MET BETREKKING TOT DIE OMLYNING VAN WAARDES EN LEWENSOOGMERKE

Die skepping van waardes waarvolgens keuses gemaak, lewensoogmerke omlyn en gedrag gerig kan word, is essensieel vir die jeugdige per= soon. Die bevindinge in die verband suggereer probleme op die ter= rein van waarderealisering. Die beangste groep voel naamlik in 'n beduidend mindere mate dat hul morele waardes met dié van die sa= melewing ooreenstem. Die selfbeperkende waardes van die beangste groep kom nog duideliker in die Persoonlike Oriëntasievraelys tot uiting (vergelyk 4.2.10.1.2). Die belangrikste betekenis hiervan mag wees dat die beangste groep onseker bly van lewensoogmerke, nie besluite met oorgawe kan neem nie en hulself dus nie optimaal kan verwesenlik nie.

'n Prognosties hoopvolle aanduiding is die feit dat hierdie groep die vraelys beduidend eerliker as die nie-beangste groep beantwoord het. Die afleiding word gemaak dat hulle as groep bewus is van hul aanpassingsprobleme en begerig is - vandaar die beduidend groter mate van eerliker selfontsluiting - om iets omtrent die toestand te doen.

Samevattend: die resultate dui aan dat die verwerkliking van et= like ontwikkelingstake van die jeugtydperk waarskynlik meer proble= maties vir die beangste groep sal verloop, vanweë hul hoër angspeil en gepaardgaande probleme op soveel funksioneringsvlakke.

## 4.2.2 DIE BIOGRAFIESE VRAELYS

### 4.2.2.1 DIE RESULTATE EN AFLEIDINGS

#### 4.2.2.1.1 FAKTORE MET BETREKKING TOT HUISLIKE AGTERGROND

AANTAL KINDERS IN DIE GESIN, PROEFPERSONE UITGESLUIT

Uit die resultate blyk dat die lede van die twee groepe uit huisge= sinne met 'n gemiddeld van drie kinders afkomstig is. Die verskil tussen die groepe is nie statisties-beduidend nie.

GEBOORTE-ORDE

Geen statisties-beduidende verskil kom in die opsig voor nie. Die lede van die twee groepe is oorwegend oudste kinders. Uit hierdie feit word afgelei dat oudste kinders dus nie as sodanig tot beangstheid gepredisponeer is nie. Voorts word afgelei dat an= der faktore, byvoorbeeld die verhouding tot die ouers en moontlik spesifiek die verhouding met die moeder, belangrike faktore in die veroorsaking van beangstheid kan wees.

HUISTAAL

Byna alle proefpersone is Afrikaanssprekend. Ook in die opsig is daar dus geen statisties-beduidende verskil nie.

PERSONE HOOFSAAKLIK VERANTWOORDELIK VIR VERSORGING VAN PROEFPERSONE TYDENS HUL KINDERJARE

In verreweg die meeste gevalle is die versorging hoofsaaklik deur die eie vader en moeder behartig. Verskille is dus nie statisties-beduidend nie. Die afleiding word gemaak dat die twee groepe dus nie kwantitatief verskillende kinderjare-ervaringe, in soverre dit

die versorgingsaspek betref, gehad het nie. Dit moet egter beklem= toon word dat die subtiele veranderlikes van die verhouding tussen ouers en kind tydens die kinderjare beslis nie deur hierdie resul= tate weerspieël word nie.

VADER SE BEROEP

Uit die resultate blyk dit dat die vaders van die oorgrote meerder= heid proefpersone uit beide groepe administratiewe werkers is. Slegs in een geval is die vader 'n ongeskoolde werker. Ook in hier= die opsig is daar dus nie statisties-beduidende verskille nie. Die afleiding word dus gemaak dat die proefpersone in terme van sosio-ekonomiese omstandighede relatief homogeen is.

KERKVERBAND

Statisties-beduidende verskille kom nie ten opsigte van kerkverband voor nie. Die proefpersone behoort in die meeste gevalle aan die N.G.-kerk.

LEWENDE OUERS

Twee maal soveel vaders van proefpersone in die nie-beangste groep is oorlede as van dié in die beangste groep. Die verskil is egter weens die klein getalle nie statisties-beduidend nie.

Samevattend bestaan daar dus in terme van huislike agtergrondsfak= tore geen statisties-beduidende verskil ten opsigte van die twee groepe nie.

4.2.2.1.2 FAKTORE MET BETREKKING TOT VOORSKOOLSE OPLEIDING

KLEUTERSKOOLBYWONING

Uit die resultate blyk dat byna eweveel proefpersone in die twee groepe die kleuterskool bygewoon het. Die verskil is te klein om statisties-beduidend te wees.

TYDPERK VAN KLEUTERSKOOLBYWONING UITGEDRUK IN MAANDE

Ook in die opsig is die resultate nie statisties-beduidend nie. Die afleiding word dus gemaak dat die sosialiseringsprosesse, vir sover dit die invloed van kleuterskoolopleiding betref, nie groot verskille tussen die twee groepe kon meebring nie.

4.2.2.1.3 FAKTORE MET BETREKKING TOT SKOOLOPLEIDING

GEMIDDELDE OUDERDOM TYDENS SKOOLTOETREDE

Uit die resultate blyk dit dat die gemiddelde ouderdom tussen ses jaar en ses-en-'n-halfjaar wissel. Die verskil is hier ook nie statisties-beduidend nie.

MATRIKULASIEJAAR

Verreweg die grootste aantal proefpersone uit beide groepe het in dieselfde jaar gematrikuleer, naamlik 1979, dit wil sê die jaar voordat hulle tot die universiteit toegetree het. Ook in die opsig is die verskil dus nie statisties-beduidend nie.

AANTAL HERHALINGS VAN 'N SKOOLSTANDERD

Uit die resultate blyk dat slegs een lid van die beangste groep 'n standerd gedruip het. Die groepe verskil dus ook nie in dié opsig nie. Die afleiding is dat die groepe akademies op voor-tersiêre vlak feitlik identies gevorder het.

DEELNAME AAN SPORT

Uit die resultate blyk dat die nie-beangste groep meer tyd aan sport as die beangste groep bestee, dog dat die verskil nie groot genoeg is om beduidend te wees nie.

VERBLYFSITUASIE TYDENS SKOOLLOOPBAAN

Die resultate toon dat die meeste proefpersone uit beide groepe uit hul ouerhuise skoolgegaan het. Die aantal wat in koshuise tuisgegaan het, is ook byna gelyk. Die verskil is nie statisties-beduidend nie.

LEIERSKAPSPOSISIES TYDENS SKOOLLOOPBANE

In die verband toon die resultate die volgende aspekte:

- HOOFPREFEK: die nie-beangste groep het meer hoofprefekte as die beangste groep gelewer, naamlik drie teenoor een, dog die verskil is nie statisties-beduidend nie.
- SKOOL-, KOSHUIS- OF KLASPREFEK: feitlik eweveel proefpersone uit beide groepe het posisies in dië verband beklee. Ook die verskil is nie statisties-beduidend nie.
- LID VAN BESTURE OF VERENIGINGS: meer lede van die nie-beangste groep was op besture of verenigings verteenwoordig as in die geval van die beangste groep. Die verskil is egter nie groot genoeg om beduidend te wees nie.
- DIRIGENTE OF SANGLEIDSTER: dis verrassend dat meer persone uit die beangste groep as dirigente of sangleidsters opgetree het as in die geval van die nie-beangste groep. Ook hier is die verskil egter nie groot genoeg om beduidend te wees nie.
- KAPTEINE VAN 'N SPORTSPAN: byna dubbel soveel persone uit die nie-beangste groep het as kapteine gefigureer as in die geval van die beangste groep. Die verskil is statisties-beduidend op die 0,01-peil. Die afleiding word gemaak dat die lede van die nie-beangste groep wat wel aan sport deelneem, 'n sterker betrokkenheidsgraad vertoon. Hulle beklee immers 'n beduidend groter aantal leiersposisies as kapteine van sportspanne as in die geval van die beangste groep.

Samevattend dui die faktore met betrekking tot kleuterskoolbywoning en skoolopleiding slegs een beduidende verskil aan, naamlik ster= ker aanduidings van leierskapsposisies op die gebied van sport in die geval van die nie-beangste groep.

4.2.2.1.4 FAKTORE MET BETREKKING TOT DIE UNIVERSITêRE SITUASIE

OUDERDOM TYDENS TOETSING: uit die resultate blyk dat beide groepe tydens toetsing feitlik ewe oud was. Die gemiddelde ouderdom vir beide groepe was 17,8 jaar. Ook ten opsigte van ouderdom bestaan

daar dus geen beduidende verskil nie.

HUIDIGE VERBLYFSITUASIE: die resultate toon dat slegs twee lede van die beangste groep van privaatlosies gebruik maak. Die res van die twee groepe is almal in universiteitskoshuise woonagtig. Geen beduidende verskil kom dus voor nie.

SEKERHEID MET BETREKKING TOT GEKOSE STUDIERIGTING: uit die ver= skille tussen die proefpersone wat verklaar dat hulle "seker is maar hulp wil ontvang", word afgelei dat die beangste groep bedui= dend meer onseker is met betrekking tot hul gekose studierigting. Die resultate weerspieël dus die dilemma van die beangste groep om bevredigende keuses te kan maak wat sonder twyfel of ambivalente gevoelens nagevolg kan word. Verder manifesteer die resultate 'n kwesbaarheid ten opsigte van innerlike sekerheid - 'n aspek wat belangrike implikasies vir motivering tot en oorgawe aan studie mag inhou en dus ook op uiteindelike akademiese vordering invloed mag uitoefen.

HOOGSTE DOELWIT MET BETREKKING TOT STUDIE: die resultate toon dat die nie-beangste groep beduidend hoër doelwitte met betrekking tot studie stel. Die afleiding is dat die beangste groep as gevolg van hul hoë angspeil nie innerlik vry is om hulself optimaal in die moontlike realisering van hul potensiaal in te leef nie.

BEHOEFTE AAN BESPREKING VAN PERSOONLIKE PROBLEME: slegs 'n baie klein groepie proefpersone ervaar in die verband 'n behoefte aan 'n persoonlike gesprek. Ofskoon die groep oorwegend uit beangste proefpersone bestaan, is die verskil nie statisties-beduidend nie. Die afleiding is dat daar op overte vlak skynbaar nie 'n werklike behoefte om persoonlike probleme te bespreek by enige van die twee groepe bestaan nie. Soos die verdere resultate, asook die persoon= like gesprekke tydens die fase van individuele toetsing egter aan= getoon het, was die behoefte aan 'n bespreking van persoonlike pro= bleme op koverte vlak veel sterker.

SAMEVATTEND: ten opsigte van biografiese besonderhede is die twee groepe oorwegend ooreenstemmend. Slegs ten opsigte van drie ver= anderlikes is daar beduidende verskille. Hierdie aspekte dui in die rigting van groter innerlike vryheid en gepaardgaande poten= siaalrealisering by die nie-beangste groep.

## 4.2.2.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

Vir die doel van hierdie bespreking word slegs die veranderlikes ten opsigte waarvan die twee groepe betekenisvolle verskille toon, be= trek, naamlik:

- Lede van die nie-beangste groep figureer beduidend sterker as kapteine van sportspanne;
- lede van die beangste groep ervaar beduidend meer onsekerheid met betrekking tot gekose studierigting;
- lede van die nie-beangste groep se akademiese aspirasies is be= duidend hoër as die van die beangste groep.

### 4.2.2.2.1 LEDE VAN DIE NIE-BEANGSTE GROEP FIGUREER BEDUIDEND STER= KER AS KAPTEINE VAN SPORTSPANNE

Ondersoeker aanvaar dat hierdie bevinding waarskynlik by bestaande navorsingsresultate aansluiting vind. Spesifieke bevindinge in die verband is egter nie nagegaan nie. Slegs een stelling word gefor= muleer en vanuit ander bevindinge uit die huidige ondersoek gemoti= veer. Leierskap in die algemeen, en dus ook op sportgebied, veron= derstel 'n positiewe selfbeeld, voldoende selfvertroue en bevredi= gende interpersoonlike verhoudinge. Waar die beangste groep in die huidige ondersoek deurgaans as die meer kwesbare groep manifesteer (vergelyk 4.3.3), is dit derhalwe begryplik waarom hierdie groep ook in 'n mindere mate as leiers op sportgebied figureer.

4.2.2.2.2 DIE BEANGSTE GROEP ERVAAR BEDUIDEND MEER ONSEKERHEID MET BETREKKING TOT GEKOSE STUDIERIGTING

Op grond van hierdie bevinding kan die beangste groep as 'n akade= miese "twyfelgroep" getipeer word. In die verband vind die re= sultate onregstreekse aansluiting by die bevindinge van Claasen (1976). In haar ondersoek na onsekerheid by eerstejaarstudente oor die keuse van 'n studierigting, bevind sy onder andere die vol= gende: op die TAT is die groep gekenmerk deur "'n algemene neiging tot pessimisme, onderliggende passiwiteit, frustrasie, moedeloosheid en opstand ten opsigte van eise en 'n gevoel van onvermoë in die hantering van hierdie eise" (a.w., p. 85).

Ofskoon hoë angs nie eksplisiet ter sprake is nie, is dit duidelik dat bogenoemde twyfelgroep ook elemente van kwesbaarheid vertoon en dus minstens gedeeltelik met die beangste groep in verband gebring kan word. Verder is dit duidelik dat die onsekerheid oor die geko= se studierigting saamhang met die algemene ontwrigting wat deur angsbelewinge veroorsaak word. Uit die res van die bevindinge van die huidige ondersoek blyk immers dat die beangste groep beduidend laer tellings vir selfvertroue, eiewaarde en selfbeheer, en bedui= dend hoër tellings vir senuweeagtigheid ervaar (vergelyk 4.2.1.1.2.1). Onsekerheid oor die keuse van 'n studierigting kan dus 'n uitvloeisel wees van die algemene onsekerheidsbelewing wat die resultaat van hoë angspeile is.

4.2.2.2.3 DIE BEANGSTE GROEP SE AKADEMIESE ASPIRASIEPEIL IS BEDUI= DEND LAER AS DIÉ VAN DIE NIE-BEANGSTE GROEP

In die oorweging van hierdie bevinding is dit eerstens noodsaaklik om daarop te wys dat botsende bevindinge ten opsigte van die ver= band tussen angs en aspirasie as sodanig voorkom. Van der Walt (1974) haal byvoorbeeld die werk van die volgende outeurs aan wat elk bevind het dat persone wat tot hoër angspeile geneig is, 'n hoër as= pirasiepeil besit as persone met laer angspeile (Nuttin, Inglis en Ausubel, <u>in</u> Van der Walt, a.w., p. 36). In teenstelling met hierdie

bevindinge het Sinha (1972), Frankel (1972) en Hammes (1973), soos aangehaal deur Van der Walt (a.w., p. 36), weer bevind dat indivi= due met hoër angspeile laer aspirasiepeile handhaaf. Dit wil dus voorkom asof die resultate van die huidige studie by die werk van die voorgaande outeurs aansluiting vind.

Ondersoeker is van mening dat die redes vir die bevinding in ver= band met laer akademiese aspirasiepeil by die beangste groep soos volg gestel kan word: die beangste groep se angspeil is so hoog dat dit nie meer bevorderlik vir hoë aspirasie kan wees nie. Van der Walt skryf die volgende in die verband: "Navorsing toon dat die verhouding tussen angs en aspirasie die sogenaamde omgekeerde U-effek vertoon, waar persone met 'n gemiddelde angsvlak die beste prestasie lewer terwyl diegene wat geklassifiseer word as lae- en hoë-angspersone, swakker presteer as gevolg van te min of te veel opwekking (arousal)"(a.w., p. 71-72). Verdere steun vir die be= wering in verband met die aspirasieverswakkende invloed van hoë angs by die beangste groep is die feit dat ander resultate van die huidige studie ook aan remmende invloed, verwant aan hoë angs, ge= koppel kan word: vergelyk die reeds genoemde bevindinge ten opsigte van beduidende laer tellings vir selfvertroue, eiewaarde, selfbeheer, ensovoorts.

### 4.2.2.3 DIE BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Vanuit die konteks van die jeugtydperk beskou, skep die resultate oorwegend die indruk van 'n groep homogene jeugdiges. Met ander woorde, 'n groep waarin angs nie werklik 'n verdelende invloed uit= oefen nie. Daar is immers grootskaalse ooreenstemming in die re= sultate. Slegs in drie aspekte kom betekenisvolle verskille ten gunste van die nie-beangste groep na vore.

Uit ontwikkelingspsigologiese oogpunt kristalliseer daar egter be= langrike nuanseverskille tussen die beangste en nie-beangste groep in terme van die drie stelle betekenisvolle verskille uit. Hierdie

verskille kan soos volg geformuleer word:

- Meer beperkte bekleding van leierskapsposisies op sportgebied suggereer probleme op die vlak van liggaamlike en interpersoon=like uitlewing by die beangste groep.
- Sterker onsekerheid met betrekking tot gekose studierigting sug=gereer problematiese selfbelewing en vergestalting van 'n ba=siese ontwikkelingstaak van die jeugtydperk by die beangste groep.
- Beduidende laer akademiese aspirasievlak by die beangste groep suggereer 'n meer algemene remming ten opsigte van selfaktuali=sering.

Elke aspek word vervolgens bespreek.

#### 4.2.2.3.1 MEER BEPERKTE BEKLEDING VAN LEIERSKAPSPOSISIES OP SPORT=GEBIED SUGGEREER PROBLEME OP DIE VLAK VAN LIGGAAMLIKE EN INTERPERSOONLIKE UITLEWING BY DIE BEANGSTE GROEP

Die resultate toon nie dat die beangste groep beduidend minder in sport betrokke is nie (vergelyk 4.2.2.1.3). Prominente bekleding van leierskapsposisies by die nie-beangste groep suggereer egter doeltreffende funksionering as sportlui, dit wil sê sowel optimale betrokkenheid in die sportsoort as in die interpersoonlike konteks waarbinne die sport beoefen word. Om as potensiële spanleidster waargeneem te kon word, moes bogenoemde aspekte immers teenwoordig wees.

Funksionering op bogenoemde wyse suggereer verder dat die nie-beangs=te groep oorwegend suksesvol besig is om die volgende ontwikkelings=take, eie aan die jeugtydperk, te volvoer:

- individuasie teenoor vervreemding (dit wil sê ook liggaamlike ontwikkeling en selfaanvaarding en die aanwending van die lig=gaam in sportaktiwiteite) en
- verskuiwing van identikaliteit na interpersoonlike ontwikkeling (waardeur goeie interpersoonlike verhoudinge ook op die sport=

veld gehandhaaf kan word en leierskapseienskappe uitgestraal kan word)(vergelyk Keniston, soos aangehaal deur Gerdes en Van Ede, a.w., p. 283).

Teen hierdie agtergrond word beweer dat die beangste groep vanweë hulle hoë angspeil (ofskoon ander faktore ook hierin 'n rol kon speel) liggaamlik waarskynlik minder goeie spierkoördinasie ervaar, minder "tuis" is in hul liggame, dit wil sê meer geneig tot nega= tiewe liggaamsbeelde sal wees, en hulself derhalwe nie optimaal in sport of in die interpersoonlike konteks waarin dit beoefen word, kan uitleef nie. (Soos wat die ander resultate van die huidige on= dersoek duidelik aantoon, ervaar die beangste groep inderdaad be= duidend meer interpersoonlike probleme as die nie-beangste groep).

4.2.2.3.2 STERKER ONSEKERHEID MET BETREKKING TOT GEKOSE STUDIERIG= TING SUGGEREER PROBLEMATIESE SELFBELEWING EN VERGESTAL= TING VAN 'N BASIESE ONTWIKKELINGSTAAK VAN DIE JEUGTYDPERK

Die maak van 'n beroepskeuse, insluitende die keuse van 'n studie= rigting, word as 'n basiese ontwikkelingstaak van die jeugtydperk beskou (vergelyk Gerdes en Van Ede, a.w., p. 282). Die beduidende sterker mate van twyfel wat die beangste groep in dié verband er= vaar, kan dus vertolk word as moontlike aanduiding van 'n meer al= gemene, dieperliggende onsekerheid in die selfbelewing.

In die lig van hierdie onsekerheid asook die behoefte aan hulpver= lening met betrekking tot die keuse, kenskets die resultate die beangste groep as selftwyfelaars wat hulself tydens toetsing nie onvoorwaardelik met hul studiekeuses kon vereenselwig nie. Hierdie verskil tussen die beangste en nie-beangste groep onderstreep weer eens die moontlike invloed van angs as blokkerende faktor wat tot groter selftwyfel by die beangste groep aanleiding gee en dus ook die domein van sekerheid oor studierigting ondermyn. (Met betrek= king tot negatiewe selfbelewing is hierdie afleiding sterk onder= steun deur ander bevindinge van die huidige studie (vergelyk by= voorbeeld die resultate van die PHSF, spesifiek 4.2.1.1.2.1).

### 4.2.2.3.3 BEDUIDENDE LAER AKADEMIESE ASPIRASIEVLAK BY DIE BEANGSTE GROEP SUGGEREER 'N MEER ALGEMENE REMMING TEN OPSIGTE VAN SELFONTPLOOIING

Uitgaande van die aanname dat hoë angs tot onveiligheidsgevoelens aanleiding kan gee en dit weer tot selfbeskermende (verdedigende) tendense, lei ondersoeker af dat die beduidende laer akademiese as= pirasievlak 'n aanduiding bied van 'n meer algemene, dieperliggende vrees vir mislukking en 'n gepaardgaande vrees om te waag ('n vrees vir sukses is ook nie uitgesluit nie).

Waar die jeugtydperk juis die opgawe van lewensoogmerkomlyning (ver= gelyk Gerdes en Van Ede, a.w., p. 278) eis, word dit dus duidelik dat die beangste groep hul lewensoogmerke ten opsigte van akademiese prestasie nie te hoog wil stel nie. In die lig van gelyke intellek= tuele vermoëns (vergelyk 4.2.9.1) moet afgelei word dat die beangste groep 'n hoër aspirasievlak sou manifesteer, indien hul selfbele= wing meer positief (en hul angspeil laer) sou wees. (Ook dié aspek word uit ander toetsresultate bevestig (vergelyk byvoorbeeld 4.2.10.1.2.e).

OPSOMMEND:

In die oorwig van nie-beduidende verskille tussen die beangste en nie-beangste groep word oënskynlik die beeld van 'n relatief homo= gene groep jeugdige proefpersone geskep. Die enkele beduidende verskille suggereer egter onmiskenbare dieperliggende verskille tus= sen die groepe: verskille van so 'n omvang en intensiteit dat selfs 'n biografiese vraelys aanduidings daarvan bied.

### 4.2.3 DIE IPAT-ANGSSKAAL EN DIE REAKSIES OP ALLEDAAGSE SITUASIES (RAS)

Die resultate van hierdie twee angsskale word nie soos die ander re= sultate bespreek nie. Motivering: die verkreë data was slegs be= doel om beangste en nie-beangste proefpersone te identifiseer, so=

dat die verdere toetsing waardeur moontlike verskille tussen die twee groepe persone ondersoek kon word, 'n aanvang kon neem.

Dit is egter interessant dat die STAI-angsskaal ook tussen die beangste en nie-beangste groep onderskei vir sover dit trekangs betref, al is die vraelys nie spesifiek vir Suid-Afrikaanse omstan= dighede gestandaardiseer nie (vergelyk 4.2.5.1).

### 4.2.4 DIE BOOMTOETS

#### 4.2.4.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

Die resultate van hierdie "toets" vereis sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe vertolking. In die huidige bespreking word meer op die eersgenoemde aspek gekonsentreer. In die bespreking van die terapeutiese programme met die beangste en nie-beangste proefper= sone wat in Hoofstuk V gerapporteer word, word die kwalitatiewe as= pekte meer volledig geïntegreer (vergelyk 5.7.1.7.1).

Oorkoepelend kan verklaar word dat die Boomtoets beduidend tussen die beangste en nie-beangste groep onderskei. Die resultate en af= leidings is die volgende:

- Die twee groepe verskil nie beduidend ten opsigte van die afwe= sigheid van 'n basislyn en 'n wortelsisteem nie. Afleidings: beide groepe ervaar onsekerheidsbelewinge. Hierdie belewinge is nie as sodanig uniek nie - die proefpersone verkeer immers in 'n nuwe ontwikkelingsfase en 'n mate van onsekerheid is be= gryplik.
- Die tekeninge van die beangste groep vertoon 'n beduidend ster= ker tendens of inklinasie na links. In terme van die teoretiese veronderstelling van die toets impliseer die resultate dat die sfeer van die verlede, die moederprinsiep en -affek moontlik 'n prominente posisie in die belewingswêreld van die beangste groep beklee. Verdere implikasies: te groot gebondenheid aan die verlede, moontlik ten koste van 'n gebalanseerde ontvanklikheid

vir die toekoms (soos deur die regterkant van die tekening ge= simboliseer), die manlike, en die sfeer van verhoudinge met manspersone (vergelyk 2.3.5.5.b.).

- Ten opsigte van skaduering en bas op die stam toon die tekeninge van die beangste groep 'n beduidende hoër frekwensie. Die af= leiding is dat 'n verdedigende instelling sterker by die beangste groep aanwesig is. Omdat die proefpersone bedreig voel en hul= self daarteen probeer beskerm, manifesteer hul boomtekeninge ook sterker blyke van beskermingstendense.

- Die tekeninge van die beangste groep vertoon 'n beduidend hoër voorkoms van gebroke en naasliggende lyne. Die afleiding in ter= me van die teoretiese konnotasies wat hieraan geheg kan word, is dat die beangste groep beduidend meer senuweeagtig is en moontlik ook probleme met selfuitdrukking ervaar. Ook hierdie resultate bevestig en konkretiseer die dilemma waarin die beangs= te groep verkeer.

- Ten opsigte van die voorkoms van merke, gate en gebroke takke is daar nie 'n beduidende verskil tussen die groepe nie. Die aflei= ding is dat die groepe nie merkbaar verskil ten opsigte van trau= matiese gebeure soos siektes, sterftes van belangrike figure of ander skokervaringe nie.

Ondersoeker beklemtoon egter dat die nasienmetode waarvan die boge= noemde resultate die produk is, nie vir subtiele veranderlikes bin= ne die vyf nasienkategorieë voorsiening maak nie. 'n Twee- of drie= puntskaal sou waarskynlik doeltreffender gebruik kon word vir 'n evaluering van hierdie aard. Die betekenisvolheid van die resultate mag dus deur die nasienprosedure beperk word. Desnieteenstaande im= pliseer die resultate egter interessante verbande met ander bevin= dinge van die huidige studie, soos uit die volgende bespreking sal blyk.

4.2.4.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE=VINDINGE

Die resultate van die Boomtoets kan nie in verband gebring word met ander verwante ondersoeke met boomtekeninge nie, aangesien sulke data nie beskikbaar is nie (en moontlik nie bestaan nie). Derhalwe word die resultate bespreek met verwysing na die ander bevindinge in die huidige ondersoek.

DIE AFWESIGHEID VAN 'N BASISLYN EN 'N WORTELSISTEEM

Die nie-beduidende verskille ten opsigte van genoemde aspekte wat impliseer dat die groepe nie verskil ten opsigte van die belewing van onsekerheidsgevoelens nie, sluit nie spesifiek by enige ander bevindinge aan nie.

TENDENS OF INKLINASIE NA LINKS

Die vertolking van hierdie aspek in terme van 'n te groot gebon=denheid aan die verlede, sluit nie regstreeks by enige bevinding aan nie. Onregstreeks is aansluitingspunte egter te bespeur met betrekking tot die huislike verhoudinge-subskaal van die PHSF, waar=uit blyk dat die beangste groep beduidend sterker gevoelens van in=geperktheid jeens hul ouers ervaar (vergelyk 4.2.2.1.2.2).

In terme van die sosiale verhoudingesubskaal blyk eweneens dat die beangste groep 'n sterker introversiewe geneigdheid openbaar, wat ook hul behoefte om sosiaal te verkeer, kan benadeel (vergelyk 4.2.2.1.3). Ook op die selfaktualiseringskaal is bevind dat die beangste groep 'n beduidend minder gunstige interpersoonlike waar=neming ervaar as die nie-beangste groep (vergelyk 4.2.10.1.2.g).

SKADUERING EN BAS OP DIE STAM

Die afleiding dat die beangste groep 'n beduidend sterker behoefte aan verdedigende gedrag ervaar weens hoë angspeile,impliseer 'n on=regstreekse verband met die tellings op die Sinvolheidskaal. Die skaal korreleer naamlik positief met die K-skaal van die MMPI wat

'n geldigheidskaal is (Crumbaugh en Maholick, 1969). Relatief hoë tellings op die PIL sou dus blyke van 'n gesonde funksionering van verdedigingsmeganismes aandui. Die beangste groep se beduidende laer tellings op die PIL suggereer dus dat die groep psigies kwes= baar is as gevolg van gebrekkige verdedigings. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie groep se innerlike kwesbaarheid in die Boomtoets gekonkretiseer word in terme van 'n sterker blyke van 'n behoefte aan selfbeskerming - vandaar die meer prominente aandui= ding van bas en skaduering. Die ekstra poging tot selfbeskerming skerp dus die dilemma van ondoeltreffende bestaande verdediging in.

GEBROKE EN NAASLIGGENDE LYNE

Die afleidings ten opsigte van bogenoemde resultaat, naamlik meer senuweeagtigheid, groter probleme in verband met selfuitdrukking en sterker belewinge van blootgesteldheid by die beangste groep, korreleer met bevindinge op die PHSF, naamlik die beduidende laer tellings ten opsigte van persoonlike verhoudinge. Vergelyk byvoor= beeld die tellings ten opsigte van selfbeheer, selfvertroue, senu= weeagtigheid en eiewaarde (4.2.2.1.2.1).

MERKE, GATE EN GEBROKE TAKKE

Die nie-beduidende verskille tiperend van ooreenstemmende belewing ten opsigte van traumatiese gebeure soos ongelukke, siektes of die dood van betekenisvolle persone in die lewens van die proefpersone, mag verband hou met aspekte van die biografiese vraelys, naamlik:

- Nie-beduidende verskille ten opsigte van die sterftesyfer onder ouers (vergelyk 4.2.1.1.1).
- Die feit dat verskille tussen die groepe ten opsigte van die per= sone wat die opvoeding in die klein kinderjare behartig het, nie beduidend is nie (vergelyk 4.2.1.1.1).

In belangrike opsigte is die groepe dus relatief homogeen - soos ook deur bogenoemde bevindinge aangedui word.

4.2.4.3 BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUG=TYDPERK

Twee aspekte kan in hierdie verband onderskei word, naamlik:

- Die resultate dui gemeenskaplike belewinge, naamlik onsekerheids=gevoelens aan.
- Die resultate kenskets die beangste groep as die meer kwesbare groep.

4.2.4.3.1 DIE RESULTATE DUI GEMEENSKAPLIKE BELEWINGE, NAAMLIK ONSE=KERHEIDSGEVOELENS, AAN

Die eise van 'n nuwe ontwikkelingsfase, naamlik die jeugtydperk, wat so pas deur die proefpersone betree is (kragtens hul toetrede tot die universiteit), impliseer noodwendig nuwe onsekerhede - 'n faktor wat weerspieël word in nie-beduidende verskille ten opsigte van die afwesigheid van 'n basislyn en 'n wortelsisteem. Die ves=tiging van 'n eie identiteit as een van die sentrale ontwikkelings=take van die jeugtydperk eis veranderinge en die afstand doen van sekuriteitgewende wyses van optrede, wat noodwendig gevoelens van onsekerheid sal meebring. Die resultate bevestig dit dus dat die groepe in sommige opsigte gemeenskaplike ervarings het, hul uiteen=lopende angspeile ten spyt.

4.2.4.3.2 DIE RESULTATE TIPEER DIE BEANGSTE GROEP AS DIE MEER KWES=BARE GROEP

Ten opsigte van innerlike belewinge is daar beduidende verskille tussen die groepe. Die beangste groep is beduidend sterker aan ge=voelens van blootgesteldheid, senuweeagtigheid en probleme met self=uitdrukking uitgelewer. Die invloed van angs is onmiskenbaar in die verband merkbaar. Ontwikkelingspsigologies kan geredeneer word dat hierdie stel belewinge 'n aanduiding van onopgeloste probleme van 'n vroeëre leeftydsfase mag wees. Belangrike aspekte soos onopgeloste

afhanklikheidsgevoelens ten opsigte van ouerfigure mag in die ver= band ter sprake wees. Dit is duidelik dat die beangste groep in die omstandighede 'n beduidend sterker behoefte aan selfbeskermen= de gedrag sal openbaar, vandaar die hoër voorkoms van selfbesker= mende maatreëls.

Implikasies van bogenoemde in terme van die ontwikkelingstake van die jeugtydperk is onder meer:

- Die moontlikheid dat die take nie optimaal verwerklik word nie, weens die drang na selfhandhawing en sekuriteitsbelewing, wat natuurlike ontwikkelingsprosesse mag strem solank die angspeil so hoog bly.
- Spesifieke ontwikkelingstake wat moontlik hierdeur geraak mag word, is byvoorbeeld identiteitsvorming, asook die omskrywing van basiese lewenswaardes (vergelyk Gerdes en Van Ede, 1981, p. 278).

SAMEVATTEND: Die Boomtoets dien dus 'n belangrike aanvullende rol ten opsigte van die ander meetinstrumente wat op spesifieke aspekte ingestel is. Selfs al verteenwoordig dit 'n globale "meting" van persoonlikheidsaspekte dui die resultate belangrike verskille tus= sen die groepe aan.

### 4.2.5 DIE STAI-ANGSSKAAL

#### 4.2.5.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

Die volgende resultate is behaal:

- Gesteldheidsangs: dit blyk dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die tellings van die beangste en nie-beangste groep is nie (rekenkundige gemiddeld : 49,68 en 50,23 onderskeidelik). Die tellings van die nie-beangste groep is dus effens hoër.
- Trekangs: die twee groepe verskil beduidend. Die gemiddelde telling van die beangste groep is 54,58 en dié van die nie-be=

angste groep 46,28.

Die volgende afleidings word uit die resultate gemaak:

- Die mate van ooreenstemming in die gesteldheidsangstellings van die twee groepe is nie verrassend nie. Die individuele toet=sing was veronderstel om nie bedreigend te wees nie. Relatief lae tellings op die gesteldheidsangsskaal is dus nie strydig met verwagtinge nie.
- Dit is egter interessant dat die tellings van die nie-beangste groep effens hoër as dié van die beangste groep was. Moontlik was die toetssituasie meer ongewoon vir die lede van die nie-beangste groep. Slegs een lid van hierdie groep het immers 'n formele onderhoud met 'n psigiater gevoer, terwyl meer as een lid van die beangste groep tydens hul hoërskoolloopbaan 'n psi=goloog besoek het. Ook kan die relatief lae gesteldheidsangs=telling van die beangste groep moontlik toegeskryf word aan die feit dat die groep persone vanweë hul introverte instelling (vergelyk 4.2.2.1.2.3) en gepaardgaande behoefte aan aandag en begrip meer geneë was tot 'n ontmoeting van dié aard (die situa=sie tydens individuele toetsing).
- Die betekenisvolle verskille ten opsigte van trekangs bevestig egter die reeds verkreë resultate op die IPAT-angsskaal en die RAS (vergelyk 3.2.3.2). Die resultate ten opsigte van trekangs bevestig dus dat die STAI-angsskaal inderdaad 'n bruikbare meet=middel vir die differensiasie van beangste en nie-beangste proef=persone is. Dit het die verdere voordeel bo angsskale soos die IPAT dat dit dieselfde doel bereik met die helfte soveel items (20 teenoor die 40 van die IPAT). As navorsingsinstrument hou die vraelys dus, selfs onder Suid-Afrikaanse omstandighede, be=sondere belofte in.

4.2.5.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN RELEVANTE BE= VINDINGE

Waar die huidige bevindinge ten opsigte van trekangs statisties-beduidend onderskei tussen 'n groep met sterker blyke van geestes= gesondheid (die nie-beangste groep) en 'n groep wat beduidende bly= ke van patologie manifesteer (die beangste groep), vind die resul= tate by talle ander studies aansluiting.

Ter illustrasie word slegs enkele voorbeelde genoem:

- Manuck, Hinrichsen en Ross (1975) bevind dat hoë vlakke van span= ningsdruk, gekenmerk deur ernstige teleurstellings, mislukkings en identiteits- of rolkrisisse, met hoër trekangsvlakke verband hou (a.w., p. 313,314).
- Archer (1979) gee 'n oorsig oor studies ten opsigte van die ver= band tussen angs en interne/eksterne lokus van beheer. In 18 van die 21 studies wat vermeld word, is 'n beduidende verband tus= sen hoë trekangs en 'n neiging tot 'n eksterne lokus van beheer gevind;
- Thyer en Papsdorf (1981) bevind in 'n studie van die verband tus= sen irrasionele opvattinge en psigopatologie dat proefpersone met hoër angsvlakke (beide trek- en gesteldheidsangs) ook meer tot depressie, groter vlakke van irrasionaliteit en 'n sterker ek= sterne lokus van beheer geneig is.

Die resultate van die huidige ondersoek sluit veral sterk by boge= noemde studie aan. Die beangste groep is immers ook beduidend meer depressief as die nie-beangste groep (vergelyk 4.2.6.1). Verder toon die beangste groep ook 'n laer vlak van innerlike ondersteu= ning op die Selfaktualiseringskaal (vergelyk 4.2.10). Laasgenoemde aspek hou weer verband met die begrippe interne/eksterne lokus van beheer, aldus Warehime en Foulds (1971).

### 4.2.5.3 DIE BETEKENIS VAN DIE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Drie moontlike betekenisse kan in die verband aan die bevindinge gekoppel word, naamlik:

- hoë angs as uitvloeisel van onopgeloste ouer-kind-verhoudings=probleme,
- hoë angs as uitvloeisel van verdediging teen psigiese groei en verruiming; en
- hoë angs as aanduiding van potensiaal vir terapie.

Elk van hierdie aspekte word kortliks bespreek.

#### 4.2.5.3.1 HOë ANGS AS UITVLOEISEL VAN ONOPGELOSTE OUER-KIND-VER=HOUDINGSPROBLEME

Een van die mees relevante ontwikkelingstake van adolessensie en die jeugtydperk is die oplossing van die afhanklikheidsband met die ouers en die verwerwing van 'n eie selfstandigheid. Hierdie proses impliseer die loslating van ouerlike sekuriteit en die ge=leidelike ontdekking en integrasie van die eie waardes en oortui=ginge.

Die blootstelling aan mislukking, onsekerheid en frustrasie wat eie is aan hierdie proses hou noodwendig bedreiging in wat as angs er=vaar mag word. In die verband praat Madison (1969, p. 63) dan ook van die begrip "ontwikkelingsangs". 'n Mate van angs is dus 'n relatief "normale" komponent van die reaksie op die eise en bedrei=gings van die leeftydsfase. Dat die beangste groep egter met sulke hoë angspeile op die situasie reageer, dui moontlik op onopgeloste aspekte in die verhouding met hul ouers. In die verband is die kwessie van skeidingsangs reeds bespreek (vergelyk 1.7.1.2.3) en is ook gewys op die invloed wat reeds op prenatale vlak van die moeder kan uitgaan (vergelyk 1.7.4.1.1).

In dië verband het Adams en Sarason (1963) 'n studie uitgevoer waarin die verwantskap tussen angs in kinders en hul ouers onder= soek is. Die outeurs kom tot die gevolgtrekking: "The most stri= king aspects of the correlation findings were the consistent, posi= tive, significant r's between the anxiety scale scores of girls and their mothers" (a.w., p. 242). Daar word toegegee dat die re= sultate nie 'n eenvoudige, algemene verband tussen die tellings van ouers en kinders impliseer nie. Die verband tussen die angs= vlakke van seuns en moeder, asook seuns en vader, was byvoorbeeld baie swakker, en geen verband is tussen die angsvlakke van dogters en hul vaders gevind nie.

Uit bogenoemde studie word onder andere die volgende afgelei:

- angsresponse mag in die huis aangeleer word (ofskoon die verkreë resultate nie noodwendig 'n kousale verband aandui nie);
- moeders speel 'n invloedryker rol in die lewe van hul dogters as vaders.

Die hoë angsvlakke van die beangste groep eerstejaardamestudente mag dus met hoë angs by hul moeders verband hou. Omdat angs iso= leer en blokkeer, mag dit dus wees dat hierdie persone nie optimaal daarin kon slaag om selfstandigheid ten opsigte van hul moeders te bereik nie. Verder mag dit dus wees dat die handhawing van hoë angspeile in die jeugtydperk 'n aanduiding bied dat die beangste groep - moontlik in navolging van beangste moeders - 'n angsbestaan voer, omdat dit 'n wyse van strukturering van hul alledaagse bestaan impliseer wat ook 'n mate van sekuriteit bied - al bring dit ook groot ontwrigting en lewensbeperking mee. Uit die denkraamwerk van die interaksionele benadering kan hoë angsbelewing immers ook neer= kom op 'n wyse van interaksie wat beheer oor interpersoonlike ver= houdinge verseker.

Aansluitingsmoontlikhede by bogenoemde betoog is ook geleë in die bewering van Coons (1970, p. 541) in verband met die konkretisering van rypingsprosesse: " ... while the roots of adult personality are

fixed in the soil of childhood, it is during adolescence that the final solutions of the maturational stages of psychological deve= lopment are gradually concretized, whether they are successful or not".

In 'n neutedop saamgevat, mag dit dus wees dat hoë angs by dames, tydens die jeugtydperk, 'n aanduiding van moontlike ontwikkelings= probleme, insluitende ouer-kind-verhoudingsprobleme kan gee. As= pekte soos voorwaardelike positiewe agting, subtiele verwerping, ensovoorts, kon in die proses 'n belangrike invloed op hoë angs= peile uitoefen. Dit mag egter ook wees dat die talle nuwe persoon= likheidsontwikkelingsmoontlikhede wat deel van die universiteits= lewe uitmaak, 'n verlaging van angs mag meebring indien die proef= persone hulself daarvoor sou oopstel.

4.2.5.3.2 HOë ANGS AS AANDUIDING VAN VERDEDIGING TEEN PSIGIESE GROEI EN PERSOONLIKHEIDSVERRUIMING

'n Tweede, verbandhoudende betekenis van hoë angsbelewinge tydens die jeugtydperk is moontlik dat dit 'n aanduiding bied van weer= stand teen groei. In terme van die reeds bespreekte ontwikkelings= take van die adolessente tyd en jeugtyd, lê die avontuur van hier= die fases in die sfeer van selfstandigwording, verhoudingsvorming, die soeke na 'n eie identiteit en die ontplooiing van die vermoë tot intimiteit (vergelyk byvoorbeeld Eriksen, 1959).

Alle persoonlikheidsgroei noodsaak egter 'n uitstyging bo die vlak van bestaande sekuriteitsbelewinge (verhoudinge en lewenswyses). Weens hul hoë angspeil skyn die beangste groep egter nie kans te sien vir sulke losmakingsprosesse nie. Dit kan as 'n verdedigings= proses vertolk word, wat in psigoanalitiese terme op 'n oormatige gebruik van meganismes soos rasionalisasie, projeksie en selfs re= gressie neerkom. Angsbelewinge word dus substitute vir die impul= se na groei en verruiming. Oor hierdie aspek laat Jourard hom soos volg uit:

"Clinical experience with neurotic persons shows that such anxiety arises when life engenders feelings and impulses which the neu= rotic person dares not acknowledge" (1974, p. 190).

Enkele voorbeelde van sulke verdedigende gedrag wat tydens die in= dividuele toetsing en gepaardgaande gesprekke aan die lig gekom het, sluit die volgende in:

- 'n Neurotiese "vashou" aan die beeld van 'n vader wat reeds twee jaar gelede oorlede is; in der waarheid 'n ontkenning van sy dood, omdat die persoon geensins 'n kognitiewe selfstelling dat haar vader inderdaad oorlede is en dus onherroeplik verdwyn het, kon vorm nie; en gepaard hiermee 'n probleem van depressi= witeit en ander onrealistiese substitusietendense wat binne agt maande tot studiestaking gelei het.

- Idealisering van 'n vorige verhouding wat slegs droefheid tot gevolg gehad het en ander potensieel betekenisvolle verhoudinge verskraal het, as gevolg van weiering om die verlore geliefde emosioneel vry te laat.

- 'n Houding van "weg van mense" te leef (vergelyk Horney, 1957) wat in die koshuissituasie aan die universiteit ernstige span= ninge laat ontstaan het, omdat die persoon ontdek het dat sy nie oor die basiese kommunikasievaardighede beskik het om maats te kon maak en toegeneentheid teenoor vreemdelinge te kommunikeer nie.

- Oormatige afhanklikheid van ouers wat met onderdrukte vyandig= heid gepaard gegaan het, maar voortdurend agter 'n masker van vriendelikheid, inskiklikheid en konformiteit verberg moes word.

4.2.5.3.3 HOë ANGSPEILE AS AANDUIDING VAN POTENSIAAL VIR TERAPIE

Die hoë angsvlak van die beangste groep weerspieël nie slegs hul lewensdilemma nie. Dit bied ook 'n aanduiding van hul potensiaal tot verandering. Die belangrikste rede hiervoor is dat die beangste

groep vanweë hul jeugdigheid nog geen rigied vasgelegde verdedi= gingspatrone het nie (Blaine, 1971, p. 380). 'n Ander gunstige aspek is die beduidende hoër tellings op die SONG (vergelyk 4.2.8.1). Teen hierdie agtergrond kan hoë angspeile dus as prikkel tot per= soonlikheidsgroei vertolk word.

SAMEVATTEND: Die hoë trekangstellings van die beangste groep mag 'n aanduiding wees van onopgeloste ontwikkelingsprobleme tussen die proefpersone en hul moeders. Verder mag hoë angs blyke gee van 'n weerstand teen persoonlikheidsgroei, dog terselfdertyd kan dit as aanduiding van potensiaal vertolk word, mits die nodige at= mosfeer van aanvaarding en begrip in 'n terapeutiese proses geskep kan word, ten einde 'n konstruktiewe selfeksplorasieproses moontlik te maak.

### 4.2.6 DIE VERKORTE BECK-DEPRESSIESKAAL

#### 4.2.6.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

Die resultate toon dat daar 'n beduidende verskil tussen die tel= lings van die beangste en nie-beangste groep is (onderskeidelik 8,0 en 2,5).

AFLEIDINGS UIT DIE RESULTATE:

- Met 'n gemiddelde telling van 8,0 kan die beangste groep as "matig depressief" getipeer word (vergelyk Beck en Beamesderfer, 1974, p, 165). Die resultate bevestig die bruikbaarheid van die verkorte Beck-skaal met sy 13 items, teenoor die oorspronklike skaal met 21 items.
- Omdat die vraelys 'n aanduiding van matige depressie by die beangste groep, teenoor die relatiewe afwesigheid van depressie by die nie-beangste groep, weerspieël, word afgelei dat dit ook onder Suid-Afrikaanse omstandighede bruikbaar is, ten spyte van Amerikaanse norms.

### 4.2.6.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

In hierdie afdeling word op twee aspekte gewys, naamlik dat die re= sultate:

- aansluit by bevindinge ten opsigte van die verband tussen hoë angs en depressiwiteit;
- aansluit by studies met studentepopulasies.

#### 4.2.6.2.1 AANSLUITING BY STUDIES TEN OPSIGTE VAN DIE VERBAND TUS= SEN HOë ANGS EN DEPRESSIWITEIT

Die resultate van die huidige ondersoek sluit aan by die algemene tendens ten opsigte van studies oor die angs-depressiwiteit-ver= band. Vergelyk byvoorbeeld die bevindinge van Epstein (1976), Klerman (1977), Meites, Lovallo en Pishkin (1980), asook Costello (1976) (1.5.2.2), wat almal aandui dat die teenwoordigheid van hoë angspeile met 'n mate van depressiwiteit gepaard gaan.

#### 4.2.6.2.2 AANSLUITING BY STUDIES MET STUDENTEPOPULASIES

Uitgaande van Seligmann (1973, p. 44) se bewering dat depressie 'n besonder algemene studenteprobleem is en dat dit steeds toeneem, sou mens verwag dat die huidige bevindinge by vele vergelykbare studies aansluiting sou vind. Die paradoks is egter dat daar baie min gegewens oor die voorkoms van depressie onder studentepopulasies bekend is. Bumberry, Oliver en McClure (1978, p. 150) stel dit so: "Very little information is available concerning the prevalence of depression in college populations".

Soos reeds gestel (2.3.7.2), is die Beck-depressieskaal oorspronklik vir psigiatriese evalueringsdoeleindes opgestel en byna uitsluitlik in daardie sfeer aangewend. Oliver, Corghan en Katz (in Bumberry e.a., a.w., p. 150) het egter met behulp van die Beck-skaal vasge= stel dat 23% studente (eerste- en tweedejaars van beide geslagte) uit vier universiteite 'n ligte vorm van depressie gemanifesteer het.

Die resultate van die huidige ondersoek sluit dus by hierdie studie aan. Dat die huidige ondersoekgroep (die beangste groep) 'n matige depressie, dit wil sê 'n meer ernstige vorm daarvan, as die groep in die bogenoemde studie vertoon, is waarskynlik die gevolg van hul hoë angspeil. Laasgenoemde faktor is nie spesifiek in die Ameri= kaanse studie van Oliver e.a. gekontroleer nie.

Laastens word genoem dat die resultate van die huidige ondersoek ook by die bevindinge van Bumberry e.a. (1978) aansluit. Hierdie outeurs het die bruikbaarheid van die Beck-skaal ten opsigte van studentepo= pulasies ondersoek en bevind dat dit inderdaad 'n geldige instru= ment vir die evaluering van depressiwiteit onder studentepopulasies is, ofskoon dit oorspronklik vir gebruik met psigiatriese populasies opgestel is (a.w., p. 153).

#### 4.2.6.3 DIE BETEKENIS VAN DIE HUIDIGE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Vier moontlike betekenisse kan aan die bevindinge gekoppel word, naamlik:

- depressie as kortstondige aanpassingsreaksie ten opsigte van die universiteitsituasie;
- depressie as reaksie op verlies;
- depressie as aanduider van moontlike studiestaking, en
- depressie as moontlike aanduider van selfmoordpotensiaal.

Elk word kortliks bespreek.

##### 4.2.6.3.1 MATIGE DEPRESSIWITEIT AS KORTSTONDIGE AANPASSINGSREAKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE UNIVERSITEITSITUASIE

Die betekenis van depressie gedurende die studentejare hang saam met die spesifieke ontwikkelingstake van die jeugtydperk. Een van die sentrale ontwikkelingstake op eerstejaarsvlak is die losmakingspro= ses ten opsigte van die ouers. Hierdie aspek baan die weg na die

vind van 'n eie identiteit, maar bring ook verlies mee. Die skyn=bare verlies van die sekuriteit wat geassosieer word met die kontak met ouers, broers en susters kan dus tot ligte grade van depressiwi=teit aanleiding gee. Duke en Novicki (1979, p. 516) laat hulself soos volg hieroor uit: "... the student usually has left home, parents, good friends, and familiar surroundings to take up resi=dence in an often cold, sometimes old, frequently bare-walled dor=mitory from which he or she is daily to make forays into the un=known and potentially unfeeling and hostile world of college".

Die gevolge van bogenoemde sluit in: intense verlangereaksies, angs, rusteloosheid, onttrekking of vaskloureaksies, asook depres=sie. Spesifiek met verwysing na die probleme van eerstejaardame=studente in hierdie verband, benadruk Coons (1970, p. 535) die vol=gende aspek: "In our experience, freshmen girls have a much more difficult time leaving home and establishing autonomy than do fresh=men boys".

Vanuit hul eie neurotiese tendense (byvoorbeeld skeidingsangs) kan ouers onbewus hierdie konflik vererger, byvoorbeeld deur 'n kind wat nie werklik vir universiteitstudie gemotiveer is nie tot univer=siteitstudie te manipuleer. Hoewel die student op akademiese ge=bied skynbaar redelik mag vorder, kan depressiwiteit steeds voorkom, omdat dit verlies van selfagting kan meebring indien die persoon nie inherent die sin van die studie kan insien nie en bloot uit konfor=meringsmotiewe probeer voortgaan. Die eindresultaat van so 'n pro=ses kan volgens Coons selfs 'n selfmoordpoging insluit.

4.2.6.3.2 GENEIGDHEID TOT DEPRESSIWITEIT AS REAKSIE OP VERLIES

Vanuit die ontwikkelingstaak ten opsigte van die vind van 'n eie seksuele identiteit, sowel as die ontwikkeling van 'n vermoë tot ware intimiteit, kan ook verskeie aanleidende oorsake vir depres=sie spruit. Verhoudingsvorming, wat so 'n sentrale deel van die student se lewe op universiteit, selfs van sy of haar status en prestige beliggaam, bring onvermydelik skeiding, teleurstelling en

verlies mee - wat, indien dit nie in 'n atmosfeer van aanvaarding, warmte en begrip gedeel kan word nie, tot depressie kan intensifi= seer.

Binger (1971, p. 310) tipeer hierdie depressiebelewinge soos volg: "The significant fact is the lowered self-esteem and the diminution in zest, energy, and capacity to function in a creative way. The depression seems to be a kind of declaration of dependence, of helplessness, and a muted cry for help as well. And it occurs at some time and in varying intensity in practically every girl during her career at college". Die ontdekking van 'n werklike verlies of die dreigende moontlikheid daarvan, kan die waarskynlikheid van 'n depressiewe reaksie selfs vergroot, aldus Speers (1962, p. 436).

Indien die geneigdheid tot depressiwiteit dus konstruktief verwerk word, is dit duidelik dat die reaksie wel, soos uiteengesit deur Costello (1.5.2.3) 'n adaptiewe invloed kan uitoefen, in die sin dat dit as sinjaal vir verandering en die voorbereiding wat daar= mee gepaard moet gaan, kan dien.

#### 4.2.6.3.3 GENEIGDHEID TOT DEPRESSIWITEIT AS AANDUIDER VAN MOONTLIKE STUDIESTAKING

Spesifieke navorsingsbevindinge in dié verband kon nie opgespoor word nie. Uit die empiriese studie het egter geblyk dat twee proef= persone hul studies gestaak het omdat hulle 'n bepaalde moedeloos= heidsgrens (moontlik 'n bepaalde vlak van depressiwiteit?) oorge= steek het. Een proefpersoon het ernstige finansiële én huislike probleme ervaar en besef dat sy liewer die res van die jaar wou gaan werk ten einde haar finansies weer op te bou voordat sy haar studies hervat. Sy is later vir 'n kort tydjie in die plaaslike neurokli= niek behandel.

Die ander proefpersoon, wie se vader twee jaar tevore oorlede is, was progressief meer ontmoedig as gevolg van akademiese mislukking wat waarskynlik deels die gevolg was van 'n verkeerde studierigting (in=

genieurswese). 'n Meer betekenisvolle aspek was egter haar ver= houding met haar enigste suster se vriend. Aanvanklik was hy vir haar 'n vadersubstituut. Progressief het hy egter ook 'n liefdes= objek geword. Depressie, huilbuie en 'n algehele uitsigloosheid het die laaste gesprekke met hierdie proefpersoon gekenmerk.

4.2.6.3.4 GENEIGDHEID TOT DEPRESSIWITEIT AS MOONTLIKE AANDUIDER VAN SELFMOORDPOTENSIAAL

Die literatuur in verband met selfmoord by jeugdiges tussen die ou= derdomme van 17-24 jaar toon 'n tendens tot toename in hierdie ou= derdomsgroep, aldus Petzel en Cline, soos aangehaal deur Tulipan (1981, p. 28). Met spesifieke verwysing na studentepopulasies merk Duke en Novicki (1979, p. 510) verder op dat selfmoord, naas onge= lukke, die tweede grootste oorsaak van sterftes onder studente in die V.S.A. is.

Teen hierdie agtergrond kan 'n geneigdheid tot depressiwiteit soos dit by die beangste groep tot uiting kom, nie sonder meer as onbe= langrik en moontlik van verbygaande aard afgemaak word nie. Omdat die matige depressie in die teenwoordigheid van relatief hoë angs= peile voorkom, verg dit versigtige vertolking.

Die teenwoordigheid van 'n matige depressie openbaar 'n ander fa= set van die kwesbaarheid van die beangste groep, wanneer hulle met normale probleemsituasies soos verhoudingsprobleme, studieprobleme en keusespanninge wat deur die universiteitsituasie meegebring mag word, gekonfronteer word. Hierdie probleemsituasies impliseer ook almal mislukkingsmoontlikhede wat as gevolg van hoë angs mag ver= groot, met verdere moontlikhede van selfbeeldverlaging, studiesta= king en ander vorme van lewensmislukking. Die waarskynlikheid van selfmoord of pogings daartoe, skyn relatief laag te wees in die lig van 'n <u>matige</u> depressiebelewing. Die spreiding van tellings vanaf 1 tot 26 verhoog egter die moontlikheid van selfmoordpogings in in= dividuele gevalle.

Inderdaad het twee uit die veertig beangste proefpersone binne en=kele maande na toelating tot die universiteit selfmoordpogings aan=gewend. In een geval het dit tot hospitalisasie in die algemene hospitaal gelei, waarna die proefpersoon haar studies gestaak het. In die ander geval is die proefpersoon in die plaaslike neurokliniek opgeneem. Na 'n kort hospitalisasietydperk en psigiatriese behan=deling het sy haar studies voortgesit.

OPSOMMEND: die beangste groep manifesteer 'n matige depressie. Ge=sien teen die agtergrond van hul hoë angstellings en algemene kwes=baarheid op 'n lewensfase met talle bronne van onsekerheid en moont=likhede tot verlies, en dus die moontlikheid tot verdieping van ver=lies na depressiebelewinge, verg hierdie bevindinge 'n versigtige vertolking. Die moontlikheid van selfmoordpogings by proefpersone met hoë depressietellings kan immers nie uitgesluit word nie. Laas=tens onderstreep die resultate dat vroeë identifikasie van hierdie kwesbare groep studente essensieel is vir tydige intervensie en voorkoming van nog ernstiger probleme.

### 4.2.7 DIE SINVOLHEIDSTOETS (PIL)

#### 4.2.7.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

Die resultate toon dat daar 'n beduidende verskil in die tellings van die groepe bestaan. Die rekenkundige gemiddeld vir die beangste groep is 107,24 en 121,82 vir die nie-beangste groep.

Die volgende afleidings word gemaak:

- Die nie-beangste groep ervaar geen twyfel oor die sinvolheid van hul bestaan nie; die resultate toon geen sprake van 'n eksisten=siële vakuum nie.
- Die beangste groep val egter volgens die Amerikaanse norms vir die vraelys in die kategorie "twyfel" oor die sinvolheid van die lewe. Die resultate impliseer dus dat die beangste groep wel 'n mate van eksistensiële vakuum ervaar.

- Ten spyte van die Amerikaanse norms is die vraelys dus ook on= der Suid-Afrikaanse omstandighede bruikbaar.

4.2.7.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

In hierdie afdeling word op die volgende aansluitingsmoontlikhede tussen die resultate van die huidige ondersoek en bestaande navor= sing met behulp van die PIL gewys:

- Aansluiting by korrelasiestudies tussen sinvolheidsbelewing, neurotisisme en ekstraversie
- Aansluiting by bevindinge ten opsigte van sinvolheidsbelewing, angs en lokus van beheer
- Aansluiting ten opsigte van bevindinge oor die negatiewe ver= wantskap tussen sinvolheid en depressiwiteit
- Aansluiting ten opsigte van verbandhoudende aspekte tussen sinvolheidsbelewing en selfaktualisering.

4.2.7.2.1 AANSLUITING BY BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN SINVOLHEIDS= BELEWING, NEUROTISISME EN EKSTRAVERSIE

In 1974 korreleer Pearson en Sheffield die sinvolheidstellings van 'n groep neurotiese buitepasiënte met 'n gemengde diagnose, met hul prestasie op die persoonlikheidsvraelys van Eysenck. Die vol= gende resultate is behaal:

- Die sinvolheidstellings vir beide geslagte korreleer beduidend negatief met neurotisisme ($p < 0,01$).
- Vir beide geslagte het die sinvolheidstellings beduidend met ekstraversie gekorreleer ($p < 0,05$). Hierdie subskaal is in twee komponente, naamlik impulsiwiteit en geselligheid, verdeel. Eersgenoemde het nie beduidende korrelasies opgelewer nie, dog geselligheid het beduidend met sinvolheidstellings gekorreleer ($p < 0,01$)(a.w., p. 562). Laasgenoemde bevinding sluit weer aan

by 'n vorige studie waarin 'n beduidende negatiewe korrelasie tussen sosiale introversie (op die MMPI) en die PIL gevind is (Elmore en Chambers, in Pearson en Sheffield, ibid.).

Waar die huidige bevindinge onderskei tussen beangste en nie-beangs= te proefpersone, en waar ander resultate ook 'n beduidende sterker geneigdheid tot introversie aandui (vergelyk die sosiale verhoudinge= komponent van die PHSF: 4.2.2.1.2.3), impliseer dit dus 'n bedui= dende aansluiting by die bogenoemde bevindinge.

4.2.7.2.2 AANSLUITING BY BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN SINVOLHEIDSBE= LEWING, ANGS EN LOKUS VAN BEHEER

Gedurende 1971 het Yarnell 'n ondersoek op 'n aantal lugmagmanne uitgevoer. Die Sinvolheidskaal is met 'n aantal ander meetinstru= mente gekorreleer.

Die volgende resultate is behaal:

- 'n Beduidende negatiewe korrelasie ($p < ,01$) tussen die PIL en die STAI-angsskaal (beide trek- en gesteldheidsangs).
- 'n Beduidende korrelasie tussen die PIL en die Rotter-Interne/ Eksterne-Lokus-van-Beheer-Skaal ($p < ,05$) wat 'n beduidende korre= lasie tussen sinvolheidsbelewing en innerlike lokus van beheer impliseer.
- Tellings op die Sinvolheidstoets hou positief verband met 'n voorkeur tot groter aktiwiteit in groepsverband, asook 'n voor= keur vir bekende en stabiele situasies, soos op die Kuder-voor= keurevraelys gemanifesteer (a.w., p. 78).

Die huidige studie sluit dus ook by hierdie bevindinge aan, omdat dit ook op relatief "normale" proefpersone (soos die lugmagmanne in die bogenoemde studie) betrekking het, en 'n negatiewe verband tussen angs en sinvolheidsbelewing aandui.

In die bespreking van die Persoonlike Oriëntasievraelys (vergelyk 4.2.10) sal aangetoon word dat die beangste groep (dit is die groep

wat beduidend swakker op die PIL gevaar het) ook beduidend laer tellings op die Innerlike Ondersteuningsubskaal van die POI behaal het as die nie-beangste groep (vergelyk 4.2.10.1.2.c). Ondersoeker aanvaar dat genoemde subskaal ook met die Interne/Eksterne-Lokus-van-Beheer-Skaal van Rotter verband hou. Ook in dié opsig is die resultate van die huidige ondersoek 'n bevestiging van die bevin= dinge van Yarnell (spesifiek ten opsigte van sinvolheidsbelewing en interne lokus van beheer).

Dit is belangrik om te noem dat navorsing in verband met die moont= like invloed van ouderdoms- en geslagsverskille op sinvolheidsbe= lewing, botsende resultate lewer. Sommige studies dui wel op 'n sodanige invloed, byvoorbeeld dié van Crumbaugh (1968) en Doer= ries (1970). Crumbaugh het die geslagsverskille egter aan die on= eweredige verspreiding van die twee geslagte in die proefgroepe toegeskryf (a.w., p. 80).

In 'n studie van Meier en Edwards (1974, p. 386) is geen beduidende verskille gevind nie. Ouderdom was egter 'n faktor. Daar was ook geen beduidende interaksie tussen ouderdom en geslag nie. Omdat geslag en ouderdom vir die huidige studie gekontroleer is, kon hierdie faktore dus geen skeeftrekkende invloed op die resultate uitoefen nie.

4.2.7.2.3 AANSLUITING TEN OPSIGTE VAN BEVINDINGE IN VERBAND MET DIE NEGATIEWE VERWANTSKAP TUSSEN SINVOLHEIDSBELEWING EN DEPRESSIWITEIT

Beduidende negatiewe korrelasies tussen die Sinvolheidskaal en die D (Depressieskaal) van die MMPI is in 1967 deur Elmore en Chambers (<u>in</u> Crumbaugh en Maholick, 1969, p. 2) gevind. In 'n verdere studie van die verband tussen sinvolheidsbelewing en depressiwiteit, naamlik dié van Phillips (1980), is elk van die 20 items van die Sinvolheidskaal met die Zung-depressieskaal en die Rotter-Interne/ Eksterne-Lokus-van-Beheer-Skaal gekorreleer. Die ondersoek na in= dividuele korrelasies sou moontlik die kliniese bruikbaarheid van

die vraelys verder verhoog. Die volgende resultate is behaal:

- 'n Beduidende negatiewe korrelasie tussen sewe sinvolheidskaal=items en die Depressieskaal ($p < 0,01$).
- In 'n meervoudige diskriminantanalise is vasgestel dat twee PIL-items (nommers 4 en 12) beduidend met depressiwiteit en eksterne lokus van beheer korreleer. Met behulp van hierdie twee items kon 74% van die depressiewe persone met 'n eksterne lokus van beheer akkuraat geïdentifiseer word.

Die voorgaande bevinding was vir Phillips van groot betekenis, om=dat die twee relevante sinvolheidskaalitems 'n duidelike beeld van "kongruente betrokkenheid" tussen persoon en omgewing aandui - op so 'n wyse dat dit daadwerklike sin aan die persoonlike lewe ver=skaf. Phillips stel dit soos volg: "... these two items appa=rently reflect the crucial, self-transcendant quality of current goals embedded in or meaningfully related to the world. This is a concept heavily stressed by Frankl as being the corner stone of the existentially vibrant, inspirited person" (p. 666). Kon=kluderend beweer Phillips dat die Sinvolheidskaal dus meer as 'n aanduiding van die afwesigheid van depressiwiteit en die teenwoor=digheid van 'n innerlike lokus van beheer impliseer.

Waar die resultate van die huidige ondersoek onder andere bevind dat:

- daar 'n verband tussen angs en sinvolheidsbelewing bestaan, en
- die beangste groep met die laer sinvolheidstellings ook bedui=dend hoër tellings op 'n depressieskaal behaal (vergelyk 4.2.6.1), vind dit dus ook in laasgenoemde opsig by die voorgenoemde resul=tate ten opsigte van sinvolheidsbelewing en depressiwiteit aan=sluiting.

### 4.2.7.2.4 AANSLUITING TEN OPSIGTE VAN VERBANDHOUDENDE ASPEKTE TUS= SEN SINVOLHEIDSBELEWING EN SELFAKTUALISERING

In 1974 is die Sinvolheidskaal met die Persoonlike Oriëntasievrae= lys (POI) gekorreleer (Phillips, Watkins en Noll). 'n Matige kor= relasie (r = 0,39 tot 0,50) is gevind tussen die sinvolheidstel= lings en die Tydsbevoegdheidsubskaal, asook enkele ander subskale (naamlik Selfaktualiserende Waarde, Gevoelsreaksie en Mensbeskouing). Die gevolgtrekkings sluit onder meer die volgende in:

- Die Tydsbevoegdheidskaal is 'n meting van doelgerigtheid. Met ander woorde die proefpersone wat relatief hoë aanduidings van sinvolheid (volgens die PIL) manifesteer, is meer doelgerig, en leef dus meer in die hede (is meer tydsbevoeg) as in die verlede of in die toekoms.
- Tweedens is die skaal 'n meting van oopheid (ontvanklikheid): dit weerspieël 'n omvangryker bewustheid van en kontak met emo= sionele belewinge.
- Die skaal word nie beïnvloed deur die mate van ooreenkoms tussen die persoonlike lewensbeskouing en dié van Maslow (op wie se werk die POI grootliks gebaseer is) nie (Phillips, Watkins en Noll, 1974, p. 70).

In terme van twee bevindinge in die teenswoordige studie blyk aan= sluiting ten opsigte van die bogenoemde resultate:

- die feit dat die beangste groep se sinvolheidstellings beduidend laer as dié van die nie-beangste groep is;
- die feit dat die beangste groep se selfaktualiseringstellings be= duidend laer was as dié van die nie-beangste groep (vergelyk 4.2.10.1.2.a.).

Die afleiding word dus gemaak dat die teenswoordige studie ooreen= stemmende tendense lewer, naamlik aanduidings van 'n verband tussen sinvolheidsbelewing en selfaktualisering.

Samevattend kan dus beweer word dat die bevindinge van die teens= woordige ondersoek in etlike opsigte by die resultate van vorige ondersoeke aansluiting vind. Dit bevestig op sy beurt die klinie= se bruikbaarheid van die vraelys onder Suid-Afrikaanse omstandig= hede, die Amerikaanse oorsprong ten spyt.

4.2.7.3 DIE BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Een van die belangrikste ontwikkelingstake van hierdie fase is die vind van 'n eie waardesisteem (vergelyk Coons, 1970, p. 536-538; Gerdes en Van Ede, 1981, p. 279; Eriksen, 1959, p. 90). Met verwysing na bogenoemde asook die ander ontwikkelingstake van die tydperk rondom 18 jaar, verklaar Tulipan (1981, p. 30) die volgende: "The struggle to accomplish these tasks involves much trial and error, with accompanying conflicts, anxieties, and disappointments".

Binne hierdie raamwerk kan die resultate van die sinvolheidstel= lings vertolk word as aanduidings van die volgende:

- twyfel oor die sin en betekènis van die lewe;
- twyfel op godsdienstige terrein;
- belemmerde doelgerigtheid en lewensoorgawe.

4.2.7.3.1 TWYFEL OOR DIE SIN EN BETEKENIS VAN DIE LEWE

Binne die konteks van sowel die tipiese jeugtydperkbelewinge as in die konteks van die ander resultate, blyk dit dat die beangste groep aspekte van hul lewens bevraagteken. Talle proefpersone het hierdie feit tydens hul individuele toetssessies bevestig, en spe= sifiek gemeld dat hulle dikwels oor hul lewensituasie dink en won= der. Gedagtig aan die feit dat die beangste groep, afgesien van die blokkerende en isolerende invloed van angs, ook die probleem van hoër vlakke van senuweeagtigheid, maklike opwekbaarheid en min= der selfvertroue ervaar (vergelyk 4.2.2.1.2.1), skyn hulle dus meer uitgelewer te wees aan onsekerheid op talle lewensvlakke: sosiaal,

ten opsigte van hul verhouding met hulself, ten opsigte van forme= le verhoudinge, hul belewing van persoonlike vryheid, ensovoorts. Die afleiding kan dus gemaak word dat dit ook vir hulle moeiliker sal wees om tot 'n vergelyk te kom met waardes wat aan hul bestaan sin kan gee en die regte doelwitte tot 'n toekomsgerigtheid te vind.

4.2.7.3.2 TWYFEL OP GODSDIENSTIGE TERREIN

'n Belangrike faset van die adolessente jare wat waarskynlik ge= durende die jeugtydperk verdere beslag kry, is die oriëntasie ten opsigte van die godsdiens. Oor hierdie aspek laat Manaster (1977, p. 285) hom soos volg uit: "Adolescence is the time when the ques= tion (na die sin van die lewe) becomes most pertinent, for social and developmental reasons, and the time when it is most often as= ked, pondered, and answered, to the degree that it can be".

Uitgaande van die negatiewe verband wat Van Vuuren (1979) tussen angs en geloofsekerheid gevind het (vergelyk 1.5.7.2), kan dus uit die resultate afgelei word dat die beangste groep sterker blootge= stel sal wees aan geloofs- en ander godsdienstige probleme, te meer omdat hul sinvolheidstellings ook beduidend laer as byvoorbeeld dié van die nie-beangste groep is. Aanduidings van 'n eksistensiële vakuum kan immers nie met godsdienstige sekerheid versoen word nie.

4.2.7.3.3 BELEMMERDE DOELGERIGTHEID EN LEWENSOORGAWE

Op grond van die voorgaande aspekte word die afleiding gemaak dat die beangste groep nie met dieselfde mate van spontane lewensoorga= we as die nie-beangste groep lewe nie. Gebrekkige ervaring van sin= volheid en lewensbetekenis impliseer konflik, blokkasie of selfs ont= wikkelingsfiksasies, waardeur lewensenergie nie voluit kan vloei en 'n produktiewe, kreatiewe lewe moontlik kan maak nie.

Die bykomende feit van gebrekkige selfaanvaarding, soos gemanifes= teer op die Selfaktualiseringskaal (vergelyk 4.2.10.1.2.f) en die

PHSF-Verhoudingevraelys (vergelyk 4.2.3.1.2.1), moet noodwendig 'n toestand van verlaagde begeestering tot gevolg hê (vergelyk in dié verband Bugental, 1980, p. 50 en Jourard, 1971, p. 82). 'n Verdere onafwendbaarheid is dat lewensbelewing vanaf optimale selfuitdrukking sal reduseer na blote hantering ("coping")(vergelyk Maslow, 1970, p. 75).

Waar die resultate van 'n faktoranalitiese studie oor die vlakke van positiewe geestesgesondheid onder andere die faktor "commit= ment" geïdentifiseer het (Wright, 1971, p. 279), en laasgenoemde faktor dus beduidend swakker by die beangste groep aanwesig is, is die huidige bevinding dus 'n verdere onderstreping van die beangste groep se lewensdilemma, in vergelyking met die nie-beangs= te groep.

SAMEVATTEND: die bevinding dat die beangste groep beduidend ster= ker aan die sin van hul persoonlike bestaan twyfel as die nie-be= angste groep, bevestig dus hoe persone op 'n relatief vroeë leef= tyd (die jeugtydperk van 18-21 jaar) reeds in hul funksionering gerem kan word as gevolg van die isolerende uitwerking van hoë angs en gepaardgaande gebrekkige sinvolheidsbelewing.

### 4.2.8 DIE SOEKE-NA-GEESTELIKE-DOELWITTE-TOETS (SONG)

#### 4.2.8.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

Uit die resultate blyk die volgende:

- Daar is 'n beduidende verskil tussen die twee groepe.
- Die beangste groep se motivering om na sinvolheid te soek is be= duidend sterker as dié van die nie-beangste groep (gemiddeld 86,32 teenoor 69,62 onderskeidelik).

AFLEIDINGS:

- In vergelyking met die nie-beangste groep kan die beangste groep dus getipeer word as besonder sterk gemotiveer om na geestelike doelwitte en sinvolheid in hul lewens te soek.

- Die resultate bevestig dat die vraelys inderdaad 'n komplementê= re skaal tot die Sinvolheidskaal en dus funksioneel bruikbaar onder Suid-Afrikaanse omstandighede is.

4.2.8.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

Omdat die SONG in hierdie stadium 'n relatief nuwe toevoeging tot die arsenaal van toetsinstrumente is, is min navorsing daaroor ge= rapporteer. Die huidige studie is nogtans 'n bevestiging van Crumbaugh se eie bevindinge, naamlik dat die SONG 'n komplementêre skaal tot die PIL is (vergelyk 2.3.9.1). Tweedens sluit dit ook aan by die reeds genoemde studie van Yarnell (1971). Laasgenoemde het ook bevind dat die SONG beduidend negatief met die PIL korre= leer ($p < ,01$). Dieselfde tendens is ten opsigte van 'n groep skisofrene pasiënte bevind.

4.2.8.3 DIE BETEKENIS VAN DIE HUIDIGE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

In die bespreking van die resultate van die Sinvolheidskaal is reeds gewys op die implikasies van identiteitsoeke as ontwikke= lingstaak. Ofskoon laasgenoemde taak wesenlik tot die adolessen= te fase behoort, vind die vestiging daarvan eers in die jeugtyd= perk plaas (Gerdes en Van Ede, a.w., p. 278). Bogenoemde impliseer dat proefpersone steeds soekend mag wees na waardes wat vir hulle aanvaarbaar en eg sal wees. Die soeke na waardes is dus 'n univer= sele verskynsel onder jeugdiges.

Teen hierdie agtergrond kan die huidige bevindinge moontlik 'n weerspieëling wees van die besondere gemotiveerdheid van die be= angste groep om na geestelike doelwitte te soek, aangesien sodani= ge doelwitte moontlik nog nie in die geval van hierdie groep ontdek of gevestig is nie.

In 'n sekere sin dwing die SONG 'n hoë telling af van die persone wat 'n relatief lae telling op die PIL behaal. Dit is immers kom= plementêr tot die PIL. Ondersoeker vind egter nie slegs in terme van die verkreë resultate die aanduiding van die beangste groep se sterk motivering om na geestelike waardes te soek nie. Ook op ander vlakke as bloot die toetsresultate het die proefpersone in hierdie groep blyke van 'n gemotiveerde soeke na sin gelewer. Twee motiveringe word aangebied:

Eerstens het die proefpersone se besondere bereidheid tot samewer= king in terme van die individuele toetsing hierdie afleiding by die ondersoeker laat ontstaan. Selfs Vrydagaande, Saterdagoggende en -middae was nie vir die proefpersone ongerieflike toetstye nie. Blote nuuskierigheid en/of die versterkende (belonende) uitwerking van individuele aandag sou egter ook as 'n moontlike verklaring vir die bogenoemde bereidwilligheid tot samewerking oorweeg moes word.

Ondersoeker se subjektiewe belewing van die ervaring van individue= le toetsing was egter deurgaans dat die proefpersone se bereidheid tot samewerking 'n uitvloeisel is van 'n verwagting dat selfs die deurloop van die toetservaring en gepaardgaande gespreksontmoeting, moontlik 'n bydrae tot angsvermindering kon lewer - vandaar hul oorwegend puik samewerking.

Tweedens het die proefpersone in die beangste groep op navraag by= na deurgaans 'n behoefte aan 'n ontspanningsprogram uitgespreek. Dat slegs 11 proefpersone uit die totaal van 40 beangste persone die program uiteindelik voltooi het (en slegs 10 die opvolgtoet= sing deurloop het) kan aan talle faktore toegeskryf word. Slegs enkele aspekte word genoem:

- Gepreokkupeerdheid met toenemende hoeveelhede akademiese werk tydens die tweede semester, toe die ontspanningsprogram eers onderneem kon word, en die impak van die individuele toetsing reeds aansienlik kon vervaag.

- Regstreekse uitvloeisels van 'n toestand van beangstheid: 'n verdedigende instelling teenoor nuwe groei-ervaringe, omdat 'n sodanige groeiproses blootstelling sou meebring, en moontlik ook die risiko van mislukking en verdere selfbeeldverlaging.

SAMEVATTEND: Die relatief hoë tellings (beduidend hoër in die geval van die beangste groep) kan waarskynlik ook gesien word as 'n aanduiding van die algemene belewing van nood en gepaard= gaande motivering om iets konstruktiefs daaromtrent te onderneem.

4.2.9 DIE S.A.-WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL

4.2.9.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

In hierdie afdeling word die resultate van sowel die profielontle= dings as dié van die z-toets behandel. Motivering: afsonderlike bespreking mag oorvleueling impliseer, derhalwe word die resultate gekombineerd aangebied en afleidings gelyktydig oor beide gemaak.

4.2.9.1.1 DIE GLOBALE INTELLIGENSIEPROFIELE VAN DIE TWEE GROEPE

Uit die resultate van die <u>profielanalise</u> blyk die volgende gege= wens:

- die profiele van die beangste- en nie-beangste groep is paral= lel;
- die profiele is op dieselfde vlak geleë;
- betekenisvolle verskille kom egter tussen individuele sub= toetse voor, en
- geen betekenisvolle interaksie tussen die groepe en die toetse is gevind nie (vergelyk 3.1.9.3.1).

Die resultate van die <u>z-toets</u> sluit baie sterk by bogenoemde bevin= dinge aan. Opsommend toon die resultate die volgende:

- die beangste en nie-beangste groep verskil byna geensins ten op= sigte van hul totale intelligensietellings nie. Die tellings is

respektiewelik 112,5 en 112,8.

AFLEIDINGS UIT DIE RESULTATE:

- Beide die beangste en nie-beangste groep lê dus op 'n bogemid= delde peil van intellektuele funksionering.
- In terme van statisties-beduidende verskille is daar dus nie sprake van enige belemmerende invloed van hoë angspeile op kog= nitiewe funksionering soos geëvalueer deur die Wechsler-intel= ligensieskaal nie.
- Ten einde akkurater afleidings ten opsigte van die moontlike invloed van angs te kan maak, moet die resultate ten opsigte van die verbale en nie-verbale komponente van intelligensie dus ook betrek word.

4.2.9.1.2 DIE PROFIELE VAN DIE VERBALE KOMPONENT VAN INTELLIGENSIE

PROFIELONTLEDING

Die resultate ten opsigte van profielontleding lewer die volgende bevindinge:

- die profiele van die beangste en nie-beangste groep is parallel;
- die profiele lê op dieselfde vlak;
- onderlinge toetsgemiddeldes vir die twee groepe verskil egter betekenisvol (vergelyk 3.1.9.3.1), en
- daar is nie 'n betekenisvolle interaksie tussen die toetse en die groepe nie.

DIE Z-TOETS

Die resultate van die z-toets sluit ook in hierdie opsig nou aan by die voorgaande. Spesifieke bevindinge toon die volgende aan:

- Geen beduidende verskil word ten opsigte van verbale intelli= gensie aangetref nie. Die twee groepe se tellings is trouens byna dieselfde. Die gemiddelde tellings is onderskeidelik 111,8 en 111,6.

- Met verwysing na die individuele subtoetstellings kan die vol= gende aspekte uitgelig word:

a. INLIGTING

Die beangste groep vaar beduidend swakker as die nie-beangste groep.

AFLEIDINGS: Die belangrikste afleiding is dat die beduidende ver= skil moontlik 'n aanduiding kan wees van die mate waarin die beangs= te groep in aspekte soos langtermyngeheue ingeperk word, as gevolg van hoë angs. Motivering: hierdie subtoets word as 'n goeie al= gemene aanduiding van intelligensie vertolk (Zimmerman en Woo-Sam, 1973). In 'n situasie waar die totale intelligensietellings, die verbale tellings en die nie-verbale tellings almal byna iden= ties is, kan dus net afgelei word dat angs tot die beduidende ver= laging op hierdie subskaal kon lei.

b. ALGEMENE BEGRIP

Die beangste groep vaar beduidend beter op hierdie subtoets as die nie-beangste groep.

AFLEIDINGS: In terme van oordeelsvermoë met betrekking tot alle= daagse situasies word afgelei dat die beangste groep doeltreffender as die nie-beangste groep funksioneer (vergelyk Rapaport, Gill en Schafer, 1979, p. 92). Tweedens word afgelei dat die beangste groep se doeltreffende oordeelsvermoë tot situasies waar intellektuele kontrole 'n belangrike rol speel, beperk is. Hoë angs maak hier= die groep waarskynlik gevoeliger vir moontlike mislukking as gevolg van foutiewe oordele in die alledaagse lewe, vandaar 'n versigtig= heid wat op hoër prestasie as die van die nie-beangste groep uit= loop.

Blyke van doeltreffende oordeelsvermoë mag egter nie sonder meer as aanduiding van doeltreffender lewensfunksionering vertolk word nie. Hierdie resultaat moet dus teen die agtergrond van ooreenstemmende

prestasie op die intelligensieskaal, asook die konsekwente patroon van meer beperkte funksionering in al die ander resultate, beskou word. Waarskynlik begaan die beangste groep meer oordeelsfoute in interpersoonlike situasies, wat aan die verweefdheid van intellek=tuele en emosionele oorweginge toegeskryf kan word. Die resultate dui immers aan dat die beangste groep beduidend swakker aangepas is ten opsigte van persoonlike en sosiale verhoudinge (vergelyk respektiewelik 4.2.2.1.2.1 en 4.2.2.1.2.3).

c. REKENKUNDIGE REDENEERVERMOË

Die tellings van die beangste groep is laer as dié van die nie-be=angste groep. Die verskil is egter nie groot genoeg om statis=ties-beduidend te wees nie.

d. SYFERHERHALING

Die tellings van die beangste groep is laer as die van die nie-be=angste groep. Die verskil is egter te klein om statisties-beduidend te wees. Die afleiding kan hoogstens gemaak word dat die beangste groep 'n neiging tot groter aandagafleibaarheid openbaar.

e. OOREENKOMSTE

In hierdie subtoets vaar die beangste groep effens beter as die nie-beangste groep. Die verskil is egter nie statisties-beduidend nie. Definitiewe afleidings kan dus nie uit die bevinding gemaak word nie.

4.2.9.1.3 DIE PROFIELE VAN DIE NIE-VERBALE KOMPONENT VAN INTELLIGENSIE

PROFIELONTLEDING

Die resultate van die profielontleding lewer die volgende bevindinge:

- die profiele van die nie-verbale tellings verskil nie betekenis=vol ten opsigte van die twee groepe nie;
- die profiele is op dieselfde vlak geleë;

- die subtoetse verskil wel onderling betekenisvol, en
- daar is geen betekenisvolle interaksie tussen die groepe en die toetse nie (vergelyk 3.1.9.3.1).

DIE Z-TOETS

Die z-toets lewer die volgende resultate:

- Die gemiddelde nie-verbale tellings verskil nie beduidend nie. Die tellings is onderskeidelik 111,6 en 111,7 vir die beangste en nie-beangste groep.
- Met verwysing na individuele subtoetstellings kan die volgende aspekte aangetoon word:

f. PRENTVOLTOOIING

Uit die resultate blyk dat die beangste groep beduidend beter as die nie-beangste groep presteer. Afleiding: Uit die gegewens word hoofsaaklik afgelei dat die beangste groep sterker konsentrasie aan die dag gelê het in die waarneming van die stimuli en dus beter in staat was tot die onderskeiding van essensiële en nie-essensiële aspekte.

g. VOORWERPSAAMVOEGING

Die beangste groep behaal laer tellings as die nie-beangste groep, dog die verskil is nie beduidend nie. Ook uit dié bevinding kan slegs 'n neiging tot swakker persepsuele organisasie by die beangste groep afgelei word.

h. BLOKPATRONE

Die beangste groep behaal laer tellings as die nie-beangste groep. Die verskil is egter nie statisties-beduidend nie. Andermaal openbaar die resultate dus slegs 'n neiging tot swakker nie-verbale redenering en analitiese denke.

i. SYFERSIMBOOLVERVANGING

Die beangste groep behaal effens hoër tellings. Die verskil is egter te klein om beduidend te wees. 'n Neiging tot kompulsiewe konformering, vandaar 'n sterker motivering en hoër prestasie op die subtoets, mag moontlik hieruit afgelei word.

j. PRENTRANGSKIKKING

Op hierdie subtoets behaal die beangste groep 'n laer telling as die nie-beangste groep. Die verskil is egter nie statisties-bedui= dend nie. Die bevinding weerspieël dus hoogstens 'n neiging tot swakker beplanning en antisipasie in terme van sosiale situasies. As sodanig mag dit aansluit by ander bevindinge, byvoorbeeld die aanduidings van groter introversie soos blyk uit die PHSF (verge= lyk 4.2.2.1.2.3); die aanduidings van problematieser menseverhou= dinge soos afgelei uit die PHSF (vergelyk 4.2.2.1.2.3), en die as= pek van interpersoonlike waarneming op die Persoonlike Oriëntasie= vraelys (vergelyk 4.2.10.1.2.h).

SAMEVATTEND: die resultate op die intelligensieskaal is vir die twee groepe grootliks ooreenstemmend. Waar verskille wel voorkom, bevestig dit meesal die beperkende invloed van hoër angspeile by die beangste groep.

4.2.9.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

Uit die bestudering van verwante bevindinge word die afleiding ge= maak dat die resultate van die huidige ondersoek in sekere opsigte by bestaande navorsing aansluiting vind. Die bespreking word slegs tot subtoetse waarop beduidende verskille voorgekom het, beperk, naamlik Inligting, Algemene Begrip en Prentvoltooiing.

- Die beduidende laer tellings van die beangste groep op die In= ligtingsubtoets, sluit aan by die bevindinge van Dunn (1968), soos aangehaal deur Zimmerman en Woo-Sam (a.w., p. 59). Laasge=

noemde outeur het vasgestel dat die prestasie op die Inligting= subtoets beduidend verlaag is deur die teenwoordigheid van chro= niese angs soos op 'n angsskaal gemanifesteer. In hierdie op= sig is die resultate van die huidige ondersoek dus regstreeks vergelykbaar, aangesien die beangste groep ook beduidende hoër tellings op die trekangsskaal behaal het (vergelyk 4.2.5.1).

- Wanneer die beangste groep se beduidende hoër tellings op die Algemene Begripsubtoets met bestaande navorsingsbevindinge ver= gelyk word, dan blyk dit dat dit met mekaar bots. Hunt, Quay en Walker (soos aangehaal deur Zimmerman en Woo-Sam (a.w., p. 73) se bevindinge dat hoë tellings in die subtoets 'n aandui= ding van sosialisering bied, bots byvoorbeeld met die feit dat die beangste groep in terme van sosiale aanpassing beduidend meer probleme as die nie-beangste groep ervaar (vergelyk 4.2.2.1.2.3). Die afleiding kan slegs gemaak word dat die beangste groep se hoër prestasie nie noodwendig aandui dat hul= le hul oordeelsvermoë ewe doeltreffend in interpersoonlike situa= sies kan aanwend nie (vergelyk byvoorbeeld hul laer tellings op die Prentrangskikkingsubtoets).
- Die beduidend hoër tellings van die beangste groep op die Prent= voltooiingsubtoets kan nie met bestaande navorsing in verband gebring word nie. Die resultate van die huidige ondersoek vind nogtans aansluiting by Zimmerman en Woo-Sam (a.w., p. 139) se bevinding dat hierdie subtoets blykbaar daarin slaag om tussen groepe te kan onderskei - soos inderdaad uit die bevindinge van die huidige studie blyk.

#### 4.2.9.3 DIE BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Die opvallende aspek van die resultate van die twee groepe is die ruim mate van ooreenstemming. Die totale intelligensietellings is immers feitlik identies, en so ook die verbale en nie-verbale tel= lings. In terme van die huidige ontwikkelingstadium van die twee groepe, en meer bepaald die feit dat die proefpersone 'n hoogs ge= selekteerde groep verteenwoordig, is dit egter nie so eienaardig

nie. Verskille in intellektuele funksioneringspeil by graadstu= derende eerstejaardamestudente wat vir die eerste keer by 'n uni= versiteit inskryf (en waarvan slegs een persoon een keer op skool gedruip het) is nie werklik te wagte nie. Die mate van verskil wat hom wel ten opsigte van twee subtoetstellings manifesteer, dui egter aan dat angs wel 'n belemmerende invloed op aspekte van kog= nitiewe funksionering kan uitoefen.

SAMEVATTEND: in terme van intellektuele funksionering is daar dus weinig verskil tussen die twee groepe. Die invloed van angs is ook slegs op baie beperkte skaal waarneembaar.

4.2.10 DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIEVRAELYS (POI)

4.2.10.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS

4.2.10.1.1 RESULTATE EN AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PROFIELONT= LEDING

Die resultate dui aan dat die profiele nie parallel is nie. Hieruit word afgelei dat die beangste en nie-beangste groep dus ten opsig= te van selfaktualisering beduidend van mekaar verskil. Omdat die profiele nie parallel is nie, kan geen verdere ontledings met be= hulp van profielontleding gedoen word nie. Op grond van die bedui= dende verskille tussen die profiele kan groter betekenis aan die resultate van die z-toets, wat vervolgens bespreek word, geheg word.

4.2.10.1.2 RESULTATE EN AFLEIDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE Z-TOETS

a. SOM VAN TYDSBEVOEGDHEID EN INNERLIKE ONDERSTEUNING

'n Oorsigtelike beeld van die selfaktualiseringsvlak van die twee groepe kan uit die vergelyking van die som van die bogenoemde sub= skale verkry word, aldus Shostrom (1974) en Damm (1972). Die re= sultate van die huidige ondersoek toon dat die tellings van die beangste groep beduidend laer as dié van die nie-beangste groep is.

AFLEIDINGS: eerstens word afgelei dat die beangste groep dus vol=gens 'n oorsigtelike meting op 'n laer vlak van selfaktualisering as die nie-beangste groep verkeer. Tweedens word afgelei dat die resultate verdere bevestiging vir die bevinding dat hoë angspeile 'n belemmerende invloed op talle aspekte van persoonlikheidsfunk=sionering uitoefen, bied.

Vervolgens word die twee belangrikste subskale wat hierbo gekom=bineer is, bespreek, en daarna die verwante subskale.

b. TYDSBEVOEGDHEID

Uit die resultate blyk dat die tydsbevoegdheidstellings van die beangste groep beduidend laer as dié van die nie-beangste groep is. Die afleiding is dat die beangste groep in 'n beduidend sterker mate aan onvoltooide invloede of gebeurtenisse uit die verlede, uitgelewer is. Hul hantering van tyd, dit wil sê die mate waarin hulle hul tyd konstruktief gebruik, is derhalwe meer beperk as in die geval van die nie-beangste groep.

c. INNERLIKE ONDERSTEUNING

Die resultate toon dat die beangste groep ook wat hierdie aspek be=tref beduidend swakker as die nie-beangste groep funksioneer. In vergelyking met die sogenaamde "selfaktualiserende" persoon wat 'n balans tussen die uiterstes van 'n volkome innerlike gerigtheid en 'n volkome gerigtheid op ander vind, is die proefpersone in die beangste groep dus geneig om baie minder op hul eie "innerlike giroskope" (Shostrom, 1974, p. 14) te steun. Hulle is inderdaad te sterk ingestel op die optrede van persone wat deur hulle as er=kende outoriteitsfigure waargeneem word.

Die resultate ten opsigte van die subskale van die POI word paars=gewys bespreek, omrede die subskaalpare bepaalde aspekte van self=aktualisering verteenwoordig, aldus Shostrom (a.w., p. 17-18).

d. SELFAKTUALISERENDE WAARDE EN EKSISTENSIALITEIT

Op eersgenoemde subskaal is die tellings van die beangste groep beduidend laer as die van die nie-beangste groep. Die afleiding is dus dat die beangste groep in 'n beduidend mindere mate as die nie-beangste groep volgens die waardes van selfaktualiserende per= sone lewe. Hulle (die beangste groep) is dus minder op eie voor= keure, afkeure, behoeftes en waardes as die nie-beangste groep in= gestel. Hierdie bevinding hou verband met die feit dat die beangste groep ook in 'n minder mate op hulself steun as die nie-beangste groep.

Ten opsigte van eksistensialiteit is daar egter nie 'n beduidende verskil tussen die tellings van die twee groepe nie. Die tellings van die nie-beangste groep is egter effens hoër. Die afleiding word dus gemaak dat die twee groepe nie beduidend van mekaar ver= skil ten opsigte van die buigbaarheid waarmee hulle waardes of beginsels toepas nie. Die beangste groep met hul laer tellings op hierdie subskaal neig egter sterker in die rigting van rigidi= teit ten opsigte van waarderealisering, met die gepaardgaande ge= vaar van kompulsiwiteit of dogmatisme (vergelyk Shostrom, a.w., p. 17).

In terme van die <u>waardebepalende</u> funksie as aspek van selfaktuali= sering wat deur bogenoemde subskale verteenwoordig word, verskil die twee groepe dus ten gunste van die nie-beangste groep.

e. GEVOELSREAKSIE EN SPONTANEÏTEIT

Op beide subskale word beduidende verskille aangetref. Die beangs= te groep behaal 'n beduidende hoër telling op die Gevoelsreaksie= subskaal en die nie-beangste groep is volgens die resultate bedui= dend meer spontaan. Afleidings: eerstens word afgelei dat die beangste groep meer sensitief vir hul subjektiewe belewinge soos gevoelens en behoeftes is, en tweedens dat die nie-beangste groep vryer voel om hul gevoelens en behoeftes spontaan tot uiting te

bring. Die resultate bevestig dus dat angs inderdaad 'n remming ten opsigte van spontaneïteit meebring.

Die gevoelsdimensie van selfaktualisering, soos verteenwoordig deur bogenoemde twee subskale, toon dus dat die beangste groep meer gevoelig is vir hul subjektiewe belewinge ('n bevinding wat ook aansluit ten opsigte van die bevinding dat hierdie groep meer tot introversie geneig is en dus meer op gevoelens ingestel be=hoort te wees. Die negatiewe invloed van angs word egter in die beduidend laer tellings van die beangste groep op die Spontaneï=teitsubskaal weerspieël.

f. SELFAGTING EN SELFAANVAARDING

Die resultate dui in die geval van beide aspekte op 'n beduidende verskil ten gunste van die nie-beangste groep. Dit impliseer eerstens dat die beangste groep hulself, in die lig van hul posi=tiewe persoonlikheidseienskappe, beduidend geringer ag as wat die nie-beangste groep hulleself ag. Die selfwaardebesef van die be=angste groep is dus beduidend laer as die van die nie-beangste groep. Uit die Selfaanvaardingsubskaal word afgelei dat die be=angste groep hulself baie moeiliker in die lig van hul swakhede aanvaar as wat die nie-beangste groep dit doen. Waar bogenoemde twee subskale die dimensie van selfwaarneming verteenwoordig, blyk dit dus dat die beangste groep hulself in vergelyking met die nie-beangste groep, in 'n beduidend meer negatiewe lig beskou.

g. MENSBESKOUING EN SINERGIE

Op beide subskale presteer die beangste groep beduidend swakker as die nie-beangste groep. Afleidings: die beangste groep baseer hul mensbeskouing in 'n beduidend sterker mate op digotomieë. Hulle huldig dus polêre beskouinge ten opsigte van aspekte soos manlikheid-vroulikheid, goed-sleg, selfsugtigheid-onselfsugtigheid, ensovoorts. Tweedens word afgelei dat die nie-beangste groep 'n ruimer mensbeskouing huldig, omdat hul in 'n beduidend sterker ma=

te daarin slaag om skynbare digotomieë te versoen, oftewel te transendeer, byvoorbeeld die manlikheid-vroulikheid-kwessie. In teenstelling hiermee word die mensvisie van die beangste groep deur 'n rigiditeit wat van 'n enger bewussyn getuig, gekenmerk.

Die beduidend laer tellings van die beangste groep op die Sinergie= skaal weerspieël dat hulle, in hul poging om tot 'n sinvolle inte= grasie van teenoorstaande lewensaspekte te kom, beduidend meer pro= bleme ervaar. Weens hul eng visie op die werklikheid is die beangste groep dus meer geneig om sogenaamde teenoorgesteldes, byvoorbeeld werk en spel, as antagonistiese pole te beskou.

Shostrom se beskouing van genoemde twee subskale as verteenwoordi= gend van die sfeer van bewussyn, onderstreep dus nogeens die dilem= ma van die beangste groep: vanuit hul enger visie (bewussyn) is hul= le sterker tot eensydighede in hul mensbeskouing geneig, en ook meer beperk in hul versoening oftewel transendering van skynbare lewens= digotomieë.

h. AANVAARDING VAN AGGRESSIE EN KAPASITEIT VIR INTIEME KONTAK

Ten opsigte van die eersgenoemde aspek verskil die groepe nie be= duidend nie. Die tellings van die beangste groep is egter effens hoër. Die afleiding is dat die twee groepe nie beduidend ten op= sigte van gevoeligheid vir subjektiewe belewinge soos gevoelens en behoeftes verskil nie.

Betreffende die kapasiteit tot intieme kontak toon die resultate dat die beangste groep beduidend swakker as die nie-beangste groep presteer. Die afleiding moet dus gemaak word dat die beangste groep dit moeiliker vind om emosioneel-warme, betekenisvolle in= terpersoonlike verhoudinge aan te knoop, sonder dat verwagtinge gestel word wat tot vertroebeling van die verhouding mag lei. Die beangste groep sukkel dus om woede en liefde as skynbare teenpole met mekaar te kan vereenselwig en beide in hul menseverhoudinge te kan integreer. Verder word afgelei dat die beangste groep in in=

terpersoonlike kontak meer op die verdediging is en daarom ook min= der suksesvol in hul menseverhoudinge is. Hierdie bevinding stem ook ooreen met die bevinding ten opsigte van sosialiteit (vergelyk 4.2.2.1.2.3), waaruit afgelei is dat die beangste groep ten opsigte van sosiale verhoudinge beduidend swakker as die nie-beangste groep aangepas is.

Dit is dus duidelik dat die beangste groep in terme van <u>interper= soonlike waarneming</u> soos deur bogenoemde subskale verteenwoordig, beduidend meer belemmering as die nie-beangste groepe ervaar.

SAMEVATTEND: die resultate toon byna deurgaans dat die beangste groep meer probleme as die nie-beangste groep ervaar. Al sou dit nie noodwendig 'n geldige beeld van selfaktualisering weerspieël nie, onderstreep die resultate dat die beangste groep op 'n laer vlak van geestesgesondheid as die nie-beangste groep funksioneer.

4.2.10.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

Drie aspekte word in hierdie afdeling uitgebou, naamlik dat die re= sultate van die huidige ondersoek:

- aansluit by globale metings van selfaktualisering ten opsigte van groepe uit verskillende vlakke van geestesgesondheid;
- aansluit ten opsigte van bevindinge met spesifieke subskale van die POI, en
- met minstens een studie van die beweerde positiewe verband tus= sen angs en positiewe geestesgesondheid bots.

4.2.10.2.1 BEVESTIGING VAN DIE ONDERSKEIDINGSVERMOë VAN DIE POI TEN OPSIGTE VAN PERSONE WAT OP VERSKILLENDE VLAKKE VAN GEES= TESGESONDHEID FUNKSIONEER

Hierdie aspek word soos volg verduidelik: Die proefpersone in die huidige ondersoek is op grond van hul tellings op twee gestandaardi=

seerde angsskale van mekaar onderskei. Die afleiding is dus dat die ondersoekgroep uit proefpersone wat op 'n relatief laer vlak van positiewe geestesgesondheid funksioneer (naamlik die beangste groep), en die groep wat op 'n relatief hoër vlak van positiewe geestesgesondheid (naamlik die nie-beangste groep) funksioneer, saamgestel is.

Die resultate ten opsigte van die POI toon 'n betekenisvolle onder= skeid tussen die positiewe vlak van geestesgesondheid vir die twee groepe (vergelyk 4.2.10.1). Dit toon naamlik dat die nie-beangste groep 'n beduidend hoër peil van positiewe geestesgesondheid as die beangste groep beleef. Die afleiding kan dus gemaak word dat die POI ook beduidend onderskei tussen groepe persone wat op 'n hoër vlak van positiewe geestesgesondheid (die nie-beangste groep), en dié wat op 'n laer vlak van geestesgesondheid (die beangste groep) funksioneer.

Teen hierdie agtergrond bied die resultate van die huidige studie dus verdere bevestiging van die onderskeidingsvermoë van die POI met betrekking tot funksionering op verskillende vlakke van gees= tesgesondheid, soos wat dit reeds in verskeie studies na vore ge= tree het. Slegs twee voorbeelde ter illustrasie word aangehaal.

- Fox, Knapp en Michael, 1968 (<u>in</u> Tosi en Lindamood, 1975, p. 218) se bevinding dat die POI op al 12 subskale beduidend tussen 'n groep gehospitaliseerde psigotiese persone, 'n groep "normale", en 'n groep "selfgeaktualiseerde" persone onderskei het.
- Fisher en Silverstein (1969) se konklusie dat psigopatiese ge= vangenes beduidend laer tellings as Shostrom se groep "normale" proefpersone behaal het. Slegs op die subskaal "Selfagting" was die verskil nie beduidend nie (ibid.).
- Oakland, Freed, Lovekin, Davis en Camilleri (1978, p. 83) se bevinding na oorweging van talle studies in die verband, dat die POI skynbaar doeltreffend tussen groepe van hoër versus laer vlakke van geestesgesondheid onderskei.

Die duidelike onderskeid tussen die tellings van die beangste en nie-beangste groep weerspieël dus die bruikbaarheid van hierdie vraelys - selfs in omstandighede waar Afrikaanssprekende Suid-Afri= kaners daarmee getoets word.

4.2.10.2.2 AANSLUITING TEN OPSIGTE VAN BEVINDINGE MET SPESIFIEKE SUBSKALE VAN DIE POI

BEVINDINGE TEN AANSIEN VAN SOSIALE INTROVERSIE EN GEVOELSREAKSIE

In 'n studie van Shostrom en Knapp (1966) ten opsigte van subskaal= tellings van die POI en die MMPI, is bevind dat die Sosiale Intro= versiesubskaal van die MMPI as 'n komplementêre skaal tot die Ge= voelsreaksiesubskaal van die POI funksioneer. Dit stel naamlik aliënasie en onttrekking teenoor vryheid van ekspressie en nabye interpersoonlike kontak teenoor mekaar. Die resultate van die huidige ondersoek sluit op verrassende wyse hierby aan. Die be= vindinge ten opsigte van die PHSF-verhoudingevraelys toon eerstens dat die beangste groep 'n sterker mate van sosiale introversie as die nie-beangste groep vertoon (vergelyk 4.2.2.1.2.3). Komplemen= têr hiermee behaal die beangste groep 'n beduidende hoër telling op die Gevoelsreaksiesubskaal van die POI.

BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN INNERLIKE ONDERSTEUNING EN INTERNE LOKUS VAN BEHEER

Die bevinding ten opsigte van die verband tussen sinvolheidsbele= wing en innerlike lokus van beheer is reeds aangedui (vergelyk 4.2.7.2). Verder het Warehime en Foulds (1971, p. 251) 'n bedui= dende verband tussen interne lokus van beheer en die Innerlike On= dersteuningsubskaal van die POI ten opsigte van damestudente vas= gestel. Geslagsrolverskille is volgens die navorsing wel 'n belang= rike faktor, aangesien dieselfde resultate nie by manstudente voorge= kom het nie.

Omdat die beangste groep op die Sinvolheidskaal beduidend laer as die nie-beangste groep presteer het, word afgelei dat hulle (die beangste groep) waarskynlik ook sterker blyke van 'n eksterne lokus van beheer sal manifesteer. Die feit dat innerlike ondersteuning positief met interne lokus van beheer korreleer, en dat die beangste groep beduidend laer tellings as die nie-beangste groep op hierdie subskaal van die POI behaal het (vergelyk 4.2.10.1.2.c) kan dus ver= tolk word as 'n verdere aanduiding van die waarskynlikheid van 'n eksterne lokus van beheer by die beangste groep.

Uit hierdie bevinding word vervolgens afgelei dat die resultate van die huidige ondersoek by bestaande bevindinge ten opsigte van die verband tussen innerlike ondersteuning en interne lokus van beheer aansluit.

BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE VERBAND TUSSEN NEGATIEWE SELFWAARNE= MING EN PROBLEMATIESE INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE

'n Sentrale bevinding ten opsigte van die beangste groep is die voorkoms van 'n negatiewe selfbeskouing en gepaardgaande interper= soonlike probleme. Dit blyk naamlik uit die volgende bevindinge:

- beduidende laer tellings as die nie-beangste groep op die sub= skale Selfagting en Selfaanvaarding (vergelyk 4.2.10.1.2.f);
- beduidende laer tellings op die subskaal Kapasiteit vir Intieme Interpersoonlike Kontak (vergelyk 4.2.10.1.2.h), en
- aanpassingsprobleme soos blyk uit die bevindinge ten opsigte van persoonlike en sosiale aanpassing op die PHSF (vergelyk 4.2.2.1.2.1 en 4.2.2.1.2.3).

Hierdie bevindinge vind aansluiting by talle studies in die verband. Richmond, Mason en Padgett (1972) rapporteer byvoorbeeld die vol= gende: studente wat hulself gunstig bejeën, dit wil sê oor posi= tiewe selfbeelde beskik, openbaar oor die algemeen 'n gunstige ge= sindheid jeens ander. As opsomming van hul navorsing kom die skry= wers totdie volgende gevolgtrekking:

"Similarly, one who views others as altruistic is not self-criti= cal but possesses a healthy concept of self, is aware of and accep= ting of his own identity, and views his behaviour and family rela= tionships in a positive light" (a.w., p. 110). Ook Thauberger en Sydiaha (1979) bevind 'n beduidende positiewe verband tussen self= aanvaarding en die aanvaarding van ander (a.w., p. 482).

Samevattend blyk dus dat die resultate van die huidige studie in 'n hoë mate met bestaande bevindinge ten aansien van subskaaltellings van die POI in verband gebring kan word.

4.2.10.2.3 WEERSPREKING VAN 'N SPESIFIEKE BEVINDING OOR DIE MOONT= LIKE POSITIEWE VERBAND TUSSEN ANGS EN POSITIEWE GEES= TESGESONDHEID

Die beduidende laer tellings van die beangste groep op die Selfak= tualiseringskaal word onwillekeurig as uitvloeisel van hoër angs= peile vertolk. Die oorwig van aanduidings in die literatuur dui immers ook in hierdie rigting (vergelyk 1.5.6.1). In dié sin vind die resultate dus by sowel bestaande bevindinge as kliniese waar= nemings aansluiting.

'n Uitsondering is egter die reeds genoemde studie van De Grace (1973) (vergelyk 1.5.6.2). Na 'n ondersoek met 'n groep sogenaamde "selfgeaktualiseerde" en 'n groep "nie-geaktualiseerde" studente, kom De Grace naamlik tot die gevolgtrekking dat angs wel met self= aktualisasie versoenbaar is. Kritiese vrae kan egter gestel word oor De Grace se metodologie.

4.2.10.3 DIE BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Veral twee betekenisse kan aan die resultate geheg word, naamlik:

- Die resultate weerspieël die selfbeperkende bestaanswyse van die beangste groep.
- Die resultate is 'n aanduiding van die potensiaal vir verdere per=

soonlikheidsontplooiing by die beangste groep.

Elke aspek word kortliks bespreek.

### 4.2.10.3.1 DIE RESULTATE WEERSPIEëL DIE SELFBEPERKENDE BESTAANS= WYSE VAN DIE BEANGSTE GROEP

As waardevraelys bied die Persoonlike Oriëntasievraelys 'n unieke insig in die belewingswêreld van die beangste groep. Meer spesi= fiek: dit openbaar die kerndimensies waarin die groep as selfbeperkend getipeer kan word. Die resultate vir die subskale toon deurgaans dat die beangste groep nie innerlik of interpersoonlik so vry, spontaan en geïntegreerd soos die nie-beangste groep funk= sioneer nie (vergelyk 4.2.10.1.2).

Teen hierdie agtergrond suggereer die resultate dus die volgende implikasies op die vlak van ontwikkelingstaakbemeestering:

- Probleme met betrekking tot identiteitsvestiging: faktore wat 'n rol mag speel, is byvoorbeeld: die beduidend laer tellings vir innerlike ondersteuning, selfwaarneming en tydsbevoegdheid.
- Probleme ten opsigte van interpersoonlike verhoudingsvorming. Laasgenoemde aspek mag veral problematies wees as gevolg van die beangste groep se beduidende laer tellings ten opsigte van interpersoonlike sensitiwiteit.
- Die omlyning van lewensoogmerke en -waardes mag ook problematies verloop op grond van die proefpersone se selfbeperkende waardes. Vergelyk byvoorbeeld hul mensbeskouing waarin skynbare digotomieë soos manlikheid-vroulikheid beduidend swakker geïntegreer word as by die nie-beangste groep.
- Selfs ten opsigte van beroepskeuse en -voorbereiding vir die beroep skyn die beangste groep meer kwesbaar te wees. Hul bedui= dend laer tydsbevoegdheidstellings mag byvoorbeeld in die konteks tot verswakking van akademiese prestasie aanleiding gee, veral indien toenemende hoeveelhede werk van 'n hoër moeilikheidsgraad bemeester moet word.

4.2.10.3.2 AS AANDUIDING VAN POTENSIAAL VIR VERDERE PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

In die lig van die feitlik identiese intellektuele vermoë van die twee groepe (vergelyk 4.2.9.1) en die beduidende laer selfaktualiseringspeil van die beangste groep, word die afleiding gemaak dat die groep oor die potensiaal vir verdere persoonlikheidsontplooiing beskik. Onder die omstandighede van aanvaarding, begrip en empatie mag hierdie potensiale moontlik verwesenlik word. Indien die proefpersone se angspeil verminder kan word, sou die proses moontlik nog meer van hul potensiaal kon vrystel om hulself te kan ontplooi, ten einde hul ontwikkelingstake optimaal te kan verwerklik. Ten slotte kan die resultate selfs nuttig in die strukturering van terapie aangewend word, omdat dit om belangrike aspekte van menswees gesentreer is.

4.2.11 AKADEMIESE PRESTASIE

4.2.11.1 DIE RESULTATE EN AFLEIDINGS

Uit die resultate blyk dat daar 'n baie geringe, nie-beduidende verskil tussen die gemiddelde prestasie van die twee groepe is. Die nie-beangste groep vaar effens beter. Die volgende afleidings kan moontlik hieruit gemaak word:

- Angs oefen nie werklik 'n remmende invloed op akademiese prestasie uit nie.
- Angs mag in sommige gevalle selfs tot verhoogde akademiese motivering aanleiding gee.
- Lae angs by die nie-beangste groep mag tans bevorderlik vir akademiese prestasie wees, dog in die toekoms tot motiveringsverlaging lei.

4.2.11.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE TEN AANSIEN VAN VERWANTE BE= VINDINGE

In hierdie afdeling word twee standpunte bespreek, naamlik:

- Aansluiting van die huidige bevindinge by talle navorsingsresul= tate met betrekking tot metings van algemene angs en akademiese prestasie.
- Die invloed van gepaardgaande faktore soos leesvaardigheid, stu= diegewoontes en -houdinge en geheue.

4.2.11.2.1 AANSLUITING TUSSEN HUIDIGE BEVINDINGE EN TALLE NAVOR= SINGSRESULTATE MET BETREKKING TOT METINGS VAN ALGEMENE ANGS EN AKADEMIESE PRESTASIE

Die resultate van die huidige studie ondersteun 'n massa navorsings= bevindinge wat aantoon dat daar geen reglynige verband tussen angs en akademiese prestasie bestaan nie. Meer spesifiek is vasgestel dat metings van algemene angs (byvoorbeeld die IPAT-angsskaal) nie sulke doeltreffende voorspellers van akademiese prestasie is as die metings van spesifieke angs nie (byvoorbeeld die toetsangsskale soos die "Achievement anxiety test" van Alpert en Haber), waarin die konstrukte "debiliterende" en "fasiliterende" angs teenoor mekaar gestel word (Alpert en Haber, 1960).

Ter ondersteuning van die standpunte in verband met die geringe ver= band tussen metings van algemene angs en akademiese prestasie, word die volgende voorbeelde aangehaal uit die studie van Coetzee (1977):

- Die navorsing van Desiderato en Koskinen (1969) in verband met die korrelasie tussen angs, studiegewoontes en akademiese pres= tasie van 'n groep eerstejaardamestudente. Die steekproef is in drie vlakke van aanleg verdeel. Vir geen vlak van aanleg kon ver= skille tussen hoë algemene angs en lae algemene angsgroepe ge= vind word nie. Met betrekking tot spesifieke angs is egter ge= vind dat dames wat tellings behaal het op die ekstreme eindpunte van

die Alpert Haber-skale vir fasiliterende en debiliterende angs, beduidend ten opsigte van akademiese prestasie verskil.

- Carlson en Ryan (*in* Coetzee, a.w., p. 29) het die verband tus= sen vlakke van kognitiewe funksionering en angs (toetsangs en algemene angs) by universiteitstudente ondersoek en die volgende bevind: hoë toetsangs (maar nie algemene angs nie) het 'n nade= lige uitwerking op kognitiewe funksionering, spesifiek vir die laer vlakke van kognitiewe funksionering, dog nie vir die hoër vlakke nie.

Drie ander bevindinge, soos aangehaal deur Coetzee (a.w., p. 30):

- Macritche (1970) se bevinding dat hoë toetsangs (dit wil sê hoë spesifieke angs) 'n voordelige uitwerking op studente met 'n gemiddelde of hoë algemene vermoë het, terwyl lae angs, tot pres= tasieverhoging onder studente met 'n lae algemene vermoë lei.
- Hountras, Grady en Vraa (1970) vind ook in hul studie geen ver= band tussen algemene angs en akademiese prestasie nie.
- Spesifiek ten opsigte van onderwysstudente het Schmidt (1972) ook geen verband tussen algemene angs en akademiese prestasie gevind nie.

In sy eie studie van angs as moderatorveranderlike by die voorspel= ling van akademiese prestasie konkludeer Coetzee soos volg: "Die belangrikste enkele resultaat van die ondersoek is dat daar oor die algemeen geen beduidende reglynige verband tussen angs en uni= versiteitsprestasie (akademiese prestasie) aangetoon kon word nie" (1977, p. 117). Die afleiding uit die voorgaande is dus dat die hele kwessie van akademiese prestasie 'n besonder komplekse saak is. Minnaar kom ook na 'n indringende bespreking van die verband tussen angs en akademiese prestasie tot hierdie gevolgtrekking. Sy laat haar soos volg daaroor uit: "Dit is nie duidelik of swak prestasie en akademiese mislukking deur angs veroorsaak word of die gevolg daarvan is nie. 'n Verskeidenheid veranderlikes soos prestasie-mo= tivering, toetsomstandighede, intellektuele vermoëns en vorige aka= demiese prestasie behoort gekontroleer te word, ten einde resultate

te kan vergelyk" (Minnaar, 1977, p. 32).

4.2.11.2.2 DIE INVLOED VAN FAKTORE SOOS LEESVAARDIGHEID, STUDIE= GEWOONTES EN -HOUDINGE EN GEHEUE

Onder die veelheid van faktore wat, afgesien van angs, 'n invloed op akademiese prestasie kan uitoefen, word kortliks by die boge= noemde drie aspekte stilgestaan. Ten opsigte van leesvaardigheid is drie persone uit die beangste groep byvoorbeeld in die loop van 'n onafhanklike studie as "swak lesers" geïdentifiseer (Venter, 1980). Slegs sowat een derde van die beangste groep is egter by dié studie oor die verband tussen selfkonsep en leesdoeltreffend= heid betrek. Dit mag dus moontlik wees dat talle ander proefper= sone in die groep ook as swak lesers geïdentifiseer sou word, in= dien hulle aan die toepaslike toetsing onderwerp sou word. Die afleiding word vervolgens gemaak dat leesvaardigheid moontlik 'n bydraende faktor tot akademiese prestasie mag wees. In die ver= band haal Minnaar (1977, p. 26) byvoorbeeld vir Bachman, Green en Wirtanen (1971) aan. Genoemde outeurs meen dat veral verbale vaar= dighede, byvoorbeeld woordeskat en leesvaardigheid, 'n sterk ver= band met akademiese prestasie mag toon.

Betreffende studiegewoontes het Du Toit (soos aangehaal deur Coet= zee, 1977, p. 34) vasgestel dat algemene angs, asook toetsangs, negatief met studiegewoontes en -houdinge korreleer. Coetzee se bevindinge sluit hierby aan. Hy wys egter daarop dat studiegewoon= tes en -houdinge weer positief met universiteitsprestasie verband hou (1977, p. 117). 'n Laaste opmerking is dat die invloed van geheue ook in aanmerking geneem behoort te word in die bepaling van die invloed van angs op akademiese prestasie. Navorsing het immers getoon dat angs 'n belemmerende uitwerking op die aanleer van komplekse take het, omdat dit geheue, veral korttermyngeheue, wat 'n integrale deel van die leerproses verteenwoordig, kan be= nadeel (vergelyk Spielberger, 1972, soos aangehaal deur Coetzee (a.w., p. 32).

4.2.11.3 DIE BETEKENIS VAN DIE RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE JEUGTYDPERK

Objektiewe oorweging van die resultate uit verskillende oogpunte, mag een van twee betekenismoontlikhede aandui, naamlik

- as aanduiding van gemiddelde funksionering sonder enige nega= tiewe betekenis, en
- as aanduiding van gemiddelde funksionering, maar sonder die waarborg van volgehoue gemiddelde funksionering tydens toekoms= tige metings.

4.2.11.3.1 DIE RESULTATE AS AANDUIDING VAN GEMIDDELDE FUNKSIONE= RING SONDER ENIGE NEGATIEWE BETEKENIS

Uitgaande van die nie-beduidende verskil tussen die gemiddelde tel= lings van die twee groepe, kan die tellings van die beangste groep vertolk word as aanduiding dat hul hoër angspeil tydens toetsing, slegs 'n geringe indien enige belemmerende uitwerking op die proef= persone se akademiese funksionering gehad het. Voorts kan aange= neem word dat hierdie moontlike belemmering later moontlik heelte= mal mag verdwyn indien die proefpersone hul angs oorkom en opti= maal aan hul studies aandag kan gee. Dit mag natuurlik ook wees dat die angs 'n motiverende invloed op die proefpersone uitoefen en hul juis sterker motiveer om hard te studeer, vandaar die feit dat geen beduidende verskil in prestasie tot uiting kom nie.

4.2.11.3.2 AS AANDUIDING VAN REDELIKE AKADEMIESE FUNKSIONERING, MAAR SONDER DIE WAARBORG VAN VOLGEHOUE BEVREDIGENDE FUNKSIO= NERING TYDENS TOEKOMSTIGE METINGS

'n Alternatiewe beskouing impliseer dat die resultate toekomstige akademiese gevaar suggereer. As redes kan die volgende faktore aan= gevoer word:

- Die moontlikheid dat heersende hoë angspeile nie verlaging sal ondergaan nie.

- Die gepaardgaande moontlikheid dat proefpersone as gevolg van die onbevredigende ouer-kind-bande hul studies as beste terrein vir selfgelding en opstand teen ouerlike outoriteit mag inspan, en daardeur akademies mag misluk.

In die lig van die onsekere uitkoms in die verband, kan die volgende samevattend geformuleer word: daar is tans nie verskil in die akademiese prestasie van die twee groepe nie, dog indien akademiese werk in die toekoms omvangryker en meer kompleks word en dus hoër eise aan die beangste proefpersone stel, mag dit tot hoër angs en belemmering van akademiese doeltreffendheid aanleiding gee en pres= tasie verlaag.

## 4.3 SAMEVATTENDE INTEGRASIE

Die bevindinge van die ondersoek kan soos volg saamgevat word:

- Die resultate toon globale ooreenkomste tussen sommige aspekte van die groepe.
- Die resultate weerspieël beduidende verskille ten gunste van die nie-beangste groep.
- Die resultate beklemtoon die kwesbaarheid van die beangste groep.
- Die resultate openbaar 'n behoefte aan en potensiaal vir 'n te= rapeutiese program van angsvermindering.

Vervolgens word elk van bogenoemde aspekte kortliks bespreek.

### 4.3.1 DIE RESULTATE TOON GLOBALE OOREENKOMSTE TUSSEN SOMMIGE ASPEK= TE VAN DIE GROEPE

'n Verrassende aspek van die ondersoek is die mate waarin die groepe ooreenstem. In terme van biografiese besonderhede blyk die groepe grootliks homogeen te wees. Beduidende verskille kom slegs in drie uit die 25 veranderlikes na vore. Verder toon die resultate van die Boomtoets dat die groepe nie ten opsigte van potensieel trauma= tiese gebeure, soos byvoorbeeld siekte en sterftes, verskil nie.

Intellektueel funksioneer die groepe ook op gelyke peil. Laasge= noemde aspek mag verband hou met die nie-beduidende verskil ten op= sigte van akademiese prestasie. Ofskoon die angspeil van die twee groepe ingrypend verskil, is daar ook manifestasies van gemeenskap= like belewinge van onsekerheid. As ontluikende jeugdiges stem die groepe dus in meer as een opsig ooreen.

### 4.3.2 DIE RESULTATE WEERSPIEËL BEDUIDENDE POSITIEWE VERSKILLE TEN GUNSTE VAN DIE NIE-BEANGSTE GROEP

'n Meer prominente faset van die ondersoek is die omvang van die verskille tussen die twee groepe. Die biografiese vraelys sugge= reer reeds nuanseverskille in dié opsig dat die beangste groep minder leiersfigure op sportgebied lewer, 'n laer akademiese aspi= rasiepeil openbaar en onseker is ten opsigte van studierigting. Of= skoon daar slegs ten opsigte van hierdie drie aspekte beduidende verskille tussen die groepe gevind is, kan die spore van hoë angs reeds in dié aspekte duidelik waargeneem word. Die afleiding word naamlik gemaak dat die beangste proefpersone hulself nie optimaal in sport kan uitleef (en daarom leierskapsposisies daarin kan be= klee nie) en ook nie innerlik vry voel om hul moontlikhede optimaal in akademiese aspirasie te ontwikkel nie. Die onsekerheid as ge= volg van angs lei verder tot onsekerheid met betrekking tot hul studierigting - 'n aspek wat moontlik ook in die toekoms negatief op akademiese prestasie mag inwerk.

Die subtiele verskille soos dit in die biografiese vraelys tot ui= ting kom, word meer eksplisiet met elke volgende stel toetsresul= tate, die intelligensietoets en akademiese prestasie uitgesluit. In terme van aanpassing toon die beangste groep beduidende aandui= dings van meer problematiese aanpassing ten opsigte van persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge. Persoonlike aanpassing val uiteen in terme van beduidende aanduidings van lae eiewaarde, groter senuweeagtigheid, swakker selfbeheer en minder selfvertroue.

Die gepaardgaande bevinding in verband met swakker selfaktualise=ring bevestig die bevindinge ten opsigte van aanpassing nog verder. Uit die gegewens blyk dat die beangste groep beduidend meer sukkel om tyd konstruktief te gebruik, dat hulle in 'n beduidend mindere mate op eie kragte as die nie-beangste groep steun (Innerlike Onder=steuning) en dat hulle beduidend swakker funksioneer op al vier ge=kombineerde subskale: Waardebepaling, Interpersoonlike waarneming, Selfwaarneming en Bewussyn. Die belewingswêreld van die beangste groep is dus meer beperk, kleiner en minder lewegewend as dié van die nie-beangste groep.

Omdat die proefpersone nie op grond van hul problematiese selfbele=wing en interpersoonlike verhoudinge optimaal in hul belewingswê=reld betrokke is nie, resulteer die toestand verder in gebrekkige sinvolheidsbelewing en 'n matige depressie. Dit blyk dus dat 'n hoë angspeil 'n verskeidenheid verdere simptome tot gevolg kan hê. Geen wonder dat die beangste groep ook 'n beduidende sterker ten=dens tot verdediging openbaar nie. Die onderliggende kwesbaarheid kan klaarblyklik slegs gehanteer word deur die toepassing van ver=skeie sulke verdedigingstrategieë.

SAMEVATTEND: dit is duidelik dat hoë angs 'n sterk blokkerende, temmende invloed op die algemene funksionering van die beangste groep uitoefen, wat, indien die angs nie vanself verdwyn of afneem nie, verskeie negatiewe implikasies vir toekomstige belewinge mag inhou.

### 4.3.3 DIE RESULTATE BEKLEMTOON DIE KWESBAARHEID VAN DIE BEANGSTE GROEP

Die beduidende verskille tussen die groepe ten gunste van die nie-beangste groep openbaar nie as sodanig die diepste betekenis van die verskillende bevindinge nie. Vertolking daarvan in terme van die verskillende ontwikkelingstake van die jeugtydperk bied egter 'n duideliker beeld van die kwesbaarheid van die beangste groep. Laasgenoemde kan in terme van vier van die vyf ontwikkelingstake

aangetoon word.

Ten opsigte van die eerste ontwikkelingstaak, naamlik die vestiging van 'n eie identiteit, wil dit uit die resultate voorkom asof die beangste groep nie innerlik so vry soos die nie-beangste groep is om met oorgawe aan hul identiteitsvestiging "deel te neem" nie. Weens hul lae selfbeelde, belewing van gebrekkige sinvolheid, ma= tige depressie, ensovoorts, is die gevaar van vervreemding in ste= de van identiteitsvestiging dus wesenlik, veral indien die hoë angspeil nie verlaag nie.

Met verwysing na die tweede ontwikkelingstaak, naamlik die omlyning van sekere lewenswaardes en -oogmerke, kom daar eweneens gevaarte= kens en daadwerklike probleme na die oppervlak. Die beangste groep voel naamlik dat hulle gedrag in 'n beduidend-mindere mate met die aanvaarde samelewingsnorme ooreenstem. Die bevindinge ten opsigte van die Persoonlike Oriëntasievraelys sluit hierby aan in dié op= sig dat dit die beangste groep tipeer as minder ingestel op eie voorkeure, afkeure en behoeftes. Die afleiding is dat 'n noodsaak= like aspek van ontwikkeling, naamlik die skepping, uittoetsing en konsolidasie van waardes nie optimaal kan plaasvind nie. Die gevaar van lewensverskraling is dus wesenlik indien die proefpersone hul= self nie kan oopstel vir die optimale ontplooiing van realistiese waardes nie. Laasgenoemde is waarskynlik slegs moontlik indien die bestaande hoë angspeil verlaag kan word.

Die derde ontwikkelingstaak, naamlik die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep, impliseer ook probleme vir die beangste groep. Uit die biografiese vraelys word afgelei dat die groep beduidend meer onseker oor die keuse van hul studierigting as die nie-beangste groep is. Wat die potensiaal van die probleem vergroot, is die be= vinding dat die groep ook 'n beduidend laer akademiese aspirasiepeil openbaar. Die onmiskenbaar beperkende invloed van hoë angs is dui= delik sigbaar. Groter onsekerheid en 'n laer aspirasiepeil is waar= skynlik die oorsaak van 'n 10%-studiestaking binne die eerste vyf maande na aanvang van die akademiese jaar onder die beangste groep.

In hierdie tydperk het geen stakings onder die nie-beangste groep voorgekom nie.

Die kwesbaarheid van die beangste groep kom egter meer prominent op die terrein van interpersoonlike verhoudinge tot uiting. Die omvang van die interpersoonlike probleme wissel vanaf beduidend meer aanpassingsprobleme ten opsigte van huislike, sosiale en for= mele verhoudinge. Uit ander toetsresultate blyk dat die beangste groep beduidend minder spontaan is, en dit beduidend moeiliker vind om warm, betekenisvolle interpersoonlike verhoudinge aan te knoop. Onderliggende dinamieke in die verband wissel van 'n tendens tot selfbeskerming en verdediging tot 'n sterker geneigdheid tot intro= versie en 'n beduidend swakker behoefte aan sosialisering met lede van die teenoorgestelde geslag. Verder is die beangste groep oók beduidend meer beperk in hul vermoë tot selfuitdrukking.

Andersins blyk dat die beangste groep ook beduidend minder op hul innerlike kragte ingestel is en verkies om op ander eksterne figure gerig te wees. Dit is duidelik dat ook hierdie aspek belemmerend op spontane, egte interpersoonlike verhoudinge mag inwerk.

Uit die voorgaande blyk dat die beangste groep inderdaad besonder kwesbaar op die terrein van interpersoonlike verhoudinge is. Die isolerende invloed van hoë angspeile kan dus nie ontkom word nie. Indien die hoë angspeil nie verlaag nie, bestaan daar 'n wesenlike gevaar dat die proefpersone eerder progressief van hulself en die samelewing vervreem sal raak as dat hulle tot optimale individuasie sal groei, en daardeur ook die balans met die samelewing kan hand= haaf. Verder dui die resultate ook nie aan dat die groei van ge= nitaliteit na seksuele wederkerigheid optimaal kan plaasvind nie. Derdens bestaan die gevaar dat die verhoudinge met hul ouers te veel in die sfeer van afhanklikheid mag vassteek.

### 4.3.4 DIE ONDERSOEK OPENBAAR 'N STERK BEHOEFTE AAN EN VOLDOENDE POTENSIAAL VIR 'N TERAPEUTIESE PROGRAM

Eerstens het die behoefte aan 'n terapeutiese program gedurende die individuele toetsing aan die lig gekom. Dit was duidelik dat die proefpersone in talle gevalle terdeë van hul hoë angspeil be= wus was. Tweedens het die groep beduidende hoër tellings op die Soeke-na-Geestelike-Doelwitte-Toets behaal. Hierdie bevinding kan as aanduiding van 'n sterk motivering vir terapie vertolk word. Derdens het 25% van die groep uiteindelik 'n angsverminderingspro= gram voltooi.

Die beangste groep se potensiaal vir persoonlikheidsgroei word on= der andere uit die volgende gegewens afgelei: hul hoë angspeil wat uit eksistensieel-humanistiese perspektief as potensiële prikkel tot verdere persoonlikheidsontplooiing vertolk kan word; hul relatief goeie huislike agtergrondsomstandighede soos blyk uit biografiese gegewens; hul relatief goeie akademiese prestasie en weer eens die beduidende hoër tellings op die Soeke-na-Geestelike-Doelwitte-Toets. 'n Laaste aspek is dat die proefpersone ook relatief beskikbaar vir terapie sou wees, vanweë die feit dat die meeste van hulle koshuis= inwoners is en afstand dus nie 'n probleem hoef te wees nie.

### SLOT

Die kern van die samevattende integrasie is dat die beangste groep deurgaans as die mees kwesbare groep geïdentifiseer is. In weerwil hiervan durf die groep egter nie "afgeskryf" word nie. Die evalue= ring is aan die begin van 'n nuwe lewensfase uitgevoer; 'n tydstip waarop ontwrigting moontlik die akuutste tot uiting kom. Verder is die sfeer waarin hoë angs die ergste ontwrigting meebring, soos reeds uit die literatuur aangetoon (vergelyk 1.5.6.2), dalk die ter= rein waarop die mees beduidende persoonlikheidsverruiming kan intree. Die lewe vorentoe mag dus ook vir die beangste groep vele moontlik= hede tot vervulling en ontplooiing meebring. Hul bewuste hantering van angsbelewinge (moedige, gelowige aanpak en oorkoming van die si=

tuasie wat angs ontlok, of vreesbevange vermyding van die konfron=
tasie met angs) sal egter 'n bepalende faktor bly.

# HOOFSTUK V

# 'N TOEGEPASTE ONDERSOEK NA BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE EERSTEJAARDAME= STUDENTE MET BEHULP VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDING

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verslag gelewer oor die tweede deel van die empiriese studie. In Hoofstuk III en Hoofstuk IV is die resul= tate van die eerste deel, naamlik die klinies-psigologiese verken= ning ten aansien van psigometriese eienskappe van die beangste en nie-beangste proefpersone uiteengesit. Die huidige hoofstuk volg uit die voorgaande en verteenwoordig 'n klinies-psigologiese ver= kenning op die terrein van die terapeutiese psigologie. Dit behels naamlik twee terapeutiese programme wat op oudiopsigofonologiese op= leiding gebaseer is. In die geval van die beangste groep word die program as 'n "angsverminderingsprogram" geformuleer, en in die ge= val van die nie-beangste groep as 'n "stimuleringsprogram". Die grondslag, in terme van oudiopsigofonologiese opleiding, is egter vir beide groepe dieselfde. Die struktuur van die bespreking is ontleen aan 'n voorlopige uiteensetting (vgl. Du Plessis, 1981). Die huidige uiteensetting is egter baie meer omvattend.

## 5.2 MOTIVERING VIR DIE TOEGEPASTE TERAPEUTIESE ONDERSOEKE

Die moontlikhede vir hierdie deel van die studie het tydens die individuele toetsing van beide beangste en nie-beangste proefperso= ne ontstaan. Die oorweginge in die geval van die beangste groep was die volgende: uit gesprekke met die beangste proefpersone ty= dens hul individuele toetsing het 'n groot behoefte aan 'n kortter= mynangsverminderingsprogram geblyk. Dit sou dus die ideale geleent= heid wees om die invloed van 'n oudiopsigofonologiese opleidingspro= gram op beangste proefpersone te bepaal. Twee vorige ondersoeke is wel ten opsigte van die invloed van oudiopsigofonologie (OPF) op angsvermindering by studente uitgevoer, naamlik dié van Peché (1975)

en Lamprecht (1978). Kontrolegroepe is egter nie in hierdie studies ingesluit nie. In dié opsig sou die huidige ondersoek moontlik meer betekenisvolle resultate kon lewer, aangesien 'n kontrolegroep be= staande uit beangste proefpersone wel geïnkorporeer kon word. Ver= der sou 'n angsverminderingsprogram ook geleentheid bied om vas te stel watter mate van verandering daar in terme van 'n seleksie van psigologiese toetse uit die toetsbattery (vgl. Hoofstuk II) behaal sou word.

Die oorweginge in die geval van die nie-beangste groep was grootliks eksperimenteel bepaal. 'n Dergelike stimuleringsprogram is na on= dersoeker se wete nog nie tevore uitgevoer nie. In terme van die terapeutiese rasionale van oudiopsigofonologie (vgl. 1.7.4.2.2) sou 'n groep nie-beangste proefpersone ook uit 'n stimuleringspro= gram, geskoei op die basis van die angsverminderingsprogram (dit wil sê deur middel van gefiltreerde klank) voordeel kon behaal in terme van 'n fasilitasie van ontwikkelingspotensiaal.

## 5.3 DOELSTELLINGS VAN DIE TERAPEUTIESE PROGRAMME

### 5.3.1 DOELSTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BEANGSTE GROEP

Uiteraard is angsvermindering as primêre doelstelling gestel. Ver= der is vertrou dat 'n mate van persoonlikheidsverruiming sou plaas= vind indien die proefpersone aangemoedig sou word om hulself waar te neem, te probeer vasstel hoe "spanning" beperkend op hul lewens inwerk en bewustelik groter waagmoed in hul daaglikse lewens aan die dag te lê.

### 5.3.2 DOELSTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-BEANGSTE GROEP

In die afwesigheid van bestaande eksperimentele bevindinge van moont= like invloede van 'n sodanige stimuleringsprogram is geen spesifieke doelstellings geformuleer nie. Die program is aan die nie-beangs= te proefpersone verduidelik in terme van "'n eksperiment waarby hulle slegs sou kon baat vind, al ervaar hulle nie 'n spesifieke

probleem nie". As motivering is hulle daarop gewys dat, al sou hulle relatief goed kommunikeer, die gehoorsopleiding hulle kommu= nikasieprosesse verder sou kon bevorder.

## 5.4 SELEKSIE VAN DIE PROEFPERSONE

### 5.4.1 DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

Hierdie groep is op 'n vrywillige basis saamgestel. Die prosedure het soos volg verloop:

- Elk van die 40 lede van die beangste groep is per brief in ken= nis gestel dat hul resultate met hulle bespreek sou kon word, indien hulle dit sou verkies; en dat hulle aan 'n "ontspannings= program" sou kon deelneem, (vgl. Bylaag I, Brief 2). Reëlings vir so 'n resultaatbesprekingsgesprek is getref op grond van die proefpersone se reaksie op die inligting (vgl. Bylaag I, Brief 3).

  Tydens die bespreking van die resultate is getrag om die bevin= dinge sover moontlik met die proefpersone se eie belewinge ten aansien van angs te integreer, ten einde selfbegrip te bevorder en ook 'n klimaat van ontvanklikheid jeens die moontlikheid van 'n ontspanningsprogram te skep. Klem is geplaas op die skep= ping van positiewe, realistiese verwagtinge aangaande die pro= gram. Selfverantwoordelikheid vir die uitkoms van die program is deurgaans onderstreep.

- Uit die totaal van 40 beangste proefpersone het 17 laat blyk dat hulle graag die ontspanningsprogram sou wou volg. In 'n volgende brief is verdere besonderhede in verband met die ontspannings= program aan die proefpersone beskikbaar gestel (vgl. Bylaag I, Brief 4). Op grond van verskillende redes, waaronder siekte, temperatuurstoestande en akademiese druk het ses proefpersone hulle in die loop van die program onttrek. Elf proefpersone het die program voltooi. Tien het die hertoetsing deurloop. Die proefpersone was almal graadstuderende eerstejaardamestudente,

wat die vorige jaar gematrikuleer het.

Die beangste kontrolegroep word onder 5.6.1.3 bespreek.

5.4.2 SELEKSIE VAN DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

Hierdie groep is soos volg saamgestel: na afloop van die indivi= duele toetsing is elk van die 40 proefpersone per brief van die reëlings in verband met die bespreking van hul resultate verwit= tig en is die moontlikheid van 'n "ontspanningsprogram" ook ge= noem (vgl. Bylaag I, Brief 5). Tydens die bespreking van die re= sultate is verdere besonderhede in verband met die ontspannings-/ stimuleringsprogram verskaf. Hierna is finale reëlings in 'n ver= dere brief aan die proefpersone wat belang gestel het, verskaf (vgl. Bylaag I, Brief 6).

Sestien proefpersone het op vrywillige grondslag vir die program aangemeld. Een proefpersoon het na 'n week gestaak, omdat sy van 'n ontstellende herinnering bewus geword het en verkies het om nie verdere stimulering te ondergaan nie. 'n Ander proefpersoon het ses sessies minder as die totaal van 60 voltooi. Omdat die her= toetsing tydens die bloktyd en gedurende die aanvang van die ek= samen uitgevoer is, en hierdie proefpersoon baie bang was dat sy die eksamen sou druip, is besluit om haar nie vir die doel van her= toetsing van studietyd te ontneem nie. Sy is egter by die opvolg= toetsing betrek.

'n Kontrolegroep is nie vir die hertoetsingsprogram vir die nie-beangste eksperimentele groep saamgestel nie. Vir die motivering daarvan, vergelyk 5.6.2.3.

5.5 APPARAAT

Die belangrikste apparaat was die elektroniese oor (vgl. 1.7.4.2.2), en opnames van gefiltreerde musiek, waarna die proefpersone deur oorfone geluister het. Verder was beskikbaar: tekenpapier, pot=

lode, kleurpotlode en verf, asook 'n aantal legkaarte waarmee die proefpersone hulself tydens die luistersessies kon besig hou.

## 5.6 DIE OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDINGSPROGRAMME AAN DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE PROEFPERSONE

### 5.6.1 DIE ANGSVERMINDERINGSPROGRAM

Hierdie program is eerste toegepas en het gestrek vanaf einde Julie 1980 tot die begin van September 1980. Die komponente van die pro= gram het bestaan uit die luistersessies (oudiopsigofonologiese op= leiding) en individuele onderhoude. Die twee aspekte word kortliks bespreek.

#### 5.6.1.1 DIE LUISTERSESSIES VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE STIMULERING

Hierdie komponent het uit 60 halfuursessies van stimulering met be= hulp van gefiltreerde musiek bestaan. In terme van die fases van 'n oudiopsigofonologiese opleidingsprogram (vgl. 1.7.4.2.2) is die huidige program tot die eerste twee fases beperk. Die belangrik= ste rede was dat dit sou voorkom dat die program sõ omvangryk sou word dat dit nie meer vir die proefpersone prakties uitvoerbaar sou wees nie. Die program sou ongeveer vier na vyf weke duur. Proefpersone sou twee aande van die week vir ongeveer 3½ uur per aand aan die luistersessies deelneem. Tydens die sessies kon hulle sit en gesels, teken, verf, brei of legkaarte pak.

As gevolg van akademiese druk, spesifiek talle toetse wat in die tydperk geskryf moes word, is besluit dat die proefpersone na af= loop van die eerste twaalf sessies gedurende die res van die pro= gram sou kon begin studeer. Hierdie beslissing het ongetwyfeld aan die kwaliteit van die stimulasie afbreuk gedoen, dog ondersoeker was bevrees dat die proefpersone te beangs sou word indien hulle nie kon studeer nie en moontlik deelname aan die program sou moes staak. (Dit was blykbaar nie 'n probleem om tydens die luistersessies te studeer nie). 'n Kort pouse is elke aand gehou waartydens koffie

en tee bedien is.

Elke proefpersoon het ook die sogenaamde musiekgeboortefase deur= loop: een "lang, gemengde musiekgeboorte" en daarna twee "kort mu= siekgeboortes" (vgl. 1.7.4.2.2). Die luistersessies is afgesluit met 'n kombinasie van bandopnames van gregoriaanse gesange, en on= gefiltreerde en gefiltreerde musiek. Ondersoeker het beoog om groepsterapie ook te betrek, asook ontspanningsoefeninge. Na die eerste poging is groepsterapie laat vaar, op grond van die impli= kasies van die heterogene groep (B.A., B.Sc. en B.Pharm.-studente). Verder het die proefpersone se persoonlike situasies so gewissel as gevolg van toetse en siektes, dat dieselfde proefpersone nie elke keer in dieselfde vertrek kon luister nie, en dus nie doel= treffend aan ontspanningsoefeninge onderwerp kon word nie. Hier= benewens kon die proefpersone ook nie elke aand almal op dieselfde tydstip met die program begin nie. Slegs twee groepsontspannings= oefeninge kon toegepas word.

5.6.1.2 DIE INDIVIDUELE GESPREKSTERAPIE

Aan elke proefpersoon is minstens een keer per week 'n individuele onderhoud toegestaan. Dit is sover moontlik deur die loop van die dag onderneem, hoewel onderhoude dikwels saans tydens luisterses= sies ook ingepas is.

Die individuele onderhoude is in ooreenstemming met die volgende faktore gevoer:

- Die aard van belangrike data soos bespreek uit die resultaat= besprekingsonderhoud, wat voor die aanvang van die program plaas= gevind het.
- Die beginsels van korttermynterapie veral met betrekking tot 'n mate van direktiewe leiding (vgl. Haley, 1961).
- Die sentrale aanname van OPF, naamlik die identifikasie van "be= staanskerms" oftewel impedanse wat werklike menswees inhibeer (die integrasie tussen uiterlike persoonlikheid en innerlike wesensbelewinge beperk of versteur) en die oorkoming daarvan

(vgl. Tomatis, 1980, p. 17).

- Relevante aspekte van die psigologie van studentwees (vgl. by=voorbeeld Blaine en McArthur, 1971, asook Gerdes en Van Ede, 1981).

Terapeutiese betrokkenheid is sover moontlik afgestem op die sti=mulasie van selfstandigwording, aanvaarding van verantwoordelikheid en sterker toekomsgerigtheid, soos hierdie aspekte van toepassing was in individuele situasies en in spesifieke angsbelewinge.

Ondersoeker se eie uitgangspunt was dat die klankstimulasie aan proefpersone energie sou gee, ontspanning sou bied en psigiese ver=moëns sou mobiliseer kragtens die kortikale stimulasiemoontlikhede (vgl. Madaule, 1976, p. 9) en dat hulle op die wyse meer ontvanklik vir gepaardgaande gespreksterapie sou word - veral vir die bespre=king van gedragspatrone en kognisies waardeur angs versterk word. Proefpersone het ook gereeld terugvoer ontvang oor moontlike kon=sekwensies van hul belewinge tydens die program, byvoorbeeld dat groter blyke van kommunikasiegedrag 'n weerspieëling kon wees van spanningsvermindering. Die Luistertoets is ook in hierdie proses betrek. Weens praktiese probleme kon daar egter na afloop van die program net een verdere Luistertoets uitgevoer word.

Tydens die musiekgeboortefase is die proefpersone gewaarsku dat die klank sou verander en dat hulle tydens dié fase bedag moes wees op enige nuwe gedagtes, gevoelens of selfs fisiese sensasies wat 'n aanduiding kon wees van iets van die "geboorteproses" wat via klank geïnduseer is. Interessante insigte het ook in hierdie fase deur=gebreek.

Omdat die musiekgeboortefase na aan die einde van die program deur=loop is, het ondersoeker dit gerade geag om na afloop van die pro=gram 'n paar weeklikse onderhoude te voer, alvorens die hertoet=singsprogram onderneem is. 'n Gemiddeld van 3,1 onderhoude per proefpersoon is na afloop van die program gevoer.

### 5.6.1.3 DIE HERTOETSPROGRAM

Tien van die 11 proefpersone wat die program voltooi het, is gemiddeld sewe maande na afloop van die aanvanklike individuele toetsing hertoets. Akademiese prestasie is bepaal deur die gemiddeld van die Junie-eksamenpunte en die eindeksamenprestasie te bereken.

Die kontrolegroep is saamgestel deur alle proefpersone uit die oorspronklike beangste groep van 40 proefpersone, wat nog geen vorm van behandeling (geen angsverminderingsprogram) ontvang het nie, in kennis te stel van die moontlikheid van 'n verdere beperkte deelname. 'n Beroep op samewerking is op hulle gedoen. Twaalf proefpersone was bereid om aan die hertoetsing deel te neem.

Weens tydsprobleme is die angsskale en die Sinvolheidstoets in die geval van sommige lede van die beangste kontrolegroep in hul koshuise onder toesig van ondersoeker afgeneem. Volkome eenvormige hertoetsomstandighede het dus nie geheers nie. Ondersoeker aanvaar dat hierdie beperking moontlik die resultate kon beïnvloed, dog dat die invloed nie buitensporig groot sou wees nie.

## 5.6.2 DIE STIMULERINGSPROGRAM AAN DIE NIE-BEANGSTE PROEFPERSONE

### 5.6.2.1 DIE LUISTERSESSIES VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDING

Tegnies was hierdie program feitlik identies aan die program vir die beangste groep. Aangesien hierdie groep persone hul program van 60 sessies nog later in die akademiese jaar deurloop het, naamlik September-Oktober 1980, moes hulle vanaf die tweede aand met studie voortgaan tydens die luisterprogram.

### 5.6.2.2 DIE INDIVIDUELE ONDERHOUDE

Individuele onderhoude is ook teen 'n tempo van een per week per proefpersoon gevoer. Ofskoon die proefpersone as groep bepaald rustiger en kalmer was as dié in die angsgroep, is ondersoeker verras

deur die feit dat sommige proefpersone in hierdie groep ook met tye intense spanning ervaar het en baie emosioneel daaroor geraak het. In enkele gevalle het proefpersone, namate hulle meer van hul werklike gevoelens bewus begin word het, intens geworstel met verhoudingsprobleme, byvoorbeeld verhoudinge tot ouers wat hulle wou oorbeskerm.

5.6.2.3 DIE HERTOETSPROGRAM

Soos in die geval van die beangste proefpersone het ondersoeker dit gerade geag om na afloop van die program ruimte te laat vir enkele onderhoude. As gevolg van akademiese drukte is slegs een onderhoud per proefpersoon gevoer, voordat hertoetsing onderneem is. Die gemiddelde tydsverloop tussen die aanvanklike toetsing en hertoetsing was 7,41 maande. Weens tydsoorweginge kon 'n kontrolegroep uit die nie-beangste groep nie vir die hertoetsing saamgestel word nie. ('n Kontrolegroep is wel vir die opvolgondersoek saamgestel).

5.7 RESULTATE

5.7.1 ORIËNTERING

KOMBINASIE VAN RESULTATE EN BESPREKING

Die weergawe van die resultate in gekwantifiseerde vorm verteenwoordig 'n abstrahering van 'n besonder konkrete proses (die terapeutiese programme). Om die kwantitatiewe aspekte in perspektief te kan stel, vind die bespreking van die resultate, dit wil sê die kwalitatiewe aspekte, direk daarna plaas. Ter illustrasie van enkele essensies van die terapeutiese proses word toepaslike opmerkings deur proefpersone, asook relevante gebeure in die verloop van die proses, kortliks genoem.

STATISTIESE VERWERKINGS VAN BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE

Die statistiese manipulering van die resultate word gedoen met be=hulp van die Wilcoxon-gepaarde-range-tekentoets, 'n nie-parametrie=se tegniek wat geselekteer is op grond van die beperkte aantal proefpersone in elke groep. Die resultate word in terme van een=kantigheid uitgedruk.

## 5.7.2 DIE RESULTATE VAN DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN BEANGSTE KONTROLEGROEP

### 5.7.2.1 DIE IPAT-ANGSSKAAL

TABEL 5.1: GEMIDDELDE STIENTELLINGS VAN DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN BEANGSTE KONTROLEGROEP OP DIE IPAT-ANGSSKAAL

| Gemiddelde stientellings: Beangste eksperimentele groep | | t | Beduidendheid | Gemiddelde stientellings: Beangste kontrolegroep | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (N = 10) le toetsing | 2e toetsing | | | (N = 12) le toetsing | 2e toetsing | | |
| 8,1 | 5,8 | 5 | 5=5 : 0,01 | 7,58 | 6,58 | 8,5 | 8,5 > 8 - :- |

5.7.2.1.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Uit die resultate blyk dus dat die eksperimentele groep se angs= peil beduidend afgeneem het ($p < 0,01$). Die afleiding is dus dat die program in sy primêre doelstelling geslaag het. Versigtige vertolking van die resultate is egter noodsaaklik. Alle proefper= sone het immers 'n aantal maande tyd gehad waartydens hulle hul aanvanklike spanninge kon oorkom, afgesien van die spesifieke in= vloed van die angsverminderingsprogram. In hierdie opsig lewer die resultate van die kontrolegroep interessante data. Omdat die angs= vlak van laasgenoemde groep nie statisties-beduidend verminder het nie, toon dit dat die verlaging van angs by die beangste eksperimen= tele groep nie slegs aan die invloed van die tydperk tussen die twee toetsings toegeskryf kan word nie. Dit versterk die aanname dat die primêre bydrae tot angsvermindering aan die terapeutiese program toegeskryf behoort te word.

'n Uitstaande aspek ten opsigte van angsvermindering was dat dit by een proefpersoon tot 'n merkbare verbetering van 'n ernstige velprobleem gelei het. Die betrokke dame het gerapporteer dat haar vel gedurende en na afloop van die program in 'n veel beter toestand was as gedurende 'n hele aantal jare tot op daardie tydstip.

'n Ander belangrike aspek was dat proefpersone gedurende die pro= gram agtergekom het dat hulle vroliker en uitbundiger, en dus nie meer so depressief-geneig soos voorheen was nie. Besondere opmer= kings in die verband word gemaak na aanleiding van twee proefper= sone wat albei hul vaders verloor het. In een geval (die proefper= soon se vader is drie maande voor die aanvang van die ontspannings= program oorlede) het die dame haar gevoelsbelewing aan die einde van die program beskryf as hartseer maar nie meer as depressie nie. Sy kon dus steeds bewoë raak maar het nie meer 'n isolerende depres= sie beleef nie. In die tweede geval is die proefpersoon se vader twee jaar tevore oorlede. Ongeveer halfpad deur die program het

hierdie dame skielik haar kursus en dus die program ook gestaak. Op daardie stadium het sy egter gerapporteer dat die dood van haar vader vir haar meer werklik geword het. Trouens, sy het gemeld dat sy vir die eerste keer werklik sy dood aanvaar.

5.7.2.2 DIE STAI-ANGSSKAAL

TABEL 5.2: GEMIDDELDE TELLINGS SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP OP DIE STAI-ANGSSKAAL BEHAAL

| Faktore: | Gemiddelde tellings Beangste eksperimentele groep | | t | Beduidendheid | Gemiddelde tellings Beangste kontrolegroep | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eerste Toetsing | Tweede Toetsing | | | Eerste Toetsing | Tweede Toetsing | | |
| Trekangs | 56,3 | 51,8 | 10 | 10 < 11:0,05 | 52 | 49 | 8 | 8 < 11:0,05 |
| Gesteldheidsangs | 48,3 | 50,5 | 15 | 15 > 11: - | 50,58 | 50,57 | 28 | 28 > 14: - |

5.7.2.2.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

AFLEIDINGS MET BETREKKING TOT DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP IS:

- 'n beduidende afname in trekangs, en
- 'n geringe toename in gesteldheidsangs.

Eersgenoemde resultaat bevestig dus die bevindinge van die IPAT-angsskaal (vgl. Tabel 5.1). Die toename in gesteldheidsangs kan op interessante moontlikhede dui. Dit mag byvoorbeeld wees dat die toenemende ontsluitingsreaksie oftewel "oopgaan"-ervaring wat onder invloed van die hoë frekwensie-stimulering ingetree het, op 'n tydstip dat die groter openheid op sensoriese en emosionele vlak nog nie volkome geïntegreer is nie, tot verhoogde gesteldheidsangs aanleiding kon gee. 'n Tweede moontlikheid hou verband met 'n waarneming van Rothenberg. Hierdie skrywer merk op dat 'n terapeutiese proses groter vryheid vir 'n kliënt meebring - wat weer angs stimuleer, omdat die keersy van vryheid juis angs is. Rothenberg stel dit soos volg: "A patient is never in a state of perfect calm and repose at the end of therapy, not only because he has unresolved problems or is afraid to leave his therapist, but also because he suffers from the anxiety that is intrinsically associated with freedom, freedom to choose, freedom to live out a life which inevitably leads to death" (1972, p. 252).

Ten opsigte van die beangste kontrolegroep toon die resultate die volgende:

- 'n beduidende afname in trekangs, en
- feitlik geen verandering in gesteldheidsangs nie.

Veral eersgenoemde verandering mag daarop dui dat die proefpersone ook besig is om hul aanvanklike hoë angspeil onder beheer te kry, ofskoon dit nog nie op die IPAT-angsskaal weerspieël word nie.

5.7.2.3 DIE SINVOLHEIDSTOETS (PIL)

TABEL 5.3: TELLINGS SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP OP DIE SINVOLHEIDSTOETS BEHAAL

| Gemiddelde tellings Beangste eksperimentele groep | | t | Beduidendheid | Gemiddelde tellings Beangste kontrolegroep | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste toetsing | Hertoetsing | | | Eerste toetsing | Hertoetsing | | |
| 103,2 | 111,7 | 10 | 10<11:0,05 | 116,1 | 111,6 | 13 | 13<14:0,05 |

5.7.2.3.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die resultate toon dat die sinvolheidstellings van die beangste ek= sperimentele groep beduidend toegeneem het. Met 'n gemiddelde eind= telling van 111,7 ná die program beteken dit dat proefpersone in hierdie groep minder twyfel oor die sinvolheid van hul bestaan er= vaar as voorheen. Hulle tellings is egter steeds op die grens van sinvolheidsbelewing, aangesien tellings bo 112 as besliste aandui= ding van sinvolheidsbelewing beskou word (vergelyk Crumbaugh en Maholick, 1969). In terme van die duidelike verband tussen angs en geloofsekerheid (vergelyk 1.5.7), asook die beduidende angsver= mindering wat proefpersone ondergaan het, is dit interessant dat 'n hele aantal proefpersone melding gemaak het van groei in hul ge= loofslewe. Die afleiding dat die angsverminderingsprogram selfs op die proefpersone se religieuse sensitiwiteit 'n impak gehad het, is ook versoenbaar met die aannames aangaande OPF. Die uitgangs= punt is immers dat die hoëfrekwensiestimulasie (klanke bo 8 000 hz) die sogenaamde "geestelike sfeer" van menswees stimuleer (Tomatis, 1973, p. 16).

Ten opsigte van die kontrolegroep toon die resultate 'n beduidende afname in sinvolheidstellings. Aanvanklike tellings wat op 'n on= dubbelsinnige belewing van sinvolheid gedui het, het dus verswak, sodat die kontrolegroep nou ook in die sfeer van "twyfel" oor sin= volheid val. Die verskynsel hang waarskynlik saam met die feit dat proefpersone in hierdie groep nie 'n beduidende afname in angs er= vaar nie. Verder mag dit ook aandui dat aanvanklike aanpassings= probleme ten opsigte van die universiteits- en koshuislewe nog nie verder opgelos is nie en dat die proefpersone dus van potensieel sinvolle ervarings ontroof word.

5.7.2.4 DIE S.A.-WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL

TABEL 5.4: TELLINGS SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP OP DIE S.A.-WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL BEHAAL

| | Gemiddelde tellings Beangste eksperimen= tele groep | | t | Beduidend= heid | Gemiddelde tellings Beangste kontrole= groep | | t | Beduidend= heid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Hertoet= sing | | | Eerste toetsing | Hertoet= sing | | |
| Verbale I.K. | 110,7 | 116,4 | 11 | 11=11:0,05 | 112,8 | 114,1 | 21 | 21>14: - |
| Prestasie I.K. | 108,9 | 123,8 | 2 | 2 < 5:0,01 | 109,3 | 117,8 | 0 | 0< 7:0,01 |
| Totale I.K. | 110,5 | 121,7 | 2 | 2 < 5:0,01 | 111,7 | 116,9 | 4,5 | 4,5<10:0,01 |

5.7.2.4.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Uit die resultate blyk die volgende:

- Albei groepe manifesteer 'n beduidende toename in tellings (to= tale tellings) op die intelligensieskaal.
- Slegs die beangste eksperimentele groep behaal 'n beduidende toe= name in verbale intelligensietellings.
- Die nie-verbale tellings vir beide groepe is beduidend hoër (vgl. Tabel 5.4). Die volgende afleidings kan uit die resultate gemaak word:
- 'n Oefeneffek moet as 'n belangrike determinant van die toename in die tellings oorweeg word.
- Die geldigheid van die Wechsler staan egter ook nie bo verdenking nie (vgl. 2.3.11.7). Die toename in tellings mag dus ook aan foutfaktore in die toets self toegeskryf word.
- Die konsekwent groter toename in tellings (verbaal, nie-verbaal en totaal) van die beangste eksperimentele groep, vereis gevolglik ook versigtige vertolking. Die hipotese kan egter gestel word dat hierdie groep as gevolg van die neurologiese stimuleringseffek van oudiopsigofonologie, kognitief helderder, doeltreffender funksio= neer, en dat dié toename in die doeltreffendheid van kognitiewe funksionering in 'n sterker toename in tellings op die intelli= gensieskaal weerspieël word.

5.7.2.5 AKADEMIESE PRESTASIE

TABEL 5.5: GEMIDDELDE HALFJAAR- EN EINDEKSAMENPUNTE SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN BEANGSTE KONTROLEGROEP BEHAAL

| Beangste eksperimentele groep | | t | Beduidend= heid | Beangste kontrole groep | | t | Beduidend= heid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Juniepunt | Eindpunt | | | Juniepunt | Eindpunt | | |
| 69,1 | 68,0 | 31,5 | 31,5>8:- | 57,6 | 59,3 | 21,5 | 21,5>14:- |

5.7.2.5.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die resultate dui dus aan dat:

- die beangste eksperimentele groep hoër tellings as die kontrolegroep behaal, en dat
- die verskil egter nie groot genoeg is om beduidend te wees nie.

AFLEIDINGS: beoordeel aan hul akademiese prestasie skyn die beangste eksperimentele groep 'n hoogs gemotiveerde groep te wees, wat akademies relatief goed vaar. Die terapeutiese program het dus nie 'n kwantifiseerbare verbetering ten opsigte van akademiese prestasie meegebring nie.

5.7.2.6 DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS

TABEL 5.6: TELLINGS SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP OP DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS BEHAAL

| | Gemiddelde tellings Beangste eksperimentele groep | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Hertoetsing | | |
| Tydsbevoegdheid | 12,4 | 16,4 | 0 | 0 < 5 ,01 |
| Innerlike Ondersteuning | 66,4 | 77,9 | 0 | 0 < 5 ,01 |
| Tb + I.O. | 78,8 | 93,9 | 0 | 0 < 5 ,01 |
| Selfaktualiserende Waarde | 17,9 | 19,2 | 3 | 3 < 6 ,05 |
| Eksistensialiteit | 14,4 | 16,3 | 8,5 | 8,5> 8 - |
| Gevoelsreaksie | 13,0 | 15,8 | 0 | 0 < 3 ,01 |
| Spontaneïteit | 8,8 | 11,0 | 1,5 | 1,5< 2 ,01 |
| Selfagting | 7,6 | 11,7 | 0 | 0 < 3 ,01 |
| Selfaanvaarding | 12,5 | 13,4 | 16 | 16 > 8 - |
| Mensbeskouing | 10,8 | 11,6 | 8 | 8 > 6 - |
| Sinergie | 6,9 | 6,5 | 10 | 10 > 2 - |
| Aanvaarding van Aggressie | 13,5 | 15,5 | 8,5 | 8,5>11 ,05 |
| Kapasiteit vir Intieme Kontak | 13,7 | 16,8 | 3,5 | 3,5< 5 ,01 |

5.7.2.6.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die belangrikste afleiding uit die resultate is dat die eksperimen= tele groep 'n beduidende toename in selfaktualisering ondergaan het. Hierdie afleiding word gemaak in ooreenstemming met Damm (1972) se uitgangspunt dat die gemiddeld vir die som van die subskale Tyds= bevoegdheid en Innerlike Ondersteuning 'n oorsigtelike beeld van selfaktualisering bied.

Omdat hierdie skaal volgens Shostrom, Knapp en Knapp gesien word as 'n objektiewe aanduider van groei en positiewe geestesgesondheid (1977, p. 33), word die afleiding gemaak dat die proefpersone nie slegs simptoomverligting ondergaan het nie, maar ook in 'n positie= we sin hul graad van geestesgesondheid verhoog het. Die beduidende toename in tydsbevoegdheid dui daarop dat proefpersone meer hede= gesentreerd is en dus minder gerig is op onopgeloste probleme uit die verlede. Parallel hieraan skyn hulle ook minder gekwel te wees deur verwagtinge, vrees en geïdealiseerde doelwitte wat met die toe= koms geassosieer word. Die beduidende toename in innerlike onder= steuning impliseer dat die proefpersone in hul funksionering minder op ander gerig is en meer op hul eie innerlike prosesse, insluiten= de oortuiging en waardes steun. Dit is betekenisvol dat die toe= name in selfaktualisering ook met 'n beduidende toename in sinvol= heidstellings gepaard gaan (vgl. Tabel 5.3). Bestaande navorsing dui immers daarop dat die twee skale 'n matige korrelasie vertoon. Die huidige resultate bevestig dus bestaande bevindinge in dié ver= band (vgl. 4.2.7.2).

Ten opsigte van die oorblywende skale is die volgende bevindinge van belang:

- Selfaktualiserende Waarde:
  Beduidende verandering op hierdie skaal dui aan dat die proef= persone betekenisvolle verandering ten opsigte van waardebepaling ondergaan het: hulle rig hul lewens meer in ooreenstemming met

innerlike belewinge en eie waardes in en nie net in terme van eksterne waardes nie.

- Gevoelsreaksie en Spontaneïteit :
  In beide subskale ondergaan die proefpersone beduidende verandering ($p < ,01$). Sterker gevoelsreaksie dui op groter sensitiwiteit vir eie gevoelens en belewinge, terwyl 'n toename in spontaneïteit impliseer dat proefpersone in ruimer mate hulself begin word, dit wil sê hul ware self begin openbaar. Die proefpersone word met ander woorde meer kongruent.
- Selfagting en Selfaanvaarding:
  Resultate toon dat die proefpersone se selfagting toegeneem het, dog dat hulle hulself nie beduidend sterker aanvaar nie, ofskoon die gemiddelde tellings op die subskaal toegeneem het. Die proefpersone sukkel dus nog om hul negatiewe aspekte te aanvaar.
- Mensbeskouing en Sinergie:
  Geen beduidende verandering word op hierdie skale gemanifesteer nie. Kulturele en godsdienstige faktore mag egter 'n rol speel.
- Aanvaarding van Aggressie en Kapasiteit vir Intieme Kontak:
  Op beide skale het die proefpersone beduidende verandering in 'n positiewe rigting ondergaan. Waar genoemde skale verteenwoordigend is van interpersoonlike sensitiwiteit, aldus Shostrom, is dit dus duidelik dat proefpersone minder verdedigend en ontkennend ten opsigte van hul natuurlike aggressiewe tendense is, maar terselfdertyd ook meer geneë is tot emosioneel-warme interpersoonlike kontak. Uit hul reaksies tydens die terapeutiese program het dit ook duidelik geword dat die proefpersone geleidelik meer van hul eie innerlike belewinge begin ontsluit het (vgl. Jourard, 1974, p. 222).

Die resultate van die huidige ondersoek sluit aan by verskillende ondersoeke waarin beduidende persoonlikheidsgroei byvoorbeeld na voltooiing van 'n sensitiwiteitsopleidingsprogram bevind is. Foulds (1970) het byvoorbeeld 'n sodanige program bestaande uit nege vieruursessies op twee groepe van tien studente uitgevoer. Hertoetsing het beduidende verandering in agt van die 12 subskale

van die Persoonlike Oriëntasievraelys getoon.

SAMEVATTEND: Die proefpersone het beduidende persoonlikheidsgroei ondergaan. Hulle is gevoeliger vir hul eie belewinge, soos behoeftes, gevoelens en waardes, en ook sensitiewer vir dié van ander. Die proses het nog nie tot 'n beduidende sterker mate van selfaanvaarding gelei nie, dog vertoon 'n ontwikkeling wat daarop behoort uit te loop.

5.7.2.7 DIE BOOMTOETS

5.7.2.7.1 DOEL VAN DIE BESPREKING

Die doel van die bespreking is in hoofsaak die aantoon van kwalitatiewe veranderinge in die tekeninge, as meeganger en illustrasie van die reeds bespreekte verandering in terme van kwantitatiewe aspekte. 'n Kwantitatiewe evaluering van boomtekeninge is volgens ondersoeker tans nie bruikbaar nie. Dit kan toegeskryf word aan die beperkte aantal proefpersone wat op hierdie stadium beskikbaar was, asook aan die leemtes in die kwantifiseringsmetode soos in 4.2.4.1 uiteengesit.

Ter konkretisering van die bespreking word twee voorbeelde uit die geledere van die beangste eksperimentele en die beangste kontrolegroep ingesluit. Die seleksie is gedoen op grond van die tekeninge waarop onderskeidelik die meeste en die minste verandering ingetree het. Ondersoeker is daarvan oortuig dat hierdie aanbiedingswyse die betekenis van die boomtekeninge in die konteks van die terapeutiese program as geheel, die beste na vore kan bring. Subjektiewe faktore sou wel 'n skeeftrekking in die vertolking van die gegewens kan meebring. Die bedoeling is egter om die kwalitatiewe veranderinge in geheel aan te toon en die omvang van moontlike verwringing kan dus nie onbeperk wees nie.

5.7.2.7.2 BESPREKING VAN DIE KWALITATIEWE ASPEKTE VAN DIE TEKENINGE VAN DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

In terme van die vyf veranderlikes waarvolgens die tekeninge beoor= deel is (vgl. 4.2.4.1), asook enkele ander relevante aspekte, kan die positiewe veranderinge in die tweede stel boomtekeninge met die volgende waarnemings saamgevat word:

- Groter balans (veral 'n afname in geneigdheid na links, wat 'n afname in 'n oorbetrokkenheid by die moederpool of die verlede kan impliseer).
- 'n Afname in gevoelsverdediging ('n afname in skaduering op die stam).
- Groter stabiliteit (ontwikkeling van 'n wortelstelsel).
- Groter openheid (oop takeindpunte, groter openheid in die tak= struktuur) as aanduiding van sterker moontlikhede tot energie-uitruiling tussen die individu en die omgewing.
- Moontlike aanduidings van sterker behoeftes aan kontak (blare waar voorheen slegs takke geteken is).
- Sterker intellektuele differensiasie (groter differensiasie van takke waar voorheen slegs 'n diffuse takstruktuur geteken is).
- Aanduidings van gemakliker psigologiese vloei (byvoorbeeld vloei= ender lyne en minder hoekige takke).
- Vermindering van angs en angsverwante aanduiders, byvoorbeeld aggressie, vyandigheid, isolasie en senuweeagtigheid.
- Doeltreffender benutting van die omgewing.

Die talle aanduidings van psigiese groei op die boomtekeninge kor= releer ook met die resultate van die ander meetinstrumente (vgl. Bylaag II, Tabel 1). Dis egter nie korrek om af te lei dat die proefpersone na afloop van die terapeutiese program as persone "afgerond" en "probleemvry" is nie. Probleemareas kom steeds in talle opsigte tot uiting. Enkele hiervan sluit in: verhoudings= probleme, liggaamsbeeldprobleme, spanningsprobleme en probleme met die onmiddellike of ruimer leefwêreld. Om hierdie aspekte nader

toe te lig, word kortliks gelet op die tekeninge (en ander toets= resultate) van twee proefpersone uit die beangste eksperimentele groep, naamlik Proefpersoon A, wie se tweede boomtekening die mees= te verandering toon, en Proefpersoon B, wie se tweede boomtekening die minste verandering weerspieël.

5.7.2.7.3 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN TWEE PROEFPERSONE UIT DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

5.7.2.7.3.1 PROEFPERSOON A

Uit die proefpersoon se toetsresultate (vgl. Bylaag II, Tabel 1) blyk die volgende uitkoms van die terapeutiese program: die proef= persoon se angspeil is ietwat laer, ofskoon haar peil van gesteld= heidsangs verhoog het; haar sinvolheidsbelewing het toegeneem; selfaktualiseringspeil is hoër en telling op die intelligensie= skaal het toegeneem.

Beide tekeninge bevestig dat die proefpersoon 'n begaafde, artis= tieke persoon is (vgl. Bylaag III, Figuur 1 en 2). Uit die verloop van die terapeutiese program en uit die proefpersoon se ontwikke= lingsgeskiedenis het dit egter duidelik geword dat sy ook die di= lemma deel wat soos volg deur Jung geformuleer is: "Great gifts are the fairest, and often the most dangerous fruits on the tree of humanity. They hang on the weakest branches, which easily break" (1974, p. 208). Die verhoudingsprobleme tussen die proef= persoon en haar ouers blyk byvoorbeeld uit die volgende beskrywings van haar ouers: Moeder: "Sy is 'n goeie mens en die meeste mense hou van haar. Ons kan glad nie oor die weg kom nie en daar is 'n groot kommunikasiegaping". Vader: "Baie stil man wat sy plek in die lewe volstaan. Dieselfde kommunikasiegaping bestaan hier en ons verstaan mekaar nie".

Ofskoon die proefpersoon met behulp van die program meer oop en ontvanklik teenoor die lewe geword het (en ook ten opsigte van haar optrede tekens van groter waagmoed gemanifesteer het), is dit op=

vallend uit die tweede tekening dat sy steeds met die onopgeloste verhoudingsprobleem soos deur die afgekapte tak aan die regterkant van albei tekeninge verteenwoordig, gekonfronteer is. Die vermeng= ing van 'n artistieke benadering en moontlike angs- of depressie= tendense bemoeilik die vertolking van die skaduering in die tweede tekening. Dit dra egter steeds die potensiaal tot angs.

Moontlik juis as gevolg hiervan het die proefpersoon versoek om na afloop van die terapeutiese program met gespreksterapie voort te gaan. Die resultate van die opvolgtoetsing is ook in die resultate geïnkorporeer. Die hooffokus in die verdere terapie wat oor onge= veer nege maande gestrek het, was op die onopgeloste vader-dogter-verhouding waaruit etlike oordragsituasies in verband met ouer manspersone ontwikkel het. Die proefpersoon se insig het gaande= weg gegroei. Terapie is afgesluit met haar aankondiging dat sy gereed voel om haar "vlerke te sprei" en selfstandig aan te gaan.

5.7.2.7.3.2 PROEFPERSOON B

Uit hierdie proefpersoon se resultate blyk dat die angsverminderings= program 'n duidelike toename in die angsvlak op sowel die IPAT-angsskaal as op die gesteldheidsangsskaal van die STAI tot gevolg ge= had het. Aanduidings van 'n vermindering van trekangs is egter ook gemanifesteer. Dit is interessant dat die toename in angs ook met 'n skerp afname in sinvolheidsbelewing gepaard gaan. Ofskoon 'n toename in selfaktualiseringspeil gemanifesteer word (vgl. Bylaag II, Tabel 1), is die selfaktualiseringspeil van die proefpersoon die heel laagste van die hele proefgroep van 80 proefpersone. Bo= genoemde resultate pas op besondere wyse by die tweede boomtekening in (vgl. Bylaag III, Figuur 4). Beide tekeninge bevestig dat die proefpersoon inderdaad 'n introvertiewe persoon is.

Weinig verandering blyk uit die tweede tekening. Een positiewe as= pek is egter die opening tussen die stam en die takstruktuur wat in die eerste tekening gedeeltelik gesluit is. Die afleiding is dat

die proefpersoon na die terapeutiese program daarin slaag om meer gevoelens na die sfeer van haar bewussyn (die kognitiewe sfeer) deur te laat. Die feit dat die tweede tekening dwars op die blad=sy geteken is, weerspieël egter 'n houding van ontevredenheid met die onmiddellike of ruimer belewingswêreld (vgl. Bolander, 1977, p. 96). Hierdie feit mag verband hou met die sterk afname in sin=volheidsbelewing. Aan die einde van die terapeutiese program was die proefpersoon naamlik op godsdienstige vlak baie ongelukkig en het sy in soveel woorde laat blyk dat die lewe vir haar sinloos is.

Die skynbare verslegting van die proefpersoon se toestand kan ver=tolk word as reaksie op die bewuswording van 'n lewenswyse wat vir haar weinig vervulling kon inhou en die aanvanklike besef van on=mag om iets daaromtrent te doen. Dit is ook nodig om aan te toon dat hierdie dame 'n geskiedenis van hiperaktiwiteit as kind gehad het. Volgens haar moeder moes haar bedjie in die vloer vasgeheg word om te voorkom dat sy dit snags heen en weer ruk. Die lang geskiedenis van interpersoonlike konflik wat hieruit gespruit het, sou noodwendig 'n omvangryker terapeutiese program vereis om die proefpersoon in staat te stel om haarself van die invloed van die verlede te kon ontworstel.

Waarskynlik op grond van hierdie onbehaaglike situasie het die proef=persoon voortsetting van die terapeutiese gesprekke versoek. Aan=vanklik is op huislike verhoudinge gekonsentreer, veral op die baie negatiewe verhouding tussen die proefpersoon en haar moeder. Laas=genoemde is soos volg beskryf: "Sy word gou kwaad en raak op=vlieënd. Ek is baie lief vir haar maar word woedend as sy haar humeur nie kan beteuel nie".

Die proefpersoon het geleidelik haar verhoudinge verbeter. In die verband het sy veral betekenisvolle verhoudinge opgebou deur betrok=ke te raak by 'n godsdienstige studentegroep. Godsdiens het vir die proefpersoon besonder belangrik geword en het 'n besliste angsver=mindering tot gevolg gehad. Tydens die afsluiting van terapie was die proefpersoon op godsdienstige vlak baie aktief en sterk in

groepsverband betrokke.

5.7.2.7.4 BESPREKING VAN DIE KWALITATIEWE ASPEKTE VAN DIE TEKE= NINGE VAN DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP

Die mees opvallende waarneming is dat die prominente aspekte van die eerste tekeninge min of meer onveranderd gehandhaaf is in die tweede tekeninge. Hierdie stelling kan soos volg gemotiveer word: indikasies van trauma, byvoorbeeld afgekapte takke, aanduidings van konflik soos vergestalt in v-vormige takke, asook blokkeringe van emosionele belewinge, soos weerspieël in vernouende stamme en tak= ke, kom steeds algemeen voor. Verder vertoon tekens van isolasie ook 'n konstantheid. In ander gevalle wil dit voorkom asof intro= versiewe tendense hulle sterker manifesteer. In een geval is die vloei van emosionele energie na die sfeer van bewussyn en die kog= nitiewe funksionering meer afgesluit.

Die algemene tendense soos uit die voorgaande blyk, word verder geïllustreer met verwysing na die tekeninge (en ander toetsresul= tate) van Proefpersoon C (wie se tweede tekening die meeste ver= andering weerspieël) en Proefpersoon D (wie se tweede boomtekening die minste verandering toon).

5.7.2.7.5 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN TWEE PROEFPERSONE UIT DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP

5.7.2.7.5.1 PROEFPERSOON C

Uit die resultate blyk dat die proefpersoon oor 'n gemiddelde intel= lektuele vermoë beskik. 'n Afname in angs op beide die IPAT-angs= skaal en die gesteldheidsangsskaal van die STAI kom voor. In die trekangsskaal van laasgenoemde toon sy egter 'n toename. 'n Eienaardige verskynsel is 'n sterk afname in sinvolheidsbelewing (vgl. Bylaag II, Tabel 2). Uit die boomtekening blyk 'n totale vormverandering: weg van 'n geslote boom na een met talle oop tak= ke (vgl. Bylaag III, Figuur 5 en 6). Onder andere word afgelei dat

proefpersoon C meer ekstraversief geword het. Die wisselwerking tus= sen haar en haar omgewing skyn egter nie so gemaklik te wees nie. Die stam weerspieël tekens van angstigheid. Sy is dus verdedigend. Takke laag af aan weerskante van die stam skyn verder die beeld van trauma met betrekking tot persone van beide geslagte te verstrek. Die gebroke lyne suggereer dat senuweeagtigheid steeds 'n probleem kan wees. Ofskoon die proefpersoon dus sterker ekstraversief skyn te wees, weerspieël interpersoonlike verhoudinge probleme van so 'n omvang dat dit met die aansienlike verlaging van sinvolheidsbele= wing verband mag hou. Ten slotte kan gemeld word dat die proefper= soon die eindeksamen gedruip het en haar studies daarna gestaak het.

5.7.2.7.5.2 PROEFPERSOON D

Volgens die resultate beskik die proefpersoon oor 'n gemiddelde in= tellektuele vermoë (vgl. Bylaag II, Tabel 2). Hoewel die tweede boomtekening sy basiese vorm handhaaf (vgl. Bylaag III, Figuur 7 en 8), manifesteer sy tydens die hertoetsing 'n sterk toename in angs. Laasgenoemde aspek kom nie alleen op die IPAT-angsskaal tot openba= ring nie, maar ook op die trekangsskaal van die STAI. Op die Sin= volheidstoets is daar ook 'n aansienlike afname in die telling. Die samehang tussen hoë angs en die boomtekening mag moontlik soos volg wees: gevoelens van sosiale isolasie (soos moontlik weerspieël deur die "bult" waarop die tekening geplaas is), asook die dubbele wande van die stam en die gebroke lyne van die omranding. Omdat die her= toetsing tydens die eksamen plaasgevind het, mag die hoë angspeil 'n uitvloeisel daarvan wees. Die toename in trekangs impliseer egter dat meer as net momentele faktore die hoë angspeil in die hand werk.

SAMEVATTEND: die resultate van die boomtekeninge sluit in die breë aan en is versoenbaar met die resultate van die bespreekte toetse. Verder openbaar die tekeninge ook op konkrete wyse waar elke proef= persoon ten tyde van die hertoetsing staan in terme van selfont= plooiing en selfbelewing.

5.7.2.7.6 DIE ANGSVERMINDERINGSPROGRAM IN PERSPEKTIEF

Die relevante aspekte ten aansien van die program kan aan die hand van die volgende stellinge verduidelik word:

- Die program lewer betekenisvolle veranderinge dog noodsaak 'n ewewigtige vertolking daarvan.
- Onduidelikheid met betrekking tot die relatiewe bydrae van elke komponent van die program onderstreep die behoefte aan verdere navorsing.

5.7.2.7.6.1 DIE PROGRAM LEWER BETEKENISVOLLE VERANDERINGE DOG NOODSAAK EWEWIGTIGE VERTOLKING DAARVAN

Die kernbevinding van die program is dat angs beduidend afgeneem het. Die bevinding geld die resultaat van twee onafhanklike angs=skale. Verder is die bevinding ook deur verbale opmerkings van proefpersone bevestig. In terme van die primêre doelstelling kan die program dus as 'n doeltreffende korttermynangsverminderingstra=tegie beskou word. Dat die angsvermindering met toename in self=aktualisering en sinvolheidsbelewing gepaard gaan, sonder dat die meegaande terapeutiese onderhoude eksplisiet op die waardes onder=liggend aan sinvolheidsbelewing of selfaktualisering gerig was, skep verder die indruk dat die program as 'n voortreflike breë=spektrumbenadering beskou kan word. Verder moet in gedagte gehou word dat die proefpersone vir die grootste gedeelte van die pro=gram hul studies aktief tydens die luistersessies voortgesit het en dus nie vir die volle tydperk van 30 uur slegs met die program gemoeid was nie.

Die resultate moet egter in perspektief geplaas word. Eerstens, omdat slegs 11 van die 17 proefpersone wat aanvanklik daarmee be=gin het, die program volledig deurloop het en slegs 10 proefpersone die hertoetsing voltooi het. Verskillende verklaringe kan hiervoor aangebied word. Die tydstip waarop die program gevolg is, was 'n akademiese druk tydperk waartydens etlike toetse geskryf moes word.

Verder was dit die koudste deel van die jaar en het talle proefper= sone siek geword en omdat hulle akademies agter begin raak het, wou hulle nie verdere risiko's loop deur aan die program ook deel te neem nie. Nogtans mag die volgende opmerking van Burton in verband met kliënte wat terapie nie voltooi nie, hoogs ter sake wees: "We ignore the patients who come once, twice, or thrice and fail to re= turn, as not in the experiment. But they are our failures" (1976b, p. xiv).

Tweedens blyk dit dat 20% van die eksperimentele groep na afloop van die program steeds terapeutiese hulp versoek het. Die aflei= ding kan dus gemaak word dat angsvermindering as sodanig nie veel= seggend hoef te wees nie. In die verband verdien 'n ander opmerking van Burton aandag: "To reduce anxiety is no great feat; to in= still meaning and purpose to existence around that anxiety is a con= siderable achievement" (1976a, p. 148).

5.7.2.7.6.2 ONDUIDELIKHEID MET BETREKKING TOT DIE RELATIEWE BYDRAE VAN ELKE KOMPONENT VAN DIE PROGRAM ONDERSTREEP DIE BE= HOEFTE AAN VERDERE NAVORSING

Uit wetenskaplike oogpunt is daar talle onsekerhede oor die bydrae tot verandering wat deur die verskillende aspekte van die program gelewer is. Voorbeelde:

- Die invloed van tyd wat sedert die aanvanklike toetsing verloop het en waarin daar spontane aanpassings gedoen kon word wat ook op die resultate betrekking mag hê.
- Die invloed van die terapeutiese onderhoude in vergelyking met die luistersessies.
- Die invloed van sosiale faktore en groepsvorming wat in mindere of meerdere mate spontaan gedurende die program ingetree het.
- Moontlike plasebo-effekte spruitende uit die aandag wat indivi= dueel aan proefpersone bestee is.
- Die suggestie-effek van die elektroniese apparaat.

Hoewel die program in sy geheel dus bemoedigende resultate lewer, moet onderstreep word dat verdere navorsing noodsaaklik is ten ein= de bestaande onsekerhede uit te skakel.

### 5.7.3 RESULTATE EN BESPREKING TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-BEANGSTE GROEP

#### 5.7.3.1 DIE STAI-ANGSSKAAL

TABEL 5.7: TELLINGS SOOS DEUR DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP OP DIE STAI-ANGSSKAAL BEHAAL

| | Nie-beangste eksperimentele groep | | t | Beduidend= heid |
|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Hertoet= sing | | |
| a. Trekangs | 46,86 | 44,79 | 24 | 24>14: - |
| b. Gesteldheids= angs | 52,6 | 49,6 | 9 | 9<10:0,01 |

##### 5.7.3.1.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Uit die resultate blyk die volgende bevindinge:

- Die tellings vir beide trek- en gesteldheidsangs toon 'n afname.
- Gesteldheidsangs het beduidend afgeneem.

AFLEIDINGS:

Die beduidende afname in gesteldheidsangs openbaar dat selfs die sogenaamde nie-beangste groep wel 'n sodanige gesteldheidsangsvlak be= leef, dat dit deur middel van 'n terapeutiese program soortgelyk aan die angsverminderingsprogram, beduidend verminder kan word.
Die nie-beduidende vermindering ten opsigte van trekangs kan waar= skynlik toegeskryf word aan die feit dat hierdie telling veel laer was as in die geval van die beangste eksperimentele groep (46,9 en

56,3 onderskeidelik).

Relatief hoë gesteldheidsangspeile het wel gedurende die stimuleringsprogram by individuele proefpersone voorgekom - veral by diegene wat tydens die program tot nuwe insigte gekom het met betrekking tot hinderlike faktore soos oorbeskermende tendense in hul ouers of die vrees vir akademiese mislukking.

5.7.3.2 DIE S.A.-WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL

TABEL 5.8: GEMIDDELDE TELLINGS SOOS DEUR DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP OP DIE S.A.-WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL BEHAAL

| | Nie-beangste eksperimentele groep | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Hertoetsing | | |
| Verbale I.K. | 112,4 | 116,1 | 20,5 | 20,5 < 21:0,05 |
| Prestasie I.K. | 111,6 | 123,1 | 9 | 9 < 13:0,01 |
| Totale I.K. | 112,8 | 121,0 | 10,5 | 10,5 < 13:0,01 |

5.7.3.2.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die resultate toon dat die proefpersone 'n beduidende toename in tellings ondergaan het (ten opsigte van verbale, nie-verbale en totale I.K.-tellings). Aangesien 'n kontrolegroep nie geïnkorporeer is nie, kan slegs beperkte betekenis aan die resultate geheg word. Soos in die geval van die twee beangste groepe kan die toename in die tellings ook vertolk word in terme van 'n kombinasie van 'n oefeneffek, 'n moontlike foutfaktor as gevolg van die bevraagtekenbare betroubaarheid en geldigheid van die S.A.-Wechslerskaal, en moontlik ook as gevolg van die neurologiese stimuleringseffek van oudiopsigofonologie.

### 5.7.3.3 DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS

TABEL 5.9: TELLINGS SOOS DEUR DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP OP DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS BEHAAL

| Subskale | Nie-beangste eksperi= mentele groep | | t | Beduidend= heid |
|---|---|---|---|---|
| | Gemiddelde tellings | | | |
| | Eerste toetsing | Hertoet= sing | | |
| Tydsbevoegdheid | 16,29 | 18,64 | 6 | 6 < 10:,01 |
| Innerlike Ondersteu= ning | 74,21 | 79,64 | 24 | 24 > 21: - |
| Tydsbevoegdheid + I.O. | 90,5 | 98,14 | 20 | 20 < 26:,05 |
| Selfaktualiserende Waarde | 19,93 | 20,93 | 10,5 | 10,5 < 14:,05 |
| Eksistensialiteit | 15,1 | 16,7 | 24 | 24 > 21: - |
| Gevoelsreaksie | 12,71 | 14,43 | 10 | 10 < 14:,05 |
| Spontaneïteit | 10,71 | 12,07 | 12 | 12 < 14:,05 |
| Selfagting | 12,14 | 13,5 | 7,5 | 7,5 < 8:,05 |
| Selfaanvaarding | 13,85 | 14,14 | 44 | 44 > 21: - |
| Mensbeskouing | 11,92 | 11,85 | 31 | 31 > 14: - |
| Sinergie | 6,71 | 6,85 | 9,5 | 9,5 > 2: - |
| Aanvaarding van Aggres= sie | 13,35 | 14,71 | 17 | 17 > 14: - |
| Kapasiteit tot Intieme Kontak | 15,64 | 17,21 | 19,5 | 19,5 > 17: - |

#### 5.7.3.3.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die som van die gemiddelde tellings vir tydsbevoegdheid en innerli= ke ondersteuning is beduidend hoër ($p < ,05$). Hieruit word afgelei dat die proefpersone se selfaktualiseringspeil ook beduidend toe= geneem het. Proefpersone in hierdie groep se persoonlike groei is dus beduidend deur die stimuleringsprogram bevorder. Vervolgens word kortliks gelet op die resultate vir die verskillende subskale:

- Tydsbevoegdheid:
  Hierdie skaal toon 'n beduidende toename ($p < ,01$). Soos die be= angste eksperimentele groep is hierdie groep dus ook meer tyds= bevoeg, dit wil sê meer hede-georiënteer en ervaar die proefper= sone dus minder kwellinge deur onopgeloste probleme uit die ver= lede of bekommernis en spanning ten opsigte van die toekoms. Een proefpersoon in hierdie groep stel haar groter rustigheid soos volg:
  "Ek voel meer ontspanne. Ek kan meer vir 'n grap lag. Ek is rustig met my hande. My skouers trek nie meer baie saam nie". Voorts sê sy: "Ek voel of ek meer 'go' het om vir iets te gaan".
- Innerlike Ondersteuning:
  Geen beduidende verandering word op dié skaal gemanifesteer nie. Dit is waarskynlik omdat die proefpersone in elk geval 'n ster= ker mate van innerlike ondersteuning ervaar het as die beangste eksperimentele groep.
- Selfaktualiseringswaarde en Eksistensialiteit:
  Uit die resultate blyk dat die proefpersone nader beweeg aan die waardebepalingswyses van selfaktualiserende persone, dog nie buigbaarder geword het nie - waarskynlik omdat hulle in elk ge= val nie onbuigbaar was nie.
- Gevoelsreaksie en Spontaneïteit:
  Op beide skale is daar 'n beduidende reaksie: die proefpersone word dus nog gevoeliger vir hul innerlike belewinge en gevoelens en ook meer spontaan in hul gevoelsuitinge. Tydens die opvolg= toetsing het proefpersone ook talle voorbeelde aangehaal wat 'n groter mate van spontaneïteit weerspieël. Enkele aspekte is onder andere die volgende uitlatings:

  > "Ek voel nie meer so vasgedruk nie. Ek voel ek kan reguit vir mense sê as iets my pla".
  > "Ek voel vryer om eerlik te praat".

Uiteraard sou die groter spontaneïteit met sterk vreugdebelewinge gepaard gaan. Een proefpersoon beweer in die verband dat sy "baie vroliker" voel as voorheen. 'n Ander het verklaar dat sy gelag het nadat sy verneem het dat sy 'n toets gedruip het, terwyl sy vroeër

sou huil.

- Selfagting en Selfaanvaarding:
  Soos by die beangste groep word slegs op eersgenoemde skaal be=duidende verandering gemanifesteer. Die proefpersone hou dus meer van hulself op grond van hul "sterk" punte. Nie-verandering ten opsigte van selfaanvaarding dui waarskynlik ook daarop dat die proefpersone in elk geval nie met selfaanvaarding worstel nie.
- Mensbeskouing en Sinergie:
  Geen beduidende verandering is op hierdie skale, verteenwoordi=gend van bewussyn ("awareness"), gemanifesteer nie. In sommige gevalle het die proefpersone se optrede tydens en na die program egter onmisbaar op ingrypende bewussynsveranderinge gedui. So verklaar een proefpersoon byvoorbeeld die volgende:

  "Ek het altyd gedink ek is vet en sal niemand prikkel nie. Nou is dit anders; ek besef as ek in ander belang stel, sal hulle ook in my belang stel".
- Aanvaarding van Aggressie en Kapasiteit vir Intieme Kontak:
  Verskille in 'n positiewe rigting word aangetref, dog bereik nie beduidendheid nie. Individuele reaksies bevestig egter dat 'n pro=ses van verandering ten opsigte van interpersoonlike waarneming aan die gang is.

5.7.3.4 DIE BOOMTOETS

5.7.3.4.1 BESPREKING VAN KWALITATIEWE ASPEKTE VAN TEKENINGE VAN DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

Veranderinge in die tekeninge kom oor 'n verrassend wye spektrum voor. Die verandering met die hoogste frekwensie is die produksie van 'n wilgerboom tydens hertoetsing (in drie uit die veertien gevalle). Die afleiding is dat hierdie proefpersone bewustelik begin het om in=vloede van die verlede, wat vir hulle 'n onaangename "binding" mee=gebring het, af te skud (vgl. Bolander, 1977, p. 120). Ander ten=dense sluit in: 'n afname in tekens van angs (selfs by die sogenaam=de nie-beangste groep); toenemende aanduidings van bewussynsverrui=

ming; groter gewilligheid tot opname van emosie in die sfeer van die bewussyn. In een geval dui die tweede tekening aan dat aanvanklike gevoelens van ontevredenheid met die onmiddellike of ruimer bele=wingswêreld verdwyn het. In die geval van 'n proefpersoon wie se ouers geskei is, het die tweede tekening opvallend minder tekens van vyandigheid bevat. Die tekening suggereer ook 'n sterker be=hoefte aan kontak - 'n aanduiding wat ook met die resultate van die Persoonlike Oriëntasievraelys ooreenstem.

Die spektrum van verandering word verder geïllustreer met verwysing na die boomtekeninge en toetstellings van twee proefpersone uit die nie-beangste eksperimentele groep wie se tekeninge onderskeidelik die meeste (vgl. Proefpersoon E, Figure 9 en 10) en die minste (vgl. Proefpersoon F, Figure 11 en 12) verandering weerspieël.

### 5.7.3.4.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN TWEE PROEFPERSONE UIT DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

#### 5.7.3.4.2.1 PROEFPERSOON E

By hierdie proefpersoon se tweede boomtekening kom ingrypende ver=skille voor (vgl. Bylaag III, Figure 9 en 10). Die lang regop stam en relatiewe klein kroon is vervang met 'n boom waarvan die takke in verskillende rigtings versprei is. Laasgenoemde mag op 'n omvangryke bewussynsverruiming dui. Op 'n ander vlak mag dit 'n sterker toekomsgerigtheid en meer kontak met die omgewing sug=gereer. Daar is egter aanduidings dat die proefpersoon steeds ver=dedigend ten opsigte van die belewing van die verlede, asook van vroulikheid, staan. Hierdie aspek hou goed met die proefpersoon se huislike belewing verband. Haar vader, aan wie sy besonder geheg was, is dertien jaar gelede oorlede en na haar moeder se tweede huwelik het sy nie 'n goeie verhouding met die stiefvader gehad nie.

Ander resultate: 'n afname in trekangs, 'n toename in sinvolheids=belewing asook 'n baie groot toename in selfaktualiseringspeil (vgl. Bylaag II, Tabel 3). Die geldigheid van laasgenoemde resul=

taat kan bevraagteken word vanweë die omvang van die verandering. Dit moet egter vermeld word dat die proefpersoon tydens die pro=gram vir die eerste keer die dood van haar vader met 'n ander lid van die groep wie se vader ook oorlede is, kon bespreek. Sy het vertel dat die gesprekke vir haar baie beteken het. Verder is sy ook na 'n spraakterapeut verwys, omdat sy die "s"-klank nie behoor=lik kon artikuleer nie. In talle opsigte het hierdie proefpersoon dus haar kommunikasie merkbaar verbeter.

5.7.3.4.2.2 PROEFPERSOON F

In die geval van hierdie proefpersoon is daar slegs subtiele ver=skille tussen die twee boomtekeninge. Die vorm is basies dieselfde. Verskille kom egter voor ten opsigte van die volgende aspekte:

- Groter aanvaarding van instinktuele aspekte soos seksualiteit en aggressie in die sfeer van die emosionele.
- 'n Sterker deurvloei van emosionele energie na die intellektueel-geestelike sfeer.
- 'n Beter benutting van sowel die omgewing as van die ontwikke=ling van die meer praktiese aspekte van die persoonlikheid (vgl. Bylaag III, Figure 11 en 12).

Op die ander psigologiese toetse behaal die proefpersoon die vol=gende resultate: 'n handhawing van die gesteldheids- en trekangs=peile; 'n effense afname in die tellings op die Sinvolheidstoets; 'n handhawing van die selfaktualiseringspeil (vgl. Bylaag II, Tabel 3).

Skynbaar het hierdie proefpersoon dus nie veel by die program ge=baat nie. Tydens die opvolgprogram 'n aantal maande na afloop van die hertoetsing, verklaar sy egter die volgende: "Ek het myself gevind en besef watter selfwaarde ek het. Dat ek met 'n doel hier is en ek vir ander mense iets kan beteken" (vgl. die Opvolgvraelys, vraag 20; Bylaag IV). Dit mag dus wees dat die volle impak van die

program nog nie tydens hertoetsing openlik tot uiting gekom het nie, vandaar die relatief beperkte beeld van verandering. Ook mag die resultate dalk meer veelseggend gewees het, indien 'n meetinstru= ment spesifiek vir die proses van oudiopsigofonologiese opleiding opgestel en gestandaardiseer sou kon word.

SAMEVATTING: die blyke van persoonlikheidsgroei soos op die Per= soonlike Oriëntasievraelys gemanifesteer, word dus ook op die boom= tekeninge bevestig. Die afleiding kan dus gemaak word dat groei= potensiaal inderdaad beduidend deur oudiopsigofonologiese opleiding gestimuleer is.

5.7.3.5 DIE RESULTATE VAN DIE STIMULERINGSPROGRAM IN PERSPEKTIEF

Soos met die resultate van die angsverminderingsprogram kan die uitkoms van hierdie program in terme van die volgende stellinge be= spreek word:

- Persoonlikheidsontwikkeling met behulp van oudiopsigofonologiese opleiding kan selfs in skynbaar goed-aangepaste (nie-beangste) eerstejaardamestudente gestimuleer word.
- Onsekerhede met betrekking tot die invloed van spesifieke kompo= nente van die program noodsaak verdere navorsing in hierdie ver= band.

5.7.3.5.1 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING MET BEHULP VAN OUDIOPSIGO= FONOLOGIESE OPLEIDING KAN SELFS IN SKYNBAAR GOED-AANGE= PASTE (NIE-BEANGSTE) EERSTEJAARDAMESTUDENTE GESTIMULEER WORD

Die resultate van die ondersoek was verrassend omdat ondersoeker nie sonder meer kon aanvaar dat 'n sestigsessiestimuleringsprogram 'n aanduibare toename in selfaktualisering tot gevolg sou hê nie. Dat beide die boomtekeninge, die trekangsskaal van die STAI en die Persoonlike Oriëntasievraelys aanduidings van persoonlikheidsgroei lewer, sonder dat die begeleidende terapeutiese gesprekke spesifiek

op aspekte van psigologiese groei gerig was, is dus 'n aanduiding dat die program vir die doel van persoonlikheidsgroei nuttig aan=gewend kan word.

Talle moontlikhede vir verdere navorsing lê dus in die uitkoms op=gesluit, byvoorbeeld die stimulering van groepe leiersfigure uit studentegeledere, soos huiskomiteelede, of lede van besture en ver=enigings, dit wil sê persone wat nie 'n spesifieke psigiese pro=bleem ervaar nie, maar beduidend baat kan vind by 'n stimulerings=program waardeur hul interpersoonlike vaardighede en luistervermoë verder opgeskerp kan word.

Verder mag dit die moeite loon om eksperimentele programme met groe=pe proefpersone te loods wat byvoorbeeld 'n ouer deur die dood ver=loor het, of uit gebroke huise afkomstig is. Ondersoeker aanvaar dat sulke proefpersone nie noodwendig 'n probleem sal rapporteer nie, maar nogtans in beduidende mate verligting mag ervaar indien 'n stimuleringsprogram nuwe bestaansdimensies open, waardeur die belewing van verlies in 'n ander perspektief waargeneem kan word.

5.7.3.5.2 ONSEKERHEDE MET BETREKKING TOT DIE INVLOED VAN SPESIFIEKE KOMPONENTE VAN DIE PROGRAM NOODSAAK OOK VERDERE NAVORSING IN HIERDIE VERBAND

Soos met die angsverminderingsprogram is dit ook onduidelik watter bydrae die oudiopsigofonologiese stimulering enersyds, en die tera=peutiese gesprekke andersyds, tot die manifestasie van persoonlik=heidsgroei gelewer het. In die lig van sulke onsekerhede mag ver=dere navorsing verheldering meebring en behoort opvolgstudies dus onderneem te word, ook met studente uit ander jaargroepe en moont=lik met verteenwoordigers van beide geslagte. En aangesien die po=tensiaal van die volle program nie benut is nie, behoort verdere studies verkieslik met honderdsessieprogramme te werk, ten einde die invloed daarvan te kan vergelyk.

SAMEVATTEND: Die verrassende bevindinge ten opsigte van die nie-beangste proefpersone open die moontlikheid van talle nuwe navor= singsprojekte met behulp van oudiopsigofonologiese opleiding, spe= sifiek op die terrein van die sogenaamde goedaangepaste persone uit studentegeledere.

## 5.8 DIE OPVOLGONDERSOEK

### 5.8.1 MOTIVERING

Twee kernaspekte het in die verloop van die terapeutiese programme uitgekristalliseer, naamlik die botsende eise van:

- aanvaarding, begrip en gemeenskaplikheid as voorvereiste vir psigoterapie en natuurlike persoonlikheidsgroei (vergelyk die Rogeriaanse en eksistensieel-humanistiese benadering), en
- bewuste toespitsing op sekere aspekte, byvoorbeeld spanning= simptome, ter wille van spanningsverligting en (hopelik) 'n gunstige uitkoms van die terapeutiese ondersoeke.

Hierdie konflik is akuut ervaar in terme van die teenpole van 'n gevoel van vervulling vanweë betrokkenheid by daadwerklike navor= sing en evaluering enersyds, en vertwyfeling oor die werklike po= tensiaal van die terapeutiese programme andersyds, vanweë die be= lewing van spanningsdruk wat daarmee gepaard gegaan het. Die gun= stige resultate van die hertoetsing het hierdie konflik slegs ty= delik opgehef. Gemoedsonrus oor die werklike betekenis van die skynbaar gunstige resultate het dus weer opgevlam. Die onvoltooide gestalt wat deur die terapeutiese programme meegebring is, het uit= eindelik in die volgende twee motiveringe vir 'n opvolgondersoek uitgekristalliseer:

- navorsingsgesentreerde oorweginge, en
- persoonsgesentreerde oorweginge.

Elke aspek word kortliks bespreek.

5.8.1.1 NAVORSINGSGESENTREERDE OORWEGINGE

Die belangrikste oorweging vir die voortsetting van die ondersoek was die vraag of oudiopsigofonologiese opleiding, wat 'n relatief duur behandelingstrategie is, steeds as doeltreffend beskou sou kon word indien 'n verdere evaluering van die proefpersone onder= neem sou kon word. Die onsekerheid oor die konstantheidseffek van die behandeling kon dus slegs verminder word deur die uitvoer van 'n opvolgondersoek. Teen die agtergrond van die leemtes in vorige oudiopsigofonologiese ondersoeke met beangste proefpersone (vgl. 5.2) sou 'n opvolgondersoek dus 'n unieke geleentheid tot meer be= tekenisvolle evaluering van 'n relatief nuwe behandelingstrategie, naamlik OPF bied, wat beswaarlik onbenut gelaat kon word.

5.8.1.2 PERSOONSGESENTREERDE OORWEGINGE

Die aard en omvang van die navorsingsprojek en veral die terapeu= tiese programme het by ondersoeker 'n werklike betrokkenheid ten opsigte van die proefpersone laat ontstaan (vgl. die bespreking van die samewerkingsverhouding, 2.2.3). Betrokkenheid as mens was in 'n sekere sin 'n vereiste vir die verkryging van die proefpersone se samewerking. Enkele huiwerige proefpersone wou aanvanklik weet of die projek slegs navorsing ter wille van navorsing sou wees en of hulle werklike belewinge belangrik geag sou word. Vanweë eie onsekerheid oor die werklike uitkoms van die ondersoek, het onder= soeker dus sover moontlik almal se vertroue probeer wen en na al= mal probeer deurdring ten einde 'n gevoel van aanvaarding en werk= like begrip te skep.

Hierdie kennis van die proefpersone, asook die vreugde van toeval= lige ontmoetings na afloop van die terapeutiese program en her= toetsing, het ondersoeker telkens laat wonder of die proefpersone ook na die hertoetsing hul vordering sou handhaaf; op watter vlak= ke hul die mees beduidende verandering sou ervaar, en of hulle nog met bestaande probleme sou worstel. In die lig van die relatiewe beskikbaarheid van die proefpersone (woonagtig in nabygeleë koshui=

se) het ondersoeker finaal besluit om 'n opvolgondersoek te waag ten einde antwoorde op bogenoemde vrae te verkry.

5.8.2 PROEFPERSONE

Vir die doel van die opvolgondersoek is die proefpersone in vier groepe ingedeel, naamlik:

- 'n beangste eksperimentele en 'n beangste kontrolegroep, en
- 'n nie-beangste eksperimentele en 'n nie-beangste kontrolegroep.

5.8.2.1 DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP

Hierdie groepe het bestaan uit alle proefpersone wat aan een van die twee terapeutiese programme deelgeneem het. Die proefpersone is almal per brief in kennis gestel van die opvolgondersoek en 'n appèl op finale deelname aan 'n kort opvolgtoetsprogram is gedoen (vgl. Bylaag I, Brief 7). Al tien lede van die beangste eksperimen= tele groep was tot verdere deelname bereid.

Die lede van die nie-beangste eksperimentele groep was ook almal vir verdere deelname gewillig, uitgesonderd twee dames wat aan die einde van die eerstejaar hul studies gestaak het. Een lid van die nie-beangste eksperimentele groep wat ses sessies minder as die totale program voltooi het, maar so ontsteld was oor die moontlik= heid van druiping dat sy nie tydens die hertoetsing betrek kon word nie, is ook vir die doel van die opvolgondersoek by die eksperimen= tele groep betrek. Die nie-beangste eksperimentele groep het dus uit 13 proefpersone bestaan.

5.8.2.2 DIE BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE KONTROLEGROEP

Die beangste kontrolegroep is gevorm deur proefpersone wat tydens die hertoetsprogram as kontrolegroep gedien het, in kennis te stel, asook alle ander proefpersone uit die groep van veertig beangste proefpersone, uitgesonderd diegene wat reeds 'n vorm van behande=

ling gehad het, byvoorbeeld medikasie of hospitalisasie, of wat aan die angsverminderingsprogram deelgeneem het maar dit nie voltooi het nie. Nege proefpersone was gewillig om deel te neem.

Die nie-beangste kontrolegroep is saamgestel deur alle proefpersone uit die oorspronklike groep van veertig nie-beangste proefpersone, uitgesonderd een dame wat aan die program deelgeneem maar dit nie voltooi het nie, per brief te verwittig en tot deelname uit te nooi. Elf proefpersone was bereid om deel te neem (vgl. Bylaag I, Brief 8).

### 5.8.3 DIE TOETSPROGRAM

#### TYDSDUUR TUSSEN EERSTE TOETSING EN OPVOLGTOETSING

Die gemiddelde tydsverloop vir alle proefpersone was veertien maan= de (14,3 maande). Die uitgangspunt was dat hierdie tydperk 'n re= delike grondslag vir die doel van evaluering sou bied.

#### TOETSBATTERY: SELEKSIE VAN PSIGOLOGIESE TOETSE

Om die opvolgprogram vir alle proefpersone toeganklik te kon maak, is die psigologiese toetse beperk tot die Persoonlike Oriëntasie= vraelys en die IPAT-angsskaal in die geval van die beangste eksperi= mentele en die beangste kontrolegroep. 'n Opvolgvraelys (vgl. By= laag IV) na aanleiding van die ontspannings-/stimuleringsprogram is ook in die geval van die twee eksperimentele groepe ingesluit.

Hierdie vraelys is in die Afdeling Psigofonologie van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing van die PU vir CHO ontwikkel ten einde terapeutiese vordering te kan evalueer. Enkele items is aangepas om die vraelys vir die proefpersone van toepassing te maak. Weens die omvang van die totale toetsgegewens word die inhoud van die vraelys nie sistematies uiteengesit en be= spreek nie. Slegs enkele verwysings na die inhoud daarvan word aan= gedui.

TOETSPROSEDURE

Proefpersone is individueel en in groepsverband getoets, afhangende van die tye waarop dit vir hulle geskik sou wees om aan te meld. Die toetsing is binne een week afgehandel. Omdat twee van die tien proefpersone uit die beangste eksperimentele groep na afloop van die angsverminderingsprogram op eie versoek verdere gesprekstera= pie tot ongeveer die aanvang van die opvolgprogram ontvang het, (vgl. die bespreking van proefpersone A en B 5.7.2.7.3), is afson= derlike berekeninge ten opsigte van die verskillende resultate (met ander woorde met en sonder die resultate van die twee proefper= sone) gedoen. In beide gevalle was die resultate egter beduidend. Derhalwe word die resultate van al tien proefpersone in die hierop= volgende berekeninge geïnkorporeer.

## 5.8.4 RESULTATE EN BESPREKING

### 5.8.4.1 RESULTATE EN BESPREKING TEN OPSIGTE VAN DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN BEANGSTE KONTROLEGROEP

#### 5.8.4.1.1 DIE IPAT-ANGSSKAAL

TABEL 5.10: STIENTELLINGS SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP OP DIE IPAT-ANGSSKAAL BEHAAL

| Gemiddelde stientelling Beangste eksperimentele groep (N = 10) | | t | Beduidendheid | Gemiddelde stientelling Beangste kontrolegroep N = 9) | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste toetsing | Opvolgonder=soek | | | Eerste toetsing | Opvolgonder=soek | | |
| 8,1 | 6,5 | 4 | 4 < 6:0,05 | 7,58 | 6,33 | 5 | 5 < 6:0,05 |

5.8.4.1.1.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Uit die resultate blyk die volgende:

- Beide groepe het 'n beduidende afname in angspeile ervaar.
- In vergelyking met die hertoetsing het die angspeil van die beangste eksperimentele groep vanaf 5,8 na 6,5 toegeneem (vgl. Tabelle 5.1 en 5.10).

AFLEIDINGS:

Die groepe staan dus gelyk in die opsig dat die angspeil van beide beduidend afgeneem het. Faktore wat hierin 'n rol kon speel, is onder andere die volgende: doeltreffender aanpassing by beide groepe; verruiming van lewenservaring op grond van die tydperk wat sedert die aanvanklike toetsing verloop het, waardeur angs bedui= dend kon afneem.

Met verwysing na die beangste eksperimentele groep word die aflei= ding gemaak dat hierdie groep se angspeil afgeneem het onder invloed van die angsverminderingsprogram. Die effense toename in die tel= lings sedert die hertoetsing mag moontlik die resultaat wees van die feit dat die proefpersone tydens die opvolgtoetsing met 'n toets= reeks besig was en dus op akademiese vlak gesteldheidsangs kon er= vaar wat moontlik die spesifieke reaksies op die IPAT-angsskaal kon beïnvloed (dieselfde oorweging kan egter vir die beangste kontrole= groep ook geld).

Opvallend is ook die feit dat agt uit die tien lede van die beangste eksperimentele groep spanning as 'n probleem wat steeds soms voor= kom in die Opvolgvraelys rapporteer. Die spesifieke vraag "Dit be= kommer my dat ek party dae nog gekortwiek word deur probleme soos..." ontlok ook inligting wat op die prominensie van akademiese proble= me (vyf uit die tien) en verhoudingsprobleme (drie uit die tien) dui.

Die afleiding word gemaak dat die terapeutiese program die proef=persone nie net van hul dieper spanningsprobleme bewus gemaak het nie dog ook tot groter openheid gelei het waardeur die proefpersone hulle spanninge met groter eerlikheid in die gesig kon staar. In sy geheel dui die resultate egter op 'n gedeeltelike handhawing van die resultate soos deur die terapeutiese program bewerkstellig.

5.8.4.1.2 DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS

TABEL 5.11: GEMIDDELDE TELLINGS SOOS DEUR DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN DIE BEANGSTE KONTROLEGROEP OP DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS BEHAAL

| | Gemiddelde tellings Beangste eksperimentele groep | | t | Beduidendheid | Gemiddelde tellings Beangste kontrolegroep | | t | Beduidendheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Opvolgtoetsing | | | Eerste toetsing | Opvolgtoetsing | | |
| Tydsbevoegdheid | 12,4 | 16,0 | 1 | 1 < 3:0,01 | 14,5 | 15,2 | 21 | 21 > 11: - |
| Innerlike ondersteuning | 66,4 | 77,0 | 3 | 3 < 5:0,01 | 72,9 | 74,5 | 31 | 31 > 14: - |
| Selfaktualiserende Waarde | 16,9 | 18,4 | 16,5 | 16,5 >11: - | 20,5 | 20,1 | 16,5 | 16,5 > 6: - |
| Eksistensialiteit | 14,4 | 17,4 | 12 | 12 >11: - | 16,5 | 16,1 | 29 | 29 > 14: - |
| Gevoelsreaksie | 13,0 | 15,0 | 12,5 | 12,5>11: - | 14,5 | 13,5 | 20 | 20 > 14: - |
| Spontaneïteit | 8,8 | 11,1 | 4,5 | 4,5< 8:0,05 | 10,7 | 10,9 | 25 | 25 > 14: - |
| Selfagting | 7,6 | 11,2 | 2 | 2 <11:0,01 | 10,1 | 10,5 | 17 | 17 > 8: - |
| Selfaanvaarding | 12,5 | 12,9 | 14,5 | 14,5> 6: - | 11,6 | 12,8 | 4,5 | 4,5 < 5:0,01 |
| Mensbeskouing | 10,8 | 11,4 | 20,5 | 20,5>11: - | 11,3 | 11,2 | 9 | 9 > 2: - |
| Sinergie | 6,9 | 6,9 | 12 | 12 > 6: - | 6,6 | 6,5 | 21 | 21 > 8: - |
| Aanvaarding van Aggressie | 13,5 | 16,2 | 9,5 | 9,5<11:0,05 | 14,6 | 14,5 | 26 | 26 > 11: - |
| Kapasiteit tot Intieme Kontak | 13,7 | 16,9 | 0 | 0 = 0:0,01 | 14,2 | 15,0 | 18 | 18 > 11: - |
| Tb. + I.O. | 78,8 | 93,0 | 3 | 3 < 5:0,01 | 87,36 | 89,64 | 23,5 | 23,5 > 14: - |

5.8.4.1.2.1 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die belangrikste bevinding is dat die beangste eksperimentele groep beduidende hoër tellings vir Tydsbevoegdheid, Innerlike Ondersteu= ning en vir die som van genoemde subskale behaal het (vgl. Tabel 5.11). Die posisie het egter nie beduidend ten opsigte van die beangste kontrolegroep verander nie.

AFLEIDINGS:

- Die belangrikste afleiding is dat die beangste eksperimentele groep dus sedert hul eerste toetsing 'n beduidende toename in groei ondergaan het. In teenstelling hiermee, het die beangste kontrolegroep, hulle beduidend laer angspeil ten spyt, slegs op een subskaal 'n beduidende toename getoon. In die konteks van die resultate as geheel, kan ook die beduidende verandering bevraagteken word, omdat dit moontlik 'n poging mag wees om die werklikheid gunstiger voor te stel as wat dit is (vgl. byvoor= beeld Foulds en Warehime, 1971, p. 279).
- Die invloed van die terapeutiese program kan dus nie negeer word nie. Die resultate bevestig dat die proefpersone werklik by die program baat gevind het, omdat hul selfaktualiseringspeil be= duidend toegeneem het. Ofskoon tekens van 'n insinking gekoppel mag word aan die feit dat sewe subskale van die Persoonlike Oriëntasievraelys tydens die opvolgondersoek beduidende toenames toon, terwyl nege subskale tydens die hertoetsing beduidend hoër was, is die oorsigtelike aanduiding van selfaktualiseringspeil byna identies (93,0 tydens opvolgtoetsing en 93,3 tydens die her= toetsing)(vgl. Tabelle 5.6 en 5.11).
- Word hierdie groeiproses soos dit in die tellings weerspieël word, nader bestudeer, blyk dit dat die toename in Tydsbevoegdheid en groter Innerlike Ondersteuning met manifestasies van die volgen= de gepaard gaan:
  - Groter spontaneïteit.
  - Sterker selfbevestiging op grond van die belewing van eiewaarde.
  - Verhoogde aanvaarding van eie aggressie en dus 'n afname in die

tendens tot die ontkenning of verdringing daarvan.

- Groter vermoë tot die aanknoop van warm, intieme verhoudings, sonder verwagtinge of verpligtinge.
- In terme van hoë angs as isolerende effek wat die mens op talle lewensvlakke in sy funksionering strem, blyk dit dus dat die beangste proefpersone veral beduidend ten opsigte van interpersoonlike waarneming gegroei het. Omdat hulle meer spontaan is en makliker erkenning aan skynbaar negatiewe be= lewinge soos aggressie kan verleen, is dit paradoksaal ook moontlik om warmer, intiemer verhoudinge aan te knoop.

OPSOMMEND: Beduidende groei het plaasgevind ten opsigte van die volgende dimensies: die gevoelsfeer; die sfeer van selfwaarneming en die sfeer van interpersoonlike sensitiwiteit. Die gevolgtrekking word gemaak dat die terapeutiese program as doeltreffend beskou kan word, omdat dit benewens angsreduksie, ook beduidende persoonlik= heidsgroei geaktiveer het.

5.8.4.1.3 DIE OPVOLGVRAELYS

Interessante ondersteunende data ten opsigte van die bevindinge op die Persoonlike Oriëntasieskaal blyk uit hierdie vraelys. Onder= soeker aanvaar dat die sogenaamde "demand characteristics" wat vol= gens Orne (1962, p. 783) aan enige eksperimentele situasie eie is, en wat 'n subtiele manipulerende invloed op proefpersone mag uit= oefen, ook tot die oorwegend gunstige kommentaar op die program kon meewerk. Die gegewens behoort dus nie sonder meer aanvaar te word nie.

In die konteks van die resultate as geheel kan egter aanvaar word dat die volgende aspekte waarna verwys sal word, ten minste gedeel= telik op realistiese waarnemings van die proefpersone gegrond is. Die aspekte is die volgende:

- Sewe proefpersone rapporteer dat hulle ten opsigte van kommuni= kasie die meeste baat gevind het (vgl. vraag 11 van die Vraelys)

- Nege meen dat hulle ten opsigte van motivering die meeste voor=deel behaal het (vgl. vraag 11 van die Vraelys).

Op 'n vraag oor wat proefpersone meen die program vir hulle beteken het, word onder andere die volgende gerapporteer:

- "Ek het geleer om met myself saam te leef".
- "Ek het meer spontaan geword. Ek is meer doelgerig in my optre=de. Ek het meer volwasse geword".
- "... ek het selfversekerdheid om dinge aan te pak wat ek ander=sins nie sou wou doen nie. Emosioneel voel ek dat ek myself beter kan hanteer en uitdruk. Ek loop nie meer dinge vooruit nie en aanvaar dit soos dit kom. Dinge ontstel my minder soos by=voorbeeld as iemand vir my vies is".
- "... ek kan nou sien dat dit nie vir my nodig is om 'hopeloos' en sonder doel te voel nie".
- "... ek voel nou ek hoef nie aan alle mense se eise te voldoen om myself te regverdig en uit te lewe nie. Kan al meer op my eie voete staan en besluite neem wat my toekoms raak".

Nie-beduidende verandering by die beangste kontrolegroep onderstreep dus dat angsvermindering nie met persoonlikheidsgroei, soos op die Persoonlike Oriëntasievraelys gemeet, sinoniem is nie. Ondersoeker kom dus tot die slotsom dat die terapeutiese program ten opsigte van beangste eerstejaardamestudente as doeltreffend beskou kan word. Veertien maande na afloop van die eerste toetsing toon die resul=tate beduidende groei in die beangste eksperimentele groep, terwyl die beangste kontrolegroep nie beduidend gegroei het nie.

## 5.8.4.2 RESULTATE EN BESPREKING TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN NIE-BEANGSTE KONTROLEGROEP

### 5.8.4.2.1 DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS

TABEL 5.12: GEMIDDELDE TELLINGS SOOS DEUR DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN DIE NIE-BEANGSTE KONTROLE=GROEP OP DIE PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS BEHAAL

| | Gemiddelde tellings Nie-beangste eksperi=mentele groep (N=13) | | t | Beduidend=dend | Gemiddelde tellings Nie-beangste kontro=legroep (N=11) | | t | Beduidend=dend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Opvolg=toetsing | | | Eerste toetsing | Opvolg=toetsing | | |
| Tydsbevoegdheid | 16,31 | 17,62 | 16 | 16 >14: - | 18,3 | 16,8 | 2,5 | 2,5 < 6:0,05 |
| Innerlike Ondersteu=ning | 75,77 | 84,54 | 13 | 13 =13:0,01 | 75,9 | 79,2 | 8,5 | 8,5 > 8: - |
| Tb. + I.O. | 92,08 | 102,15 | 10 | 10 =10:0,01 | 94,2 | 95,9 | 17 | 17 >11: - |
| Selfaktualiserende Waarde | 20,1 | 21,1 | 17,5 | 17,5>14: - | 19,9 | 20,9 | 16,5 | 16,5 >11: - |
| Eksistensialiteit | 15,6 | 17,6 | 19,5 | 19,5>14: - | 15,9 | 16,9 | 7 | 7 > 6: - |
| Gevoelsreaksie | 13,0 | 15,2 | 15,5 | 15,5<17:0,05 | 12,6 | 12,7 | 17,5 | 17,5 > 6: - |
| Spontaneïteit | 11,0 | 11,8 | 21 | 21 >11: - | 11,0 | 11,3 | 15 | 15 >11: - |
| Selfagting | 12,3 | 13,9 | 8 | 8 <14:0,05 | 13,2 | 13,8 | 20,5 | 20,5 >11: - |
| Selfaanvaarding | 14,3 | 16,5 | 11,5 | 11,5<14:0,05 | 14,4 | 14,5 | 26 | 26 >11: - |
| Mensbeskouing | 12,1 | 11,9 | 21 | 21 > 8: | 12,2 | 12,3 | 15,5 | 15,5 > 6: - |
| Sinergie | 6,9 | 7,2 | 14 | 14 > 6: - | 6,5 | 6,9 | 9 | 9 > 4: - |
| Aanvaarding van Aggressie | 13,5 | 15,9 | 22 | 22 >21: - | 13,2 | 13,5 | 9 | 9 > 4: - |
| Kapasiteit tot Intieme Kontak | 15,8 | 18,5 | 17,5 | 17,5<21:0,05 | 15,3 | 16,3 | 7 | 7 > 4: - |

### 5.8.4.2.1.1 RESULTATE EN BESPREKING TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-BEANGSTE EKSPERIMENTELE EN NIE-BEANGSTE KONTROLEGROEP

Uit die oorsigtelike beeld van selfaktualisering soos bepaal deur die som van die tellings vir Tydsbevoegdheid en Innerlike Onder=steuning, blyk dat die nie-beangste eksperimentele groep 'n bedui=dende toename in groei manifesteer. Die nie-beangste kontrolegroep toon ook 'n geringe styging in tellings, dog die tellings is nie be=duidend nie.

AFLEIDINGS:

- Die stimuleringsprogram het dus 'n statisties-beduidende verskil ten opsigte van die nie-beangste eksperimentele groep teweegge=bring, wat maande na die program steeds stand hou. Trouens, die aantal subskale wat tydens die hertoetsing statisties-beduidende toenames getoon het, bly tydens die opvolgtoetsing gelyk, naamlik ses. Geen subskale het egter ten opsigte van die nie-beangste kontrolegroep 'n statisties-beduidende toename getoon nie.
- Statisties-beduidende toenames in tellings toon die volgende:
  - Die eksperimentele groep ervaar 'n sterker mate van innerlike ondersteuning as tydens die aanvanklike toetsing (volgens Ta=bel 5.12 is daar 'n styging vanaf 75,77 na 84,54).
  - Die proefpersone reageer beduidend meer in terme van hul eie gevoelens, waarnemings en behoeftes.
  - Die dimensie van selfwaarneming as geheel toon 'n beduidende toename wat aandui dat die proefpersone hulself sterker aan=vaar in terme van sowel hul goeie, as hul minder goeie eien=skappe.
  - 'n Beduidende toename in die vermoë tot die aanknoop van warm, intieme verhoudinge. Hierdie aspek het nie tydens die her=toetsing beduidend verander nie. Moontlik kan dit dus as 'n verdere konsolidasie van die stimuleringsprogram vertolk word.

5.8.4.2.2 DIE OPVOLGVRAELYS

Uit die vraelys het die volgende ondersteunende aspekte ten opsigte van selfaktualisering na vore getree:

- Tien proefpersone voel dat hulle die meeste gebaat het ten opsig= te van kommunikasie,
- tien voel dat hulle veral ten opsigte van selfbegrip baat gevind het,
- ses rapporteer dat hulle ten opsigte van motivering voordeel be= haal het, en
- nege proefpersone meen dat hulle ten opsigte van die belewing van sinvolheid die meeste gebaat het.

Op 'n vraag: "Wat dink u in hierdie stadium het die program werklik vir u beteken?" het proefpersone byvoorbeeld soos volg geantwoord:

- "Ek kan eise aan myself stel en dit nakom. Ek is beslis ook meer gevoelig vir ander se probleme en stel meer belang in mensever= houdinge".
- "Dit het my vermoë om uiting aan my emosies te kan gee ontwikkel. Wanneer ek ongelukkig is, kan ek nou makliker huil indien ek so voel".
- "Ek het meer selfvertroue en haal meer uit die lewe uit. Ek is meer ontspanne en dit help dat ek makliker studeer".
- "Ek sien kans vir baie meer dinge as voorheen".
- "Dit het my gehelp om eerliker met myself te kan saamlewe - om 'n voller mens te word".
- "Dit het my baie meer selfvertroue gegee en my kommunikasiepro= bleme grootliks opgelos".

Uit die voorgaande blyk dus dat selfs dié proefpersone wat volgens hul tellings op die IPAT-angsskaal as buitengewoon gerus, flegmaties, gehard of kalm beskryf kan word (IPAT-Handleiding, 1968) beduidende veranderinge, veral ten opsigte van kommunikasie, kan ondergaan deur middel van oudiopsigofonologiese stimulering.

SAMEVATTEND: Die hipotese in verband met stimulasie van 'n begeerte tot kommunikasie as sentrale uitgangspunt van die oudiopsigofonolo= giese opleidingsprogram blyk doeltreffend te wees. Die eksperimen= tele groep toon 'n beduidende verandering ten opsigte van positiewer selfwaarneming, is meer bewus van eie gevoelens en is gevoeliger vir die aanknoop van warm, intieme verhoudinge. Dit beteken dat daar op kommunikasievlak daadwerklike aanduidings van positiewe ver= andering ingetree het, wat minstens gedeeltelik aan die invloed van die stimuleringsprogram toegeskryf kan word, aangesien die kontro= legroep wat tydens die aanvanklike toetsing op vergelykbare vlak gefunksioneer het, weinig verandering openbaar. Die resultate sug= gereer dus dat selfs die sogenaamde goed-aangepaste (nie-beangste) damestudente beduidende persoonlikheidsgroei kan ondergaan, met be= hulp van 'n stimuleringsprogram van oudiopsigofonologie.

## 5.9 DIE BETEKENIS VAN DIE ONDERSOEKE

Oorweging van die terapeutiese programme in terme van die resulta= te, die psigologiese toetse wat toegepas is, en die onderliggende prosedures, omlyn veral drie aspekte, naamlik die besef van beper= kende leemtes in die navorsingsopset, die potensiaal vir verdere ontginning van hierdie verkennende ondersoeke en die betekenisvol= heid van die ondersoeke as groei-ervaring. Hierdie drie aspekte word vervolgens in terme van die volgende stellinge bespreek:

- Die resultate suggereer primêr dat oudiopsigofonologiese oplei= ding as 'n waardevolle hulpmiddel tot die terapeutiese benadering van kwesbare (beangste) vroulike damestudente aangewend kan word.
- Die resultate dui aan dat skynbaar goed-aangepaste (nie-beangste) vroulike proefpersone ook tot beduidende persoonlikheidsverrui= ming gestimuleer kan word.
- Die geselekteerde psigologiese toetse suggereer toepaslikheid as evalueringsbronne van oudiopsigofonologiese opleiding en as grond= slae vir die ontwikkeling van fyner evalueringsinstrumente.
- Die prosedures onderliggend aan beide terapeutiese programme be= nadruk besondere leemtes en potensiaal vir verdere navorsing.

- Op subjektiewe vlak was die ondersoeke 'n betekenisvolle groei-ervaring.

5.9.1 DIE RESULTATE SUGGEREER PRIMêR DAT OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDING AS 'N WAARDEVOLLE HULPMIDDEL TOT DIE TERAPEUTIESE BENADERING VAN KWESBARE (BEANGSTE) DAMESTUDENTE AANGEWEND KAN WORD

Die belangrikste bevinding ten opsigte van die angsverminderingsprogram is dat die stimulering wel 'n angsverminderende invloed het en gepaard daarmee ook 'n persoonlikheidsverruimende uitwerking. Die resultate ten opsigte van die kontrolegroep bevestig ook dat angsvermindering nie regstreeks aan persoonlikheidsgroei gekoppel kan word nie: hoewel die kontrolegroep ook angsvermindering ervaar, het persoonlikheidsgroei nie beduidend in die groep toegeneem nie. Spesifieke voordele van die program is onder andere die volgende:

- Dit bied 'n kragtige fasilitasie vir psigoterapie waardeur probleme konstruktief verwerk kan word.
- Dit impliseer 'n voordelige struktuur omdat terapie in groepsverband onderneem kan word.
- Weens akademiese druk het die proefpersone vir die grootste gedeelte van die luistersessies aktief gestudeer: die program het dus in werklikheid minder as dertig uur geduur. Die afleiding word dus gemaak dat die program ideaal geskik is vir die doel van studenteterapie.

5.9.2 DIE RESULTATE DUI AAN DAT DIE SKYNBAAR GOED-AANGEPASTE (NIE-BEANGSTE) EERSTEJAARDAMESTUDENTE OOK TOT BEDUIDENDE PERSOONLIKHEIDSGROEI MET BEHULP VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDING GESTIMULEER KAN WORD

Bogenoemde stelling word geformuleer uit die resultate van die stimuleringsprogram. Die hertoetsing toon 'n beduidende toename in aspekte van persoonlikheidsgroei en die resultate word verder bevestig deur die uitkoms van die opvolgtoetsing.

Dat skynbaar goed-aangepaste nie-beangste proefpersone deur middel van oudiopsigofonologiese opleiding tot beduidend hoër vlakke van selfaktualisering gestimuleer kan word, en spesifiek op die vlak van interpersoonlike verhoudinge meer sensitief gemaak kan word, hou besondere moontlikhede in vir verdere navorsing van praktiese betekenis. Veral drie toepassingsterreine kan aangedui word:

- Eerstens impliseer die resultate dat interpersoonlike verhoudinge moontlik op beduidende wyse onder jeugdige leiersfigure gefasili= teer kan word in 'n tyd waarin menseverhoudinge binne eie geledere sowel as tussen volkere in Suid-Afrika noodsaaklik is. As uit= vloeisel hiervan sou navorsing met studente wat vir beroepe in mensgerigte verband voorberei word, moontlik 'n vrugbare studie= veld kon wees en 'n bydrae tot verbeterde menslike begrip kon lewer (vgl. 5.10.2).

- Tweedens toon die resultate dat potensiaalstimulering nie slegs tot gespreksverhoudinge soos dit binne die denkraamwerk van die humanistiese psigologie figureer en deur middel van sensitiwiteits= opleiding bewerkstellig word, beperk hoef te word nie. Elektro= niese apparaat kan die proses van persoonlikheidsgroei vergemak= lik omdat dit die onderliggende fisiologies-neurologiese struk= ture, verwant aan kommunikasie en selfontplooiing, stimuleer en so die betrokke persone vir terapeutiese gesprekke voorberei.

- Derdens is die bevindinge in verband met stimulering van groei= potensiaal betekenisvol omdat dit by Bybelse denke oor die taak van die Christen aansluiting vind. Die opdrag tot selfverloë= ning en die opneem van die kruis in navolging van Christus (Matteus 16:24) kan psigologies as 'n eis tot daaglikse self= transendering en verantwoordelike aanvaarding van die lewenstaak vertolk word (ofskoon dit nie tot 'n opdrag op psigologiese vlak gereduseer kan word nie). Ondersoeker is daarvan oortuig dat ou= diopsigofonologiese opleiding die mens wat dit deurloop in die ruimste sin vir die sfeer van die transendente ontvanklik maak en dus tot die aktivering van sy geesteskrag meewerk, ten einde aan sy lewenstaak uitvoering te kan gee (dit stimuleer immers groterwordende bewustheid en die moontlikheid vir verantwoorde=

like aanvaarding van die konsekwensies van die realiteit). Die resultaat is nie 'n gewaarborgde sterker godsdienstigheid nie, dog dra die moontlikheid van sterker geloofsgroei in die sin van meer lewensmoed, en 'n sterker toekomsgerigtheid, asook 'n groter ontvanklikheid vir die impak van die transendente. Ook hierdie aspek vereis egter verdere navorsing en die gebruik van toepas=like meetinstrumente.

5.9.3 DIE GESELEKTEERDE PSIGOLOGIESE TOETSE SUGGEREER TOEPASLIKHEID AS EVALUERINGSMIDDELE VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDING EN AS VERTREKPUNTE VIR DIE ONTWIKKELING VAN NOG MEER TOEPASLIKE INSTRUMENTE

Dit is verrassend dat die geselekteerde psigologiese toetse, en meer spesifiek die Sinvolheidstoets en Persoonlike Oriëntasievraelys, so nuttig in die ondersoeke aangewend kon word. Hul onderliggende ra=sionale is immers nie spesifiek ontwerp om by die uitgangspunte van oudiopsigofonologie aan te pas of daarmee eens te wees nie. Ook die resultate van die Boomtoets het verrassend illustrerend na vore ge=tree, beide kwantitatief en kwalitatief. Die toepaslikheid van meet=instrumente wat die "menslike" en waardedimensie van menswees pro=beer vergestalt, soos bogenoemde vraelyste, ontlok die vraag of 'n spesifiek oudiopsigofonologies-gefundeerde navorsingsinstrument nie op die grondslag van genoemde skale ontwerp behoort te word nie. Selfs die Opvolgvraelys mag handige suggesties vir die taak voor=sien. Verdere navorsing in die verband mag dus groter helderheid oor die spesifieke invloed van oudiopsigofonologiese opleiding ver=skaf en mag moontlik ook lig werp op die vraag wie 'n potensieel goeie kandidaat vir hierdie behandeling sou wees.

5.9.4 DIE PROSEDURES ONDERLIGGEND AAN BEIDE TERAPEUTIESE PROGRAMME BENADRUK BESONDERE LEEMTES EN BEHOEFTES AAN VERDERE NAVOR=SING

In die bespreking word die klem op metodologiese en evalueringspro=bleme geplaas. Wat eersgenoemde betref, word die betekenisvolheid

van die resultate eerstens beperk deur die feit dat slegs 'n ekspe= rimentele en kontrolegroep gebruik is en nie ook 'n aandag-plasebo-groep nie. Verdere navorsing is noodsaaklik ten einde duidelikheid oor die invloed van aandag alleen te verkry.

'n Verdere metodologiese leemte is dat die hele spektrum van fases ten opsigte van oudiopsigofonologiese opleiding nie in die tera= peutiese programme geïnkorporeer is nie. Praktiese oorweginge, naamlik die beperkte tyd wat die proefpersone aan die projek kon bestee, het tot die strukturering van slegs 'n luisterprogram gelei. Teoreties is die laaste fase, naamlik die fase van oudiovokale kon= disionering, egter die mees deurslaggewende element in die opbou van kommunikasievermoëns. Hierdie feit benadruk ook die feit dat verdere navorsing onderneem behoort te word ten einde die werklike effek van die volle program te kan evalueer.

Die rasionaal in verband met die invloed van gefiltreerde klank is ook metodologies bevraagtekenbaar. Geen navorsing is tot dusver onderneem om die aannames onderliggend aan die aspek te verifieer nie. 'n Vergelykende studie tussen verskillende groepe proefper= sone, een met gefiltreerde moederspraak en die ander met gefil= treerde musiek, sou moontlik ook duideliker aanduidinge van die impak van die spesifieke prikkel kon bied.

Wat die evalueringsprobleme betref, is die feit dat alle resultate op vraelysgegewens en persoonlike waarnemings gebaseer is (uitge= sonderd die boomtekeninge) bevraagtekenbaar, op grond van die moont= like invloed van sosiale gewenstheidsresponse. Objektiewe aandui= dinge, byvoorbeeld fisiologiese metings, sou die geldigheid van die vraelysgegewens verder kon verhoog.

Verdere bevraagtekenbare aspekte vind aansluiting by Burton (1976b, p. xiii) se aanduiding in verband met sekere "gevare" in die eva= luering van psigoterapie (en dus ook van navorsing in dié verband). Hy wys naamlik op twee irrasionele aspekte in die proses, te wete:

- die feit dat die terapeut/navorser self emosioneel in die proses betrokke is om met sy bepaalde metode positiewe resultate aan te toon, en
- dat kliënte (in dié geval proefpersone) "oortuig" word dat hulle beter voel. Hy stel dit soos volg: "Patients are 'persuaded' that they feel better and are fearful of going against the com= plex of healing forces. We condition them to approve of what we do!" (a.w., p. xiv).

In die lig van die voorgaande aspekte bly die evaluering van psigo= terapie dus 'n besondere probleem. Ondersoeker se dilemma met die huidige ondersoek vorm egter 'n onderdeel van die universele probleem van evaluering - ongeag die terapeutiese tegniek wat ge= bruik word. So skryf Kisch en Kroll (1980, p. 401) byvoorbeeld dat die vasstel van basiese maatstawe vir evaluering problematies is, en dat onderskei moet word tussen die betekenisvolheid van die proses vir die kliënt en die doeltreffendheid van die proses, aan= gesien beide aspekte nie noodwendig met dieselfde metodes geëva= lueer kan word nie. Koppel 'n mens die voorgaande met die Jungiaan= se beskouing dat psigoterapie beide 'n wetenskap en 'n kuns verteen= woordig, (vergelyk Jung 1974, p. 84) is die gevolgtrekking dat eva= luering in die huidige tydsgewrig 'n relatiewe proses bly waaroor die finale uitsluitsel nog nie gegee kan word nie.

### 5.9.5 DIE ONDERSOEK AS BETEKENISVOLLE GROEI-ERVARING

Die voorgaande oorweginge in verband met moontlike betekenisse van die projek verteenwoordig slegs een dimensie van die totale bete= kenis daarvan. Die ondersoek in sy geheel is naamlik ook as 'n be= sondere subjektiewe groei-ervaring beleef: 'n waarneming wat ook in die literatuur bevestig word. Herron en Rouslin (1982, p. 177) maak byvoorbeeld die opmerking dat navorsing oor psigoterapie 'n geleentheid tot groter begrip van die kompleksiteit van psigotera= pie bied. Nie alleen kan dit tot die doeltreffender toepassing van

terapeutiese beginsels lei nie maar ook potensiaal tot groei in die terapeut/ondersoeker fasiliteer.

Teen die agtergrond van hierdie bewering is die huidige ondersoeker se mees betekenisvolle besef (naas die verwerwing van nuwe objek=tiewe kennis) die wete dat die studie van angs ingrypende subjektie=we groeiprosesse geaktiveer het: beginnende by die belewing van eie angs, toenemende spanningsdruk vanweë die onsekerheid oor die uitkoms van die ondersoeke, die konfrontasie daarmee en die ge=leidelike gewaarwording van sterker geloofsgroei. Ondersoeker ver=trou dat hierdie proses ook in die terapeutiese praktyk tot groter gevoeligheid vir en 'n nederige gewilligheid tot opregte meelewing met beangste kliënte sal lei.

## 5.10 AANBEVELINGS

Uit die suggesties wat reeds onder 5.9 bespreek is, blyk drie interverweefde temas, naamlik kwesbare (beangste) proefpersone, nie-beangste proefpersone en die groei-stimulerende invloed van oudiopsigofonologie. Aanbevelings word derhalwe ook in terme van hierdie drie aspekte gedoen.

### 5.10.1 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN KWESBARE (BEANGSTE) STUDENTE

In terme van mensepotensiaal behoort voorsiening gemaak te word vir die vroeë identifikasie van kwesbare studente op eerstejaarsvlak, sodat hierdie persone so spoedig moontlik hulp kan ontvang, ten einde studiestaking as gevolg van akademiese mislukking te probeer beperk. Ondersoeker stel voor dat enkele toetsinstrumente op ek=sperimentele grondslag gedurende die massatoetsing aangewend word om die doeltreffendheid daarvan as siftingstoets vir kwesbare studen=te te bepaal. 'n Angs- en of depressieskaal asook die Boomteken=toets kan byvoorbeeld vir die doel uitgetoets word. Die geïdenti=fiseerde kwesbare studente behoort daarna so spoedig moontlik hulp te ontvang. Groepsprosedures soos groepsontspanningstegnieke, groepsterapie, groepsvoorligting (byvoorbeeld ten opsigte van stu=

dietegnieke en oudiopsigofonologiese stimulasie, kan in die ver= band benut en eksperimenteel geëvalueer word. Indien so 'n mul= tidimensionele hulpprogram vinnig en op na-uurse grondslag aange= wend kan word sodat dit werklik vir studente toeganklik, prakties en nuttig is, kan dit 'n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling van mannekragpotensiaal lewer.

Ondersoeke soortgelyk aan die huidige psigometriese studie behoort met manlike eerstejaarstudente onderneem te word, ten einde die dupliseerbaarheid van die resultate ten opsigte van beangste en nie-beangste manlike studente te bepaal.

5.10.2 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN NIE-BEANGSTE STUDENTE

In terme van die groeipsigologie en die stimulasie van ontwikke= lingspotensiaal bied sogenaamde nie-beangste of relatief probleem= vrye studente steeds moontlikhede vir potensiaalstimulering. En= kele aanbevelinge in dié verband:

Oudiopsigofonologiese opleiding aan studente:

- van wie 'n ouer oorlede is;
- wie se ouers geskei is;
- wat nie met hul ouers 'n goeie verhouding geniet nie (byvoorbeeld voel dat hulle oorbeskerm word of emosioneel verwyderd ten op= sigte van hul ouers voel);
- wie se stiefouers vir hulle probleme skep.

Ondersoeker aanvaar dat persone in bogenoemde kategorieë nie nood= wendig probleme ervaar nie, dog moontlik deur middel van so 'n sti= muleringsprogram beduidende persoonlikheidsgroei kan ondergaan.

Hierbenewens kan soortgelyke stimuleringsprogramme op eksperimen= tele wyse aangebied word vir groepe studente wat hulself vir mensge= sentreerde beroepe voorberei, byvoorbeeld studente in die psigolo= gie, maatskaplike werk, teologie, verpleegkunde en onderwys. Ewen= eens kan groepe "slepers", verloofdes of studenteleiersfigure, by= voorbeeld koshuiskomiteelede, by sulke programme betrek word. Ek=

sperimentele ontwerpe waarin vir eksperimentele, kontrole- en aan=dag-plasebo-groepe voorsiening gemaak word, behoort sover moontlik geïmplementeer te word.

### 5.10.3 AANBEVELINGS VIR DIE BEPLANNING VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEIDINGSPROGRAMME

In die uitvoer van die voorafgenoemde aanbevelings behoort sover moontlik voorsiening gemaak te word vir programme waarin die fase van oudiovokale kondisionering ook betrek word. Sodanige program=me sou meer tyd neem, dog omdat dit die hoogste vlak van gehoors=opleiding verteenwoordig, kan verwag word dat dit ook optimale re=sultate sal lewer en die werklike potensiaal van hierdie stimule=ringswyse duideliker sal aantoon. Vergelykende studies behoort ook onderneem te word ten einde die relatiewe doeltreffendheid van verskillende tegnieke vir bepaalde probleemtoestande te bepaal, by=voorbeeld oudiopsigofonologiese opleiding teenoor gedragsterapie en "gewone" gesprekstërapie vir probleemsituasies soos byvoorbeeld depressie.

'n Aanvang kan ook gemaak word met die ontwikkeling van 'n Luister=vraelys oftewel 'n kommunikasieskaal waarvolgens die tegniek van OPF moontlik konstruktiewer geëvalueer kan word, soos byvoorbeeld die Sinvolheidstoets en Persoonlike Oriëntasievraelys as evaluerings=tegnieke vir die Frankl- en Maslow-benadering tot terapie.

## 5.11 SLOT

Die sentrale tema van die huidige studie, naamlik die dilemma van die beangste eerstejaardamestudent, toon dus dat hierdie groep persone inderdaad kwesbaar is in vergelyking met sogenaamde nie-beangste eerstejaardamestudente. Verder toon die resultate van die toegepaste ondersoek dat hierdie groep - moontlik juis as gevolg van hul hoë angs - beduidende persoonlikheidsgroei kan ondergaan deur middel van 'n oudiopsigofonologiese stimuleringsprogram waar=in angs beduidend verlaag word. Die verrassende bevinding is egter

dat ook 'n groep nie-beangste proefpersone met behulp van dieself= de tegniek tot beduidende persoonlikheidsgroei gestimuleer kan word. Die aard van die bevindinge open die weg na talle verdere navor= singsmoontlikhede.

# HOOFSTUK VI

## SAMEVATTING/SUMMARY

### 6.1 PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN HUIDIGE ONDERSOEK (HOOFSTUK I)

Die angsprobleem is tans skynbaar minder prominent as gedurende vorige dekades wat spesifiek as die "era van angs" bekend gestaan het. Die geweldige verbruik van narkotiese middele, die massa pub= likasies oor die angsvraagstuk, sowel as die noodsaaklikheid van verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing - 'n proses waardeur tradisionele sekuriteitgewende waardes aan wysiging onderhewig is - onderstreep dat die probleem van angs nóg op internasionale vlak nóg in Suid-Afrika as minder prominent beskou kan word.

Waar die jeugtydperk enersyds besondere uitdaginge aan jongmense bied, hou dit andersyds ook potensiaal tot intense angsbelewinge in, omdat dit ontwikkelingstake stel wat konflik en intensivering daarvan tot angsbelewinge kan ontlok. Teen hierdie agtergrond is die huidige studie eerstens 'n poging om deur middel van 'n psigo= metriese ondersoek die moontlike verskille tussen 'n universum beangste en 'n ewekansige steekproef nie-beangste eerstejaardame= studente na te gaan. Tweedens beoog die studie 'n toegepaste tera= peutiese ondersoek ten einde die spesifieke doeltreffendheid van 'n angsverminderingsprogram op 'n steekproef beangste proefpersone en 'n stimuleringsprogram op 'n steekproef nie-beangste proefpersone - beide met behulp van oudiopsigofonologiese opleiding, te evalueer.

### 6.2 LITERATUURSTUDIE (HOOFSTUK I)

Eerstens is die prominensie van die angsverskynsel soos dit in die teologie, die wysbegeerte, letterkunde en die psigologie figureer, kortliks aangedui. Verskillende definisies van angs is hierna be= spreek. Die gevolgtrekking is gemaak dat 'n universeel-aanvaarbare definisie nie in die huidige stadium aangebied kan word nie, op grond van die multidimensionele aard van angs. Hierna is die etimologiese

grondslae van angs verken waaruit geblyk het dat die angsverskynsel sy diepste wortel in die konflik-bedreiging-potensiële vernuwings=aspekte het.

Vervolgens is angs ten aansien van verwante verskynsels, insluitende vrees, depressie, skuld, spanning en spanningsdruk, sinvolheid, per=soonlikheidsontwikkeling en geloof bespreek. As uitvloeisel van die bespreking is die neurofisiologie en biochemie van angs ook in die bespreking betrek, asook enkele resente benaderinge tot die angsvraag=stuk. Betreffende eersgenoemde het voorts geblyk dat angs 'n kom=plekse kombinasie van verskillende emosies is en dat die manifestasie en verwerking daarvan op fisiologiese en biochemiese vlak nie enkel=voudig is nie. Voorts blyk dat angs gekenmerk word deur sowel ergo=tropies-simpaties-adreno-kortikale aktiwiteit, as trofotropies-para=simpaties-adrenomedullare aktiwiteit. Wanneer hierdie antagonistiese sisteme gelyktydig ontlaai, dui dit 'n afbraak in hul normale resipro=kale verhoudinge aan. Laasgenoemde proses is die grondslag vir die moontlikhede tot groter vatbaarheid vir wangedrag.

Hierna is die angsproblematiek ten aansien van resente terapeutiese benaderings bespreek. In die oorsig van die hoofbenaderings tot angs is die psigoanalitiese, gedragsterapeutiese en eksistensieel-humanis=tiese benadering betrek, asook die oudiopsigofonologiese benadering, omdat laasgenoemde 'n relatief "nuwe" en derhalwe onbekende benadering is. Elke benadering is bespreek ten opsigte van die teoretiese en terapeutiese metodiek wat daarmee geassosieer word en elk is geëvalueer in terme van die lewensbeskoulike grondslag daarvan. Betreffende die psigoanalitiese benadering is 'n bondige oorsig gegee van die klas=sieke psigoanalitiese beskouinge; daarna is die meer resente, steeds relevante angsbeskouinge van Rank, Horney, Sullivan en Fromm toege=lig, en die mees omvattende bespreking is gevoer rondom die teorie en terapeutiese metodiek van Mann, wie se skeidingsangsmodel en daaruit=spruitende terapie as 'n kontemporêre psigoanalities-georiënteerde be=nadering tot angs beskou kan word.

Die gedragsterapeutiese benadering is bespreek in terme van die be= langrikste veronderstellinge in verband met die ontstaan van angs= probleme en daarna is die volgende terapeutiese benaderings kort= liks bespreek: ontspanningsmetodes en sistematiese desensitisasie; selfgeldingsopleiding, kognitiewe tegnieke en selfkontroletegnieke. Evaluering op prinsipiële grondslag beklemtoon die waarde van die aktiewe simptoomgerigte benadering, dog onderstreep dit dat die mens= beskoulike grondslag van hierdie benadering nie die verruimende po= tensiaal van angs optimaal benut nie. Die eksistensieel-humanistie= se benadering is bespreek met verwysing na drie hoofuitgangspunte ten aansien van angs, naamlik: angs as uitvloeisel van die menslike bestaan, angs as bedreiging van die kernwaardes van die individu en angs as sinloosheidsbelewing. Vervolgens is terapeutiese metodieke wat met hierdie uitgangspunte verband hou, oorsigtelik bespreek. Die beskouinge is dié van Bugental , May en Frankl. Samevattend beklem= toon die evaluasie die bruikbaarheid van hierdie benadering, dog dat dit mank gaan aan 'n sekulêre mensbeskouing, spesifiek ten opsigte van die terapeutiese praktyk.

In verband met die oudiopsigofonologiese benadering is 'n uiteenset= ting gegee van die ontstaan van angsbelewinge (selfs op prenatale vlak) en is die rol van gehoorswaarneming as besondere faktor in die angsproblematiek beklemtoon. Vervolgens is oudiopsigofonologiese opleiding soos op angsprobleme van toepassing, uiteengesit. Drie fases word in die proses onderskei, naamlik die fase van gefiltreer= de klanke, die fase van klankgeboorte en die fase van oudiovokale kondisionering. Weens die onbekendheid van die benadering is deur middel van 'n spesiale bespreking gepoog om moontlike aansluitings= punte ten opsigte van die ander benaderinge tot terapie aan te dui. In die evaluering is die christelike mensbeskoulike grondslag van hierdie benadering aangedui, dog ook dat omvangryke navorsing beno= dig word om die talle spekulatiewe aspekte van die benadering op 'n meer wetenskaplik-aanvaarbare grondslag te plaas. Samevattend is gekonkludeer dat die verskillende benaderinge benewens uiteenlopende verskille, ook sekere belangrike raakpunte vertoon.

## 6.3 METODE VAN ONDERSOEK (HOOFSTUK II)

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig verskaf van die prosedures ten opsigte van die psigometriese ondersoek.

- Seleksie van proefpersone:

  Die universum waaruit die proefpersone afkomstig is, is graad=studerende eerstejaardamestudente wat vir die eerste keer aan 'n universiteit studeer. 'n Totaal van 424 studente uit klas=groepe in verskillende fakulteite is met behulp van twee ge=standaardiseerde angsskale, naamlik die IPAT-angsskaal en die Reaksies op Alledaagse Situasies (RAS) geëvalueer. Hieruit is 'n universum van 40 beangste en 'n ewekansige steekproef van 40 nie-beangste proefpersone geïdentifiseer. Elk van hierdie proef=persone het 'n stientelling van sewe of meer op albei angsskale behaal. Die steekproef nie-beangste proefpersone is ewekansig saamgestel uit 76 proefpersone wat stientellings van vier of minder op albei angsskale behaal het.
- Psigometriese toetsing:

  Die proses het in drie fases plaasgevind. Eerstens is daar ty=dens die massatoetsing waarby alle eerstejaarstudente betrokke is, onder andere 'n biografiese vraelys asook die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele-Verhoudingevraelys afgeneem. Beide instrumente is in die huidige ondersoek geïnkorporeer en kan der=halwe as die eerste fase van toetsing beskou word. Die tweede fase van toetsing was die evaluering van die groot aantal proef=persone met behulp van die twee angsskale, waardeur die beangste en nie-beangste groep geïdentifiseer is. Derdens het die fase van individuele toetsing gevolg. Nadat reëlings individueel per brief met die geselekteerde proefpersone getref is, is elk indi=vidueel ontmoet, en nadat 'n samewerkingsverhouding opgebou is, is die volgende toetsbattery afgeneem: die Boomtoets van Bolan=der, die verkorte Beck-depressieskaal, die STAI-angsskaal, die Sinvolheidstoets (PIL), die Soeke-na-Geestelike-Doelwitte-Toets (SONG), die S.A.-Wechsler-intelligensieskaal vir volwassenes en die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI). 'n Meting van akade=

miese prestasie gebaseer op gemiddelde prestasie gedurende die halfjaareksamen is ook vir elke proefpersoon bereken.

Omdat die meetinstrumente hoofsaaklik uit vraelyste saamgestel is, en die response dus op grond van sosiale wenslikheidsoor=weginge verwring kon word, is spesiale moeite gedoen om voor elke toetsing werklik kontak met die proefpersone op te bou, die ver=troulikheid van die onderneming te beklemtoon en ook gewillig=heid om die resultate met die proefpersoon te bespreek aan te dui. Talle proefpersone het die geleentheid om oor aspekte van hulself te praat skynbaar baie verwelkom, en emosionele ontla=dings het in die meerderheid gevalle voorgekom.

Na voltooiing van die toetsprogram is die resultate met behulp van relevante statistiese tegnieke verwerk. Die tegnieke wat gebruik is, is die volgende: die chi-kwadraat-passingstoets, die z-toets vir die bepaling van die beduidendheid van verskil=le; 'n profielontleding vir onafhanklike groepe en die Wilcoxon-gepaarde-range-tekentoets vir afhanklike groepe (toegepas tydens die toegepaste terapeutiese programme, vergelyk 6.6).

## 6.4 RESULTATE DEUR DIE PSIGOMETRIESE ONDERSOEK OPGELEWER (HOOFSTUK III)

Die toetsresultate is afsonderlik vir elke psigologiese toets aan=gebied, en wel in die volgorde waarin die toetse afgeneem is.

## 6.5 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE PSIGOMETRIESE ONDERSOEK (HOOFSTUK IV)

Die bevindinge van die ondersoek kan saamgevat word in terme van die volgende dimensies: eerstens toon die resultate globale oor=eenkomste tussen sommige aspekte van die groepe. In terme van biografiese besonderhede is die groepe grootliks homogeen en kom slegs in drie van die 25 veranderlikes beduidende verskille na vore. Die Boomtoets toon dat die groepe ook nie ten opsigte van potensieel

traumatiese gebeure soos byvoorbeeld siekte en sterftes in die ge= sin verskil nie. Ook op intellektuele peil funksioneer die groepe op gelyke peil. Laasgenoemde aspek mag verband hou met die feit dat die groepe ook nie ten opsigte van akademiese prestasie bedui= dend van mekaar verskil nie.

'n Tweede, belangrike dimensie, weerspieël beduidende verskille ten gunste van die nie-beangste groep. Uit die resultate blyk naamlik dat hoë angs 'n blokkerende invloed op die beangste proefpersone uitoefen. Uit die biografiese vraelys blyk dat hierdie groep 'n be= duidend kleiner aantal leiersfigure op sportgebied lewer, beduidend meer onseker is ten opsigte van hul studierigting en 'n beduidende laer aspirasiepeil as die nie-beangste groep openbaar. Hierdie en= kele beduidende verskille op die biografiese vraelys suggereer dat daar wel verskille tussen die groepe bestaan - verskille waarvan die omvang en betekenis uit die res van die resultate afgelei kan word. In terme van aanpassing vergestalt die beangste groep naamlik bedui= dend groter aanduidings van problematiese aanpassing ten opsigte van persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge. Beduidende aanduidinge van lae eiewaarde, groter senuweeagtigheid, swakker self= beheer en minder selfvertroue asook 'n groter preokkupasie met hul fisiese toestand, kenmerk die beangste groep op die vlak van per= soonlike verhoudinge.

Blyke van problematiese aanpassing uit die voorgaande word verder bevestig uit die beduidend laer selfaktualiseringspeil wat deur die beangste groep behaal is. In terme van laasgenoemde aspek sukkel die beangste groep beduidend meer om hul tyd konstruktief te gebruik en is hulle in 'n beduidend mindere mate ingestel op steun uit in= herente vermoëns. Verder funksioneer hulle beduidend swakker op al vier gekombineerde subskale van die selfaktualiseringskaal: waar= debepaling, selfwaarneming, interpersoonlike gevoeligheid en bewus= syn. In terme van hierdie resultate is die belewingswêreld van die beangste groep dus meer beperk, en minder lewegewend as dié van die nie-beangste groep. Dat die beangste groep op grond van die voor= gaande resultate nie optimaal in hul belewingswêreld betrokke is nie,

mag ook aandui waarom hulle 'n gebrekkige sinvolheidsbelewing asook 'n matige vlak van depressiwiteit ervaar. Hierdie toestand mag ver= band hou met die bevinding dat die beangste groep 'n beduidende ster= ker tendens tot verdediging openbaar.

'n Derde dimensie ontsluit die kwesbaarheid van die beangste groep. Hierdie betekenis van die resultate blyk uit die vertolking daar= van in terme van vier ontwikkelingstake van die jeugtydperk. Eer= stens kom dit voor asof die beangste groep weens hul lae selfbeelde, gebrekkige sinvolheidsbelewinge en matige depressiwiteit, nie in dieselfde mate as die nie-beangste groep vry is om aan hul identi= teitsverstiging deel te neem nie. Die toestand suggereer die ge= vaar van vervreemding instede van identiteitsvestiging, indien die hoë angspeil nie verlaag nie. Kwesbaarheid in terme van die tweede ontwikkelingstaak, naamlik die omlyning van sekere lewenswaardes en -oogmerke, blyk uit die bevinding dat die beangste groep se ge= drag in 'n beduidend mindere mate met die aanvaarde samelewings= norme ooreenstem. Die Selfaktualiseringskaalresultate bied ook verdere bevestiging, omdat dit die beangste groep tipeer as minder ingestel op eie voorkeure, afkeure en behoeftes. Hieruit word af= gelei dat waarderealisering as deel van persoonlikheidsontwikkeling nie optimaal kan plaasvind nie. Lewensverskraling blyk dus 'n ge= vaarteken te wees indien die hoë angs nie afneem nie. Ten opsigte van die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep as derde ontwik= kelingstaak blyk die beangste groep ook kwesbaar te wees, aange= sien hulle beduidend meer onseker oor die keuse van studierigting is as die nie-beangste groep. Hierdie aspek word verder onderstreep deur hul beduidende laer akademiese aspirasiepeil - 'n feit wat moontlik verband mag hou met die realiteit van 'n 10%-studiestaking wat binne die eerste vyf maande na aanvang van die akademiese jaar onder die groep voorgekom het, terwyl daar in dieselfde tydperk geen staking onder die nie-beangste groep voorgekom het nie.

Die mees prominente faset van kwesbaarheid blyk uit die beangste groep se worsteling met die vierde ontwikkelingstaak, naamlik die belewing van interpersoonlike verhoudinge. Die interpersoonlike pro=

bleme wissel van beduidend meer aanpassingsprobleme ten opsigte van huislike, na sosiale en formele verhoudinge. Aanvullende resultate in die verband is dat die beangste groep dit moeilik vind om warm, betekenisvolle verhoudinge aan te knoop, 'n beduidend sterker in=troversiewe geneigdheid ervaar, asook 'n beduidend swakker behoefte tot sosialisering met lede van die teenoorgestelde geslag. Die groep is ook beduidend meer beperk in hul vermoë tot selfuitdruk=king. Die isolerende invloed van hoë angs word dus konkreet deur die resultate uitgespel. Sou die angs nie verlaag nie, mag dit ver=vreemding van die sosiale samelewing meebring en dus optimale in=dividuasie voorkom. Ook die veronderstelde ontwikkeling vanaf ge=nitaliteit na seksuele wederkerigheid mag hierdeur gerem word en daarmee saam mag die verhouding met die ouers moontlik in die sfeer van afhanklikheid vassteek.

Die vierde dimensie verwys na 'n behoefte aan en voldoende poten=siaal vir 'n terapeutiese program, by die beangste groep. 'n Be=hoefte aan 'n terapeutiese program het geblyk uit die volgende: die proefpersone se gedrag tydens individuele toetsing; hul hoë tellings op die Soeke-na-Geestelike-Doelwitte-Toets; hul beduidend hoër tellings op die gewenstheidskaal van die PHSF-Verhoudingevrae=lys wat 'n groter mate van eerlikheid aandui, asook die feit dat 25% van die beangste groep uiteindelik 'n angsverminderingsprogram deurloop het. Potensiaal vir terapie blyk onder meer uit die vol=gende: die teenwoordigheid van hoë angs wat in eksistensieel-hu=manistiese terme as potensiële groeiprikkel vertolk word en die re=latief-goeie huislike agtergrondsomstandighede van die proefpersone.

As slotbeskouing is gestel dat die beangste groep nie "afgeskryf" durf word nie, omdat hul angsbelewinge juis die terrein mag wees waar=op die mees betekenisvolle persoonlikheidsverruiming mag plaasvind, afhangende van die wyse waarop hulle hul angsbelewinge verwerk.

## 6.6 'N TOEGEPASTE ONDERSOEK NA BEANGSTE EN NIE-BEANGSTE EERSTE=JAARDAMESTUDENTE MET BEHULP VAN OUDIOPSIGOFONOLOGIESE OPLEI=DING (HOOFSTUK V)

Hierdie tweede deel van die empiriese studie bestaande uit twee te=rapeutiese programme, naamlik 'n angsverminderingsprogram met 'n steek=proef beangste proefpersone en 'n "stimuleringsprogram" met 'n steek=proef nie-beangste proefpersone; albei met behulp van oudiopsigofono=logiese opleiding, is gemotiveer uit leemtes in die vorige ondersoe=ke met behulp van hierdie benadering, asook uit die besondere behoef=te wat aangevoel is veral by die beangste groep.

Beide programme het bestaan uit 60 sessies van gefiltreerde musiek met behulp van die elektroniese-oor-apparaat en is deur middel van gereelde begeleidende terapeutiese onderhoude gekontroleer. Tien proefpersone het die angsverminderingsprogram en die hertoetsing voltooi. In vergelyking met 'n beangste kontrolegroep van 12 proef=persone is die volgende resultate behaal: die eksperimentele groep se angspeil het beduidend verminder; dié van die kontrolegroep nie; sinvolheidsbelewing by die beangste eksperimentele groep het toege=neem en by die kontrolegroep afgeneem; tellings op die S.A.-Wechs=ler-intelligensieskaal het by beide groepe 'n beduidende toename vir sowel prestasie- as volskaalintelligensie geopenbaar, dog slegs by die beangste eksperimentele groep was die verbale tellings beduidend hoër. Akademiese prestasie het vir beide groepe konstant gebly. Op die Persoonlike Oriëntasievraelys het die beangste eksperimentele groep 'n beduidende toename behaal. Ten slotte is interessante kwa=litatiewe veranderinge op die boomtekeninge van sommige lede van die eksperimentele groep waargeneem.

Ten opsigte van die stimuleringsprogram met 'n steekproef nie-beangste proefpersone het veertien proefpersone die program voltooi. Hertoets=resultate het die volgende bevindinge opgelewer: 'n beduidende afna=me in gesteldheidsangs; 'n beduidende toename in tellings op die S.A.-Wechsler-intelligensieskaal; 'n beduidende toename in selfaktua=liseringspeile, en ook interessante veranderinge op die Boomtoets.

Weens tydsprobleme is 'n kontrolegroep nie vir hierdie groep saam= gestel nie.

Op grond van navorsings- en persoonsgesentreerde oorweginge is be= sluit om 'n opvolgstudie uit te voer ten einde die werklike beteke= nis van die skynbaar gunstige resultate te bepaal. Die gemiddelde tydsverloop tussen die aanvanklike en opvolgtoetsing was 14,3 maande. Uit die resultate het geblyk dat die beangste eksperimentele groep (N = 10) steeds 'n beduidende afname in angspeil ervaar. Die beangs= te kontrolegroep (N = 9) het egter ook 'n beduidende afname in angs= peil ervaar. Die beangste eksperimentele groep se selfaktualise= ringspeil is beduidend hoër, terwyl die globale selfaktualiserings= tellings van die beangste kontrolegroep nie beduidend vermeerder het nie.

Uit 'n opvolgvraelys het verdere ondersteunende data geblyk. Ten opsigte van die nie-beangste eksperimentele groep (N = 13) het die opvolgtoetsing die volgende resultate opgelewer: 'n beduidende glo= bale toename in selfaktualisering, terwyl die nie-beangste kontrole= groep (N = 11) geen beduidende toename in selfaktualisering onder= gaan het nie. Op die Opvolgvraelys is verdere aanduidings ter on= dersteuning van die bevindinge gemanifesteer. Die gevolgtrekking is gemaak dat sogenaamde goed-aangepaste (nie-beangste) damestudente ook beduidende persoonlikheidsgroei (soos met behulp van die Persoonlike Oriëntasievraelys bepaal) deur middel van oudiopsigofonologiese op= leiding kan ondergaan.

Die betekenis van die twee toegepaste ondersoeke is in terme van die volgende aspekte saamgevat:

- Die resultate bied 'n aanduiding van die waarde van oudiopsigo= fonologiese opleiding in die terapeutiese benadering van beangste eerstejaardamestudente.
- Die resultate dui aan dat die sogenaamde goed-aangepasde (nie-beangste) eerstejaardamestudente ook tot beduidende persoonlik= heidsgroei met behulp van oudiopsigofonologiese opleiding gesti= muleer kan word.

- As evalueringsmiddele van oudiopsigofonologiese opleiding en as vertrekpunte vir die ontwikkeling van nog meer toepaslike instru=mente het die geselekteerde psigologiese toetse doeltreffend ge=funksioneer.
- Die prosedures onderliggend aan beide terapeutiese programme bena=druk besondere leemtes en behoeftes aan verdere navorsing.
- Die uitvoer van die terapeutiese programme was vir die huidige ondersoeker self 'n besondere groei-ervaring.

Aanbevelings is gemaak in terme van die volgende aspekte:

- Kwesbare eerstejaardamestudente: maatreëls vir die identifikasie van beangste damestudente tydens die massatoetsing waaraan alle eerstejaarstudente deelneem; maatreëls vir multimodale hulpver=lening deur middel van oudiopsigofonologie, sodat geen mannekrag=potensiaal onnodig verlore gaan nie; en ondersoeke met manlike eer=stejaarstudente ten einde die dupliseerbaarheid van die resultate te bepaal.
- Aanbevelings ten opsigte van nie-beangste studente sluit in: stimulasie van ontwikkelingspotensiaal ten opsigte van 'n ver=skeidenheid studentedilemmas sonder spesifieke kliniese simpto=me; asook die stimulasie van kommunikasiepotensiaal in studente wat vir mensgesentreerde beroepe voorberei, byvoorbeeld verpleegkunde-, psigologie-, teologie en maatskaplike werkstudente, asook studente in bepaalde lewensituasies, soos verloofdes en studenteleiersfigure. Laastens is aanbevelings ten opsigte van die beplanning van oudio=psigofonologiese opleidingsprogramme gedoen.

## SUMMARY

### 6.1 PROBLEM AND GOAL OF PRESENT STUDY (CHAPTER I)

At present the problem of anxiety seems to be less prominent than during previous decades, which had specifically been characterized as the "era of anxiety". The increased consumption of narcotics, the vast number of publications regarding anxiety as well as the necessity of change in the South African society - implying change in traditional security-providing structures and thus causing uncertainty - underline the fact that the problem of anxiety can in fact not be seen as being less prominent on a national or international level.

Where, on the one hand, the period of youth provides special challenges to young people, it also represents potential for the experience of anxiety, since it implies developmental tasks, which may lead to conflict and with further intensification, to the experience of anxiety. Against this background the present study was primarily an endeavour to investigate possible differences between a population of anxious and a random sample of non-anxious female first-year students. Secondly the study involved an applied therapeutic investigation to evaluate the efficiency of an anxiety-reduction programme carried out on a sample of anxious students and a stimulation programme with a sample of non-anxious subjects, both by means of audio-psycho-phonological training.

### 6.2 SURVEY OF THE LITERATURE (CHAPTER I)

Firstly the prominence of the phenomenon of anxiety as it manifests itself in the fields of theology, philosophy, literature and psychology, was outlined briefly. Next, various definitions of anxiety were discussed. It was concluded that at present a universally acceptable definition of anxiety could not be provided, due to its multi-dimensional nature. Then the etymology of anxiety was explored. It transpired that the concept of anxiety was fundamentally rooted in aspects pertaining to conflict-threat-potential and renewal.

Subsequently anxiety was discussed in terms of related phenomena, such as fear, depression, guilt, tension and stress, meaningfulness, development of personality and faith. As an outcrop of the discus= sion the neurophysiology and the biochemistry of anxiety were also briefly scanned. From this it became clear that anxiety is a com= plex combination of different emotions and that its manifestation and adaptation both on the neurophysiological and biochemical level, cannot be conceived in simple terms. Anxiety was found to be cha= racterized by both ergotrophic-sympathetic adrenocortical activity, and trophotropic-parasympathetic adrenomedullary activity. Should both these antagonistic systems discharge simultaneously, it should be seen as indicative of a breakdown of their normal reciprocal relations. The latter situation could create the possibility for an increased proneness to maladaptive behaviour.

Next the problem of anxiety was analyzed in terms of recent thera= peutic approaches. In the survey of the main approaches the psy= choanalytic, behavioral,existential-humanistic and audio-psycho-phonological approaches were included, the latter, due to the fact of being relatively new and thus unknown. Each approach was discussed in terms of its theoretical and therapeutic methods and was evaluated in terms of its underlying view of man. Regarding the psychoanalytic approach a short survey of the classical psycho= analytical approach was given; subsequently the more recent, still relevant views of anxiety as presented by Rank, Horney, Sullivan and Fromm were outlined. The discussion was then focussed on the separation anxiety theory and therapy of Mann, whose approach might be regarded as a contemporary psychoanalytic-oriented approach to the problem of anxiety.

The behavioral approach was discussed in terms of the main assump= tions regarding the etiology of anxiety. The following therapeutic approaches from a behavioral view were then discussed: relaxation methods and systematic desensitization, assertiveness training, cog= nitive approaches and self-control techniques. The evaluation on principal grounds emphasized the value of an active, symptom-direc=

ted approach, but also cautioned that the philosophical view un= derlying the behavioral approaches did not permit optimal utili= zation of the potential of anxiety. Next the existential-humanis= tic approach was discussed, with reference to three main points of departure regarding anxiety, viz. anxiety as a consequence of the human condition, anxiety as a threat to core values of the indivi= dual and anxiety as the experience of meaninglessness. Subsequent= ly, the therapeutic approaches hailing from these points of departure were discussed, viz. those of Bugental, May and Frankl. Evalua= tion of the above-mentioned approaches emphasized the constructive potential of these approaches, but also indicated that the existen= tial-humanistic approach, when viewed from a Christian perspective, is hampered by its secular view of man, particularly regarding the= rapeutic practice.

In connection with audio-psycho-phonology (APP) an outline was gi= ven of the causes of anxiety (including causes of a prenatal level). The role of auditory perception in relation to the problem of anxiety was also emphasized. Next, an outline of audio-psycho-phonological training as it is applied to the problem of anxiety was discussed. The three phases constituting the process viz. the phase of filtered sounds, the phase of sound birth and the phase of audio-vocal trai= ning were discussed. In view of the unfamiliarity of this approach, possible points of convergence between APP and existing approaches were delineated. In the evaluation of this approach, its Christian view of man was outlined. However, it was also pointed out that extensive research was needed in order to place many speculative as= pects on a sounder scientific basis. In conclusion it was stated that the different approaches manifested important points of conver= gence in co-existence with many divergent trends.

## 6.3 METHOD OF STUDY (CHAPTER II)

In this chapter a survey was given of the procedure with reference to the psychometric investigation.

- Selection of subjects: the population from which the subjects were drawn consisted of female first year students studying for a de= gree. A total of 424 students from various faculties were asses= sed by means of two standardized anxiety scales, eg. the IPAT-anxiety scale and the Reactions to Everyday Situations (RES). From these subjects, a population of anxious subjects and a ran= dom sample of non-anxious subjects were identified. The anxious subjects each achieved a sten score of 7 or higher on both anxiety scales. The non-anxious subjects were randomly drawn from an identified group of 76, who had all achieved a sten score of 4 or lower, on both anxiety scales.
- Psychometric assessment: this process was carried out in three phases: Phase one concurred with the mass evaluation involving all first year students. Amongst other psychological tests, the subjects completed the Personal, Home, Social and Formal Rela= tions Questionnaire as well as a biographical questionnaire. Since the results of these two questionnaires were incorporated in the present study, the occasion of the mass evaluation could be viewed as representing the initial phase of assessment. The second phase constituted the evaluation of the 424 subjects, by means of the two anxiety questionnaires, which led to the identi= fication of the anxious and the non-anxious group, both consis= ting of 40 subjects. The third phase consisted of the individual assessment of the total of 80 subjects. After contact had been established with each of these subjects, they were met indivi= dually, and after a collaboration relationship had been establis= hed the following battery of psychological tests was completed: the Tree Test of Bolander, the shortened version of the Beck de= pression inventory, the STAI-anxiety scale, the Purpose in Life Test (PIL), its complementary scale, the Search-for-Noëtic-Goals-Test (SONG), the S.A.-Wechsler-intelligence test for adults and the Personal Orientation Inventory (POI). A measure of academic performance, based on average performance during the mid-year examination was also acquired for each subject.

Since the instruments utilized constituted mainly questionnaires, and alteration of responses could have occurred due to the fact of social desirability, special efforts were made to establish a working relationship based on trust. Confidentiality was also emphasized as well as the willingness to discuss the results once they had been obtained. Many subjects seemingly welcomed the opportunity for self-disclosure and an emotional catharsis resulted in the majority of cases. After the completion of the individual assessment of both groups, the results were computed by means of statistical techniques. The following techniques were incorporated: the chi-square goodness-of-fit-test for in= dependent groups, the z-test for determining the significance of differences for large groups, a profile analysis for indepen= dent groups and the Wilcoxon paired ranks sign test for small de= pendent groups (the latter being utilized to compute the results of the applied therapeutic programmes (See 6.6).

## 6.4 RESULTS PROVIDED BY THE PSYCHOMETRIC INVESTIGATION (CHAPTER III)

The test results were reported separately as regards each of the tes= ting instruments, in the order in which they had been performed.

## 6.5 DISCUSSION OF THE RESULTS OF THE PSYCHOMETRIC INVESTIGATION (CHAPTER IV)

The findings of the investigation could be summarized in terms of the following dimensions: firstly global similarities among certain as= pects of the two groups emerged. In terms of biographical variables the groups were found to be almost completely similar, since only three of the 25 biographical variables produced significant diffe= rences. According to the results on the Tree Test, the groups showed no difference in terms of the occurrence of traumatic incidents, such as illness or the loss of loved ones. Intellectually the groups al= so functioned on a comparable level. The latter finding might be related to the fact that the groups also did nog differ in terms of academic performance.

A second, more important dimension, was that the results reflected significant differences in favour of the non-anxious group. From the biographical questionnaire it emerged that the anxious group produced significantly fewer leaders in the area of sport, that they were significantly more doubtful about their academic choices (field of study) and that they manifested a significantly lower level of academic aspiration than the non-anxious group. These few signi= ficant differences on the biographical questionnaire suggested that differences between the groups did exist - the magnitude and meaning of which could be deduced from the rest of the results. In terms of adjustment the anxious group also manifested significantly greater indices of problematic adjustment regarding personal, home, social and formal relations. Significant indications of low self-esteem, more nervousness, poorer self-control and less self-confidence as well as a bigger pre-occupation with physical well-being was charac= teristic of the anxious group on the level of personal adjustment.

The above-mentioned indications of problematic adjustment were con= firmed further by the significantly lower level of self-actualiza= tion achieved by the anxious group. In terms of the latter the anxious group was found to be struggling significantly more to achieve time competence, and they were significantly less inclined towards utilizing their potential for self-support. Furthermore, they were functioning significantly poorer on all four combined sub-scales of the POI: valuing, self-perception, interpersonal sensitivity and awareness. In terms of these results the experiential world of the anxious group appeared to be more constricted, and less life-giving than that of the non-anxious group. The fact that the anxious group appeared not to be optimally involved in their experiential world, as a result of the above-mentioned results, might also explain their inadequate sense of meaningfulness as well as their moderate level of depression. This condition might be related to the findings about their significant stronger tendency towards defence.

A third dimension revealed the vulnerability of the anxious group in view of the developmental tasks as related to their developmental level, viz. the youthful phase (18-22 years). In the first place, it appeared that the members of the anxious group, as a result of their low self-images, inadequate sense of meaningfulness and mode= rate depression, were not as freely able to participate in the actua= lization of their identities as were the members of the non-anxious group. This state of affairs suggested the danger of alienation in= stead of identity formation, should the high level of anxiety not de= crease. Vulnerability in terms of the second developmental task, viz. the delineation of certain life values and goals, appeared from the finding that the anxious group felt their behaviour to be significantly less compatible with the norms of society. In this regard, the results of the self-actualization questionnaire mani= fested further confirmation, since it typified the anxious group as significantly less inclined to their own preferences, dislikes and needs. From these findings it was concluded that value realization as part of personality development could not take place optimally. Diminution of living thus appeared as a sign of danger, should the high anxiety state not decrease. As regards the choice of and preparation for a career, as a third developmental task, the vul= nerability of the anxious group was revealed in their being signi= ficantly more doubtful about their choice of study course than the non-anxious group. This aspect was further underlined by their significantly lower level of academic aspiration - a fact which might be related to the fact that 10% of the anxious group had terminated their studies during the first five months of their academic career, whilst no drop-outs occured among the non-anxious group.

The most prominent facet of vulnerability stemmed from the struggle of the anxious group with the fourth developmental task, viz. the experience of interpersonal relations. Interpersonal difficulties varied from significantly more problems of adjustment regarding home relations to adjustment in terms of social and formal relations. Additional results in this regard were that the anxious group found it difficult to initiate warm, meaningful relationships, manifested

significantly stronger introversive tendencies as well as a signi= ficantly weaker need to relate to members of the opposite sex. They were also significantly more limited in their capacity for self-expression. Thus the isolating effect of anxiety was concretely spelled out in the results. Should the high level of anxiety not be lowered, it might lead to alienation from the social environment, accordingly prevent the supposed development from genitality to sexual mutuality and possibly cause the relationships of the anxious subjects with their parents to become fixated in the sphere of de= pendence.

A fourth dimension revolved around a need for and sufficient poten= tial for an anxiety reduction programme. This need crystallized from the following evidence: the subjects' behaviour during the phase of individual assessment, their high scores on the Seeking-of-Noëtic-Goals-Test, their significantly higher scores on the desira= bility subscale of the PHSF Questionnaire, which indicated a willing= ness to respond honestly and, ultimately the fact that 25% of this group eventually completed an anxiety reduction programme. The sub= jects' potential for therapy emerged, amongst other things, from the following: the presence of high anxiety which, in existential-hu= manistic terms, could be interpreted as a potential growth stimulus, as well as the relatively favourable home backgrounds of the subjects.

In conclusion it was cautioned that the anxious group could not be "written off", since the spheres in which they experienced their most intense anxiety might well represent those areas in which they might be bound to undergo the most significant personality expansion, depending on the way in which they deal with their experiences of anxiety.

## 6.6 AN APPLIED INVESTIGATION WITH REGARD TO A SAMPLE OF ANXIOUS AND A SAMPLE OF NON-ANXIOUS FEMALE FIRST-YEAR STUDENTS BY MEANS OF AUDIO-PSYCHO-PHONOLOGICAL TRAINING (CHAPTER V)

The second part of the empirical investigation consisted of two therapeutic programmes, viz. and anxiety-reduction programme with a sample of anxious subjects and a stimulation programme with a sample of non-anxious subjects, both by means of APP training. The first programme was motivated from the limitations of the previous inves= tigations by means of this approach, as well as from the special need, feld amongst members of the anxious groups for such a programme. The stimulation programme was initiated purely on experimental grounds.

Both programmes consisted of 60 half-hour sessions of listening to filtered music by means of the electronic-ear-apparatus, and both were controlled by means of regular therapeutic interviews. Ten subjects completed the anxiety-reduction programme and the retesting. In comparison to a control group of 12 subjects, the following re= sults were achieved: the anxiety level of the experimental group had decreased significantly, whereas a significant change did not occur in the control group; the sense of meaningfulness increased significantly in the experimental group, yet decreased in the con= trol group; in both groups scores on the SA-Wechsler-intelligence test showed a significant increase in both performance and total intelligence scores, but only the experimental group achieved a sig= nificant increase in scores on the verbal IQ. On a measure of self-actualization (the POI) the experimental group manifested a signifi= cant increase. Finally interesting qualitative changes emerged from the three drawings of some members of the experimental group.

Regarding the stimulation programme with a sample of non-anxious subjects, fourteen female first-year students completed the programme. Retesting showed the following results: a significant reduction of state anxiety, a significant increase in scores on the SA-Wechsler-intelligence test, a significant increase in the level of self-ac= tualization and some notable changes on the Tree Test. Practicali=

ties prevented the possibility of checking the results of the non-anxious experimental group with a control group.

Research related and person-centred considerations subsequently led to a follow-up study as it would enable the present experimenter to evaluate the real significance of the presumably favourable results reported above. The period between the inital testing and the fol=lowing-up evaluation was 14,3 months. From the results it became evident that the anxious experimental group (N = 10) had maintained its significant reduction of anxiety. The anxious control group (N = 9) also showed a significant reduction in anxiety. A signifi=cant increase in the level of self-actualization occured in the anxious experimental group, but not in the anxious control group. Additional data supporting the findings were evidenced by a special follow-up questionnaire.

The follow-up evaluation with the non-anxious experimental group (N = 13) provided the following results: a significant global in=crease in the level of self-actualization, while the non-anxious control group (N = 11) evidenced no significant increase in their level of self-actualization. The follow-up questionnaire again do=cumented further supporting evidence.

The significance of the two applied investigations was summarized in terms of the following statements:

- The results indicated the value of audio-psycho-phonological training in the therapeutic approach to anxious female, first-year students.
- The results also indicated that seemingly well-adjusted non-anxious female first-year students could be stimulated to achieve a significant increase in the level of self-actualization as measured by the POI, by means of audio-psycho-phonological trai=ning.
- As a means of evaluating APP training and as a point of departure for the development of more relevant instruments, the selection

of psychological tests functioned relatively effectively.

- The procedures underlying both therapeutic programmes emphasized certain deficiencies and also underscored the need for further research.
- Conducting the therapeutic programmes constituted a very special growth experience for the experimenter.

Recommendations concerning both anxious and non-anxious students were made in terms of the following:

- Procedures for the identification of anxious female first-year students by means of the mass evaluation in which all first-year students participate, as well as measures to provided a form of multi-modal treatment by means of APP training, in order to prevent unnecessary loss of student potential; and investiga= tions with male first-year students in order to evaluate the dup= licability of the present findings.
- Recommendations regarding non-anxious students included: stimulation of developmental potential in students with a variety of student dilemmas without specific clinical symptoms; and the stimulation of potential to communicate in students being pre= pared for person-centred careers, eg. nursing, psychology, theo= logy and social work, as well as students in particular life si= tuations such as engaged couples and student leaders. Finally recommendations were made with regards to the planning of APP programmes per se.

BYLAAG I

BRIEWE GERIG AAN DIE BÉANGSTE EN NIE-BEANGSTE EERSTEJAARDAMESTUDENTE TYDENS DIE VERSKILLENDE FASES VAN DIE ONDERSOEKE

BRIEF 1

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

25 Februarie 1980

Geagte mej

1. In opvolging van die twee vraelyste wat u gedurende die eerste kwartaal tydens u klasperiodes voltooi het, deel ek u graag mee dat u gekies is vir verdere deelname. Ek vertrou dat verdere betrokkenheid aan hierdie navorsingsprojek vir u 'n aangename ervaring sal wees en bedank u reeds by voorbaat vir u bereid= willigheid tot verdere deelname.

2. Om reëlings te kan tref vir u verdere deelname sal dit waardeer word indien u op een van die volgende datums by my sal aanmeld:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Donderdag | 28 Februarie | tussen 18h30 en 19h30 | (6.30-7.30nm) |
| Vrydag | 29 Februarie | tussen 14h00 en 17h00 | (2-5nm) |
| Saterdag | 1 Maart | tussen 08h00 en 10h00 | |
| Maandag | 3 Maart | tussen 16h00 en 19h00 | (4-7nm) |

Die besoek behoort slegs 5 minute te duur.

3. Plek waar u moet aanmeld: Die ingangsportaal van die J.Chr. Coetzee-gebou, dit is die rooibaksteengebou met die skerp hoeke, geleë tussen Oosterhof-dameskoshuis en die Frans du Toit-gebou in Hoffmanstraat. (Die gebou het talle ingange - maak asseblief seker dat u in die portaal van die Hoffmanstraatingang wag - ek sal u daar ontmoet). Volledige besonderhede sal by die geleent= heid aan u verstrek word.

4. Indien dit by al vier hierdie geleenthede vir u onmoontlik is om aan te meld, sal dit waardeer word indien u my so gou moontlik sal kom spreek op enige ander tydstip wat vir u geleë mag wees. My adres is:

   Mnr. W.F. du Plessis
   Kamer T (tweede vloer) 34
   J. Chr. Coetzee-gebou
   Hoffmanstraat, PU vir CHO

   Ek is gewoonlik op kantoor vanaf 08h30 tot 16h30. Klop asse= blief - al brand die rooi liggie by die deur.

Ek sien uit na die ontmoeting en u verdere samewerking.

Die uwe

W F DU PLESSIS

BRIEF 2

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

6 Mei 1980

Geagte mej

Ek vertrou dat dit met uself, u studies en u lewe op die Puk baie voorspoedig gaan.

Nogmaals baie dankie vir u samewerking tydens u deelname aan die navorsingsprojek.

Die resultate is nog nie gereed nie - ek wag steeds vir ontbrekende inligting uit die V S A, maar hoop dis eersdaags beskikbaar.

U hoor egter weer van my teen die einde van Meimaand. Dan verskaf ek in 'n brief tye waarop u my weer in die ingangsportaal van die J. Chr. Coetzee-gebou kan besoek vir reëlings in verband met tye waarop ons u resultate kan bespreek, en indien u dit verkies, ook reëlings kan tref in verband met deelname aan 'n ontspanningsprogram. Die ontspanningsprogram sal net na die Julievakansie kan begin.

Vir die doel van bogenoemde reëlings sal ek dit waardeer as u die volgende vraelysie sal voltooi en so gou moontlik aan my sal terug=stuur of terugbesorg.

Baie sterkte met u studies en geniet die komende langnaweek!

Die uwe

W F DU PLESSIS

---

Skeur hier af

NAAM : ________________________ KURSUS : ______________

KOSHUIS: ________________________ Tel no : ______________

1. Ek wil graag gedurende Juniemaand my resultate kom bespreek: Ja ☐ Nee ☐

2. Ek stel belang in deelname aan 'n ontspanningsprogram wat net na die Julievakansie begin: Ja ☐ Nee ☐ Onseker ☐

Plaas asseblief by die Administrasiegebou in my posvakkie (252) of bring dit sommer direk na my kantoor (Tweede vloer, kamer 34) of na die Sekretaresse op die boonste vloer van die J. Chr. Coetzee-gebou.

POS ASSEBLIEF VOOR WOENSDAG 14 MEI 1980

BRIEF 3

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING

P U vir C H O

9 Junie 1980

Geagte mej.

Eerstens: Baie sterkte met die eksamen - ek vertrou dat dit sommer baie voorspoedig sal gaan.

Tweedens: Ek besef dat u tans baie bedrywig is, maar vertrou dat u 'n tydjie sal kan afknyp ten einde reëlings te kan tref vir die beloofde bespreking van u resultate, asook vir 'n ontspanningsprogram vir diegene wat aangedui het dat hulle daarin belangstel.

U kan soos volg te werk gaan:

- Op die volgende datums en tye sal ek weer by die Hoffmanstraatingang van die Psigologiegebou (J. Chr. Coetzee-gebou) gereed wees om u te woord te staan, indien u sou verkies om 'n vinnige breukie van u studies te neem en persoonlik aan te meld vir die reëlings. (U kan binne 'n paar minute weer op pad wees boeke toe!)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maandag | 9 Junie: | 16h00 - 16h45 | (4-4.45nm) |
| Dinsdag | 10 Junie: | 16h00 - 18h00 | (4-6nm) |
| Woensdag | 11 Junie: | 16h15 - 18h00 | (4.15-6nm) |
| Donderdag | 12 Junie: | 14h00 - 17h30 | (2-5.30nm) |
| Vrydag | 13 Junie: | 14h00 - 16h00 | (2-4nm) |

- Indien dit vir u geriefliker sou wees, kan u my ook skakel en telefonies reëlings tref.

Werknommer : 2-5497 (bedags : 08h00 - 15h50)
Tuis : 5054 (saans na 18h30)

Derdens: Ek sou dit baie waardeer indien alle reëlings getref kan wees teen Saterdag 14 Junie 1980.

Voorspoed.

W F DU PLESSIS

BRIEF 4

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

24 Junie 1980

Geagte Mej. ____________________,

Graag verskaf ek die volgende inligting in verband met die ont=
spanningsprogram:

1. U is ingeskakel by die groep wat __________________ byeenkom.
2. Die aanvangstyd op ______________________ is 18h00 (6nm).
3. Meld asseblief op dié tydstip aan by die sekretaresse se kan=toor (tweede vloer, J. Chr. Coetzee-gebou. Ek sal u daar ont=moet.
4. Finale reëlings vir die aanvangstyd op _________________ sal daardie aand getref word.
5. Terwyl u na die musiek luister, mag u teken (oliepastelle en papier sal voorsien word), of hand- of naaldwerk doen of brief skryf. U is welkom om in die verband iets saam te bring. Aanvanklik mag u egter nie lees of studeer nie. Daar sal ook geleentheid wees vir groepsbesprekings en individuele gesprek=ke.
6. Ek vertrou dat die program vir u 'n betekenisvolle ervaring sal wees.

Beste wense vir die komende vakansie.

Die uwe

______________

W F DU PLESSIS

BRIEF 5

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

8 Augustus 1980

Geagte Mej ____________________,

Ek vertrou dat dit sover nog met uself en u studies baie voorspoe= dig gaan.

Nogmaals baie dankie vir u samewerking tydens u deelname aan die na= vorsingsprojek.

Ek bring graag die volgende sake onder u aandag:

1. Soos ek u beloof het, sal ek graag die resultate met u wil be= spreek.

2. Om vir elke persoon wat belangstel, 'n tyd vir die bespreking van die resultate te reël, moet u my asseblief weer in die ingangs= portaal van die J. Chr. Coetzee-gebou langs Oosterhofkoshuis kom spreek.

   Gebruik asseblief die Hoffmanstraatingang soos tydens u vorige besoek. Hierdie besoek sal hoogstens 5 minute duur en die be= spreking van die resultate ± 20 minute.

3. Meld uself asseblief gedurende een van die volgende tye aan in die ingangsportaal aan die Hoffmanstraatkant van die J. Chr. Coetzee-gebou.

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag | 12 Augustus om | 13h00 - 14h00 (1-2nm) |
| Woensdag | 13 Augustus om | 13h00 - 14h00 (1-2nm) |
| Donderdag | 14 Augustus om | 13h00 - 14h00 (1-2nm) of |
| | | 15h30 - 16h30 (3.30-4.30) |

   (hierdie besoekie duur hoogstens 5 minute)

4. Verder word 'n ontspanningsprogram deur middel van gefiltreerde musiek gedurende September-Oktober vir die van u wat belang= stel, aangebied. Volledige besonderhede sal tydens die bespre= king van u resultate verskaf word.

5. Indien u nie tydens enige van bogenoemde tye vir 5 minute be= skikbaar kan wees nie, skakel my asseblief (werk: 2-5497) of laat 'n boodskap by die sekretaresse, of kom met my persoonlik in aanraking (kantoor 34, tweede vloer, J. Chr. Coetzee-gebou).

6. Ek vertrou dat ek spoedig van elkeen van u sal verneem - in elk geval nie later as die einde van hierdie week nie.

Beste wense en voorspoed met u studies!

____________________

W F DU PLESSIS

BRIEF 6

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

4 September 1980

Geagte Mej. ____________________,

Graag verskaf ek die volgende besonderhede in verband met die ont=spannings-/stimuleringsprogram.

1. U is by die Maandag - Woensdagaand
   Dinsdag - Donderdagaandgroep ingedeel (onderstreepte aand).

2. Die eerste byeenkoms is op Maandagaand 8 September
   Dinsdagaand 9 September (kyk onder=streepte tyd).

3. Die byeenkoms duur elke keer drie uur, dit wil sê vanaf 18h00-21h00, oftewel vanaf 6 nm tot 9 nm.

4. Vir u eerste byeenkoms ontmoet ek u almal in die wagkamer op die tweede vloer van die J. Chr. Coetzee-gebou (net langs die sekretaresse se kantoor). Gebruik asseblief weer die trappe vanaf die Hoffmanstraatingang.

5. Gedurende die drie uur sit u in 'n groep en luister deur oorfone na gefiltreerde musiek, dit wil sê musiek wat besonder ryk is aan hoë frekwensies. 'n Apparaat, bekend as die "Elektroniese oor", word ook by die musiek ingespan. Veral drie doelwitte word hiermee nagestreef.

   i. groter ontspanning, as gevolg van die kalmerende invloed van die musiek op beide liggaamlike belewinge en u ge=moedstoestand:

   ii. 'n vorm van breinstimulering, wat veral vir u akademiese voordeel mag inhou, omdat dit tot verbetering van u kon=sentrasie en geheue mag lei:

   iii. opwekking van energie deur middel van die hoëfrekwensie=stimulering wat vir u 'n gevoel van groter lewenslus en lewensblyheid kan laat ervaar.

6. U sal geleentheid kry om in sowel groepsverband as in indivi=duele gesprekke te kan gesels oor die invloed van die gefil=treerde musiek. Dit sal verseker dat u deurentyd begryp wat besig is om plaas te vind.

7. Gedurende die eerste twee weke word dit verkies dat u uself sal besig hou met legkaarte, teken, skryf of handwerk soos breiwerk, of u mag sommer net sit en rus of gesels. Na die tweede week mag u sit en studeer.

Ek vertrou dat daar 'n opwindende, waardevolle ervaring op u wag! En onthou, as dit vir u op 'n bepaalde aand onmoontlik is om hier te wees, reël ons vir u 'n ander tyd.

W F DU PLESSIS

BRIEF 7

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

21 April 1981

Geagte Mej. ____________________,

Baie welkom terug vir die winterskof van 1981. Ek vertrou dit gaan sommer puik met uself en alles wat vir u belangrik is.

Die navorsingsprojek waaraan u verlede jaar meegedoen het, vorder goed ... so goed dat ek dit waag om nog eens 'n beroep op u samewer= king te doen. Ek het reeds gesê ek sal nie weer pla nie - maar hier= die is werklik die laaste betrokkenheid wat van u gevra word.

Ek vertrou dus dat u 'n laaste 45 minute aan die projek sal kan af= staan. Soos tevore is u welkom om u resultate te kom bespreek: ons kan selfs tydens u besoek reëlings daarvoor tref.

Dui asseblief op onderstaande vormpie aan wanneer dit vir u gerief= lik sal wees vir hierdie laaste besoek. Teken asseblief ook die tyd in u dagboekie aan.

Pos u antwoord asseblief soos volg aan my:

- by bussie 252 in die Administrasiegebou, of
- by die sekretaresse, Kamer T26, boonste vloer, J. Chr. Coetzee-gebou, of
- by my kantoor (T34), boonste vloer, J. Chr. Coetzee-gebou.

U antwoord moet my asseblief teen Woensdag 29 April 1981 bereik.

Baie dankie by voorbaat,

Groete

______________

W F DU PLESSIS

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

Skeur asseblief hier af

NAAM : ____________________ ADRES IN POTCH.: ____________________

____________________

1. Ek verkies om op een van die volgende tye my 45-minuutbesoek af te lê: (Kruisie in toepaslike blokkie asseblief)

   ☐ Maandag 11 MEI tussen 16h00 en 20h00 (4-uur en 8 uur nm)
   ☐ Dinsdag 12 MEI tussen 16h00 en 20h00 (4-uur en 8 uur nm)
   ☐ Woensdag 13 MEI tussen 16h00 en 20h00 (4-uur en 8 uur nm)
   ☐ Donderdag 14 MEI tussen 18h00 en 21h00 (6-uur en 9 uur nm)

2. Indien u nie op een van bogenoemde tye beskikbaar kan wees nie, noem dan die eerste tyd wat u wel pas, vanaf Maandag 4 MEI. Ek sal bevestig of dit vir my ook geleë is.

   ____________________

Ek ontmoet u in die Wagkamer, boonste vloer, J.Chr. Coetzee-gebou.

BRIEF 8

INSTITUUT VIR SIELKUNDIGE EN OPVOEDKUNDIGE DIENSTE EN NAVORSING
P U vir C H O

21 April 1981

Geagte Mej. __________________,

Baie welkom terug vir die winterskof van 1981. Ek vertrou dit gaan sommer puik met uself en alles wat vir u belangrik is.

Die navorsingsprojek waaraan u verlede jaar meegedoen het, vorder goed ... so goed dat ek dit waag om nog eens 'n beroep op u samewer= king te doen. Ek het reeds gesê ek sal nie weer pla nie - maar hier= die is werklik die laaste betrokkenheid wat van u gevra word: ek vertrou dus dat u 'n laaste 30 minute aan die projek sal kan afstaan. (U is enige tyd welkom om u resultate te kom bespreek - ons kan selfs tydens u besoek reëlings daarvoor tref).

Dui asseblief op onderstaande vormpie aan wanneer dit vir u gerief= lik sal wees vir hierdie laaste besoek. Teken asseblief ook die tyd in u dagboekie aan.

Pos u antwoord asseblief soos volg aan my:

- by bussie 252 in die Administrasiegebou, of
- by die sekretaresse, Kamer T26, boonste vloer, J.Chr. Coetzee-gebou (Psigologiegebou), of
- by my kantoor (T34), boonste vloer, J.Chr. Coetzee-gebou.

U antwoord moet my asseblief teen Woensdag 29 April 1981 bereik.

Baie dankie by voorbaat,

Groete

______________

W F DU PLESSIS

---

Skeur asseblief hier af

NAAM: __________________ ADRES(POTCH): __________________

1. Ek verkies om op een van die volgende tye my 30-minuutbesoek af te lê: (kruisie in toepaslike blokkie):

   ☐ Maandag 11 MEI tussen 16h00 en 20h00 (4-uur tot 8 uur nm)
   ☐ Dinsdag 12 MEI tussen 16h00 en 20h00 (4-uur tot 8 uur nm)
   ☐ Woensdag 13 MEI tussen 16h00 en 20h00 (4-uur tot 8 uur nm)
   ☐ Donderdag 14 MEI tussen 18h00 en 21h00 (6 nm tot 9 nm)

2. Indien u nie op een van bogenoemde tye beskikbaar kan wees nie, noem dan die eerste tyd wat u wel pas vanaf Maandag 4 Mei. Ek sal bevestig of dit vir my ook geleë is.

Ek ontmoet u in die wagkamer, boonste vloer, J. Chr. Coetzee-gebou.

BYLAAG II

TELLINGS SOOS OP DIE VERSKILLENDE MEETINSTRUMENTE TYDENS DIE AANVANKLIKE TOETSING EN HERTOETSING DEUR PROEFPERSONE A, B, C, D, E en F BEHAAL

TABEL 1: TELLINGS OP DIE ANGSSKALE, DIE SINVOLHEIDSTOETS, PERSOONLIKE ORIëNTASIEVRAELYS EN DIE S.A.-WECHSLER-INTELLIGENSIESKAAL TYDENS DIE AANVANKLIKE TOETSING EN HERTOETSING SOOS DEUR PROEFPERSONE A en B VAN DIE BEANGSTE EKSPERIMENTELE GROEP BEHAAL

| | Proefpersoon A | | Proefpersoon B | |
|---|---|---|---|---|
| | Eerste toetsing | Hertoetsing | Eerste toetsing | Hertoetsing |
| IPAT-angsskaal | 7 | 6 | 8 | 9 |
